# ANOMIE: 'N KRITIESE ONTLEDING VAN DIE TEORIE MET VERWYSING NA ENKELE SOSIAAL-PATOLOGIESE VERSKYNSELS

deur

JOHN EVANS KRUGER, M.A.

Proefskrif ingedien ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die Departement Sosiologie en Kriminologie aan die POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

Promotor: Prof. dr. J.P. van der Walt.

Potchefstroom

Desember 1972

**BEDANKINGS**

By die voltooiing van hiedie proefskrif is dit gepas om my erkentlikheid te betuig teenoor alle persone wat enigermate bygedra het tot my opleiding, onderrig en akademiese vorming.

Insonderheid my dank en waardering aan my hooggeagte promotor, prof. dr. J.P. van der Walt, hoof van die departement Sosiologie en Kriminologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, onder wie se bedrewe leiding hierdie studie voltooi is en wie se ervaring, kritiese ingesteldheid en kennis vir my van besondere betekenis was.

Ten slotte word getuig dat die wetenskaplike geen hoër of duideliker doel in wetenskapsbeoefening het as om daardeur God te dien nie. Vir die krag om hierdie studie te kon voltooi en vir die genade wat ontvang is om aldus diensbaar te wees, kom alle eer aan God toe.

Die Skrywer.

Potchefstroom.
Desember 1972.

INHOUDSOPGAWE

BEDANKINGS i

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

A. Inleiding 1
B. Die sosiologiese aard van die vraagstuk 1
C. Die omvang van die probleem 3
D. Afbakening van die studieterrein en doel van die ondersoek 4
E. Metode van ondersoek 7
F. Omskrywing van enkele begrippe 7
G. Enkele probleme ervaar tydens die navorsing 27

DEEL I

DIE OORSPRONKLIKE FORMULERING VAN DIE ANOMIETEORIE

HOOFSTUK 2

DIE FORMULERING VAN DIE ANOMIETEORIE DEUR EMILE DURKHEIM

A. Inleiding 29
B. Die wetenskaplike milieu ten tye van die formulering van die anomieteorie 30
C. Enkele belangrike teoretiese aspekte van sy denke 31
1. Die metodologie in die sosiologie van Durkheim en die konsep van sosiale feite 31
2. Die dichotomie van Durkheim 33
3. Durkheim se konsep van anomie 34
D. Samevatting 36

HOOFSTUK 3

DURKHEIM SE UITEENSETTING VAN SELFMOORD, DIE ROL VAN ANOMIE EN 'N KRITIESE WAARDERING

A. Inleiding 37
B. Die aanvanklike definiëring van selfmoord 38
C. Vroeëre navorsing oor selfmoord, tersaaklike faktore wat daarby 'n rol speel en enkele leemtes volgens Durkheim 39
1. Die rol van kosmiese faktore 39
2. Die rol van nabootsing 40
3. Die rol van kranksinnigheid 41
D. Durkheim se etiologiese klassifikasie van selfmoord 43
1. Egoïstiese selfmoord 43
2. Altruïstiese selfmoord 45
3. Anomiese selfmoord 46
E. Samevatting en kritiese waardering 48

DEEL II

DIE HERFORMULERING EN UITBOUING VAN DIE ANOMIETEORIE

HOOFSTUK 4

DIE BYDRAE VAN ROBERT K. MERTON TOT DIE ANOMIETEORIE

A. Inleiding 50
B. Die sosiale en kulturele strukture 51
C. Merton se tipologie van indiwiduele aanpassingswyses 53
1. Konformiteit 53
2. Innovasie 54
3. Ritualisme 55
4. Onttrekking 56
5. Rebellie 58

D. Die sosiale struktuur en anomie 61
1. Die posisie van die indiwidu in die sosiale struktuur 61
2. Vergelykbare omvang van afwykende gedrag 62
3. Afwykende gedrag in verskillende tipes gemeenskappe 65
4. Verspreiding van druk wat lei tot afwykende gedrag 66
E. Samevatting en kritiese waardering 67

HOOFSTUK 5

DIE BYDRAE VAN TALCOTT PARSONS TOT DIE ANOMIETEORIE

A. Inleiding 70
B. Parsons se beskouing van afwykende gedrag 71
C. Gemotiveerde reaksies 77
D. Parsons se afwykingstipologie 79
1. Eerste dimensie 81
2. Tweede dimensie 82
3. Derde dimensie 83
E. Parsons se konsepsie van die ontstaan van afwykende kollektiwiteite 92
1. Die beskermende funksie van die afwykende kollektiwiteit 92
2. Die bevrediging van die ambivalente motiverings van vervreemding en konformering in die afwykende kollektiwiteit 93
F. Samevatting 94

HOOFSTUK 6

DIE BYDRAES VAN ROBERT DUBIN EN RICHARD A. CLOWARD TOT DIE ANOMIETEORIE

A. Inleiding 98
B. Robert Dubin 98
1. Uitbreiding van die afwykingstipologie 99
2. Analise van Dubin se afwykingstipologie 103
3. Kritiese waardering 110
C. Richard A. Cloward 111
1. Ongeoorloofde middele 111

2. Die gedifferensieerde beskikbaarheid van ongeoorloofde middele en die vorming van subkulture 115
3. Die toepassing van die teorieë van kultuuroordrag, differensiële assosiasie en anomie 117
4. Kritiese waardering 120

DEEL III

'N KRITIESE ONTLEDING EN TOEPASSING VAN DIE ANOMIETEORIE

HOOFSTUK 7

DIE UITEENSETTING VAN ANOMIE AS TOESTAND EN PROSES

A. Inleiding 122
B. Die globaal-teoretiese benadering 123
C. Anomie en die sosiale orde 126
D. Maatskaplike verandering 128
1. Definisies en omskrywings van maatskaplike verandering 128
2. Ewolusieteorieë 130
3. Dewolusieteorieë 133
4. Ekwilibriumteorieë 137
E. 'n Konstruktiewe tipologie van maatskaplike verandering en die aard van die sosiale orde 140
F. Die proses van anomie 144
1. Patroonhandhawing en spanningsbeheer 145
2. Aanpassing 146
3. Doelbereiking 147
4. Integrasie 148
G. Samevatting 150

## HOOFSTUK 8

## ONTTREKKING AS REAKSIEVORM, MET BESONDERE VERWYSING NA VERSLAWING AAN DWELM-MIDDELS

A. Inleiding 152
B. Probleme by die wetenskaplike bestudering van verslawing aan dwelmmiddels 153
C. Die begrippeprobleem 154
D. Klassifikasie van dwelmmiddels 157
1. Depressiewe middels 158
2. Stimulerende middels 159
3. Hallusinogene middels of psigodisleptikum 159
4. Inhaleermiddels 159
E. Die uitwerking van dwelmmiddels 160
F. Verslawing as 'n vorm van sosiale patologie 165
G. Die beskikbaarheid van en beheer oor dwelmmiddels 167
H. Die etiologie en vorme van verslawing 171
1. Primêre verslawing 171
2. Reaktiewe verslawing 173
3. Simptomatiese verslawing 174
I. Maatskaplike oorsake van verslawing 175
1. Assosiasie met verslaafdes 176
2. Stedelike invloede 176
3. Faktore by die adolessent 178
4. Permissiwiteit 179
5. Faktore met betrekking tot die gesin 179
J. Anomie en verslawing aan dwelmmiddels: die toepassing van afwykingstipologieë 182
K. Die gevolge van dwelmmiddelverslawing 189
L. Samevatting 191

## HOOFSTUK 9

## RITUALISME, REBELLIE EN INNOVASIE AS REAKSIEVORME, MET VERWYSING NA SOSIAAL-PATOLOGIESE VERSKYNSELS

A. Inleiding 193
B. Ritualisme 194
C. Rebellie 196
1. Strukturele bevorderlikheid 197
2. Strukturele stremming 198
3. Veralgemeende opvatting 199
4. Aanleidende voorval 202
5. Mobilisasie vir optrede 202
6. Maatskaplike beheer 202
D. Innovasie 205
E. Samevatting 207

## HOOFSTUK 10

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

A. Inleiding 209
B. Totaliteitskennis 210
C. Anomie en enkele fasette van die struktuurfunksionele teorie 213
D. Enkele riglyne met betrekking tot die aanwending van die anomieteorie 215
E. Ten slotte 217

LYS VAN FIGURE viii

LYS VAN TABELLE viii

BIBLIOGRAFIE 219

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Merton se tipologie van indiwiduele aanpassingswyses 53

Figuur 2 en 2 (a): Parsons se afwykingstipologie 79 en 80

Figuur 3: Substantive revision of Merton's model based on his own discussion of it (Dubin) 100

Figuur 4: First extension of the Merton typology of deviant behavior (Dubin) 101

Figuur 5: A typology of deviant adaptations in social action (Dubin) 102

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Statistieke oor misdrywe in verband met dagga 168

Tabel 2: Veroordelings met betrekking tot dagga-oortredings van verskillende rasse in die Republiek van Suid-Afrika 1950-1962 169

Tabel 3: Drug addicts known to the Home Office 1959-1967 170

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

## A. Inleiding

In die ontwikkeling van die sosiologie het teoretiese oorwegings en konsepte 'n essensiële rol gespeel by die bepaling van wetenskaplike navorsingsrigtings, die verskerping van wetenskaplike waarneming en die rigtinggewing aan wetenskaplike beskrywing. Aldus het hierdie teoretiese oorwegings en konsepte bygedra tot die opbou van die rykdom van kennissisteme waaroor dié vakwetenskap vandag beskik. Na die selfstandigwording van die sosiologie het die oogmerke van die teorie en die motivering vir die formulering daarvan steeds duideliker uitgekristaliseer, sodat die teorie vandag pertinent gerig is op die verheldering van menslike groepslewe.

Die keuse van 'n onderwerp wat handel oor 'n teorie is gemotiveer deur 'n intense belangstelling in die teoretiese, en 'n liefde wat gedurende studiejare ontwikkel het vir die spesifieke studieterrein van die sosiale patologie, het logies gelei tot die keuse van 'n teoretiese onderwerp in dié rigting.

Die onderwerp van hierdie proefskrif staan nie net in die brandpunt nie maar is ook van die uiterste belang in vele empiriese ondersoeke waarby die teoretiese fundering grotendeels agterweë gebly het. Verskillende redes sal later ter plaatse hiervoor aangetoon word.

## B. Die sosiologiese aard van die vraagstuk

Die probleemstelling van hierdie navorsing kan die duidelikste saamgevat word in die volgende woorde: „The power and reliability of a theory are not always evident all at once. A theory may have a power to explain what was not originally anticipated; it may also disclose the existence of problems it cannot explain. The inevitable process begins of attempting to improve the theory and of searching for alternatives to it. And periodically in a science it is of great value to review and bring up to date the general picture of its

theories. In sociology this is long overdue."[1] Wat Martindale hier sê aangaande die krag en geldigheid van 'n teorie geld in besonder vir die teorie van anomie waaroor hierdie studie handel, en hoewel die laaste gedeelte van Martindale se aanhaling verwys na die sosiologieteorie in die breë sin, geld dit insonderheid vir die sosiale patologie dat 'n oorsigtelike beeld geskets moet word van die teorie van patologiese verskynsels. In 'n vakrigting wat hom uitstekend leen tot die moontlikheid van 'n oormatig empiriese oriëntering is 'n eweredige beklemtoning van ook die teoretiese benadering uiters nodig vir 'n gebalanseerde opvatting in die bestudering van 'n vraagstuk.

Die sosiologie wat hom in die algemeen ten doel stel die objektiewe waarneming, beskrywing en ander metodes ter verklaring van die tussenmenslike verhoudinge, handelinge en gebeure [2] het noodwendig o.m. ook afwyking in menslike handelinge tot studie-objek, aangesien afwykende gedrag net so 'n deel van samelewing as wat normale gedrag 'n deel daarvan is.[3] Omdat die sosiologie per definisies en omskrywinge die mens se groepsgedrag en die impak daarvan bestudeer, moet hierdie wetenskap noodwendig ook soek na o.a. die faktore in die bou-orde van die menslike groepslewe wat die mens se gedrag beïnvloed en bepaal.[4] Ten einde hierdie faktore of wette vir die sosiale lewe te onderken, is daar in die historiese ontwikkeling van die sosiale denke en van die sosiologie sekere konsepte ontwikkel aan die hand waarvan die sosiale lewe ontleed kan word.

Een van hierdie ontwikkelde konsepte is die sg. struktuurkonsep in terme waarvan teoretici wil poog om spesifieke strukturele faktore bloot te lê wat een of ander rol speel in die beïnvloeding van gedrag. Hierdie konsep is een van dié wat nie die oorspronklike produk van moderne denke is nie, want hoewel die duidelike formulering daarvan wel dateer uit die moderne teorie, en sy huidige opset te danke het aan veral die ontwikkeling van die Amerikaanse sosiologie na die tweede wêreldoorlog, is daar reeds in die denke van die vroegste sosiale filosowe spore hiervan.[5]

---

1) Martindale. The nature and types of sociological theory, p.vii.
2) Gittler. Review of sociology. Analysis of a decade, p.3.
3) Chinoy. Society. An introduction to sociology, p.51.
4) Mannheim. Sociology and education, p.7; Mannheim. Diagnosis of our time, p.17-26
5) Loomis & Loomis. Modern social theories. Selected American writers, hfst.5.

Die benadering van die struktuurkonsep het mettertyd een van die mees aangehaalde konsepte geword, veral met betrekking tot die studie van afwykende gedrag. Binne hierdie konsep het gaandeweg sekere teorieë vergestalting gevind, w.o. die anomieteorie as een van die belangrikste teorieë van die sosiale patologie ontwikkel is.

Hierdie teorie kom in kern daarop neer dat die maatskaplike en kulturele strukture, as die teoreties onderskeibare strukture van die sosiale realiteit, in 'n toestand van wanbalans of disekwilibrium verkeer. In hierdie sin verwys die disekwilibrium na die verskynsel dat die doelstellings van mense, soos dit beliggaam word in die kulturele struktuur, nie by wyse van die kultureel gedefinieerde of institusionele middele bereik kan word nie, aangesien die fasiliteite van die sosiale struktuur van so 'n aard is dat die middele, in die sin van doelbereiking, ontoeganklik en as sodanig oneffektief is. Nader ontleed, wys anomie dan op die afwesigheid van algemeen geldende en regulerende norme, aangesien daar in die toestand van anomie, vanuit effektiwiteitsoogpunt beskou, nie aanvaarde norme of middele bestaan deur middel waarvan kulturele doelstellings bereik kan word nie. Omdat menslike gedrag egter nooit losgemaak kan word van die normatiewe oriëntering nie, volg dit logies dat daar op een of ander wyse gereageer sal word op die toestand van anomie.

In terme van hierdie teorie beteken afwykende gedrag dan 'n toestand van oorkonformering aan, of vervreemding van òf norme òf doelstellings, en in sommige gevalle vervreemding van beide as moontlike reaksies op die toestand van anomie.

## C. Die omvang van die probleem

Uit die bestudering van die teorie van anomie en afwykende gedrag word dit duidelik dat die term „afwyking" as sodanig binne die raamwerk van die teorie nie deurentyd gebruik word in die betekenis van patologies nie,[1] maar in hierdie studie word beoog om by die toepassing van die konseptuele raamwerke van verskillende skrywers veral aandag te skenk aan afwykende gedrag as sosiaal-patologiese verskynsels, aangesien die teorie hom by

---

1) Vgl. byvoorbeeld Merton. Social theory and social structure, p.149-50; Dubin. Deviant behavior and social structure: Continuities in social theory. American sociological review, 24:147-64: 1959.

uitstek hiertoe leen soos mettertyd ook uit hierdie navorsing sal blyk.

Die verskillende stadia in die ontwikkeling van enige samelewing kan van mekaar onderskei word deur o.a. 'n verwysing na die sosiaal-patologiese verskynsels wat tiperend van die verskillende stadia is. Die huidige ontwikkelingsfase kan in hierdie sin tipeer word as die sg. permissiewe samelewing, waarmee verwys word na die uitwerking van verskillende kosmosentriese lewens- en wêreldbeskouings soos dit vergestalting vind in die moderne gees van losbandigheid wat hom op velerlei wyses op verskillende terreine openbaar. Hierdie permissiwiteit word op 'n dramatiese wyse in o.a. verskillende vorme van sosiaal-patologiese gedrag gemanifesteer, en dat daar 'n algemene kommer heers oor hierdie toestand van feitlik die hele westerse beskawing val nie te betwyfel nie. Die feit dat daar in die jongste tyd steeds meer aandag geskenk word aan sosiaal-patologiese verskynsels, soos bewys word deur o.a. die opstel van verslae, die publisering van boeke en artikels en die instelling van organisasies vir voorkoming en rehabilitasie ens., dui daarop dat hierdie tipe verskynsels so 'n omvang aangeneem het dat dit in sommige opsigte as epidemies van aard in die samelewing beskou kan word.

## D. Afbakening van die studieterrein en doel van die ondersoek

Soos die titel van hierdie proefskrif aandui nl. „Anomie. 'n Kritiese ontleding van die teorie met verwysing na enkele sosiaal-patologiese verskynsels", is dit om verskillende redes duidelik, soos later aangetoon sal word, dat die studieterrein van hierdie navorsing afgebaken moet word tot slegs daardie teorieë wat oor die vraagstuk van anomie handel. In hierdie navorsing word gebruik gemaak van die werke van verskillende skrywers of teoretici wat in 'n mindere of meerdere mate 'n bydrae gelewer het tot die uitbouing van die anomieteorie. In die kritiese ontleding van die teoretiese aspekte van hierdie teoretici word ook net gebruik gemaak van die bepaalde aspekte wat in die opset van hierdie proefskrif ter sake is.

Noodwendig sal ook aandag gegee moet word aan die sisteembenadering van sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing, omdat ook die vraagstuk van anomie 'n besondere deel van die struktuurfunksionele benadering beklemtoon.

Binne hierdie raam is die algemene doel van hierdie navorsing om 'n

kenniswetenskaplike bydrae te lewer tot die beter insig in en begrip van sosiaal-patologiese verskynsels as 'n onderdeel van die studieterrein van die sosiologie. Verder is hierdie navorsing ook 'n reaksie op die hedendaagse algemene neiging om slegs van die empiriese benaderingswyse gebruik te maak, en omdat die empiriese en teoretiese nie sondermeer van mekaar geskei kan word nie is dit die doel van hierdie navorsing om die teorie en praktyk met mekaar te versoen.

Benewens die algemene doel is die besondere doel van hierdie proefskrif om 'n ruimer of vollediger sosiologiese teorie te konstrueer waarmee aangetoon sal word dat daar leemtes in die bestaande anomieteorie ervaar word wanneer dit getoets word aan toestande van die huidige samelewing.

Om te kan kom tot 'n meer omvattende sosiologiese perspektief betreffende sosiaal-patologiese verskynsels is soos volg te werk gegaan :

(1) Aangesien navorsing o.m. insluit die herwaardering van bestaande sisteme van kennis, is die bestaande anomieteorie en die afwykingstipologieë as basis en vertrekpunt aanvaar, en deur dit te konsolideer met ander geselekteerde sisteme van kennis, is die moontlikhede daargestel om 'n kritiese beoordeling van die anomieteorie te maak. In hierdie verband is daar egter 'n beperking of kwalifikasie, nl.dat ander kennissisteme en teoretiese aspekte vir die doel van hierdie navorsing nie in besonderhede ontleed hoef te word nie, maar waar dit wel van toepassing is, word slegs daarna verwys, terwyl die gegewe en aanvaarde anomieteorie vanaf die ontstaan daarvan tot die huidige opset en inhoud volledig in die oog gehou word.

(2) Om die besondere doel te kan bereik, sal aangetoon word dat die struktuurbenadering in die verklaring van afwykende gedrag in die moderne teorie 'n besondere plek inneem, en in navolging hiervan word die teoretiese beskouing van die vraagstuk van anomie in hooftrekke vanuit die struktuurfunksionele opvatting benader. Enersyds word hiermee aanvaar dat 'n absolute skeiding tussen benaderingswyses kunsmatig en eintlik sinneloos is, en andersyds sal ook gewys word op die raakpunte van die struktuurbenadering met die prosesbenadering in die verklaring van afwykende gedrag.

(3) Om die struktuurbenadering in die verklaring van afwykende gedrag en die konstruering en toepassing daarvan in die anomieteorie te ontleed, moet die

genoemde benadering en die ontwikkeling daarvan in besonderhede in die oog geneem word. Daardeur kan die bestaande anomieteorie krities ontleed word en toegepas word op kontemporêre verskynsels. Dit lei daartoe dat die anomieteorie met ander bestaande teorieë gekonsolideer word, en hiermee word enersyds beoog om die toestand van anomie duideliker te stel, terwyl die oogmerk andersyds is om die leemtes in die anomieteorie uit te wys.

(4) Ten einde die doel van hierdie navorsing te kan verwesenlik, word die stof in drie afdelings met bygaande hoofstukke soos volg uiteen gesit :

DEEL I: DIE OORSPRONLIKE FORMULERING VAN DIE ANOMIETEORIE.

Hoofstuk 2: Die formulering van die anomieteorie deur Emile Durkheim.

Hoofstuk 3: Durkheim se uiteensetting van selfmoord, die rol van anomie en 'n kritiese waardering.

DEEL II: DIE HERFORMULERING EN UITBOUING VAN DIE ANOMIETEORIE.

Hoofstuk 4: Die bydrae van R.K. Merton tot die anomieteorie.

Hoofstuk 5: Die bydrae van Talcott Parsons tot die anomieteorie.

Hoofstuk 6: Die bydraes van Robert Dubin en Richard A. Cloward tot die anomieteorie.

DEEL III: 'N KRITIESE ONTLEDING EN TOEPASSING VAN DIE ANOMIETEORIE.

Hoofstuk 7: Die uiteensetting van anomie as toestand en proses.

Hoofstuk 8: Onttrekking as reaksievorm met besondere verwysing na verslawing aan dwelmmiddels.

Hoofstuk 9: Ritualisme, rebellie en innovasie as reaksievorme met verwysing na sosiaal-patologiese verskynsels.

Hoofstuk 10: Samevattende gevolgtrekkings.

## E. Metode van ondersoek

Om enigsins tot 'n sintese van die spesifieke onderwerp te kan kom, was dit nodig om sover moontlik 'n studie te maak van die beskikbare primêre en sekondêre literatuurbronne wat handel oor die teorie van anomie, asook ander teorieë en aspekte daarvan. Om tot 'n duidelike begrip en insig te kon kom van die oorspronklike formulering van die anomieteorie, was dit nodig om 'n literatuurstudie te doen van die stand van die sosiologie in Frankryk ten tye van Emile Durkheim. Dit was noodsaaklik terwille van 'n kennis van die agtergrond en milieu waarteen hierdie teorie gesien moet word. Daarom is besluit om 'n hoofstuk aan die begin van hierdie proefskrif daaraan af te staan met die oog op 'n oriëntering en korrekte visie van die vraagstuk. Vir die ontleding en die verdere ontwikkeling van die teorie is 'n bronnestudie van die teoretici wie se beskouings bespreek word, benut. By die toepassing van die teorie is ook gebruik gemaak van enkele statistiese gegewens verkry uit die verskillende geskrifte waarna verwys word.

Oor die algemeen beskou is hierdie navorsing die vrug van literatuurstudie en kompilasie waar gebruik gemaak is van die teoreties-wetenskaplike metode van gesistematiseerde, kritiese deurdenking en logiese afleiding met die oog op sintese.

## F. Omskrywing van enkele begrippe

In die ontleding van die anomieteorie, asook in die toepassing daarvan word van verskillende begrippe gebruik gemaak wat duidelikheidshalwe vooraf omskryf moet word. Hier word nie gelet op begrippe wat deur spesifieke teoretici in 'n bepaalde konteks gebruik word nie, aangesien hierdie begrippe, waar dit ter sake is, omskryf word. Daarom word hier alleen aandag geskenk aan daardie begrippe wat in die vakterminologie algemeen voorkom, maar waaraan daar tog soms verskillende interpretasies geheg word. Vir die doel van hierdie navorsing is dit egter nodig dat bepaalde inhoude aan die volgende begrippe geheg moet word en dan ook soos dit spesifiek in hierdie navorsing gebruik word sonder dat aanhoudend daarna verwys sal word.

(1). Kultuur

Die sosiologiese betekenis van kultuur „is the continually changing patterns of learned behavior (including attitudes, values, knowledge and material objects) which are shared by and transmitted among the members of society" [1]

Met verwysing na 'n besondere aspek van kultuur, is die inhoud wat MacIver heg aan dié begrip die volgende: „Culture is life expressing itself in valuation and in styles. It is always selective between the potentialities of expression.[2] Hierdie omskrywing waarin die klem val op die abstrakte of nie-materiële aspek van kultuur toon 'n ooreenkoms met die beskouing van Rose wanneer hy skryf dat kultuur is „the sum of meanings and values found among people in a given society. The meanings of a culture define the experiences of the individuals who participate in that culture." [3]

Die inhoud van die bg. omskrywings is egter baie kernagtig daarin dat dit geen melding maak van die kenmerke van kultuur nie. In die omskrywing van kultuur in die woorde van Inkeles word die aandag gevestig op die verskillende komponente van kultuur, asook op die belangrike eienskap van die oordraagbaarheid daarvan: „The grand total of all the objects, ideas, knowledge, ways of doing things, habits, values, and attitudes which each generation in a society passes on to the next is what the anthropologist often refers to as the culture of a group." [4] Die eienskap van die oordraagbaarheid van kultuur, w.o. inbegrepe is gedragspatrone en die waardes en norme wat gedrag ten grondslag lê, is van besondere belang en moet in gedagte gehou word veral by die ontleding van die konsepsie van Merton t.o.v. kulturele strukture[5] en dié van Cloward t.o.v. kultuuroordraging en die vorming van subkulture.[6]

---

1) Cuber. Sociology. A synopsis of principles, p.56.
2) MacIver. Society. A textbook of sociology, p.467.
3) Rose. Sociology. The study of human relations, p.146.
4) Inkeles. What is sociology? An introduction to the discipline and profession, p.66.
5) Cohen. Deviance and control, p.76. Die begrip „kulturele struktuur" word waar dit van toepassing is, omskryf.
6) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior. American sociological review, 24:164-76: 1959.

Hierdie eienskap en ook ander belangrike eienskappe van kultuur word saamgevat in Parsons se siening van aspekte wat kultuur tipeer: „First, that culture is transmitted, it constitutes a heritage or a social tradition; secondly, that it is learned, it is not a manifestation....... of man's genetic constitution; and third, that it is shared." [1] Ook die omskrywing van Gouldner en Gouldner[2] maak melding van dieselfde eienskappe van kultuur.

(2). Solidariteit

Hierdie begrip dui op die „internal cohesiveness of a group. The integrity of a group to the unifying elements that hold it together."[3] Die „internal cohesiveness" verwys na die gevoel van „mutual loyalty on the part of the members of an interactive system."[4] Die gebruik van die begrip word egter nie net beperk tot die aanduiding van die eenheid van en binne sosiale groepe as dele van die samelewing nie, maar dui ook op die interne eenheid van die samelewing as totaliteit. Maatskaplike solidariteit verwys dan na die teenoorgestelde van maatskaplike disorganisasie as 'n toestand of graad van eenheid van die samelewing. Hieruit is dit duidelik dat die begrip „solidariteit" ten nouste saamhang met en elemente wat die begrip „integrasie" bevat.

(3). Integrasie

Die begrip „integrasie" verwys na die proses van koördinasie van die verskillende maatskaplike klasse, groepe, ens. van 'n gemeenskap tot 'n ineengeskakelde totaliteit[5] en verder dui dit ook op die ineenskakeling en koördinasie van die aktiwiteite van die lede wat besondere groepe vorm en waarna deur Toby verwys word met die begrip „funksionele integrasie".[6] Samevattend kom dit daarop neer dat dit begrip „integrasie" verwys na die proses van ineenskakeling van strukturele en funksionele[7] komponente van die samelewing

---

1) Parsons. The social system, p.15.
2) Gouldner & Gouldner. Modern sociology. An introduction to the study of human interaction, p.18.
3) Fairchild. Dictionary of sociology and related sciences, p.304.
4) Toby. Contemporary society. An introduction to sociology, p.607.
5) Fairchild, op. cit., p.284.
6) Toby, op. cit., p.600
7) Die begrippe „struktuur" en „funksie" word later in hierdie hoofstuk omskryf.

en van die samelewingsvorme en groepe sodat hierdie komponente ŉ struktuurfunksionele eenheid vorm.

(4) Afwykende gedrag.

Omdat hierdie begrip ŉ kwalifikasie insluit, is dit vir die omskrywing daarvan nodig om vooraf eers die begrip „gedrag" in die oog te neem. Vanuit die psigologiese benadering word gedrag gedefinieer as „the total response,.... which an organism makes to any situation with which it is faced,"[1] en wanneer die begrip dan verder as sosiale gedrag gekwalifiseer word, word verwys na „behavior with reference to social requirements, i.e. towards the community, and other individuals in the community."[2]

Met die kwalifikasie van sosiale gedrag is dit reeds duidelik dat alle gedrag nie noodwendig sosiaal is nie, d.w.s. dat ŉ reaksie nie noodwendig m.b.t. of teenoor of in teenwoordigheid van ander mense uitgeoefen word nie. Omdat die sosiologie egter die fokus rig op die sosiale handeling of gedrag[3] word die volgende inhoud aan die begrip geheg, nl. doelgerigte en gemotiveerde handelinge wat uitgevoer word teenoor of tesame met of ten opsigte van ander mense in ŉ spesifieke gemeenskap of groep, en wat in ooreenstemming met sekere norme is.[4]

Teen die agtergrond van hierdie omskrywings kan die begrip „afwykende gedrag" nou nader omskryf word. Om die kwalifiserende element in hierdie begrip toe te lig, sal gevra moet word na die norme wat gedrag ten grondslag lê, aangesien „afwykend" as sodanig ŉ relatiewe begrip is. Verder dien ook daarop gewys te word dat nie alle gevalle van afwykende gedrag noodwendig sosiaal is nie, om die redes wat reeds genoem is. In hierdie proefskrif word die begrip „afwykende gedrag" egter alleen in die sin van sosiale gedrag gebruik, en dan spesifiek wanneer verwys word na gedrag wat nie in ooreenstemming is met die norme wat gekoppel is aan bepaalde rolle nie. Hierdie gebruik van die term is in lyn met die interpretasies van Parsons,[5] Sprott[6]

---

1) Drever. A dictionary of psychology, p.27.
2) Ibid., p.268.
3) Roode. Inleiding tot die sosiologie, p.19.
4) Ibid., p.18-19.
5) Parsons, op. cit., p.250.
6) Sprott. Science and social action, p.104.

en Cohen.[1)]

'n Verdere faset van dié termgebruik moet in gedagte gehou word, nl. dat die begrip „afwykende gedrag" tensy anders vermeld word, dui op gedrag wat disfunksioneel vir die samelewing is, d.w.s. dat dit wys op gedrag waaraan 'n negatiewe evaluasie geheg word. Hierdie faset van die gebruik van die term „afwykende gedrag" hang ook saam met die begrip „maatskaplike probleme". Hoewel dié twee begrippe nie deurgaans sinonieme is nie[2)] word die begrip „afwykende gedrag" in hierdie proefskrif in die betekenis van maatskaplike probleme gebruik. Die ooreenstemming en verskille tussen hierdie twee begrippe en die wyse waarop hy dit in 'n sekere werk gebruik, word deur Clinard soos volg beskryf: „Deviation from norms which are tolerated or which provoke only mild disapproval are obviously of little concern to a society. Only those situations in which behavior is in a disapproved direction, and of sufficient degree to exceed the tolerance limit of the community, constitute <u>deviant behavior</u>...... This includes such deviations from norms as delinquency and crime, drug addiction, alcoholism, mental disorders, suicide, marital and family maladjustment, problems of old age, and discrimination against minority groups."[3)] Nie al die maatskaplike probleme wat Clinard noem, word in hierdie proefskrif aangeraak nie.

'n Laaste faset van dié termgebruik staan i.v.m. die begrip „maatskaplike disorganisasie"[4)] wat deur sommige skrywers gebruik word wanneer na afwykende gedrag en maatskaplike probleme verwys word. Vir die doel van hierdie navorsing word maatskaplike disorganisasie gesien as 'n besondere tipe maatskaplike probleem wat geleë is in die toestand van die maatskaplike struktuur. Hierdie gebruik van die term „maatskaplike disorganisasie" is

---

1) Cohen. The study of social disorganization and deviant behavior. (<u>In</u> Merton et. al: Sociology today. Problems and prospects, p.462.)
2) Du Toit et.al: Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p.28-35.
3) Clinard. Sociology of deviant behavior, p.22.
4) Becker & Boskoff. Modern sociological theory, p.340-67; Caldwell & Foster. Analysis of social problems, 19-20; Elliott & Merrill. Social disorganization, hfst. 2; Merton & Nisbet. Contemporary social problems, p.719-23; Hertzler. American social institutions. A sociological analysis, p.9-10.

ontleen aan Merton en Nisbet wat dit soos volg omskryf: „Inadequacies or failures in a social system of interrelated statuses and roles such that the collective purposes and individual objectives of its members are less fully realized than they could be in an alternative workable system."[1] So 'n toestand dui dus op die versteuring van die normale verhoudinge, en as sodanig kan dit gesien word as 'n maatskaplike probleem. Vir enige groep om te kan funksioneer, is daar sekere basiese vereistes[2] en wanneer daar versteurings (disorganisasie) ten opsigte hiervan intree, word die normale en ordelike voortbestaan en funksies van die groep bedreig. Hierdie funksionele probleme kan dan aanleiding gee tot verskillende vorme van afwykende gedrag wat op grond van die omvang, aard en intensiteit daarvan ook weer as maatskaplike probleme gedefinieer sou kon word. Só gesien, is die vorme van afwykende gedrag wat behandel word, en wat as maatskaplike probleme beskou word, simptome van 'n dieperliggende maatskaplike probleem, nl. maatskaplike disorganisasie.

(5) <u>Etiologiese faktore</u>

Met hierdie begrip, soos dit gebruik word, word verwys na die bestudering van die veroorsakende faktore van verskynsels, veral vorme van afwykende gedrag. Omdat hierdie navorsing 'n kritiese ontleding is van 'n aanvanklik sosiologistiese[3] teorie, word insonderheid aandag geskenk aan die faktore wat volgens dié teorie verskillende vorme van afwykende gedrag veroorsaak. Ten einde te kom tot 'n meer gebalanseerde teoretiese benadering tot afwykende gedrag word ook gelet op die indiwidueel-persoonlike faktore wat aanleiding gee tot afwykende gedrag omdat die mens in die samelewing en kultuur die aktiewe element is.[4]

---

1) Merton & Nisbet, op. cit., p.720.
2) Johnson. Sociology. A systematic introduction, p. 51-63.
3) Die inhoud en betekenis van hierdie begrip word later in hierdie afdeling behandel.
4) Van Dijk. Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene sociologie, p. 57.

(6). Instellings of institusies

'n Verdere begrip wat saamhang met die begrip „norm" en wat in 'n bepaalde sin gebruik word, is die begrip „instelling".[1] Reuter definieer hierdie begrip soos volg: „The organized system of practices and social roles developed about a value or series of values, and the machinery evolved to regulate the practices and administer the rules."[2] Hierdie en ander omskrywings[3] van die begrip „instelling" verwys na die patroon van norme wat die handelinge binne sekere verhoudings voorskryf en wat a.g.v. algemene aanvaarding herhaaldelik voorkom. Dié „tot instelling geworde" normatiewe patroon is die resultaat van die proses van institusionalisering, d.w.s. die proses waardeur 'n spesifieke patroon van norme „eie gemaak" is aan 'n bepaalde maatskaplike of samelewingsterrein. Waar die proses van internalisering van norme voorkom op die indiwiduele vlak, kom die proses van institusionalisering op die vlak van die groepslewe voor. In terme hiervan kan daar dan onderskei word tussen maatskaplike instellings soos die politieke instelling, die verwantskapinstelling, die ekonomiese instelling, ens.[4]

(7). Die sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing

Omdat die anomieteorie binne die raamwerk van die struktuurbenadering geformuleer is, en aangesien hierdie navorsing gemik is op 'n kritiese ontleding van die teorie, is dit vooraf ook nodig om 'n uiteensetting te gee van die uitgangspunt en die opvatting aangaande die sosiologie wat in hierdie navorsing die basis sal vorm van die beoordeling van die anomieteorie. Om hiertoe te kom, word in breë trekke gelet op die inhoud en uitgangspunt van die sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing.

Aangesien aanvaar word dat wetenskap en die beoefening daarvan nie neutraal kan wees nie, dit wil sê nie ontkoppel kan word aan een of ander lewens- en wêreldbeskouing nie, moet ook gewys word op die uitgangspunt. In breë trekke kan onderskei word tussen twee indelings van lewens- en wêreld-

---

1) „Instelling" verwys na die Engelse vakterm „institution."
2) Reuter. Handbook of sociology, p.113.
3) Bierstedt. The social order. p.321; Johnson, op. cit., p.21-2.
4) Inkeles, op. cit., p.67-8.

beskouings, naamlik die kosmosentriese beskouing wat op die immanente standpunt berus, en die Christelike beskouing waarin die transendente standpunt gehandhaaf word.

Die uitgangspunt wat gehandhaaf word, is die van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, waarvan die implikasie ten opsigte van die sosiologie in die volgende sitaat uitgedruk word: „De positieve sociologie is in haar visie op de typische structuren der empirische samenleving afhankelijk van de wijsgerige en de laatste is afhankelijk van het religieuse grondmotief, dat haar uitgangspunt vormt."[1] Omdat elke lewens- en wêreldbeskouing op 'n bepaalde religieuse grondmotief berus, en as sodanig sekere implikasies ten opsigte van die wetenskapsbeskouing en -idee veronderstel, is dit nodig dat hierdie religieuse grondmotief duidelik gekwalifiseer moet word.

(a) <u>Die skeppingsorde</u>

Uitgaande van die aanvaarding dat alles uit, deur en tot God is en dat „God een God (is) van orde,"[2] is die basis van die religieuse grondmotief dat God se hele skepping, dit wil sê die heelal of kosmos, getuig van ordelikheid in die betekenis van dat Hy wil dat alles in Sy skepping met orde sal geskied.[3] Dit gaan in wese dus hier ook om die roeping van die mens op elke lewensterrein, nl. die toepassing van Bybelse prinsipes vir die praktiese lewe in die betekenis van hoe menseverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse behoort te wees op alle terreine van die lewe. Dus word uit die Bybelse prinsipes waardes vir struktuurtipes gestel en daarvolgens norme vir die lewenspraktyk uitgewerk. Soos die samelewing dan verander, is dit die roeping van die wetenskaplike om die norme só te wysig dat dit van praktiese waarde kan wees deurdat mense daaraan konformeer in variasies van graadverskille.

Die sosioloog sal deur moeisame en geduldige arbeid hierdie wette en prinsipes moet onderken en bestudeer, en die opgestelde norme op wetenskaplike wyse moet uittoets en verifieer vir toepassing met die oog op konformering en die variasies daarvan.

---

1) Dengerink. Critisch-historische onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw, p.191.

2) Grosheide. Korte Christelijke encyclopaedie, p.818.

3) Ibid., p.818.

Die sosioloog sal verder ook die variasies van konformering en nie-konformering moet onderken en sistematiseer vir alle lewensterreine van die samelewingstotaliteit in die positiveringsproses van die norm, en wel dan in die sin en betekenis van so is die gedrag van mense in die samelewing hier en nou en die wisselwerking van hoe gedrag behoort te wees in die proses van verantwoordelike aanpassing t.o.v. status, rol, internalisering en institusionalisering in die sosialiseringsproses - d.w.s. in alle sosiale situasies van die dinamiese sosiale en kulturele ordestrukture van die samelewingstotaliteit.

Vanuit hierdie beginselstandpunt vind o.m. die struktuurkomplekse van die gesin, staat, bedryf, skool ens. hulle vergestalting, elkeen met 'n eie struktuur en funksie wat tot openbaring kom in die konkrete werklikheid.

Die orde-begrip is sentraal in die opvatting van die sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing soos vervolgens sal blyk uit die inhoud van die begrip „samelewingsorde" as deel van die deur God geskape werklikheid waarin onder andere die sosiologie sy studieterrein vind.

(b). Samelewingsorde

Die visie van die positiewe sosiologie is gerig op die tipiese strukture van die empiriese samelewing wat as sodanig deel uitmaak van die skeppingsorde, en van hierdie samelewing en die tipiese strukture daarvan skryf Van Dijk[1] dat die menslike samelewing en samelewingsvorme 'n samelewingsorde veronderstel, want „wie structuur zegt, verwijs daarmee naar de idee van orde."[2]
In die algemeen verwys die begrip, „samelewingsorde" na die totaliteit van die samelewing, die samelewingsvorme, tussenmenslike verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, asook die kultuur van 'n gegewe area, maar die begrip omsluit egter ook 'n sekere kwaliteit van tussenmenslike verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse: „Critically the reference is to a certain quality, namely, the smooth, efficient, logical, aesthetic and ethical interactional functioning of individuals and groups within any such totality."[3] In so 'n totaliteit lê die groepe of samelewingsvorme neweskikkend

---

1) Van Dijk, op. cit., p. 59.
2) Ibid., p.204.
3) Fairchild, op. cit., p. 287.

en gekoördineerd langs mekaar.

Die samelewingsorde omsluit dus die struktuur en die funksies van die dele waaruit die samelewing opgebou is. Die norme waarvolgens verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse plaasvind, asook die empiriese of ervaringsfeite het in terme van hierdie beskouing oor die sosiologie 'n eie struktuur. Om duidelikheid te verkry met betrekking tot hierdie onderskeiding tussen norme en feite, is dit vervolgens nodig dat ingegaan moet word op die strukturele orde, die struktuurprinsipes, wat hulle oorsprong in Bybelse beginsels het en as struktuurnorme geld vir die taak en roeping van alle sosiale strukture.

Vir die doeleindes van die sisteembenadering wat in hierdie opset gevolg word, kan dit kortliks soos volg gestel word, nl. „a social system is an abstract concept considered apart from particular people who give it concrete existence in a social group. And, by the same token, a social group is a concrete reality that acts in terms of an abstract social system, by virtue of people 'holding their heads', collectively, the status structure of the system." [1]

So 'n benadering het twee komponente wat uit die genoemde aanhaling voortvloei, nl. die strukturele en funksionele fasette van 'n sisteem[2] wat by implikasie in die uiteensetting hieronder volg.

(c). Die strukturele aspek van die sisteembenadering

Die begrip „struktuur" neem in die vakterminologie van die sosiologie en in die omskrywing van die studieterrein van die sosiologie 'n sentrale plek in.[3] Die mees algemene gebruik van dié term soos dit in die sosiologie geld, verwys na „die orde, waarvolgens 'n geheel opgebou word uit bepaalde dele, maar dan so opgebou dat elkeen van hierdie dele sy bepaalde plek en funksie in die geheel aangewys word, om sodoende 'n geheel te kry van 'n besondere karakter en eie aard. In hierdie sin kan ons praat van die struktuur van 'n mens, plant, dier of ding, van 'n gebou, van 'n musiekstuk, van 'n taal, van 'n

---

1) Bredemeier & Stephenson. The analysis of social systems, p.35.
2) Johnson. op. cit., p.48-56.
3) Van Dijk, op. cit., p.60; Davis. Human society, p.9 en p.50; Sprott. Sociology, p.28; Aron. German sociology, p.122.

handeling, byvoorbeeld bemin, 'n gebeurtenis, byvoorbeeld 'n rewolusie, van 'n sosiale proses, byvoorbeeld verstedeliking, industrialisasie, maar ook van die struktuur van die maatskappy, ja van die menslike samelewing." [1] Die beskouing van Mannheim, [2] naamlik dat struktuur as sodanig die prinsiep is wat die ordening van die sosiale werklikheid bepaal, is ook in lyn met die omskrywing van die begrip in die bostaande sitaat. Die element van organisasie of ordening in die begrip „struktuur" is ook aanwesig in die omskrywings van onder andere Buckley,[3] Fairchild [4] en Wilson en Kolb.[5]

Hierdie omskrywings van die onderhawige begrip suggereer, oppervlakkig beskou, 'n statiese bou-orde, maar van hierdie orde skryf Bierstedt [6] dat die orde waarvan hier sprake is, 'n veranderende orde is. Die strukturele orde verwys dus nie na 'n onveranderlike en onveranderbare orde nie, en daarom is die konsepte van 'n dinamiese strukturele orde nie kontradiksioneel nie.

Die strukturele orde van die samelewing beteken in wese dat die samelewing ingedeel kan word in samehangende en verbandhoudende aspekte soos wat hulle hulle bepaalde funksies het in die spesifieke plek wat hulle in die struktuur beklee. Die feit van die wetmatigheid van die strukturele orde van die samelewing en die samehang van en wisselwerking tussen die dele van die struktuur, lei reeds vir Comte daartoe om die sosiologie te definieer as „the investigation of the laws of action and reaction of the different parts of the social system." [7] Die konsep van die strukturele orde was reeds opgesluit in die totaliteitsdenke van Comte, en by name in sy beskouing van sosiale statika waarop ander skrywers in die ontwikkeling van die sosiologie voortgebou het.

---

1) Du Preez. Prolegomena, p.14-5.
2) Mannheim. Man and society in an age of reconstruction, p.230.
3) Buckley. Structural-functional analysis in modern sociology. (<u>In</u> Becker & Boskoff, op. cit., p.240.)
4) Fairchild, op. cit., p.293.
5) Wilson & Kolb. Sociological analysis. An introductory text and case book, p. 772.
6) Bierstedt, op. cit., p.510.
7) Comte aangehaal deur Inkeles, op. cit., p.35.

Die strukturele orde impliseer verder ook 'n rangorde in waardes wat tot vergestalting kom in die normatiewe orde, as een ordestruktuur in die samelewing en die wisselwerking met die empiriese gedraginge van die mens wat deur 'n ooreenstemmende feitlike of funksionele orde voorgestel word. Waardes as sodanig kan nie losgemaak word van die studieterrein van die sosiologie nie, omdat menslike gedrag nie begryp kan word sonder kennis van die waardes wat gedragsnorme ten grondslag lê nie.[1]

Ten einde die samehang van die normatiewe en feitlike of funksionele ordes van die strukturele orde nader toe te lig, word vervolgens op die inhoud van elk afsonderlik ingegaan.

## (i). Die normatiewe orde

Die normatiewe orde verwys na die rangorde van norme wat 'n bepaalde kwaliteitsmaatstaf in die betekenis van waardes ten opsigte van die taak en roeping van die mens in sy verskillende groepsverbande uitdruk. Omdat die samelewing as sodanig bestaan uit 'n verskeidenheid van groepe, impliseer die normatiewe orde „een ontzaglikjke verscheidenheid en verwevenheid van talloze normsferen. Elk gezin, elk bedrijf, elke kerk, elk dorp, elke staat, elke vereniging, elke maatschappelijke kring vormt zo 'n normsfeer, kortom elke individuele samenlevingsstructuur is tevens het geldingsgebied van een eigen positiev normencomplex." [2] Omdat elk van die samelewingsgroepe wat Van Dijk in hierdie sitaat noem 'n eie struktuur het, beteken dit dat die struktuur meer is as die somtotaal van sy lede en dele [3] wat dan impliseer dat die elemente wat die totaliteit van alle strukture vorm, nie gelyke betekenis en waarde het vir alle samelewingsvorme nie.[4] „Voor de kerk zijn geloof en liefde belangrikjker dan techniek, recht, economie of schoonheid. Maar voor het bedrijf zijn techniek en economie belangrijker dan schoonheid, recht, etc." [5]

---

1) Mannheim. Diagnosis of our time. Wartime essays of a sociologist, p.134; Demant. Christian polity, p.61.
2) Van Dijk, op. cit., p.58.
3) Ibid., p.59.
4) Ibid., p.60.
5) Ibid., p.60.

Ter wille van die teoretiese omsluit alle samelewingstrukture al die aspekte van getal, ruimte, die fisiese, biotiese, psigiese, energie, analitiese, historiese, linguïstiese, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en pisteutiese,[1] en funksioneer dus as 'n eenheid ten opsigte van die volle werklikheid, maar samelewingstrukture kan ook van mekaar onderskei word op grond van die aspekte of elemente wat daarin primêr is, dit wil sê wat daarin op die voorgrond tree en in die brandpunt van belangstelling staan. Hierdeur verkry die verskillende strukture hulle eie indiwidualiteit, soos dit ook tot uiting kom in die doelstellings en aktiwiteite daarvan, d.w.s. deur die onderskeie struktuurnorme wat die aard van elke groep of sosiale struktuur bepaal, want elke struktuurnorm is werksaam as 'n sosiale krag[2] in die samelewing.

Die normatiewe orde van die strukturele orde dui dus op 'n rangorde van waardes vir alle samehangende aspekte, d.w.s. in terme waarvan menslike verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse volgens strukturele orde ge-evalueer kan word. Hierdie normatiewe orde, as ingeskape orde in die mens en sy samelewing, verteenwoordig die grondliggende deur God gegewe norme vir die samelewingsgroepe van hoe die menseverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse daarin behoort te wees. Maar saam met die normatiewe aard kry ook die feitlike of funksionele orde van die sosiale verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse konkrete betekenis vanweë die wisselwerking en integrasie van die twee ordes ten opsigte van die normatiewe en die funksionele orde.

(ii). Die feitlike of funksionele orde

Kragtens die opdrag aan die mens, het hy bepaalde funksies te vervul in alle samelewingsterreine en -groepe waaraan hy deel het, en hierdie funksies kan nooit ontkoppel word aan die wesentlike sosiale norme van die verskillende strukture nie.[3] Daarom is die funksies wat vervul word in en deur die verskillende samelewingsterreine en -groepe, 'n integrale deel van die struktuur waarbinne die funksies vervul word.[4] Die feit van die onskeibaarheid van struktuur en funksie is opgesluit in die opvatting van die dinamiese struk-

---

1) Spier. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee, p.51.
2) Van der Walt. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool, p. 398.
3) Dengerink, op. cit., p.189.
4) Du Preez, op. cit., p.14-5.

turele orde waarop reeds gelet is. Benewens die bogenoemde skrywers wat funksie as 'n integrale deel van struktuur sien, wys ook ander op die onafskeidelike verband wat daar tussen die begrippe „struktuur" en „funksie" bestaan.[1]

Merton[2] wys daarop dat die funksiebegrip geen nuwe begrip in die sosiologie is nie, en dat hierdie begrip ook nie net beperk is tot die sosiale wetenskappe wat betref die aanwending daarvan nie. Hofstra[3] verwys byvoorbeeld, na die gebruik van hierdie begrip in die geskrifte van Comte, Spencer, Schäffle, Von Lilienfeld, Small en Ward. In die ontwikkeling van die sosiale wetenskappe het die begrip egter nie deurentyd dieselfde inhoud en betekenis bly behou nie,[4] aangesien telkens verskillende fasette van die inhoudelike van die begrip beklemtoon is, maar in die ontwikkeling en die geleidelike verfyning van die begrip, asook die wyse waarop dit as 'n analitiese konsep aangewend is, het die veronderstelling waarop dit berus het onveranderd gebly, naamlik dat sosiale verskynsels gesien moet word „in terms of interconnection of operation rather than in terms of seperate.........units."[5]

Hofstra[6] verduidelik die begrip, soos dit in die sosiologie aangewend word na analogie van die funksie van 'n orgaan, en dan beteken funksie vir hom die na vore bring van die gedagte van aktiwiteit, handeling, van dinamiek, beweging, verrigting en verhouding, in teenstelling met struktuur wat die elemente van stabiliteit en substansie impliseer. Hierdie teenstelling tussen struktuur en funksie wat deur Hofstra gestel word, word gedoen ter verduideliking, en moet nie geïnterpreteer word asof die twee konsepte mekaar uitsluit nie, want hy sien die waarde van die funksiebegrip as 'n heuretiese beginsel juis daarin dat dit lig werp op die feit van samehang (struktuur) en aktiwiteit (funksie).[7]

---

1) Mannheim. Man and society in an age of reconstruction, p.26; Timasheff et. al. General sociology, p.167; Washburne. Interpreting social change in America, p.6; Moore. Economy and society, p.1 ensovoorts.
2) Merton, op. cit., p.46.
3) Hofstra. Het functiebegrip in de sociologie. (<u>In</u> Het sociale leven in al zijn facetten, Deel 1, p.63.)
4) Merton, op. cit., p.46.
5) Ibid., p.46.
6) Hofstra, op. cit., p.63.
7) Hofstra. Het functiebegrip in de sociologie. (<u>In</u> Handelingen van de Nederlandsche Sociologische Vereniging, p.42.)

Hierdie verband tussen struktuur en funksie word op 'n samewattende wyse duidelik beskryf in die woorde van Mannheim[1] wanneer hy skryf dat feite en struktuur deurgaans met mekaar saamhang, en dat feite 'n sinvoller betekenis verkry alleen wanneer die funksies daarvan duidelik begryp word, aangesien dit die struktuur van die samelewingstotaliteit is wat lig werp op die werklike funksies en werklike betekenis van die dele van hierdie totaliteit.[2]

Met die begrip van die bostaande uiteensetting van die verweefdheid van struktuur en funksie in die algemeen, kan nou ook die verband tussen die feitlike en normatiewe ordes van die strukturele orde van nader omskryf word. Die konnotasie van die normatiewe orde met die feitlike of funksionele orde word duidelik beskryf in die woorde van Dengerink[3] wanneer hy dit stel dat hierdie strukture in hulle verwerkliking in die samelewing vervleg en mekaar wedersyds beïnvloed. Hiermee word dan bedoel dat die funksies van die mens en groep in die samelewingstotaliteit sentreer om die waarmaking van die deur God gegewe wette en norme, en die vervulling van hierdie funksies op die verskillende lewensterreine, verkry 'n ooreenstemmende waarde in die normatiewe orde. Dit impliseer dan 'n wisselwerking tussen en vervlegting van die feitlike orde, dit wil sê die empiriese of ervaringsfeite betreffende die vervulling van funksies in die konkrete werklikheid, en die normatiewe orde waarin die funksies 'n ooreenstemmende waarde verkry in die betekenis van 'n kwaliteitsmaatstaf van die norm - in die laaste instansie getoets aan die Norm Jesus Christus- of daarvoor of daarteen - konformering of nonkonformering respektiewelik.

Maar in hierdie verband word die massa van norme en normkomplekse geleidelik en geleide by die persoon geïntegreer en wel op so 'n wyse dat so iemand in die sosialiseringsproses nie eers daarvan bewus is of vir homself rekenskap daarvan gee nie. Dit word deel van sy persoonlike verantwoordelikheids- en normbesef in sy aanpassing by die sosiale situasies van die samelewing en kultuur soos dit in hierdie proses gaan om die integrasie van die persoon, die samelewing en kultuur.

---

1) Mannheim. Man and society in an age of reconstruction, p.26.
2) Wilson & Kolb, op. cit., p.846.
3) Dengerink, op. cit., p.191.

Hierbenewens wil die sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing ook uitdrukking gee aan die onverbreekbare eenheid van mens, samelewing en kultuur,[1] wat daarin bestaan dat die mens as die aktiewe element in hierdie eenheid, bouer en onderhouer is van die samelewing en kultuur, en dat samelewing en kultuur aldus in relatiewe sin die produkte is van die mens se skeppende en vormende vermoë. Terselfdertyd word die mens in hierdie eenheid, ten opsigte van sy gedrag, deur die eksterne faktore in die samelewing en kultuur wat gedurig verander beïnvloed sodat hy nie sondermeer die produk van sy sosiale milieu en kultuur is nie. Dit is dan ook die gebalanseerde of organiese opvatting van die verhouding tussen die mens aan die eenkant en die samelewing en kultuur aan die anderkant wat deurgaans in hierdie navorsing die basis vorm vir 'n kritiese beskouing van die sosiologisme d.w.s. van die aanvanklike konsepsie van anomie, asook elemente daarvan in die pogings tot herformulering van die teorie soos mettertyd duidelik sal word by die behandeling daarvan.

## (8) Norm, internalisering, status, rol en sosialisering

Omdat hierdie begrippe ten nouste met mekaar saamhang, word dit hier tesame onder een hoof behandel.

Oor die inhoud van die begrip „norm" as een van die grondbegrippe in die sosiologie bestaan daar 'n algemene eenstemmigheid. Die omskrywing van Van Dijk kan in hierdie verband as verteenwoordigend beskou word: „Elke positiewe regel die een bepaalde wijze van gedrag of handelen voorschrijft of verbiedt."[2] Benewens die inhoud van die begrip moet ook aandag geskenk word aan ander fasette van norme om aan te toon wat die konnotasie is tussen die verskillende begrippe wat hier tesame bespreek word.

Bierstedt[3] wys daarop dat norme 'n deel is van die kultuur van 'n gemeenskap wat impliseer dat die normkompleks van 'n gemeenskap in 'n sekere sin los

---

1) Van Dijk, op. cit., p.57.
2) Ibid., p.57; vgl. ook Nisbet. The social bond. An introduction to the study of society, p.225; Roucek & Warren, Sociology. An introduction,p.292; Fairchild, op. cit., p.286; Toby, op. cit.,p.602; Ross. Perspectives on the social order, p. 201; Bierstedt, op. cit., p.209; Du Toit et.al., op. cit., p.4; Merton, op. cit., p. 133.
3) Bierstedt, op. cit., hfst. 6.

staan van die indiwidu, d.w.s. dat dit reeds bestaan wanneer die indiwidu lid word van die gemeenskap. Omdat die sosiale aard van die mens sodanig is dat hy ook 'n drang na <u>ordelike</u> saamleef met sy medemens het,[1] bly norme nie los van die mens in sy ontwikkeling nie. Die feit dat die mens oënskynlik instinktief optree in verskillende situasies dui daarop dat sy aanpassing by of handelinge in die verskillende situasies nie noodwendig na rasionele oorweging geskied nie. Dit word toegeskryf daaraan dat die indiwidu die normkompleks van die gemeenskap geïnternaliseer het, d.w.s. omvorm en verwerk het tot sy eie waardesisteem as deel van sy persoonlikheid. „Internalisering" is 'n begrip wat ontleen is aan die psigologie en kan omskryf word as „the incorporations within the psyche of the socializee of the values or norms of his socializer."[2] Dit verwys dus na die „eie making" van die norme wat in verskillende situasies aan die indiwidu voorgehou word.

Die totaliteit van norme, dit is die normekomplekse van 'n gemeenskap, vertoon verder 'n besondere gepatroneerdheid daarin dat dit gekoppel word aan statusse wat deur indiwidue beklee word. In hierdie verband skryf Ross: „Statuses, . . . are the units of social organization. It is they that 'fasten down' norms by indicating which individuals are responsible for observing which norms."[3] Die woorde van Chinoy stem hiermee ooreen: „Each of these statuses carries with it rules or norms which prescribe how the person who occupies it should or should not behave under particular circumstances."[4]

Die begrip „status" moet by die gebruik daarvan vanweë sy meerduidigheid[5] gekwalifiseer word. Samevattend beskou, blyk dit dat in die vakterminologie van die sosiologie die betekenisveld van dié begrip die volgende gebruiksmoontlikhede insluit:

(i). Status in die sin van 'n <u>magshiërargiese en/of prestige posisie</u>, in terme waarvan daar dan sprake is van meerdere of mindere status.[6] Hierdie

---

1) Roode, op. cit., p.88.
2) Toby, op. cit., p.600.
3) Ross, op. cit., p.224.
4) Chinoy, op. cit., p.35.
5) Ross, op. cit., p.226 en 227; Cilliers & Joubert. Sosiólogie. 'n Sistematiese inleiding, p.23.
6) Roucek & Warren, op. cit., p.60; Fairchild, op. cit., p. 307; Joubert & Steyn. Groepsdinamika, p.64; Krech et.al. Individual in society. A textbook of social psychology, p.338; Van Dijk, op. cit., p.184.

gebruik van die begrip verwys na die aansien of waardering wat gekoppel word aan sekere posisies op grond van die mag en/of prestige wat aan so 'n posisie toegeken is, en as sodanig sluit dit ook die algemene sosiale status van 'n indiwidu in.

(ii). Status in die sin van posisie in 'n bepaalde verhouding of groep. „A status is simply a position in society or in a group. Every society and every group have many such positions and every individual occupies many such positions - as many, in fact, as there are groups to which he belongs ...... It (position) is set in the structure of the group or of society before a given individual comes along to occupy it. It is an item of culture."[1] Aan hierdie posisie of status is dan sekere norme verbind waaraan die indiwidu wat die posisie beklee, moet konformeer. Dit is veral hierdie gebruik van die begrip „status" waarna, tensy anders vermeld word, in hierdie navorsing verwys word.[2]

Ten nouste verbonde aan die begrip „status" is die begrip „rol", en t.o.v. die gebruik van hierdie twee begrippe bestaan daar ook meningsverskille. Chinoy sien byvoorbeeld „rol" as 'n „cluster of norms"[3] wat ooreenstem met die begrip „status". Hierteenoor beskryf Bierstedt 'n rol as „the manner in which an individual fulfills the obligations (norms) of a status ......"[4] Hy onderskei ook tussen die twee begrippe deur daarop te wys dat „statuses are occupied, but roles are played."[5] Vir die doeleindes van die gebruik van die begrip „rol" word hier verwys na die inhoud wat Bierstedt in die bogenoemde omskrywing daaraan gee.

Die proses van internalisering van die norme van die verskillende statusse waaroor die indiwidu beskik, lei daartoe dat elke indiwidu op unieke wyse die norme van die statusse sal realiseer, d.w.s. op unieke wyse die rol

---

1) Bierstedt, op. cit., p.247.
2) 'n Derde gebruiksmoontlikheid word aangetoon deur Achterberg. Achtergronden van prestigekwesties, p. 10.
Met verwysing na Ralph Linton noem Achterberg nog „status in de zin van de plaats die een bepaald persoon op een bepaald tijd in een bepaald systeem inneemt." Hierdie gebruik stem egter ooreen met die gebruik van die begrip „rol" soos dit in die navorsing voorkom.
3) Chinoy, op. cit., p.35.
4) Bierstedt, op. cit., p.247.
5) Ibid., p.247.

van die status sal vervul, omdat elke indiwidu tydens die proses van internalisering sy eie indiwiduele inkleding of interpretasie van die norme verwerk en „opneem" in sy indiwidueel-persoonlike waardesisteem.[1)]

Die proses van internalisering is 'n deel van en geskied binne die breër proses van sosialisering wat omskryf word as „the process whereby the individual is taught to conform to role expectations and to internalize cultural norms in a particular interactive system. By extension, therefore, socialization is a fundamental process in every interactive system."[2)] Dit is dus die proses waardeur die indiwidu vanaf 'n „wispelturige dog potensiële sosiale wese, tot 'n bepaalde sosiale en gemeenskapswese"[3)] ontwikkel word, 'n proses waardeur die aangebore, maar onontwikkelde sosiale aard en individualiteite van die mens deur die wisselwerking met ander mense so omvorm, ontwikkel, gevorm en aangevul word dat die mens mettertyd 'n volwaardige sosiale wese is, die proses „which transforms the raw human material into a social being."[4)] Die sosiale aard van die mens omvat die mens se aangebore vermoë en drang om met sy medemens in wisselwerking te tree,[5)] d.w.s. om met sy medemens saam te leef, maar hierdie drang tot saamleef sluit verder ook in 'n ordelike wyse van saamleef.[6)] Die ordelike saamleef van indiwidue beteken dat elkeen op grond van sy posisie of status in sy verskillende sosiale verhoudinge in ooreenstemming met bepaalde norme, d.i. gedragsvoorskrifte, moet optree. Hierdie gedragsvoorskrifte word dan gerealiseer in die rolle wat die indiwidu in sy sosiale verhoudinge vertolk en wat hy deur wisselwerking met ander indiwidue aanleer. „Socialization is the process, begun in infancy, by which the human organism, learning socially approved attitudes, ideas and behavior patterns from contact with other persons, comes to assume the roles which pattern his social behavior and which correspond to his status in various social groups."[7)]

Sosialisering verwys egter nie net na die proses waardeur die kind ontwikkel word tot 'n sosiaal aangepaste persoon nie, hoewel in die meeste omskrywings hierop die klem gelê word. Omdat die mens 'n unieke wese is,[8)] is

---

1) Roode, op. cit., p.88-9.
2) Toby, op. cit., p.607.
3) Roode, op. cit., p.73.
4) Chinoy. Sociological perspective, p.129.
5) Van Dijk, op. cit., p.9.
6) Roode, op. cit., p.88.
7) Roucek & Warren, op. cit., p.24-5.
8) Roode, op. cit., p.73.

elke situasie, d.w.s. ook elke sosiale verhouding, vir hom uniek,[1] en daarom word elke indiwidu in elke sosiale verhouding gekonfronteer met die probleem van aanpassing wat dan impliseer dat alle sosiale verhoudinge waarin die indiwidu hom bevind 'n sosialiserende invloed op hom uitoefen. Daarom moet die proses van sosialisering gesien word as 'n nimmereindigende proses in die lewe van elke indiwidu, 'n proses wat begin in die gesin as die basiese sosialiserende instansie en wat voortgesit word in ander instansies soos die portuurgroep, die skool, die kerk, verenigings, ens., kortom, in alle sosiale verhoudinge waaraan die indiwidu deel het. "...... socialization is a fundamental process in every interactive system."[2]

Die konnotasie tussen die verskillende begrippe wat hier tesame behandel is, is by implikasie duidelik in die voorafgaande omskrywings van die proses van sosialisering wat by wyse van samevatting dan omskryf kan word as die proses wat verwys na die internalisering van die norme verbonde aan verskillende statusse wat d.m.v. rolvervulling in bepaalde verhoudinge gerealiseer word.

(9). Sosiologisme

Op die grondslag van die sosiologie van Comte, en veral by name sy universalistiese beskouing van die oorkoepelende en alles insluitende samelewingstotaliteit, wat hy as 'n organisme beskou,[3] en waaruit hy alles wil verklaar, was verskeie ander skrywers, as eksponente van verskillende skole of rigtings in die ontwikkelingsgang van die sosiologie, voorstanders van die sosiologistiese verklaring van sosiologies ter saaklike verskynsels. Dit is onnodig om hier in te gaan op die verskillende skole in die sosiologie waarin hierdie benaderingswyse weerspieël word. Daarom word volstaan met 'n omskrywing van hierdie begrip soos dit aangewend is in hierdie navorsing en 'n samevattende verwysing na die waarheidsmomente daarin soos dit oor die algemeen geldend is.

---

1) Roöde, op. cit., p. 73.
2) Toby, op. cit., p.607.
3) Ellwood. A History of social philosophy, p.395; Lysen. Individu en gemeenschap, p.54.

Die beskouing dat die samelewing as 'n groot geheel nie net alle onderdele daarvan oorkoepel nie, maar ook dien as die enigste bewys- en verklaringsgrond vir alle sosiale groepe, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, word as 'n sosiologisme getipeer. Hierdie beskouing sien die mens as die produk van sy maatskaplike milieu, en as sodanig misken dit die indiwidualiteit en uniekheid van die indiwiduele persoonlikheid, asook die rol wat die indiwidueel-persoonlike faktore speel in die bepaling van die indiwidu se gedrag.

Die waarheidsmoment in die sosiologistiese beskouing is naamlik dat die mens wel deur sy maatskaplike milieu beïnvloed word, maar om die mens sondermeer as die produk daarvan te sien, is 'n miskenning van die feit dat die mens as aksiesentrum, deur sy skeppende vermoë en aktiwiteite ook die samelewing bou en onderhou. Hierteenoor handhaaf die organiese opvatting die gebalanseerde beskouing aangaande die verhouding van die samelewingstotaliteit tot sy dele, naamlik dat die samelewing, en dus ook die kultuur, die produk is van die mens in sy wisselwerking met ander, terwyl die maatskaplike milieu waarin die mens hom bevind, tesame met sy indiwidueel-persoonlike faktore, bepalende faktore is vir menslike verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse. In die organiese opvatting van die lewensverhoudinge tussen mense word die wese van die proses van maatskaplike of sosiale beheer weerspieël nl. „the focus of sociology and its central problem - the relation of the social order and the individual being, the relation, of the unit and the whole"[1] en dan van sanksies - positief en negatief - vergoeding en straf respektiewelik ter wille van ordehandhawing.

G. <u>Enkele probleme ervaar tydens die navorsing</u>

Ter afsluiting van sake wat handel oor hierdie navorsing as sodanig moet ook gewys word op enkele probleme wat in die navorsingsproses ervaar is.

Omdat hierdie navorsing ten doel het die kritiese ontleding van die anomieteorie as 'n teorie van die sosiale patologie moes baie wyd gelees word oor alle fasette wat handel oor sosiaalpatologiese verskynsels en moes uiters selektief te werk gegaan word ter wille van die tersaaklikhede oor anomie.

---

1) MacIver & Page. Society. An introductory analysis, p.137.

Hierdie probleem het deels voortgevloei uit die feit dat die anomieteorie in die meerderheid van bronne fragmentaries behandel word, en dit op sigself het baie tyd en inspanning geverg wat betref die seleksie van gegewens vir hierdie navorsing. Hierby moet ook genoem word dat die bronne wat wel oor die teorie van sosiaal-patologiese verskynsels, en in besonder oor die anomieteorie handel, relatief beperk is vanweë 'n sterk aksentuering van empiriese ondersoeke waardeur die ontwikkeling van die teorie agterweë gelaat is.

Hierbenewens is ook 'n belangrike probleem ervaar wat betref die toepassing van die anomieteorie. By die bestudering van werke waarin hierdie teorie wel toegepas word, het die probleem van 'n inkonsekwente interpretasie en toepassing van die teorie opgeval. Dit kan in 'n mate toegeskryf word aan die publikasie van Srole[1] waarin 'n metingskaal vir anomie ontwerp is, maar wat inderwaarheid meer gerig is op die meting van die psigologiese konsepsie van anomie waarvoor Srole die term „anomia" gebruik[2]. Daarvan getuig o.a. die werke van Mizruchi[3] en in 'n sekere sin ook dié van Winslow.[4]

---

1) Srole. Social integration and certain corrollaries. An exploratory study. <u>American sociological review</u>, 21: 709-16: 1956.
2) Ook ander studies is mettertyd gedoen waarin hierdie konsep die sentrale tema is, vgl. byvoorbeeld Cohen. The anomia of success and the anomia of failure. A study of similarities in opposites. <u>British Journal of sociology</u>, 23: 329-43 : 1972.
3) Mizruchi. Success and opportunity. Class values and anomie in American life.
4) Winslow. Society in transition. A social approach to deviancy.

# DEEL I

# DIE OORSPRONKLIKE FORMULERING VAN DIE ANOMIETEORIE

## HOOFSTUK 2

## DIE FORMULERING VAN DIE ANOMIETEORIE DEUR EMILE DURKHEIM

### A. Inleiding

As 'n teoretiese reaksie op die empiriese werklikheid is die sosiale denke so oud soos die samelewing self. Die gegewene is die samelewing soos die mens dit ervaar, nie net t.o.v. die positiewe of normale daarin nie, maar ook met sy probleme en vraagstukke waarmee die mens gekonfronteer word en waarop hy trag om 'n oplossing of antwoord te vind.[1] Hierdie probleme van die samelewing sluit o.m. ook die vraagstuk van anomie in, soos mettertyd sal blyk.

Die feit dat sosiale denke 'n reaksie is op die ervaring van die empiriese werklikheid impliseer dat 'n sosiologiese beskouing altyd gebonde is aan tyd en plek.[2] Die aanvanklike formulering van die anomieteorie is, soos alle ander sosiologieteorieë, alleen verstaanbaar as dit beskou word teen die agtergrond van die tyd en plek, d.w.s. die milieu waarin die formuleerder hom bevind het ten tye van die formulering van so 'n teorie.

In hierdie studie word nie in besonderhede gelet op die wetenskaplike vorming en ander persoonlike feite aangaande die lewe van Emile Durkheim as die grondlegger van die anomieteorie nie, maar alleen daardie besonderhede wat ter sake is vir 'n goeie begrip van die formulering van die onderhawige teorie.

---

1) Bierens de Haan. Sociologie. Ontwikkeling en methode, p.10;
2) Van der Walt. Sosiologie prinsipieel gefundeer. Koers. Maandblad vir Calvinistiese denke.XXX, 1 en 2, Julie-Augustus 1962. Potchefstroom.

B. Die wetenskaplike milieu ten tye van die formulering van die anomieteorie

In 1879 is Durkheim op een-en-twintig jarige leeftyd toegelaat tot die Ecole en reeds as student het hy 'n duidelike uitgangspunt gehad t.o.v. wetenskapsbeoefening. Hy het hom vroeg reeds uitgespreek teen die leermetodes en die akademiese rigtings aan die Ecole. Hy was veral gekant teen die onwetenskaplike benadering en die rol wat mistisisme gespeel het in die wetenskapsbeoefening aan hierdie inrigting. In hierdie verband wys Madge daarop dat „he felt that his fellow students were rather immature dilletantes philosophizing about nothing very much', and his feeling of being without sympathy with them, must have strengthened his resolve to deal with the real world in as realistic a manner as he could achieve."[1)]

Die algemene filosofiese opleiding gedurende hierdie tydperk het skynbaar die klem gelê op oorspronklike denke van die student, met die gevolg dat 'n individuele denkonafhanklikheid ontstaan het wat geen noemenswaardige bydrae gelewer het tot die wetenskapsbeoefening nie. Die uitgangspunt van Durkheim, nl. om realisties te wees, lei daartoe dat hy inspirasie gesoek het in die werke van persone soos Renouvier en Comte,en hy was oortuig daarvan dat die filosofie van sy tyd onrealisties was.[2)] Durkheim wou hom daarom veel eerder wy aan 'n dissipline wat 'n bydrae kon lewer tot die oplossing van die morele vraagstukke waaronder die samelewing van sy tyd gebuk moes gaan en 'n dissipline wat prakties doeldienlik kon wees in die samelewing. Hy was ook oortuig daarvan dat hierdie morele leiding alleen gegee kon word deur persone wat 'n wetenskaplike opleiding geniet het, en daarom het hy besluit om hom te wy aan die wetenskaplike bestudering van die samelewing. Vir hom was dit noodsaaklik dat 'n wetenskaplike sosiologiese sisteem gekonstrueer moes word, nie as 'n doel in sigself nie, maar as 'n middel vir die morele leiding van die samelewing.[3)]

Hierdie doelstelling wat hy deurentyd nagestreef het, het daartoe gelei dat hy in sy metodologie en ander aspekte van sy denke die rol wat maatskaplike faktore speel in die veroorsaking van maatskaplike verskynsels 'n eensydigheid gehandhaaf het soos uit die volgende hooflyne sal blyk.

---

1) Madge. The origins of scientific sociology, p.13.
2) Coser. Masters of sociological thought. Ideas in historical and social context, p.145.
3) Ibid., p.145.

## C. Enkele belangrike teoretiese aspekte van sy denke

Weens sy wye belangstelling in verskillende rigtings, bestaan daar in die werke van Durkheim velerlei standpunte en idees waarvoor hy as sosioloog lank onthou sal word en wat steeds met vrug aangehaal kan word. Dit val egter buite die bestek van hierdie navorsing om in besonderhede in te gaan op al die teoretiese aspekte van sy denke, en daarom word hier kortliks gelet op enkele aspekte wat in 'n noue verband staan met die kern van hierdie studie.

### 1. Die metodologie in die sosiologie van Durkheim en die konsep van sosiale feite

Uit die bestudering van die werke van Durkheim is dit baie duidelik dat metodologiese voorveronderstellings 'n baie belangrike rol speel in sy sosiologiese sisteem.[1] Hierdie voorveronderstellings staan ook in 'n noue verband tot die geloof in positiwisme wat Durkheim deurentyd openbaar.[2] Dit word veral duidelik in Durkheim se konsep van die verhouding van die sosiologie en die filosofie. In sy benadering tot die metodologiese vraagstukke handhaaf hy die standpunt van die positiewe filosofie met die belangrike element van veroordeling van die filosofiese tradisies as onwetenskaplik. Hy aanvaar dat alle kennis gereduseer word tot „scientifie methods" wat objektiewe metodes van waarneming en klassifikasie van verskynsels is soos dit in die konkrete werklikheid ervaar word in hulle onveranderlike verhoudinge „of co-existence, succession, and resemblance" wat alleenlik waargenome verhoudinge van die wette van die sosiale verskynsels of feite kan gee.[3] In navolging van Comte is dit ook duidelik dat hy die sosiologie wil sien as die basiswetenskap waarop ook die positiewe filosofie sy fondamente het.

In 1897 verskyn Durkheim se werk Les Régles de la Méthode Sociologique waarin hy 'n ontleding maak van die veld van ondersoek en metodologie van die sosiologie. In hierdie werk kom hy tot die slotsom dat die sosiologie die outonome wetenskap is aangaande die oorsprong en funksie van instellings. Hy gaan uit van die standpunt dat daar in die samelewing 'n groep verskynsels is wat onderskei kan word van dié wat deur ander wetenskappe bestudeer word, nl. regsreëls, die beginsels van moraal, sedes, taal, die geldwese, arbeids-

1) Bierens de Haan, op. cit., p.69.
2) Ibid., p.71.
3) Fairchild, op. cit., p.226.

metodes, ens.[1] Hierdie verskynsels is sosiale feite en vorm die studie-objek van die sosiologie. In sy omskrywing van sosiale feite beklemtoon Durkheim twee kenmerke daarvan, nl. dit bestaan buite en onafhanklik van die indiwidu, dit ontstaan dus uit die samelewing, en oefen 'n invloed uit op die indiwidu op sodanige wyse dat die indiwidu hom moet onderwerp aan die sosiale feit. „To the acting individual the social fact is exterior in the sense that it is experienced as an independent reality which neither he nor any other individual created and which literally forms a part of his objective environment. In the same way the social fact possesses the characteristic of constraint in that it does not conform to the volitions of individuals but, on the contrary, imposes itself upon individuals, regulating their behavior and even their volitions."[2]

Omdat hierdie sosiale feite buite en los van die indiwidu bestaan, is dit vry van subjektiewe elemente, m.a.w. sosiale verskynsels is objektief gegewe sake en moet aldus beskou en behandel word. Daardeur verkry die sosiologie 'n wetenskaplike karakter. Omdat sosiale feite nie voortkom uit die indiwidu nie, kan die sosiologie ook nie gebou word op die psigologie nie. In hierdie verband skryf Barnes ..... society is a reality sui generis, above and apart from the individuals."[3] Die sosiale lewe kan dus alleen uit sigself verklaar word, d.w.s. uit die natuur of aard van die samelewing, omdat die samelewing nie bloot die som is van indiwidue nie, maar „the system formed by their association."[4]

Hierdie sisteem bestaan in die verband tussen die bewussyn van afsonderlike mense; dit vorm die oorsprong van sosiale lewe en sosiale lewe kan alleen uit hierdie sisteem of verbintenis verklaar word. Die wyse waarop hierdie sisteem, verbintenis of kollektiewe bewussyn[5] die indiwidu in die groep beïnvloed, word deur Durkheim soos volg beskryf: „Individual minds, forming groups by mingling and fusing, give birth to a being, psychological if you will, but constituting

---

1) Bierens de Haan, op. cit., p.82.
2) Benoit-Smullyan. The sociologism of Emile Durkheim and his school. (In Barnes. An introduction to the history of sociology, p.504-5.)
3) Benoit-Smullyan, op. cit., p. 505.
4) Durkheim. The rules of sociological method, p.103.
5) Na die begrip „collective consciousness" wat deur Durkheim gebruik word, word in hierdie studie verwys as kollektiewe bewussyn en moet onderskei word van indiwiduele bewussyn.

a psychic individuality of a new sort. It is, then, in the nature of this collective individuality, not in that of the associated units, that we must seek the immediate and determining causes of the facts appearing therein. The group thinks, feels, and acts quite differently from the way in which its members would were they isolated. If, then, we begin with the individual, we shall be able to understand nothing of what takes place in the group .... Consequently, every time that a social phenomenon is directly explained by a psychological phenomenon, we may be sure that the explanation is false."[1] Oor hierdie beskouing van Durkheim oor die verband of verhouding tussen die sosiologie en die psigologie hoef nie verder ingegaan te word nie.

Omdat Durkheim 'n sosiale feit sien as alleen verklaarbaar uit maatskaplike faktore en nie uit indiwiduele faktore nie, het hy ook 'n verskynsel soos selfmoord uit soortgelyke faktore verklaar, en teorieë wat nie op hierdie lees geskoei was nie het hy verwerp. Hierdie sosiologistiese siening van hom word ook duidelik weerspieël in sy konsep van arbeidsverdeling en die verskillende vorme van solidariteit in sy dichotomiese stelsel.[2]

## 2. <u>Die dichotomie van Durkheim</u>

Éen van die belangrikste teoretiese aspekte van die denke van Durkheim wat 'n groot bydrae gelewer het tot die sosiologiese analise is sy dichotomie, <u>meganiese solidariteit</u> - <u>organiese solidariteit</u> soos uiteengesit in 1893. Aan hierdie dichotomie koppel hy die begrippe <u>segmentele</u> en <u>gedifferensieerde samelewing</u>[3] respektiewelik.

### (a). <u>Segmentele samelewing</u>

Hierdie tradisionele samelewing word gekenmerk deur homogeniteit op byna alle terreine, en 'n geringe mate van arbeidsverdeling op grond van geslag en ouderdom. Die tiperende vorm van integrasie van hierdie ongedifferensieerde samelewing is 'n <u>meganiese solidariteit</u> van die lede wat weerspieël word in 'n relatief ongedifferensieerde gewete van die samelewing, en die onderwerping van die indiwidu aan hierdie gewete.[4] De Haan sê van hierdie samelewing dat

---

1) Durkheim, op. cit., p.103-4.
2) Bierens de Haan, op. cit., p.70
3) Durkheim. The division of labour in society, p.99-100.
4) Smelser. The sociology of economic life, p.14.

....„de verdeling van arbeid en ten gevolge daarvan ook de individualiteit nog weinig ontwikkeld zijn,"[1] en verder dat in hierdie samelewing .....„zijn de mensen direct tezamen verbonden als delen der collectiviteit ......(waarin) de enkeling in hoofdzaak deel der collectiviteit, sociaal molecuul (is)."[2]

(b). Gedifferensieerde samelewing

In teenstelling met die homogene aard van die segmentele samelewing, word hierdie samelewing gekenmerk deur 'n heterogene gees, 'n differensiasie met betrekking tot rolle en funksies en 'n ander vorm van solidariteit. Hierdie vorm van integrasie in die samelewing is gedwonge deur veral die siviele reg wat die basis vorm van maatskaplike organisasie, en word getipeer deur die begrip organiese solidariteit. In hierdie samelewing is mense verbonde as indiwidue deur die proses van saamleef gegrond op 'n kontrak. Samewerking berus hier op die verdeling van arbeid wat tegelyk sosiaal differensiërend en organies saambindend funksioneer.[3]

Deur die proses van sosiale verandering het die samelewing dus verander vanaf die segmentele na die gedifferensieerde tipe, en in terme van Durkheim was dit juis die verbreidende arbeidsverdeling wat hierdie verandering teweeggebring het.

Dit dien in hierdie stadium daarop gewys te word dat die verandering van die samelewing in 'n noue verband staan met die verskynsel van anomie in terme waarvan afwykende gedrag ontleed kan word. Hierop word later ter sake in besonderhede ingegaan.

## 3. Durkheim se konsep van anomie

Durkheim het die begrip anomie in verskillende betekenisse gebruik, en in werklikheid nie 'n duidelike formulering daarvan gegee nie. Uit 'n analise van die toepassing van hierdie konsep kan tot die gevolgtrekking gekom word dat hy anomie sien as 'n toestand van werklike normloosheid; 'n toestand waarin daar nie regulerende norme bestaan deur middel waarvan mense hulle aspi-

---

1) Bierens de Haan, op. cit., p.84.
2) Ibid., p.84-5.
3) Bierens de Haan, op. cit., p.85.

rasies kan bereik nie. Madge omskryf hierdie toestand, en die verband daarvan met selfmoord soos volg: „.....in a fixed society people have limited aspirations and know how much they can expect to achieve. In a society in upheavel people no longer have to limit their aspirations. But there is a limit, and when they discover an unbridgeable gap between their aspirations and their achievements they suffer the shock that tends to lead them to anomic suicide."[1)]

'n Toestand van normloosheid ontstaan dus wanneer die menslike aspirasies uitstyg bokant enige moontlikheid om hierdie aspirasies te bereik. Ross beweer dat 'n situasie van anomie soos hierbo omskryf „...... is assumed to be very rare, occurring for instance in periods of catastrophic change...."[2)]

Durkheim pas sy konsep van anomie vir die eerste keer toe op arbeidsverdeling en die gevolge daarvan soos dit getipeer word deur die afname in maatskaplike solidariteit, konflik tussen maatskaplike klasse ensovoorts.[3)] Hierdie toestande ontstaan, volgens Durkheim, wanneer spesialisasie, as gevolg van arbeidsverdeling, daartoe lei dat die persoonlike kontak en aaneenlopende interaksie tussen mense verlore gaan, met die gevolg dat 'n gemeenskaplike kompleks van norme nie kan ontwikkel nie. As gevolg van die afwesigheid van hierdie algemene reëls neem onvoorspelbaarheid en onsekerheid ten opsigte van die toekoms toe, handelinge van mense in verskillende sektore wat ontstaan het as gevolg van arbeidsverdeling, is nie gesinkroniseerd nie, is daarom dikwels in opposisie en konflik met mekaar en dit lei dan tot verwarring, onvoldoende uitvoering van maatskaplike funksies en tot 'n tendens van sosiale disintegrasie. Dit kom dan neer op 'n aftakeling van norme wat die verhoudinge tussen die dele van die maatskaplike sisteem reguleer.

Durkheim het in 'n studie oor selfmoord hierdie konsep toegepas op anomiese selfmoord wat voorkom as gevolg van die afwesigheid van regulerende norme wanneer daar 'n versteuring in die kollektiewe orde plaasvind. Hieruit blyk reeds dat daar 'n verband bestaan tussen die proses verandering en die verskynsel van anomie.

---

1) Madge, op. cit., p.40.
2) Ross, op. cit., p.202.
3) Durkheim. The division of labour in society, p.353-73.

## D. Samevatting

Durkheim se verklaring van maatskaplike verskynsels as die feite van die samelewing self is in beginsel korrek. Die implikasie van hierdie verklaring van hom ken aan die sosiologie 'n besondere plek toe, naamlik 'n wetenskap wat sekere verskynsels met 'n besondere aard bestudeer; hoewel dit nie losstaan van ander wetenskappe nie, is die sosiologie vir Durkheim nie die voortsetting of samevatting van ander wetenskappe nie. Sy siening van die rol wat die maatskaplike werklikheid speel, hou egter wel die gevaar in van 'n eensydige oorbeklemtoning, want uit die samelewingsfeite poog Durkheim om alle ander verskynsels, selfs die godsdiens, te verklaar - 'n ontkenning, dus daarvan dat die mens ook indiwidu met 'n unieke aanleg en persoonlikheid is, en vir wie alle ervaringe op hulle beurt ook uniek is.[1)]

Die sosiologisme van Durkheim word duidelik weerspieël daarin dat alleen maatskaplike feite vir hom betekenis het in die verklaring van maatskaplike verskynsels of probleme; die werklikheid is vir hom dus niks anders as die gevolg van die werking van die samelewing nie. Die feit dat hy ook die metodes van die natuurwetenskappe van toepassing wou maak op die gebied van die samelewing[2)] en daardeur kriteria wou vasstel vir die klassifikasie van maatskaplike feite wat menslike gedrag bepaal, lei Benoit-Smullyan daartoe om die sosiologisme van Durkheim te omskryf as 'n sintese van die positiwistiese metodologie met 'n bepaalde stel ondersteunende teorieë wat die samelewing uit die samelewing verklaar.[3)]

Hierdie eensydigheid in die leer van Durkheim is veral duidelik merkbaar in sy verklaring van selfmoord in terme van maatskaplike faktore, en die verwerping van alle ander faktore wat betrokke is by hierdie vorm van gedrag.

---

1) Roode, op. cit., p.73-4; Anderson & Parker. Society. Its organization and operation, hfst. 5.
2) Marindale, op. cit., p.90.
3) Benoit-Smullyan, op.cit., p.499.

HOOFSTUK 3

## DURKHEIM SE UITEENSETTING VAN SELFMOORD, DIE ROL VAN ANOMIE EN 'N KRITIESE WAARDERING

### A. Inleiding

Hoewel daar reeds verskillende werke oor die verskynsel van selfmoord in verskillende vakwetenskappe die lig gesien het, kan die werk van Durkheim oor hierdie verskynsel as een van die belangrikste dokumente tot die sosiologiese vakliteratuur gereken word. Die belangrikheid van Le suicide: Etude de sociologie (1897) bestaan daarin dat dit aan die eenkant 'n goeie begrip bied van die wyse waarop maatskaplike faktore gedrag kan beïnvloed, en aan die anderkant onderstreep dit ook vir die sosioloog die gevaar van die oorbeklemtoning van hierdie maatskaplike faktore in die verklaring van gedrag by die bestudering van sosiale probleme.

In sy eerste werk De la division du travail social (1893) het Durkheim die begrip anomie in verband gebring met sekere vorme van arbeidsverdeling, maar in sy werk oor die selfmoordverskynsel word hierdie begrip duideliker toegepas op gedragsvorme, en in besonder op die verskynsel van selfmoord wanneer hy een besondere tipe selfmoord direk koppel aan normloosheid wat ontstaan wanneer daar 'n versteuring in die kollektiewe orde voorkom.

Die besondere benadering van Durkheim in sy verklaring van selfmoord moet gesien word teen die agtergrond van die plek wat die sosiologie in sy tyd ingeneem het, asook in die lig van die drievoudige doelstelling wat Durkheim nagestreef het in sy reaksie teen die sterk filosofiese klimaat op die akademiese front aan die Ecole. Hierdie doelstelling van Durkheim kom op die volgende neer:

1. Hy wou homself distansieer van die oppervlakkige en betekenislose navorsing van sy tyd. Hierdie doelstelling het hy bereik, en wel in so 'n mate dat Madge van hom skryf: „........ a specialist in the type of social investigation that would apply the objective methods of science to human affairs."[1)]

---

1) Madge, op. cit., p.13.

2. Hy wou hom verder daarop toespits om die filosofiese strominge van sy tyd te bestudeer, en in besonder die filosofie van wetenskap.

3. Die praktiese benadering van Durkheim blyk ook duidelik daaruit dat hy die sosiologie wou sien as van betekenis by die bestudering van maatskaplike probleme, en nie as 'n abstrakte en vae wetenskap nie.

Met hierdie duidelik omlynde doelstelling, wat ook die basis vorm van sy wetenskaplike bydraes, het Durkheim sy tydgenote beïndruk, en dit is in die lig hiervan dat 'n waardering gegee kan word ten opsigte van sy studie aangaande selfmoord.

B. Die aanvanklike definiëring van selfmoord

Met die bestudering van hierdie verskynsel het Durkheim aanvanklik probleme ondervind om die objek van sy studie te definieer. In sy aanvanklike omskrywing van selfmoord het hy nagelaat om die intensionaliteit(opsetlikheid)van die daad ook te beklemtoon, met die gevolg dat hy sekere vorme van selfmoord daardeur buite rekening gelaat het. Hy sê, byvoorbeeld: „...... if the Buddhist has himself torn on the wheels of the carriage carrying his idol, it is because moral or religious prescriptions demand it ........ These voluntary deaths are therefore no more suicides, in the common sense of the word, than the death of a soldier or doctor exposing himself knowingly because of duty."[1] Hierdie „voluntary deaths" is 'n vrywillige handeling, maar dan sê Durkheim ook dat hierdie handeling voorgeskryf word deur sekere instellings, met ander woorde, dat dit 'n sosiale feit is waaroor die indiwidu geen beheer het nie, maar wat dan eintlik die indiwidu se handeling afdwing. Omdat hy ingesien het dat hierdie handeling ook selfmoord is, wysig Durkheim later sy definisie sodat dit uiteindelik soos volg lui: „The term suicide is applied to all cases of death resulting directly or indirectly from a positive or negative act of the victim himself which he knows will produce this result."[2]

1) Durkheim. The division of labour in society, p.246.
2) Durkheim. Suicide, p.44.

Vir Durkheim is selfmoord nie 'n arbitrêre handeling sonder 'n vaste patroon wat deur 'n aantal indiwidue gepleeg word nie, maar dit hang ten nouste saam met sosiale feite wat eie is aan 'n bepaalde gemeenskap. Die feit dat verskillende lande verskillende selfmoordsyfers toon, en dat elke land bestem is om jaarliks 'n bepaalde kwota aan willekeurige sterftes te lewer, is vir hom 'n bewys van sy teorie. In hierdie verband som Madge Durkheim se beskouing só op: „There is an influence that makes it, in some sense, inevitible that a given society in a particular year will produce a predictable number of deaths."[1] Selfmoord is dus nie 'n verskynsel wat voorkom by enige aantal indiwidue, en waarbinne daar geen sisteem bestaan nie, maar dit is 'n handeling wat ten nouste verweef is met die spesifieke gemeenskap, en die sosiale feite wat uit die gemeenskap gebore word.

Voordat Durkheim egter tot hierdie slotsom kon kom, moes hy die bestaande teorieë oor selfmoord onder oë neem en intensiewe navorsing doen om die geldigheid van sekere hipoteses te toets sodat dit kon dien ter stawing van sy eie teorie.

## C. Vroeëre navorsing oor selfmoord, tersaaklike faktore wat daarby 'n rol speel en enkele leemtes volgens Durkheim

### 1. Die rol van kosmiese faktore[1]

In hierdie verband het Durkheim ingegaan op die bewering dat daar 'n verband sou bestaan tussen die selfmoordtendens en klimaatsfaktore, en wel in die sin dat meer selfmoorde gedurende die warm somer voorkom as gedurende die ander jaargetye. Hierdie algemene beginsel verwerp Durkheim op grond van die feit dat die troepe van Napoleon gedurende die Russiese Veldtog in die winter van 1807 op 'n relatief groot skaal selfmoord gepleeg het. Hy beweer verder ook dat die selfmoordsyfer vir herfs laer is as die syfer vir lente, en dat die gemiddelde herfstemperatuur hoër is as die gemiddelde lentetemperatuur.

Durkheim wou liewer aanvaar dat daar 'n verband bestaan tussen selfmoord en daglig. Daar is volgens hom duidelike aanduidings dat daar twee periodes van die dag is waartydens die meeste selfmoorde voorkom, naamlik tussen 6 uur tot 11 uur in die voormiddag en tussen 12 uur en 4 uur in die namiddag. Hy

---

1) Madge, op. cit., p.19.
2) Durkheim. Suicide, p.104-122.

wys vervolgens daarop dat hierdie tye 'n direkte verband en korrelasie het met 'n hoë graad van ekonomiese aktiwiteit. Verder staaf hy sy bewering dat meer selfmoorde in die stad voorkom as op die platteland, en dat eersgenoemde deur 'n veel hoër graad van aktiwiteit gekenmerk word.

Met hierdie bewering of stelling bied Durkheim dus nie 'n afdoende verklaring vir die feit dat baie selfmoorde wel gedurende die nag plaasvind nie, en by name 'n tyd dus waarin daar 'n relatief lae of geringe graad van aktiwiteit aan die gang is.

2. Die rol van nabootsing[1]

In die lig van die beskouinge van Gabriël Tarde, 'n tyd- en landgenoot van Durkheim, het Durkheim hom genoodsaak gevoel om 'n ontleding te maak van die teorie wat gedrag in terme van nabootsing wou verklaar. Voordat hy egter hierdie ontleding aangepak het, wou Durkheim hom eers vergewis van wat nabootsing is, en hy kom tot die slotsom dat drie verskillende betekenisse aan die begrip „nabootsing" geheg kan word:

(a) Die eerste betekenis wat hy hieraan heg, word gemanifesteer in die gelykskakeling of ooreenstemming in die kollektiewe bewussyn van mense wat daartoe lei dat mense eenders voel en dink as 'n reaksie op die leiding van die kultuur wat die gedragspatrone van die besondere gemeenskap is.[2]

(b) 'n Volgende betekenis van die begrip word gemanifesteer in die gedragspatrone van die gemeenskap wat gebaseer is op die norme van die gemeenskap wat mense daartoe lei om te doen wat van hulle verwag word.

(c) Die enigste werklike vorm van nabootsing vir Durkheim is „.....when we copy some things just for the sake of copying them, as we might pick up a bad habit from someone else."[3]

Na hierdie ontleding van nabootsing, en nadat hy ook nabootsing vanuit 'n ekologiese oogpunt benader het, kom Durkheim tot die gevolgtrekking dat dit nie as 'n belangrike etiologiese faktor by die verskynsel van selfmoord

---

1) Durkheim. Suicide, p.123-42.
2) Benedict. Patterns of culture.
3) Madge, op. cit., p.29.

gereken kan word nie. Hy maak in hierdie verband ook die stelling dat die rapportering en beskrywing van selfmoorde deur media van massakommunikasie ook geen rol speel vir sover dit nabootsing betref nie. Van nader ontleed het hierdie stelling interessante implikasies, veral waar dit van toepassing gemaak word op moderne media. Die stelling dat misdaad, byvoorbeeld, gepleeg word in navolging van beskrywings en voorstellings van misdaad deur die radio, film en televisie is sondermeer gebaseer op die idee van nabootsing van gedrag, maar van nader beskou blyk dit dat hierdie beskrywings en voorstellings van besondere gevalle van misdaad aanleiding kan gee tot die nabootsing van tegnieke, wat nog nie verklaar waarom mense misdaad pleeg nie. Dit verklaar dus wel die uiterlike voorkoms van gedrag, maar nie die motivering van die gedrag wat lei tot misdaad nie.

3. <u>Die rol van kranksinnigheid</u>[1)]

Durkheim se teëkanting om die individu met sy innerlike geesteslewe in berekening te bring by die verklaring van selfmoord, kan gesien word as 'n reaksie op die introspektiewe filosofie wat veel bygedra het tot die psigologie van sy tyd. Dit was sy doel om daarop te wys dat die nie-sosiale faktore oorbeklemtoon word by die verklaring van gedrag, en in hierdie lig gesien, is dit verstaanbaar dat hy nie veel waarde geheg het aan die aanvaarding dat selfmoord direk in verband gebring kan word met geesteskrankheid nie.

Ten opsigte van hierdie aanvaarde verband merk Durkheim op dat daar slegs twee moontlikhede bestaan, naamlik dat selfmoord die manifestasie is van 'n spesifieke vorm van kranksinnigheid, of dat dit die manifestasie is van meer as een reeds bekende vorm van kranksinnigheid. Hy verwerp die eerste moontlikheid, omdat daar die opvatting bestaan het dat die slagoffers van 'n spesifieke kategorie van geesteskrankhede, genaamd „monomania", simptome vertoon het wat kon lei tot selfmoord, maar hy wys daarop dat die hele teorie van monomania op toutologiese gronde berus, en daarom gaan hy nie verder op hierdie verklaring in nie.

Wat die tweede moontlikheid betref, kom hy nadat hy 'n ontleding gemaak het van vier vorme van kranksinnigheid wat aanleiding kan gee tot selfmoord

---

1) Durkheim. Suicide, p.57-81.

tot die slotsom dat selfmoord wat gepleeg word deur kranksinniges 'n nie-gemotiveerde handeling is, en dat die kragte wat lei tot selfmoord valse voorstellings in die verbeelding is en dus in werklikheid nie bestaan nie. Verder is hierdie besondere aspek ook afwesig by die meerderheid van selfmoorde, en daarom glo Durkheim dat die verklaring van selfmoord in terme van indiwiduele kranksinnigheid 'n selektiewe verklaring is, met ander woorde dat dit net van toepassing is op sekere vorme van selfmoord, naamlik maniakiese selfmoord, melankoliese selfmoord, obsessiewe selfmoord en outomatiese selfmoord. Met hierdie studie oor die verband tussen selfmoord en kranksinnigheid kom Durkheim tot die gevolgtrekking dat, hoewel dit blyk dat daar sporadies 'n verband tussen hierdie twee verskynsels voorkom, dit nie as 'n genoegsame verklaringsgrond vir selfmoord beskou kan word nie.

Verder wys hy ook daarop dat daar nie 'n direkte verband bestaan tussen selfmoord en drankmisbruik nie, en waar dit wel in sommige lande oënskynlik só voorkom, is dit toevallig in die sin dat sekere faktore kan lei tot 'n hoë selfmoordsyfer, terwyl ander faktore weer kan lei tot 'n hoë alkoholistesyfer, maar hierdie twee verskynsels as sodanig het volgens Durkheim nie met mekaar verband nie.

Vervolgens gaan Durkheim ook in op die opvatting dat daar 'n verband sou bestaan tussen selfmoord en genetiese faktore naamlik dat sekere rasse meer geneigd is tot selfmoord as andere, maar die gedifferensieerde verspreiding van selfmoord tussen rasse kan hy ook nie aan hierdie idee koppel nie. In hierdie verband kom hy ook tot die slotsom dat selfs die neiging tot selfmoord nie oorerflik is nie, aangesien hy hierdie bewerings staaf met empiriese gegewens.

Nadat hy hierdie navorsing oor die rol van enkele nie-sosiale faktore afgehandel het, het hy hom insonderheid toegespits op die maatskaplike oorsake van selfmoord en die maatskaplike situasies waarin hierdie oorsake funksioneer.

Omdat daar ten tye van Durkheim se studie nie 'n klassifikasie van die eksterne oorsake van selfmoord bestaan het nie, stel hy vooraf 'n klassifikasie van maatskaplike oorsake op en probeer dan selfmoorde „inpas" onder hierdie maatskaplike faktore, met die gevolg dat hy uiteindelik 'n etiologiese klassifikasie van selfmoord opstel. Hierdeur word hy gekonfronteer met die feit

dat hy 'n klassifikasie maak, vóórdat hy 'n sistematiese analise van die feite van die verskynsel gemaak het. Die aanwending van hierdie metodologie lei daartoe dat Durkheim selfmoord groepeer in drie breë etiologiese tipes, naamlik egoïstiese, altruïstiese en anomiese selfmoord.

Om 'n duidelike beeld te verkry van die rol van anomie in die etiologie van selfmoord is dit nodig om ook oorsigtelik te let op daardie tipes van selfmoord wat nie direk hiermee in verband staan nie.

## D. Durkheim se etiologiese klassifikasie van selfmoord

### 1. Egoïstiese selfmoord

Die basis van die verklaring van hierdie tipe selfmoord berus op die besondere verhouding van die indiwidu tot die gemeenskap waarvan hy lid is met die klem op die mate van integrasie wat in so 'n gemeenskap bestaan. Durkheim gee 'n uiteensetting van egoïstiese selfmoord op grond van die integrasie in drie samelewingsterreine, naamlik die godsdienstige samelewingsterrein, die gesinsverband en die politieke samelewingsterrein.

Hoewel sy aanvanklike studie hoofsaaklik 'n teoretiese benadering ingehou het, gee Durkheim wel 'n empiriese analise van die verband tussen godsdiens en selfmoord waarin hy baie duidelik aantoon dat selfmoord gedifferensieerd voorkom by mense met verskillende godsdienstige oortuigings. Hy het in hierdie verband vasgestel dat die Protestante die meeste selfmoord pleeg, gevolg deur die Rooms Katolieke met die Jode as die groep wat die laagste selfmoordsyfer vertoon. Ten opsigte hiervan skryf Madge: „Durkheim suggests that the real difference between Protestants and Catholics is that the Protestant has the opportunity, and is encouraged, to exercise much greater freedom of inquiry than the Catholic. Where the Catholic obeys the rules prescribed for him, the Protestant is free, at least to some extent, to question rules and think things out for himself. Durkheim says, in fact, that the loss of certainty involved in having to think things out for himself undermines the determination of the Protestant not to kill himself. Because there is less uniformity of goal, less integration, the individual is ruled by conscience, less dominated by the group morality, and is therefore more able to take his individual decision about ending his life if circumstances appear to warrant

it." [1]

Hierdie teorie van hom bou Durkheim verder uit deur dit in verband te bring met die soeke na kennis op grond van die feit dat die Protestantse lande in sy tyd 'n hoër onderwyspeil gehad het as die Rooms Katolieke lande. In hierdie opsig moes hy egter die Jode by wie die korrelasie die direkte teenoorgestelde vertoon het uitsluit, maar hy los die probleem op deur te beweer dat die soeke na kennis by die Jode op hierdie stadium veel meer instrumenteel was: „For him it is a means of offsetting the unfavourable position imposed on him by opinion and sometimes by law. And since knowledge by itself has no influence upon a tradition in full vigor, he superimposes this intellectual life upon habitual routine with no effect of the former upon the latter."[2]

Die gevolgtrekking waartoe Durkheim op grond van hierdie stellings kom, is dat die neiging tot selfmoord, asook die soeke na kennis uitvloeisels is van 'n gebrek aan solidariteit in 'n gemeenskap. Hoewel nie beweer kan word dat kennis die oorsaak is van selfmoord nie, staan kennis en selfmoord in 'n sekere verband tot mekaar, naamlik dat selfmoord 'n gedragsvorm is wat meer voorkom in die liberale sfere van die gemeenskap.

Ten opsigte van die verband tussen selfmoord en die gesinslewe bewys Durkheim dat die teenoorgestelde van 'n ou opvatting naamlik dat getroude persone meer selfmoord pleeg as ongetroudes of geskeides, waar is. Hy vind in sy ondersoeke dat die koëffisiënt vir lewensbehoud by getroude persone veel hoër is as by ongetroudes, en hy vind verder dat daar 'n styging in die koëffisiënt vir lewensbehoud voorkom namate die kindertal van die gesin toeneem. Die gevolgtrekking wat in hierdie verband gemaak kan word, is dat die kohesie wat in die groepverband bestaan en ontwikkel, die teenvoeter vir die neiging tot selfmoord vorm.

Hy wys verder daarop dat net soos die stabiliteit en solidariteit van die gesinslewe selfmoord verhoed, so kan verwag word dat die stewig saamgestelde politieke gemeenskap selfmoord aan bande sal lê. Sy bewering staaf hy deur daarop te wys dat selfmoord gedurende oorloë afneem by die agtergeblewenes, en hy skryf dit toe aan die mate van solidariteit wat ontstaan by die lede van die

---

1) Madge, op. cit., p.33.
2) Durkheim. Suicide, p. 168.

gemeenskap a.g.v. 'n gemeenskaplike bedreiging van buite.

Samevattend kan hierdie vorm van selfmoord in terme van Durkheim se omskrywing gesien word as 'n gedragsvorm wat die gevolg is van sosiale disintegrasie. Omdat daar 'n oorbeklemtoning van die mens as aksiesentrum van die samelewing is, skryf Durkheim „.....society cannot disintegrate without the individual simultaneously detaching himself from social life, without his own goals becoming preponderent over those of the community .... If we agree to call this state egoism, in which the individual ego asserts itself to excess in the face of the social ego and at its expense, we may call egoistic the special type of suicide springing from excessive individualism".[1]

2. Altruïstiese selfmoord

„The central feature of these altruistic suicides is that, unlike the egoistic suicides, they are impelled by group solidarity . . . the altruistic suicides are those who give themselves up to the will of their particular society and do whatever the rule tells them to do."[2] Die etiologiese faktor betrokke by hierdie tipe van selfmoord is dus ook solidariteit, maar dan in die teenoorgestelde sin as wat die geval is by egoïstiese selfmoord, want altruïstiese selfmoord kom voor juis as gevolg van 'n hoë mate van solidariteit van bv. 'n gemeenskap.

Hierdie tipe van selfmoord kom veral voor in die primitiewe samelewings, en Durkheim noem voorbeelde uit onder andere, vroeëre etnologiese studies waarin genoem word dat selfmoord dikwels vereis word deur rituele en sosiale pligte.

In 'n analise van altruïstiese selfmoord onderskei Durkheim drie tipes, naamlik (i) verpligte altruïstiese selfmoord, wanneer van sekere persone verwag word om selfmoord te pleeg ten einde ander persone in staat te stel om te lewe; (ii) opsionele altruïstiese selfmoord, wanneer selfmoord nie vereis word nie, maar wanneer die handeling deur die gemeenskap gerespekteer word, en (iii) akute altruïstiese selfmoord, deur byvoorbeeld, fanatieke re-

---

1) Durkheim. Suicide, p.209.
2) Madge, op. cit., p.38.

ligieuse leiers.

Omdat statistiese gegewens oor selfmoord in die primitiewe samelewings nie beskikbaar was nie, maak Durkheim gebruik van 'n empiriese ondersoek waarin hy selfmoord onder soldate ontleed om hierdie tipe van selfmoord te verduidelik. Hy kom tot die gevolgtrekking dat soldate meer selfmoord pleeg as die burgerlike bevolking „because they are trained to devalue their selves and their own wishes, to immolate their own interests in the interests of the group; consequently, because life itself is made less important, suicide does not mean so much to them."[1)]

Waar egoïstiese selfmoord dus gepleeg word as gevolg van 'n gebrek aan solidariteit, is die solidariteit in sommige gemeenskappe so heg dat die indiwidu selfmoord pleeg ten bate van die groep of gemeenskap.

3. <u>Anomiese selfmoord</u>

Hoewel Durkheim die begrip „anomie" in verskillende betekenisse gebruik het, is dit beter dat die begrip van anomiese selfmoord liefs in die oorspronklike betekenis van die woord, naamlik „normloosheid", vir die onderhawige bespreking gebruik word maar dan normloosheid spesifiek in die betekenis en inhoud van gebrekkige funksionering van regulerende norme.

In terme hiervan kan anomie, soos van toepassing gemaak op selfmoord dan gesien word as die uitstyging van aspirasies bokant enige moontlikheid om hierdie aspirasies te bereik of te verwesenlik. Omdat Durkheim alle feite in terme van die kollektiwiteit wou verklaar, beweer hy dat anomiese selfmoord voorkom wanneer daar 'n verandering ten opsigte van die kollektiewe orde plaasvind. Hierdie verandering gaan gepaard met 'n aftakeling van regulerende norme wat daartoe lei dat daar 'n gaping ontstaan tussen mense se aspirasies en die moontlikheid om hierdie aspirasies te bereik. Hoewel aspirasies kan styg, kan die menslike vermoë volgens eie potensiaal in sekere situasies hom nie in staat stel om hierdie aspirasies of ideale te bereik nie, en dit kan mense daartoe beweeg of lei om selfmoord te pleeg.

---

1) Madge, op. cit., p. 39.

Die argument van Durkheim dat daar 'n verband bestaan tussen selfmoord en 'n verandering in die normsisteem, is 'n belangrike bydrae tot die sosiologiese teorie. „It relates to an embryonic form of the reference-group theory, suggesting that individuals commit suicide not because, for example, they are poor but rather because their living standards are lower than they think is appropriate. In a crisis the reference point becomes indeterminate. The level of aspiration is unlimited, so that people develop an unrealistic view of their potentialities, and when this view fails, they are liable to commit suicide."[1) Hierdie elemente van die teorie van die verwysingsgroep is egter eers later duidelik geformuleer en as verklaringsgrond vir sekere vorme van afwykende gedrag aangewend.

Durkheim wys ook daarop dat dit nie primêr 'n ekonomiese krisis as sodanig is wat aanleiding gee tot anomiese selfmoord nie, want 'n politieke verandering kan byvoorbeeld aanleiding gee tot ekonomiese vooruitgang, en selfs hierdie vooruitgang kan weer aanleiding gee tot selfmoord. Dit is dus nie die krisissituasie self wat die oorsaak is nie, maar wel die versteuring van die kollektiewe orde as gevolg van die krisis. Hy sê self dat „poverty protects against suicide because it is a restraint in itself......the less one has the less he is tempted to extend the range of his needs indefinitely."[2)

Vervolgens wys hy daarop dat hierdie tipe selfmoord die meeste voorkom by mense wie se beroepe gekoppel is aan die handel en nywerheid, omdat hierdie beroepe gekenmerk word deur die moontlikheid van hoë of te hoë aspirasies wat nie bereik kan word nie.

Hy vind verder ook dat die versteuring van die huweliks- en gesinsorde as kollektiwiteite aanleiding gee tot anomiese selfmoord, wat 'n verklaring bied van die feit dat die selfmoordsyfer onder geskeide persone relatief hoog is.

Soos in die geval by egoïstiese en alruïstiese selfmoord skryf Durkheim dus ook anomiese selfmoord toe aan eksterne maatskaplike faktore. Samevattend, dus,

1) Madge, op. cit., p.41.
2) Durkheim. Suicide, p.254.

en met verwysing na eksterne maatskaplike faktore as die sg. sosiale feite kan die persoon wat selfmoord pleeg as gevolg van 'n versteuring in die kollektiewe orde dan in die woorde van Madge soos volg beskryf word: „The anomic suicide is a person whose passions are out of control. The fact that the external restraints and moral values around him are in confusion will mean that his passions will determine his actions in this case."[1]

## E. Samevatting en kritiese waardering

Op grond van sy wetenskaplike navorsing in verband met selfmoord kan Durkheim inderwaarheid beskou word as een van die eerste werklike eksponente van die empiriese sosiologie wat, afgesien van die kennisbydrae oor selfmoord, 'n groot bydrae gelewer het tot die metodologie van die sosiologie in die algemeen, en tot die statistiese prosedure in die besonder.[2]

Sy opvatting en insig aangaande die rol van maatskaplike faktore in die veroorsaking van selfmoord is duidelik sosiologisties in die betekenis van 'n sintese van die positiwistiese metodologie[3] waarin hy die indiwidualiteit en uniekheid van die mens nie raaksien nie. Die sosiologisme van Durkheim wat eksplisiet gestel word in sy verklaring van gedrag in terme van sosiale feite[4] poneer duidelik dat die mens die produk van sy samelewing is, en sy opvatting dat geen maatskaplike verskynsel ook in terme van psigiese faktore verklaarbaar kan wees nie,[5] onderstreep verder sy eensydige verklaring. Hierdie sosiologisme van Durkheim staan dan in 'n bepaalde sin teenoor die inhoud van die gebalanseerde organiese opvatting van die sosiologie, nl. dat die mens in sy gedrag wel deur sy milieu beïnvloed word, maar dat die mens as die aktiewe element in die onskeibare eenheid van mens, samelewing en kultuur ook terselfdertyd as indiwidu met unieke eienskappe en potensialiteite die vormer en onderhouer van hierdie eenheid is. Dit kom dus daarop neer dat die verklaring van Durkheim inderwaarheid 'n halwe verklaring is, maar dit doen geen afbreuk aan die waarheidsmoment in sy verklaring nie, nl. dat maatskaplike faktore

---

1) Madge, op. cit., p.44.
2) Martindale, op. cit., p.90.
3) Benoit-Smullyan, op. cit., p.499.
4) Kyk hfst. 2.
5) Durkheim. The rules of sociological method, p.103-4.

wel 'n belangrike rol speel by die bepaling van enige vorm van gemotiveerde handeling.

Van groot belang vir die sosiologie, en in besonder vir die sosiale patologie, is sy formulering van die anomieteorie en die toepassing daarvan op die verskynsel van selfmoord, waarin hy wys op die rol wat verandering speel ten opsigte van versteurings wat in normkomplekse kan voorkom. Hoewel die teorie later verder uitgebou is, vorm Durkheim se opvatting die basis van een van die mees aangehaalde teorieë in die verklaring van afwykende gedrag en sosiaal-patologiese verskynsels. Terselfdertyd skets hy enkele riglyne en lewer hy implisiet 'n inisiërende bydrae tot die formulering van 'n verdere teorie. Deurdat hy die versteuring van normkomplekse in verband bring met die verskynsel van selfmoord, raak hy reeds aan die verwysingsgroepteorie en die konsep van afwykende kollektiwiteite waarin die indiwidu regverdiging vir sy handeling vind, en sodoende lewer hy dan eintlik 'n belangrike stimulis tot die uitbouing van die sosiologieteorie in hierdie verband.

Die beskouing van Durkheim aangaande die metodologie van die sosiologie, en sy doelstelling om daarvan nie 'n vae wetenskap te maak nie, het hom gelei tot die verklaring van maatskaplike verskynsels uit die samelewingsrealiteit self. In hierdie benadering is die opvatting van die bestaan van strukturele en funksionele voorvereistes en vereistes implisiet opgesluit. Met die formulering van die anomieteorie dui Durkheim baie duidelik op die toestand van die struktuur van die maatskappy as totaliteit en die groepstruktuur as indiwidualiteite waarvan die mens lid is. Deur hierdie toestand van die struktuur in verband te bring met die verskynsel van selfmoord, het Durkheim die struktuurbenadering aangewend om 'n spesifieke vorm van gedrag te verklaar. Op hierdie stadium was sy teorie basies sosiologisties, maar die waarheidsmomente daaruit is deur teoretici na hom verwerk tot 'n meer gebalanseerde opvatting wat mettertyd een van die belangrikste teorieë van die sosiale patologie geword het.

Durkheim se toepassing van anomie op selfmoord was die vertrekpunt van die teorieë van verskillende persone oor die verband tussen doelstellings en middele deur middel waarvan doelstellings bereik kan word, en die invloed van hierdie komponente van menslike gedrag in die bepaling van 'n spesifieke vorm van handeling. Vervolgens word die aandag toegespits op bydraes wat enkele skrywers gelewer het tot die uitbouing van die anomieteorie.

# DEEL II

# DIE HERFORMULERING EN UITBOUING VAN DIE ANOMIETEORIE

## HOOFSTUK 4

## DIE BYDRAE VAN ROBERT K. MERTON TOT DIE ANOMIETEORIE

### A. Inleiding

In hierdie afdeling van die studie word gelet op die herformulering en uitbouing van die anomieteorie deur sekere persone wat ten opsigte van veral die verklaring van afwykende gedrag 'n noemenswaardige bydrae gelewer het, en dit is dus nie die veronderstelling dat hierdie afdeling gesien moet word as allesinsluitend wat betref die uitbouing en toepassing van die teorie nie. Verder dien daarop gewys te word dat hierin alleen gelet word op daardie bydraes m.b.t. bepaalde tersaaklike aspekte en nie om ander teoretiese aspekte van afwykende gedrag wat buite die opset van hierdie navorsing oor anomie val nie.

Die herformuleerde teorie van Robert Merton was een van die invloedrykste en mees aangehaalde teorieë in die bestudering van afwykende gedragsvorme gedurende die afgelope twee dekades. Sy besondere bydrae is dat hy die waarheidsmomente en die implikasies van die opvatting van Durkheim uitgebou het tot 'n algemeen aanvaarde teorie van afwykende gedrag. Hoewel gebaseer op die siening van Durkheim, hou die teorie van Merton 'n veel duideliker insig in formulering van beskouing in, en bring hy die verskynsel van anomie ook in verband met die gedifferensieerde verspreiding van meer tipes van afwykende gedragsvorme.[1)] Binne die raamwerk van sy teorie stel hy die hipotese dat „social structures exert a definite pressure upon certain persons in the society to engage in non-conforming rather than conforming conduct."[2)] Met hierdie hipotese bring hy die besondere maatskaplike struktuur

---

1) Merton. Social structure and anomie. American sociological review, 3, 1938 en soos hy dit verder uitgebou het in Social theory and social structure, p. 131-94.
2) Ibid., p.132.

in verband met afwykende gedrag.

In die lig van die voorgenoemde vertrekpunt is dit vervolgens noodsaaklik om 'n beter begrip van Merton se teorie oor afwykende gedrag en aanpassingswyse te bekom, en daarom moet vooraf gelet word op sy teoretiese onderskeidinge van die kulturele en sosiale strukture wat 'n belangrike rol speel in die bepaling van gedragsvorme wat binne die kader van hierdie navorsing ressorteer.

## B. Die sosiale en kulturele strukture

Dit is slegs vir analitiese doeleindes[1] dat Merton onderskei tussen hierdie strukture, te wete die sosiale en die kulturele want hy sê „......they merge in concrete situations"[2]. Met sy onderskeiding tussen genoemde strukture maak Merton 'n drievoudige verdeling wat implisiet opgesluit is in Durkheim se analise van selfmoord: „First, there are the cultural goals ----- the wants or aspirations that men are taught by their culture. They are one aspect of the 'culture structure'. Second, there are the norms prescribing the means that men may legitimately employ in the pursuit of these goals. They are a second aspect of the culture structure. Third, there is the actual distribution of facilities and the opportunities for achieving the culture goals in a manner compatible with the norms. They are the institutionalized means. They are an aspect of the 'social structure', the objective conditions of action."[3] Hieruit is dit duidelik dat Merton gedrag analiseer in terme van die twee basiese elemente wat alle gedrag bepaal, naamlik die kultureel gedefinieerde doelstellings waarna alle indiwidue streef, en die aanvaarde wyse of middele waarlangs hierdie doelstellings bereik kan word.[4]

In die kulturele struktuur is dus opgesluit die doelstellings en die norme waarvolgens die doelstellings bereik kan word, en die sosiale struktuur hou in die moontlikheid om die doelstelling in ooreenstemming met die norme te verwesenlik, met ander woorde, dit hou in die toeganklikheid of ontoeganklikheid tot die norme vir sekere persone in die besondere sosiale

1) Hinkle & Hinkle. The development of modern sociology. Its nature and growth in the United States, p.67; Timasheff. Sociological theory. Its nature and growth, p.228.
2) Merton.Social theory and social structure, p.132.
3) Cohen. Deviance and control, p.76.
4) Merton. Social theory and social structure, p.161-64; Cuber, op.cit.,p.56-65.

struktuur. In teenstelling met MacIver wat anomie sien as „a state of mind in which the individual's sense of social cohesion —— the mainspring of his morale —— is broken or fatally weakened",[1] bied Merton 'n uitbouende sosiologiese konsepsie van anomie aan wat duidelik blyk uit die volgende: „....(a) cultural structure may be defined as that organized set of normative values governing behavior which is common to members of a designated society or group. And by social structure is meant that organized set of social relationships in which members of the society or group are variously implicated. Anomie is then conceived as a breakdown in the cultural structure, occurring particularly when there is an acute disjunction between the cultural norms and goals and the socially structured capacities of members of the group to act in accord with them."[2]

Omdat ook kultuur in sy oorsprong, betekenis en gebruik „sosiaal" is,[3] moet beide die kulturele en sosiale strukture in terme van Durkheim se siening as sosiale feite, wat vir hulle ontstaan nie van die indiwidu afhanklik is nie, gesien word. Dit is dus strukture wat reeds bestaan wanneer die indiwidu lid word van die gemeenskap, en as sodanig is dit strukture waarby die indiwidu moet aanpas. In hierdie verband onderskei Merton dan vyf verskillende wyses waarop die aanpassingsproses kan geskied en wel in die samelewing soos hy dit kwalifiseer.[4]

Merton bied die volgende analitiese klassifikasieskema aan vir die verskillende wyses vir aanpassing by die kulturele en sosiale strukture, waarin hy wys op die normale sowel as die afwykende vorme van aanpassing.

---

1) MacIver. The ramparts we gaurd, p.85. Met sy psigologiese konsepsie van anomie toon MacIver 'n ooreenkoms met die subjektiewe aspekte in die konsep van Durkheim. Vgl. in hierdie verband Brookes. The anatomy of anomie. Political science, 3:44-51: 1951 en 4:38-49:1952.
2) Merton. Social theory and social structure, p.162.
3) Dawson & Gettys. An introduction to sociology, p.580; Van Dijk, op. cit., p.69; Loomis & Loomis, op. cit., p.274.
4) Ibid., p.274.

FIGUUR 1.

C. Merton se tipologie van indiwiduele aanpassingswyses.[1)]

| Modes of Adaptation | Cultural Goals | Institutionalized Means |
|---|---|---|
| Conformity | + | + |
| Innovation | + | - |
| Ritualism | - | + |
| Retreatism | - | - |
| Rebellion | ± | ± |

1.) Oorgeneem uit Merton. Social theory and social structure, p. 140.

Die tekens wat Merton in hierdie tabel gebruik, verteenwoordig die volgende waardes: (+) beteken aanvaarding; (-) beteken verwerping; (±) beteken verwerping van bestaande doelstellings/middele en die stel van nuwes in die plek daarvan.

Uit hierdie tipologie word vervolgens die aard van die verskillende wyses van aanpassing bespreek en wel soos Merton dit stel en interpreteer.

1. Konformiteit

Konformiteit bestaan wanneer daar 'n ewewigtige verhouding tussen die kulturele doelstellings en die geïnstitusionaliseerde struktuurmiddele is, en as sodanig is dit die enigste normale en aanvaarde vorm van aanpassing. Die stabiliteit en kontinuïteit van enige samelewing berus op hierdie wyse van aanpassing, en waar daar nie konformiteit bestaan nie, kan daar volgens Merton geen samelewingsorde wees nie. „It is, in fact, only because behavior is typically oriented toward the basic values of the society that we may speak of a human aggregate as comprising a society. Unless there is a deposit of values shared by interacting individuals, there exist social relations, if the disorderly interactions may be so called, but no society."[1)]

'n Wanverhouding of disekwilibrium tussen die kulturele doelstellings en die geïnstitusionaliseerde middele sal dus in teenstelling met die

1) Merton. Social theory and social structure, p.141.

normale en gesonde orde van gedrag lei tot nie-konformering en tot uiting kom in een van die volgende vier vorme van afwykende handeling in 'n gemeenskap.

2. Innovasie

Hierdie wyse van aanpassing kan omskryf word as 'n algemene vorm van afwykende gedrag waar die kulturele doelstellings tog nagestreef word, maar dan deur gebruik te maak van nie-geïnstitusionaliseerde of nie-aanvaarde middele. „This ...... refers to the rejection of institutional practices but the retention of cultural goals."[1] 'n Groot proporsie van die gedragsvorme van misdadigers soos dit gemanifesteer word in die verskillende vorme van misdaad en jeugmisdaad kan onder hierdie kategorie tuisgebring word, en hoewel Merton erken dat innovasie nie slegs in hierdie vorm van afwykende gedrag openbaar word nie,[2] gebruik hy veral die voorbeeld van misdaad om hierdie aanpassingswyse te verduidelik.

In aansluiting hierby en in ruimer betekenis gebruik Merton dan die voorbeeld van die Amerikaanse kulturele struktuur met die sterk beklemtoning van die sukses-doelstelling waarin hy ook die ekonomiese sukses-doelstelling insonderheid insluit en beklemtoon. In die samelewing waarin kompetisie hoog geëvalueer word, kan die mens in sy strewe na ekonomiese sukses, veral waar die geïnstitusionaliseerde middele vir sommige ontoeganklik is, makliker gebruik maak van nie-aanvaarde middele om sy strewe te verwesenlik. Sodoende word die doelstelling dus aanvaar, maar die middele of wyses waardeur die doelstellings bereik moet word, word verwerp.

Oor die omvang en aard van afwykende gedrag in die betekenis van innovasie skryf Merton soos volg: „It is only when a system of cultural values extols, virtually above all else, certain common success-goals for the population at large" dat die volgende gebeur, naamlik „the social structure rigorously restricts or completely closes access to approved modes of reaching these goals for a considerable part of the same population, that deviant behavior ensues on a large scale."[3]

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.176.
2) Ibid., p.181; Loomis & Loomis, op. cit., p.273-4.
3) Merton. Social theory and social structure, p.146.

Merton wys ook daarop dat nie alle afwykings volgens die betekenis en inhoud van innovasie disfunksioneel vir die samelewing is nie.[1] Sommige vorme van innovasie kan die basis vorm van nuwe instellings wat beter toegerus is as die ouer instellings, of dit mag selfs die geval wees dat die geïnstitusionaliseerde middele van die groep foutief is, en deur die verwerping van hierdie middele kan innovasie wel 'n funksionele betekenis hê.

## 3. Ritualisme

In die geval van ritualisme bestaan die disekwilibrium tussen die doelstellings en middele daarin dat die laasgenoemde oorbeklemtoon word ten koste van die doelstellings. „Die ritualis is 'n oorkonformeerder wat neig om sy optrede te beperk tot die nakoming van die gevestigde patroon eerder as om inisiatief te neem in beslissings wat groter verantwoordelikheid kan meebring."[2] Merton sê van hierdie aanpassingswyse: „It involves the abandoning or scaling down of the lofty cultural goals of great pecuniary success and rapid social mobility to the point where one's aspirations can be satisfied. But though one rejects the cultural obligation to attempt 'to get ahead in the world', though one draws in one's horizons, one continues to abide almost compulsively by institutional norms."[3]

Omdat hierdie wyse van aanpassing institusioneel wel toelaatbaar is, word ritualisme oor die algemeen nie gekoppel aan die idee van 'n maatskaplike probleem of patologiese verskynsel nie. Merton is egter oortuig daarvan dat in die geval van ritualisme daar nie sprake is van die kulturele model of ideaal van strewe na 'n beter posisie in die sosiale hiërargie nie, en op grond hiervan klassifiseer hy die gedrag van die ritualis as afwykend.

Ritualisme verwys net soos die ander aanpassingswyses, nie na 'n persoonlikheidstipe nie, en daarom kan die ritualis se gedrag ook die gevolg wees van 'n ander aanpassingswyse. „Individuals ..... can and do move from one type of adaptation to another. Thus it may be conjectured that some ritualists, con-

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.182.
2) Cilliers & Joubert, op. cit., p.314.
3) Merton. Social theory and social structure, p.149-50; vgl. ook Loomis & Loomis, op. cit., p.275.

forming meticulously to the institutional rules, are so steeped in the regulations that they become bureaucratic virtuosos, that they over-conform precisely because they are subject to guilt engendered by previous nonconformity with the rules."[1] Hiervolgens kan ritualisme dus die gevolg wees van vroeëre innovasie.

Dit kan aanvaar word dat hierdie aanpassingswyse veral sal voorkom in die tipe van samelewings waarin die bereiking van kultureel gedefinieerde doelstellings die belangrikste determinant van status is, en waarin die kompetisie in die strewe na die bereiking van die doelstellings kan lei tot 'n akute vorm van angs oor die status. Die oplossing van hierdie angs is dan te vinde in ritualistiese aanpassing. „One device for allaying these anxieties is to lower one's level of aspiration —— permanently. Fear produces inaction, or more accurately, routinized action."[2] Hoë aspirasies lei tot frustrasie en gevaar, en sommige persone verkry satisfaksie en sekuriteit deur hulle aspirasies te verlaag tot 'n vlak waar dit bereik kan word. Sodoende word die aanwending van aanvaarde middele dan eintlik verhef tot 'n indiwiduele doelstelling.

4. Onttrekking

Hierdie wyse van aanpassing beskryf Merton soos volg: „The retreatist pattern consists of the substantial abandoning both of the once-esteemed cultural goals and of institutionalized practices directed toward those goals."[3] Onder hierdie kategorie sluit Merton dan mense in wat beskryf sou kon word as „in die samelewing, maar nie van die samelewing nie", omdat mense wat op hierdie wyse aanpas (of wanaanpas) nie deel het aan die konformering met die algemene waardesisteem en norme van hulle samelewing nie. Onttrekking word gemanifesteer in die aanpassingsaktiwiteite van mense wat die slagoffers is van psigoses, mense wie se handelinge gerig is op die tyd-ruimtelike kring en belange van die selfbestaan, soos byvoorbeeld uitgeworpenes, verstotelinge, rondlopers, swerwers, boemelaars, chroniese alkoholiste en verslaafdes aan dwelmmiddels. Van hierdie voorbeelde van onttrekking sê Merton: „Obviously this is an elliptical statement. These individuals may retain some orientation to the values of their own groupings within the larger society or, occasion-

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.152.
2) Ibid., p.150.
3) Ibid., p.187.

ally, to the values of the conventional society itself. They may, in other words, shift to other modes of adaptation. But Adaptation 1V can be easily detected."[1]

Die proses van onttrekking begin oënskynlik „normaal", omdat beide die kulturele doelstellings en die norme deur die indiwidu geassimileer word, „but accessible institutional avenues are not productive of success. There results a two-fold conflict: the interiorized moral obligation for adopting institutional means conflicts with pressures to resort to illicit means (which may attain the goal) and the individual is shut off from means which are both legitimate and effective. The competitive order is maintained but the frustrated and handicapped individual who cannot cope with this order drops out."[2] Hierdie konflik word deur die indiwidu opgelos wanneer hy hom aan beide die kulturele doelstellings en institusionele middele onttrek.

Merton wys daarop dat hierdie wyse van aanpassing in die sogenaamde konvensionele samelewing uiters skerp veroordeel word, omdat dit die element van onproduktiwiteit insluit. Hierteenoor word die reeds bespreekte wyses van afwykende aanpassing, naamlik innovasie en ritualisme, nie so skerp veroordeel nie, omdat hierdie vorme en ook konformiteit 'n weerspieëling is van of 'n aktiewe strewe na doelstellings, of, soos in die geval van ritualisme spesifiek ten minste dan 'n konformering aan die geïnstitusionaliseerde middele manifesteer. Die persone wat hulle egter onttrek „are relentlessly pursued to their haunts by a society insistent upon having all its members orient themselves to success-striving."[3]

Hoewel persone wat hierdie wyse van aanpassing vertoon dikwels kontak met ander gedragsafwykendes opsoek, en ook in die subkulture van hierdie gedragsafwykendes deel, is onttrekking volgens Merton 'n indiwiduele aanpassingswyse wat „privaat" en geïsoleerd voorkom.

Samevattend oor hierdie wyse van aanpassing skryf Merton dan: „.....retreatism seems to occur in response to acute anomie, involving an abrupt break

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.153.
2) Ibid., p.153.
3) Ibid., p. 154.

in the familiar and accepted normative framework and in established social relations, particularly when it appears to individuals subjected to it that the condition will continue indefinitely."[1]

Maar saam met onttrekking, en by name met 'n aksentverskuiwing, moet ook 'n vyfde wyse van indiwiduele aanpassing bespreek word, nl. rebellie:

5. Rebellie

Hierdie wyse van aanpassing word gekenmerk deur 'n vervreemding en aktiewe verwerping van beide die kulturele doelstellings en institusionele middele van die bestaande struktuur, en 'n poging om nuwe doelstellings en middele in die plek daarvan te stel wat eintlik dan 'n verandering van die bestaande orde impliseer.[2]

Merton onderskei hierdie aanpassingswyse van 'n oënskynlik ooreenstemmende, maar tog wesentlik verskillende wyse van aanpassing wat getipeer kan word met die begrip „wrokuitoefening".[3] Kenmerkend van wrokuitoefening is dat dit drie verbandhoudende elemente insluit, naamlik (i) 'n gevoel en houding van wrewel waarin tegelyk diffuse gevoelens van haat, afguns en vyandigheid is; (ii) 'n magteloosheid om hierdie gevoelens te aktiveer ten opsigte van die persoon, die groep of die sosiale struktuur wat daarvoor verantwoordelik is, en (iii) 'n herhaalde ervaring van hierdie magtelose vyandigheid.[4]

In verband met die onderskeiding tussen rebellie en wrokuitoefening skryf Merton die volgende: „The essential point distinguishing ressentiment from rebellion is that the former does not involve a genuine change in values. Ressentiment involves a sour-grapes pattern which asserts merely that desired but unattainable objectives do not actually embody the prized values ..... Re-

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.188.
2) Loomis & Loomis, op. cit., p.276.
3) By gebrek aan 'n meer beskrywende term word van die begrip „wrokuitoefening" gebruik gemaak wanneer Merton verwys na ressentiment wat verskil van rebellie as aanpassingswyse; dit is 'n begrip wat deur Max Scheler vir die sosiologie ontwikkel is.
4) Cilliers & Joubert, op. cit., p.315.

bellion, on the other hand, involves a genuine transvaluation, where the direct or vicarious experience of frustration leads to full denunciation of previously prized values ...... In ressentiment, one condemns what one secretly craves; in rebellion, one condemns the craving itself. But though the two are distinct, organized rebellion may draw upon a vast reservoir of the resentful and discontented as institutional dislocations become acute."[1)]

Rebellie as 'n radikale vorm van aanpassing kom dus voor wanneer die institusionele sisteem gesien word as 'n hindernis in die strewe na die verwesenliking van doelstellings. Wanneer rebellie beperk is tot 'n relatief magtelose element in die samelewing bied dit 'n vrugbare teelaarde vir die ontstaan van subgroepe wat vervreemd raak teenoor die res van die samelewing, maar subgroepe wat wel gekenmerk word deur 'n hegte interne solidariteit. Hierdie verskynsel word weerspeël deur jeugbendes en jeugkultusse wat 'n uniek-eiesoortige subkultuur ontwikkel.

Wanneer rebellie egter in 'n breër patroon voorkom, sodat 'n aansienlike gedeelte van die samelewing daarby betrek word, bied dit 'n gunstige atmosfeer vir rewolusionêre optrede waardeur die bestaande orde gewysig kan word. In hierdie geval is rebellie wel afwykend, maar dan alleen in die sin dat persone nie wil konformeer aan die bestaande orde nie. Deur hulle optrede beoog hierdie persone dus 'n nuwe sosiale orde.

Hieruit is dit duidelik dat rebellie as 'n aanpassingswyse op 'n ander vlak voorkom as innovasie, ritualisme en onttrekking. Om hierdie rede onderskei Merton dan ook in 'n later geskrif tussen twee afwykende gedragsvorme wat hy tipeer met die begrippe „aberrant behavior" en „non-conformity".[2)] „The aberrant violates the rules but neither disputes their validity nor tries to change them; he is more interested in getting away with his violation than with doing anything about the rule itself."[3)] Die nie-konformeerder daarenteen „aims to change the norms he is denying in practice,"[4)] en hy wil daarom die norme,

1) Merton. Social theory and social structure, p.156; vgl. ook Loomis & Loomis, op. cit., p.276.
2) Merton & Nisbet, op. cit., p.725-28.
3) Cohen. Deviance and control, p.18.
4) Merton & Nisbet, op. cit., p.726.

waarvan hy die geldigheid bevraagteken, vervang met ander wat vir hom 'n morele basis het. Die „aberrant"[1] probeer dus sy oortreding verbloem, terwyl die nie-konformeerder deur sy openlike oortreding van die norme juis die aandag wil vestig op die (vir hom) ongeldige norme. „In short, the aberrant is commonly assumed to be acting out of self-interest; the non-conformer out of disinterested reforming zeal."[2]

Volgens die uiteensetting van Merton is die begrip „nie-konformering" in 'n sekere sin moeilik hanteerbaar, want die toepassing van hierdie teoretiese onderskeiding kan aanleiding gee tot die opvatting dat alle nie-konformerende gedrag geregverdig sou wees, omdat dit 'n opstand teen ongeldige norme weerspieël. In hierdie verband kwalifiseer Merton dit soos volg: „Nonconformity is not a private dereliction but a thrust toward a new morality or a promise of restoring a morality held to have been almost forgotten in social practice. In this respect again, the nonconformer is far removed from the other type of social deviant, the aberrant, who has nothing new to propose and nothing old to restore, but seeks only to satisfy his private interests or to express his private cravings."[3]

Nie-konformering is dus 'n afwyking wat spruit uit die feit dat persone hulle op ander waardes en norme beroep; dit verwys na „dié soort afwykings wat op 'n konstruktiewe wyse veranderings in die status quo beoog."[4]

Om 'n duidelike perspektief te verkry van die sosiaal-kulturele teorie van Merton met spesiale verwysing na afwykende gedrag en soos hy dit verklaar, is dit nodig om sy uiteensetting van die rol wat sosiale en kulturele faktore speel in die veroorsaking van die indiwiduele aanpassingswyses van nader te beskou.

---

1) Duidelikheidshalwe word die begrip „aberrant" gebruik vir hierdie besondere vorm van afwykende gedrag. In die Afrikaanse vakterminologie word na beide die begrippe „deviant" en „aberrant" verwys met die term „afwykend", en dit is duidelik dat Merton met die begrip „aberrant behavior" na 'n spesifieke vorm van afwykende gedrag verwys. Hoewel „nie-konformering" ook vertaal sou kon word met bogenoemde begrippe en dus ook „afwykend"beteken, word dié begrip gebruik wanneer verwys word na Merton se konsep van „non-conformity".
2) Cohen. Deviance and control, p.19.
3) Merton & Nisbet, op. cit., p.727.
4) Du Toit et. al., op. cit., p.29.

## D. Die sosiale struktuur en anomie

Merton se analise van anomie, wat 'n voorbeeld is van sy funksionele analise, rus op die hipotese dat „the social structure .... produces a strain toward anomie and deviant behavior."[1] Sy primêre doel met hierdie analise is om te bepaal hoedat „social structures exert a definite pressure upon persons in the society to engage in non-conforming rather than conforming conduct."[2] Deur middel van hierdie analise wil Merton dan 'n verklaring bied vir die gedifferensieerde verspreiding van afwykende gedrag in terme van maatskaplike faktore.

### 1. Die posisie van die indiwidu in die sosiale struktuur

In sy kritiek teen die konsep van Dubin[3] wys Merton daarop dat dit noodsaaklik is om vir die verklaring van afwykende gedrag ook te let op die posisie van die indiwidu of groep wat afwykende gedrag openbaar, want sou hieraan nie aandag geskenk word nie, word die belangrikste komponent van die teorie geïgnoreer, naamlik „that people located in different positions in the social structure thereby finds it variously difficult to live up to cultural goals and norms (especially when these are the same for all)."[4] Deur die beklemtoning van hierdie aspek in die teorie, poog Merton dan om die oorsprong van afwykende gedrag toe te skryf aan sosiaal-kulturele faktore, en deur 'n analise te maak van indiwiduele aanpassingswyses probeer hy aantoon hoedat verskillende mense op verskillende wyses, afhangende van die posisie wat hulle in die sosiale struktuur beklee, aanpas by die doelstellings en middele.

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.157.
2) Ibid., p.132. Met „non-conforming .... conduct" verwys Merton hier na alle afwykende wyses van aanpassing, en nie slegs na rebellie nie.
3) Dubin, op. cit., p.147-64. Die opvatting van Dubin in hierdie verband word in hoofstuk 6 van hierdie navorsing ontleed.
4) Merton. Social conformity, deviation, and opportunity-structures: a comment on the contributions of Dubin and Cloward. American sociological review, 24:186: 1959.

## 2. Vergelykbare omvang van afwykende gedrag

Merton aanvaar dat „the comparison of rates of deviance is of course at the core of any theory of anomie and deviant behavior,"[1] en omdat hy 'n sosiologiese perspektief wil handhaaf, sê hy: „We look at variations in the rates of deviant behavior, not at its incidence."[2]

In sy analise van aanpassingswyses wys Merton op die strukturele druk wat op sommige persone uitgeoefen word en wat dan lei tot een of ander vorm van aanpassing as 'n reaksie op die toestand van anomie wat op gedifferensieerde wyse voorkom in die verskillende strata van die klassestruktuur of lae van die sosiale stratifikasie. Die onderliggende uitgangspunt is dat die verskillende strata nie alleen op gedifferensieerde wyse onderworpe is aan anomie nie, maar ook aan een of ander tipe van respons of by wyse van 'n spesifieke vorm van aanpassing. Met betrekking tot die rol van die sosiale struktuur in die veroorsaking van innovasie as 'n aanpassingswyse, sê Merton in hierdie verband die volgende: „In some proportion of cases, again dependent upon the control-structure of the group, these departures from institutional norms are socially rewarded by 'successful' achievement of goals."[3]

In 'n bespreking van sosiologiese ambivalensie wat omskryf kan word as 'n nie-realistiese normatiewe verwagting ten opsigte van houdings, gedrag, ens. wat gekoppel word aan 'n status of 'n sisteem van statusse, verwys Merton in 'n onlangse werk[4] na 'n vorm van ambivalensie wat in noue verband staan met die disekwilibrium of wanbalans tussen doelstellings en sosiaal gestruktureerde middele deur middel waarvan hierdie doelstellings verwesenlik kan word. Hy sê dat hierdie tipe ambivalensie „is neither cultural conflict nor social conflict, but a conflict between the cultural structure and the social structure. It turns up when cultural values are internalized by those whose position in the social structure does not give them access to act in accord with the values they have been taught to prize."[5]

---

1) Merton. Social conformity, deviation and opportunity-structures, p.187.
2) Merton. Social theory and social structure, p.132.
3) Ibid, p.180.
4) Merton & Barber. Sociological ambivalence. (In Tiryakian. Sociological theory, values, and socio-cultural change, p.91-121.)
5) Merton. Social theory and social structure, p.145.

In die toepassing en verduideliking van die verskillende aanpassingswyses gebruik Merton ekonomiese sukses as die belangrikste kulturele doelstelling, hoewel hy erken dat daar ook ander alternatiewe doelstellings binne die raamwerk van die algemene waardesisteem bestaan. Hierdie doelstelling word deur alle mense in die gemeenskap nagestreef, maar alle sosiale strukture binne die gemeenskap bied nie vir alle mense geldige of aanvaarbare wyses deur middel waarvan hierdie doelstelling bereik kan word nie, met ander woorde die norme is nie vir alle mense ewe toeganklik, dit wil sê bruikbaar nie. Merton lig hierdie stelling toe met verwysing na die bevindinge van navorsers op die gebied van onder andere misdaad wat daarop dui dat misdaad binne sekere areas in 'n sekere sin 'n „normale" of verwagte reaksie is op 'n toestand waarin die kulturele beklemtoning van ekonomiese sukses geïnternaliseer is, maar waarin daar 'n beperkte toeganklikheid tot die konvensionele en aanvaarde norme bestaan deur middel waarvan ekonomiese sukses bereik kan word. Die beroepsmoontlikhede en -geleenthede van mense in hierdie areas is hoofsaaklik beperk tot handearbeid, en die stigma wat in die Amerikaanse samelewing en in al die klasse van hierdie samelewing aan hierdie beroepsmoontlikhede en -geleenthede kleef, asook die afwesigheid van realistiese geleenthede ter verbetering van hierdie toestand, kulmineer in 'n merkbare neiging tot afwykende gedrag by hierdie persone. „The status of unskilled labour and the consequent low income cannot readily compete <u>in terms of established standards of worth</u> with the promises of power and high income from organized vice, rackets and crime."[1]

Bogenoemde situasie gee 'n duidelike uiteensetting van die gekombineerde werking van die kulturele en sosiale strukture in die veroorsaking van afwykende gedrag. Enersyds bied die kulturele struktuur die teoretiese moontlikhede vir die bereiking van sukses, terwyl die sosiale struktuur (in hierdie geval die klassestruktuur) andersyds in die praktyk oor beperkte fasiliteite beskik deur middel waarvan kulturele doelstellings op 'n aanvaarbare wyse bereik kan word. Nieteenstaande die stratifikasiestelsel van die Amerikaanse samelewing, naamlik dié van 'n ope klassestelsel, is die bereiking van die suksesdoelstelling moeilik bekombaar vir persone met min formele onderwys en

---

1) Merton. Social teory and social structure, p.145.

opvoeding en ekonomiese vermoë. Die druk waaronder hierdie persone gebuk gaan, naamlik dat van hulle verwag word om na die genoemde doelstelling te streef, terwyl die aanvaarbare norme vir hulle ontoeganklik is, veroorsoorsaak by hulle 'n geleidelike afname in die handhawing van die aanvaarde, maar oneffektiewe norme, en 'n gevolglike toenemende gebruikmaking van onaanvaarbare of ongeoorloofde, maar tog effektiewe norme ter bereiking van die kulturele doelstelling van ekonomiese sukses.[1]

Die verbinding van sekere aanpassingswyses aan bepaalde klasse in die samelewing word weerspieël in Merton se beskouing dat die laer klas in die Amerikaanse samelewing gekenmerk word deur 'n strewe na die doelstelling van ekonomiese sukses wat dan oorbeklemtoon word ten koste van die norme. In die toepassing van die spreekwoord dat die doel die middel heilig, vind die mense van hierdie klas regverdiging vir hulle handelinge, soos byvoorbeeld misdaad waardeur die doelstelling van ekonomiese sukses moontlik bereik kan word. Daarteenoor word die strenge konformering aan norme in die betekenis van ritualisme, veral aangetref in die middelklas, aangesien dit in hierdie klas is wat veral die ouers druk op die kind uitoefen om ten alle koste te konformeer aan die morele mandate of opdragte van die gemeenskap, terwyl daar ook vir die mense in hierdie klas die moontlikheid bestaan dat sukses in elk geval nie bereik sal kan word nie.

Die verduideliking van die verskillende wyses van indiwiduele aanpassing aan die hand van die ekonomiese suksesdoelstelling, het vir Merton kritiek op die hals gehaal.[2] Sommige punte van hierdie kritiek is egter nie standhoudend nie, aangesien sekere van sy kritici nie ingesien het dat Merton 'n bepaalde gemeenskap as voorbeeld neem nie. Die toepassing van sy teorie is in hierdie verband wel kultuur- en tydsgebonde, maar die teorie kan wel met enkele veranderinge en byvoegings ook op ander kulture in hulle afsonderlike fases van ontwikkeling van toepassing gemaak word.[3]

---

1) Merton. Social teory and social structure, p.145-6.
2) Clinard et. al. Anomie and deviant behavior. A discussion and critique, p.55; Dubin, op. cit., p.147-64.
3) Merton. Social conformity, deviation and opportunity-structures, p.187.

## 3, Afwykende gedrag in verskillende tipes gemeenskappe

Merton se uiteensetting van indiwiduele aanpassingswyses is beperk tot sekere hipoteses aangaande die voorkoms en omvang van afwykende gedrag in die verskillende strata van 'n besondere tipe gemeenskap, maar dit impliseer nie dat hierdie teorie in sy geheel totaal ontoepasbaar is op ander gemeenskappe nie.[1]

Die onderliggende beginsel hier is naamlik dat die gedifferensieerde voorkoms en omvang van afwykende gedrag in sosiale klasse proporsioneel van mekaar verskil na gelang van die voorkoms daarvan in verskillende tipes gemeenskappe. By wyse van 'n voorbeeld om hierdie beginsel te verduidelik, sê Merton: „it is suggested that in a society where similar success-goals are held out to a considerable part of the population, low social and economic status will be more highly correlated with crime than in societies 'where rigidified class structure' is more often coupled with differential class symbols of success."[2]

Merton beweer dat ritualisme as aanpassingswyse byvoorbeeld, relatief baie behoort voor te kom in die tipe van gemeenskap „which makes one's social status largely dependent upon one's achievements."[3] Hy suggereer dat „ritualistiese aanpassing veral voorkom in burokratiese organisasies waar presiese nakoming van gevestigde prosedures tot 'n onveranderbare gewoonte geword het, en/ of oor-identifikasie met prosedurereëls volg uit 'n onsekerheid en angstigheid oor die vermoë om wel aan die verwagtings te voldoen."[4]

Hieruit kan afgelei word dat die rede vir die voorkoms en omvang van aanpassingswyses in die samelewing gesoek moet word in die houding van mense in die samelewing teenoor die doelstellings en middele, en die verhouding wat daar as gevolg hiervan tussen hulle in die besondere gemeenskap bestaan. Die ontwikkeling van 'n besondere houding teenoor die doelstellings en middele is 'n uitvloeisel van die druk wat deur die sosiale struktuur uitgeoefen word, en hierdie druk kom op sy beurt ook weer op gedifferensieerde wyse voor.

---

1) Merton. Social conformity, deviation and opportunity-structures, p.187.
2) Ibid, p.187.
3) Merton. Social theory and social structure, p.150.
4) Cilliers & Joubert, op. cit., p.314.

4. Verspreiding van druk wat lei tot afwykende gedrag

Merton beweer dat die neiging tot afwykende gedrag nie by alle mense gelykwaardig of eenders is nie, juis omdat die druk van die sosiale strukture van mekaar verskil ten opsigte van hulle aard en intensiteit. Hy stel dit in die volgende woorde: „Social pressure for deviance is conceived as varying with the extent of dissociation between, on the one hand, the cultural goals and institutional norms men accept as binding, and on the other, the social position or situation in which they find themselves, making it relatively difficult or easy for them to live in accord with these goals and norms. The greater the dissociation between cultural values and the facilities provided by a social position, the greater the pressure for deviation."[1] Klaarblyklik bedoel Merton hier met „social position" die status[2] wat 'n persoon in 'n sosiale struktuur of groep beklee, met ander woorde, die besondere plek of amp in die struktuur wat veroorsaak dat 'n persoon in 'n mindere of meerdere mate, afhangende van die intensiteit van die druk, 'n neiging tot afwykende gedrag sal openbaar.

Hierdeur wil hy egter nie beweer dat persone wat 'n sekere posisie beklee waarin daar 'n relatief sterk druk ervaar word hulle meer aan afwykende gedrag sal skuldig maak as mense op wie daar nie so 'n sterk druk uitgeoefen word nie. Hoewel onvolledig, maak Merton onderskeid tussen sosiale druk wat lei tot afwykende gedrag, en die werklike voorkoms en omvang daarvan wanneer hy sosiale druk en die onderwerping aan hierdie druk onderskei. In hierdie verband verwys hy, byvoorbeeld, na die inhoud en proses van sosialisering wat kan bydra tot die onderwerping aan sosiale druk. „It is consistent with the theory under review to recognize that destinctive family constellations can promote vulnerability to anomic pressures."[3] Hy kwalifiseer dit nog duideliker soos volg: „On this basis, for example, I suggested that 'the socialization patterns of the (American) lower-middle class'dispose toward the ritualistic kind of deviance."[4]

Deur 'n verband te probeer lê tussen die posisie wat die indiwidu in die sosiale struktuur beklee en die voorkoms en omvang van afwykende gedrags-

---

1) Merton. Social conformity, deviation, and opportunity-structures, p.187.
2) Die begrip „status" verwys hier nie na 'n magshiërargiese posisie in die prestige-sisteem van die gemeenskap nie. Vgl. Roode, op. cit., p.91-4.
3) Merton. Social theory and social structure, p.179.
4) Merton. Social conformity, deviation, and opportunity-structures, p.188.

vorme, het Merton sy hipotese,naamlik dat gedrag in terme van die maatskaplike sisteem verklaar moes word, bewys. Sodoende slaag hy daarin om 'n sosiologiese teorie van patologiese verskynsels daar te stel, en hoewel sekere veralgemenings en indirekte afleidings uit sy konsep bevraagteken kan word, doen dit geen afbreuk aan sy duidelike formulering van anomie en sy tipologie van aanpassingswyses as vorme van reaksie op die toestand van anomie nie.

E. Samevatting en kritiese waardering

Dit sou onregverdig wees om al die kritiek teen die teorie van Merton te steun, aangesien baie kritiek gemik is op die feit dat Merton met hierdie teorie nie alle aspekte van afwykende gedrag verklaar nie. Dit was baie duidelik ook nie die doel van Merton om deur middel van sy algemene hipotese alle aspekte van afwykende gedrag te verklaar nie. Merton wys daarop dat hy hom ten doel gestel het die isolering van die saamgestelde sosiale en kulturele toestande wat lei tot die gedifferensieerde omvang van verskillende tipes van afwykende gedragsvorme by mense wat verskillende posisies in die sosiale struktuur beklee.[1) ] Teen die agtergrond van hierdie doelstelling gesien, is Merton se tipologie 'n demonstrasie van die feit dat sekere toestande in die kulturele en sosiale strukture bevorderlik is vir afwykende gedrag by sommige persone. Die motief agter die ontwikkeling van sy besondere afwykingstipologie was nie om deur middel daarvan alle vorme van afwykende gedrag te verklaar nie, maar dit dien veel eerder 'n instrumentele doel nl. om sy hipotese te verklaar.

Hoewel kritiek gelewer kan word teen sekere veralgemenings spruitende uit die dichotomiese onderskeiding tussen kulturele doelstellings en institusionele middele, is een van die belangrikste bydraes van Merton tot die beter begrip van afwykende gedrag die idee dat afwyking ontstaan as gevolg van frustrasie waarvan die oorsprong daarin geleë is dat die weg tot die bereiking van doelstellings vir sommige persone geblokkeer is.

Merton se opvatting van anomie soos dit weerspieël word in die afwykingstipologie beklemtoon sy sosiologiese insig dat afwykende gedrag gesien moet word binne die raamwerk van die maatskaplike sisteem waarin dit voorkom, en dat hierdie vorm van gedrag nie sondermeer in terme van persoonlikheidsfaktore

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.186.

verklaar kan word nie. Sy besondere siening van die rol van die maatskaplike sisteem in die veroorsaking van afwykende gedrag hou egter die gevaar van eensydigheid in.

Sy benadering tot afwyking beklemtoon die posisie wat die persoon in die sosiale struktuur beklee, sonder dat hy ook aandag skenk aan die persoonlikheidseienskappe van die persoon. Hierin lei sy sosiologiese insig hom eintlik daartoe dat hy nie die mens ook as indiwidu sien nie, maar alleen as deel en produk van die maatskaplike sisteem. Sy teorie het in hoofsaak te make met die verskynsel van spanning in en tussen sisteme, en hy slaag wel daarin om die bronne van hierdie spanning in die sosiale en kulturele strukture te isoleer, maar dan wil hy afwykende gedrag bloot in terme van die rol wat hierdie strukture speel, verklaar. As gevolg van hierdie eensydigheid word sy teorie 'n radikaal sosiologiese benadering, dus, sosiologisties - die sosio-kulturele werklikheid is dus die enigste verklaringsgrond vir alle afwykende gedrag.

Merton behandel wel die vernaamste determinante van spanning wat lei tot een of ander afwykende aanpassingswyse, maar hy gee nie 'n duidelike uiteensetting van determinante wat lei tot spesifieke wyses van aanpassing nie. Al „toestand" wat miskien as 'n determinant van aanpassingswyses in die teorie van Merton merkbaar is, is die strewe na die materiële sukses-doelstelling van die Amerikaanse gemeenskap waarin die proses van kompetisie een van die belangrikste sosiale prosesse is. Die aanpassingswyses wat Merton in terme van die strewe na hierdie doelstelling verklaar, hou egter ten nouste verband met die besondere doelstelling self, en binne hierdie raamwerk kon hy net sekere afwykende aanpassingswyses verklaar.

Die feit dat Merton nie determinante isoleer wat lei tot spesifieke wyses van aanpassing nie, moet ook gesien word in die lig dat sy verklaring van gedrag soos dit gestalte vind in sy afwykingstipologie, sosiologisties is.
In die geval van anomie word alle indiwidue in hierdie toestand wel gekonfronteer met dieselfde situasie, en sou elkeen beskik oor dieselfde potensialiteite, kan hierdie determinante wat lei tot verskillende wyses van aanpassing nie in die sosiale struktuur gesoek word nie, maar moet dit veel eerder gesoek word in die persoonlikheidstruktuur van die indiwidue. Om hierdie determinante te kan isoleer, sal antwoorde gevind moet word op die vraag in welke mate die normsisteem van die gemeenskap geïnternaliseer is in die waardesisteem van die indiwidu, d.w.s. deel van sy persoonlikheid geword het.

Verder is die strewe na materiële sukses ten nouste verbonde aan die verwerwing van 'n beter status in die prestige-sisteem van die gemeenskap, en Merton se opvatting van anomie verklaar afwykende gedrag slegs in die tipe gemeenskap waarin verwerfde status die enigste vorm van status is. Dieselfde veralgemenings sou, byvoorbeeld nie van toepassing gemaak kon word op die tipe van gemeenskappe waarin status in 'n hoë mate toegeskrewe en nie verworwe status is nie.

Verder suggereer Merton se afwykingstipologie ook dat die indiwidu eiematig oor 'n keuse beskik om op die een of ander wyse by die kulturele en sosiale struktuur aan te pas, en hoewel hierdie keuse beperk is sover dit die posisie betref wat die indiwidu in die sosiale struktuur beklee en die druk wat hierop deur die sosiale struktuur uitgeoefen word, beklemtoon Merton nie die belangrikheid van interaksie met ander persone wat vir die indiwidu 'n verwysingsgroep kan vorm nie. Die teorie van die verwysingsgroep wat nie losstaan van die anomieteorie nie, beklemtoon die feit dat die handeling en houdings van ander persone in die interaksieproses wel die wyse van reaksie en aanpassing van die indiwidu kan beïnvloed.

Hoewel die teorie van Merton dus nie bo enige kritiek verhewe is nie, en seker ook baie kritiek nog teen sy afwykingstipologie gelewer kan word, moet die duidelike formulering van anomie as een van sy belangrikste bydraes tot die bestaande sisteem van kennis gereken word. Met hierdie formulering van anomie gee hy aan dié verskynsel 'n sosiologiese kleur wat, hoewel 'n uitbouing van die opvatting van Durkheim, tog radikaal verskil van die oorspronklike sosiologistiese siening.

Sommige aspekte van die teorie van Merton is verder uitgebou deur persone op wie se beskouings in die volgende hoofstukke gelet sal word, en wel ten opsigte van die verdere ontwikkeling van die anomieteorie as 'n verklaringsmedium vir afwykende gedrag vanuit die hoek van die sosiologie.

## HOOFSTUK 5

## DIE BYDRAE VAN TALCOTT PARSONS TOT DIE ANOMIETEORIE

### A. Inleiding

Dit was veral na die tweede wêreldoorlog dat daar in die sosiologie van Amerika 'n nuwe benadering ontwikkel het van 'n behoefte aan teoretiese besinning. Die strewe is nou die opbou van 'n wetenskaplike sisteem met wetenskaplike begripsvorming in teenstelling met die neiging om die sosiologie te laat opgaan in 'n pragmatiese beklemtoning van die ondersoek van feite en praktiese sosiale vraagstukke. Hierdie verandering in benadering skryf Bierens de Haan[1] toe aan die invloed van die Europese sosiologie, en by name veral die sosiologie van Max Weber wie se werke gekenmerk is deur die strewe na die analise van sosiale handelinge en die soeke na die motiewe waardeur dit beheers word. Vir Weber is die sosiologie die wetenskap wat sosiale handelinge, dit wil sê menslike gedrag vir sover die akteur aan sy gedrag 'n subjektiewe betekenis verbind, oorsaaklik wil verklaar. Dit het nie vir Weber gegaan om 'n pragmatiese sosiologie nie, maar uitsluitend die strewe om die reële betekenis van sosiale handeling, spruitend uit subjektiewe motivering, te begryp.[2]

Die beskouing van die Europese sosiologie dat psigiese faktore die dryfkragte van die maatskaplike lewe en maatskaplike ontwikkeling is, het die Amerikaanse sosiologie geleidelik gestuur in die rigting van sosiale psigologie,[3] soos mettertyd ook sal blyk uit die beskouing van Talcott Parsons wat een van die belangrikste eksponente van die na-oorlogse sosiologie van Amerika is.

Parsons word allerweë beskou as die sosioloog wat die belangrikste bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van die sogenaamde handelingsteorie in die sosiologie. In sy eerste werk[4] ontwikkel hy 'n voluntaristiese teorie van

---

1) Bierens de Haan, op. cit., p.145.
2) Ibid., p.113-4.
3) Ibid., p.133.
4) Parsons. The structure of social action.

handeling uit die konsepsie van maatskaplike handeling as 'n atomistiese eenheid waaruit die samelewing bestaan, en in 'n latere werk[1] neem hy in die handeling self 'n sisteem waar. Hieruit is sy uiteindelike konstruksie van 'n funksionalistiese handelingsteorie ontwikkel waarvan die hoofgedagte fokus op „the premise that there are broad areas of human conduct which do in fact qualify as action; and that these are the kinds of behaviors which most legitimately concern the sociologist."[2]

B. Parsons se beskouing van afwykende gedrag

Dit val nie binne die opset van hierdie navorsing om 'n breedvoerige uiteensetting van die handelingsteorie van Parsons te gee nie, en daarom word alleen gelet op daardie aspekte van die teorie wat direk in verband staan met, en 'n uitbouing is van die anomieteorie. Binne die raamwerk van die handelingsteorie gee Parsons 'n uiteensetting van die wyse waarop daar by indiwidue 'n gemotiveerdheid ontwikkel om afwykend te handel in die interaksiesisteem met ander. Die interaksiesisteem, dit wil sê die handelinge tussen mense, omvat drie faktore, naamlik die handelende persone, die situasie waarbinne die handelinge plaasvind en die oriëntasie van die handelende persone met betrekking tot die situasie, met ander woorde hulle evaluering en opsomming van die situasie.

Omdat die interaksiesisteem ten nouste verband hou met kultuur, in die sin dat kultuur die produk is van en bepalend is vir die sisteem, volg dit logies dat sosiale handelinge normatief is, dit wil sê geskied in ooreenstemming met die norme wat geld in die betrokke situasie. Op hierdie wyse word handelinge beheers deur 'n bepaalde normatiewe patroon, en binne hierdie raamwerk vervul die handelende persoon 'n rol wat gerig word deur die verwagtinge van die ander persoon of persone in die situasie.

Ter verduideliking van die subjektiewe motiewe wat 'n rol speel in die veroorsaking van afwykende gedrag in die interaksiesisteem, maak Parsons gebruik van die relatief eenvoudige tweepersoongroep, en dit is in die ontleding van dié interaksiesisteem en die blootlegging van subjektiewe motiverings waarin implisiet 'n uitbouing van die anomieteorie opgesluit is, aangesien Parsons hierin ook 'n uiteensetting gee van die indiwiduele aanpassingswyses

1) Parsons. The structure of social action.
2) Black. The social theories of Talcott Parsons, p.21.

as reaksies op 'n toestand van disekwilibrium tussen doelstellings en norme, maar dan met die aksent op indiwiduele motivering van handeling. Met verwysing na Parsons se uiteensetting van vorme van afwykende gedrag en die bydrae wat hy hiermee lewer, skryf Clinard: „Parsons typology of the directions of deviant behavior, while building from Merton's goes beyond it."[1] Hierdie bydrae van Parsons vloei voort uit sy aanvaarding en inkorporering van die uiteensetting van Merton en sy uitbreiding daarvan in 'n breër teorie van die analise van interaksiesisteme.[2]

Parsons se teorie in hierdie verband sentreer om die stelling dat maatskaplike disorganisasie direk in verband staan met die mate waarin die gepatroneerde handelinge onversoenbaar is met een of meer funksionele vereiste van die spesifieke sisteem.[3] Vir hom is afwykende gedrag dan 'n oortreding van die norme wat algemeen aanvaar word in die betrokke interaksiesisteem waarbinne die gedrag voorkom.[4] Binne hierdie raamwerk maak hy gebruik van drie veranderlikes, dit wil sê wyses waarop daar by 'n akteur 'n gemotiveerdheid ontwikkel om afwykend te handel, en hy isoleer dan agt verskillende elemente van afwykende gedrag in sy afwykingstipologie, waarop later breedvoerig ingegaan word.

Hoewel hy ook gebruik maak van sosiale en kulturele strukture, is sy tipologie nie soos die van Merton beperk daartoe nie, aangesien hy benewens om te wys op die rol wat hierdie strukture speel, ook 'n ontleding maak van tipes gemotiveerde reaksies in terme van aktiewe en passiewe gesindhede, vervreemdende en konformatiewe behoeftedisposisies en die houding van die akteur teenoor ander persone (maatskaplike objekte) en normatiewe patrone van die interaksiesisteem.

Hieruit is dit reeds duidelik dat Parsons se konsepsie van afwykende gedrag en faktore wat daartoe aanleiding gee, meer omvattend is as die beskouing van

---

1) Clinard et. al., op. cit., p.23-4.
2) Parsons. The social system; vgl. Parsons & Shils. Toward a general theory of action.
3) Parsons et. al. Working papers in the theory of action, p.180-90. Hiermee word nie te kenne gegee dat afwykende gedrag en maatskaplike disorganisasie sinonieme is nie. Vgl. in hierdie verband Timms: A sociological approach to social problems, p.14-15.
4) Parsons. The social system, p.297-301.

Merton, en afgesien hiervan is die inhoud wat hy heg aan die begrip „afwyking" ook meer neutraal as die van Merton. Daarom speel die inhoud en betekenis van Parsons se opvatting aangaande hierdie begrip ook 'n belangrike rol in sy teorie van die oorsprong van verandering van maatskaplike sisteme, want volgens hom is verandering die gevolg van indiwiduele afwykings wat só herhaaldelik en intensief binne sisteme voorkom dat meganismes vir sosiale kontrole nie meer effektief is nie,[1] dit wil sê wanneer die maatreëls wat die bestaande orde in die betrokke sisteem reguleer vanweë die herhaalde afwyking nie meer doeltreffend is nie. By implikasie word hiermee gestel dat afwyking bloot as 'n versteuring in die bestaande orde ook funksioneel kan wees, dit wil sê nie noodwendig negatiewe konsekwensies hoef te openbaar nie. Wanneer Parsons na afwyking verwys as „a disturbance in the equilibrium of the interactive system,"[2] word dus implisiet verwys na die funksionele en disfunksionele gevolge van afwyking.

Vir 'n goeie begrip van wat Parsons bedoel met die ekwilibrium van die interaksiesisteem, die versteuring wat ten opsigte daarvan in die sin van afwyking kan voorkom en die motiewe wat dit ten grondslag het, asook vir 'n ontleding van die gemotiveerde reaksies waarop mettertyd in besonderhede ingegaan word, is dit nodig dat vooraf eers gelet word op die wette of vereistes vir die ekwilibrium van 'n sisteem. Volgens Parsons en andere[3] val hierdie wette in die volgende beginsels uiteen:

(a) Die beginsel van inersie, waarmee bedoel word dat 'n handeling of handelinge in 'n sisteem kontinu en onveranderlik in 'n bepaalde rigting en teen 'n bepaalde tempo of koers sal voortgaan, mits dit nie by wyse van opponerende motiverings verhinder of in 'n ander rigting gestuur word nie.

(b) Die beginsel van aksie en reaksie, wat daarop neerkom dat wanneer daar in 'n sisteem 'n verandering intree wat betref die rigting van 'n proses, ontstaan die neiging om hierdie versteuring teë te werk deur middel van 'n ooreenstemmende verandering by wyse van 'n gelyke motiveringskrag wat die aanvanklike verandering direk opponeer.

---

1) Hinkle & Hinkle, op. cit., p. 66.
2) Parsons. The social system, p.250.
3) Parsons et. al., op. cit., p.102-3.

(c) Die beginsel van inspanning, waarmee verwys word daarna dat enige verandering in die koers of tempo van 'n handelingsproses direk proporsioneel is tot die belangrikheid en betekenis van die motiveringskrag wat aangewend of onttrek is ten einde die verandering te veroorsaak.

(d) Die beginsel van sisteemintegrasie is die laaste wet of vereiste vir ekwilibrium en dui daarop dat enige patroonelement, dit wil sê die wyse van organisasie van die komponente van die sisteem, ten einde die integrerende balans van die sisteem te waarborg, na gelang van die funksie wat dit vervul, òf uit die sisteem elimineer sal word, òf in sy posisie in die sisteem bevestig sal word.

Ter verduideliking van die inhoud en betekenis van die bogenoemde wette vir ekwilibrium en die wyse waarop afwyking 'n versteuring in die ekwilibrium teweeg kan bring, word gelet op die rol van motivering van gedrag in die tweepersoongroep, waarin die eerste en tweede persoon gerieflikheidshalwe as ego en alter, respektiewelik, aangedui word.

Uitgaande van die standpunt dat in enige interaksiesisteem daar bepaalde wederkerige verwagtings is waaraan die handelende persone moet konformeer, is die volgende aspekte van belang en moet dit in gedagte gehou word wanneer die interaksiesisteem ontleed word:[1)]

(a). Ego se verwagtings ten opsigte van alter is deel van sy behoefte wat bevrediging eis.

(b). Ego se verwagtings is so georganiseer dat dit 'n kateksis of affektiewe gehegtheid aan alter behels.

(c). Die verhouding tussen ego en alter is gekoppel aan reeds geïnternaliseerde normatiewe patrone.

'n Versteuring in die ekwilibrium van hierdie interaksiesisteem, dit wil sê 'n verbreking van een of meer van die wette vir ekwilibrium kan, byvoorbeeld, behels dat alter die normatiewe patroon van die interaksiesisteem oortree, wat dan tot gevolg sal hê dat ego gedwing word om sy aanvanklike oriëntasie ten opsigte van een of meer van bogenoemde aspekte te rekonstrueer, en wel dan op

---

1) Parsons. The social system, p.251-2; vgl. Cilliers & Joubert, op. cit., p.308.

een of meer van die volgende wyses:[1]

(a). Hy kan sy onbevredigde behoeftes en verwagtings onderdruk of inhibeer.

(b). Hy kan sy aanvanklike kateksis aan alter oordra op 'n ander persoon wat hom wel ten opsigte van sy behoeftes en verwagtings sal bevredig.

(c). Hy kan die normatiewe patroon, waaraan alter nie meer konformeer nie, self ook verwerp, wat dan impliseer dat hy sy rolverwagtings van alter wysig.

Deur een of meer van hierdie moontlikhede aan te wend, kan ego dan die versteuring in die ekwilibrium van die interaksiesisteem herstel, maar dit sou beteken dat daar 'n veranderde sisteem gevorm is.[2] Hieruit blyk dit duidelik dat Parsons sy neutrale konsepsie van afwyking inkorporeer in sy teorie van verandering van maatskaplike sisteme, maar binne hierdie raamwerk gaan hy ook verder deur 'n ontleding te maak van alternatiewe reaksies van ego waardeur hy dan kom tot 'n uiteensetting van motiverings tot afwykende gedrag in 'n disfunksionele betekenis.

Ten spyte van die oortreding van die normatiewe patroon deur alter, kan ego besluit om nie sy kateksis ten opsigte van alter oor te dra op 'n ander persoon nie, maar om hierdie kateksis te handhaaf, met ander woorde daar is in hierdie geval by ego 'n begeerte om aan alter geheg te bly, maar terselftertyd het alter se gedrag ego gefrustreer en by hom gevoelens van vyandigheid jeens alter opgewek, sodat hierdie kateksis nou een is van ambivalente gehegtheid. Hierdie kontradiksionele kateksis plaas ego dan in 'n emosionele konflik wat betref sy verhouding tot alter.[3]

'n Verdere moontlike reaksie van ego kan wees om nie die normatiewe patroon te verwerp nie, met ander woorde om nie sy konsepsie ten opsigte van die rolverwagtings van alter te wysig nie. Die normatiewe patroon mag by ego so intens geïnternaliseerd wees dat hy dit nie kán verwerp nie en 'n ander normatiewe patroon wat ooreenstem met alter se gedrag nie kan aanvaar nie. In hierdie ge-

1) Parsons. The social system, p.252.
2) Ibid., p.252-3.
3) Ibid., p. 253.

val ontwikkel by ego ook 'n emosionele konflik in die betekenis van 'n ambivalente houding teenoor die norme, naamlik dat hy enersyds die betrokke normatiewe patroon handhaaf, terwyl hy dit andersyds doen ten koste van konflikte met alter, asook met aspekte van sy eie persoonlikheid.[1]

In die bogenoemde twee moontlike reaksiewyses ontstaan dan twee tipes van emosionele konflik by ego, te wete 'n emosionele konflik ten opsigte van alter en 'n emosionele konflik ten opsigte van die normatiewe patroon van die interaksiesisteem. Hierdie konflikte kan dan deur ego op twee maniere hanteer word, naamlik:[2]

(a). Die onderdrukking van die positiewe kant van die ambivalensie, met ander woorde wanneer ego weier om aan die veranderde normatiewe patroon en/of die veranderde rolverwagting van alter te konformeer. In hierdie geval sal ego sy gehegtheid aan alter verbreek en weier om self aan die veranderde rolverwagting op grond van die veranderde normatiewe patroon te konformeer. Hierdie reaksie tipeer Parsons met die begrip „gedwonge vervreemding."[3] Wanneer die negatiewe kant van die ambivalensie onderdruk word, sal ego aanhou om sy gehegtheid aan alter te handhaaf, en/of aan die norme te konformeer, dit wil sê 'n reaksie van gedwonge konformering.[4] Die begrip „gedwonge," as 'n kwalifikasie van die vervreemdende of konformerende reaksies, verwys daarna dat ego homself dwing om een van die komponente te laat oorheers, terwyl die reële bestaan van die ander terselfdertyd in die interaksiesisteem teenwoordig is. So sou ego byvoorbeeld, in die geval van gedwonge vervreemding homself van alter vervreem ten spyte van sy behoefte om aan alter geheg te bly - 'n gedwonge handeling dus, om negatief te reageer en nie toe te gee aan sy gehegtheidsbehoefte ten opsigte van alter nie. Op dieselfde wyse dwing ego homself, in die geval van gedwonge konformering, om nieteenstaande sy negatiewe oriëntering ten opsigte van alter, tog sy gehegtheid aan alter te handhaaf, met ander woorde hy poog voortdurend om sy negatiewe gevoelens teenoor alter te inhibeer ten einde die verhouding te handhaaf.[5]

---

1) Parsons. The social system, p.253.
2) Ibid., p.253-4.
3) Ibid., p. 254.
4) Ibid., p.254.
5) Ibid., p.254-5.

'n Verdere wyse waarop die emosionele konflik deur ego hanteer kan word, is om na gelang van omstandighede, geleenthede en kontekse een aspek te laat oorheers.[1] Parsons wys daarop dat hierdie moontlikheid in dieselfde konkrete verhouding nie moontlik is nie, aangesien die verskillende aspekte van die ambivalente motivering in konflik met mekaar is, maar in 'n meer komplekse interaksiesisteem bestaan daar wel die geleenthede vir die aanwending van hierdie moontlikheid,[2] byvoorbeeld, wanneer ego 'n ander persoon vind vir die bevrediging van behoeftes en verwagtings waarin alter nie meer bevrediging bied nie.[3]

Die voorafgaande beskrywing van die versteuring in die ekwilibrium van die interaksiesisteem en die reaksies wat daaruit voortspruit in terme van konformerende en vervreemdende motiverings, word vervolgens binne die raamwerk van die tweepersoongroep nader ontleed, alvorens gekom kan word tot 'n uiteensetting van spesifieke vorme van afwykende gedrag soos dit veroorsaak word deur subjektiewe motiveringskragte.

## C. Gemotiveerde reaksies

Omdat Parsons ten doel het om 'n sosiologiese verklaring en klassifikasie van vorme van afwykende gedrag te gee, gaan dit hier om 'n beskrywing van die akteur in die situasie met enkele uitdruklike verwysings na subjektiewe prosesse van oriëntering wat gesien word as meganismes wat tussenbeide tree, en nie as epifenomeen nie, asook om uitsluitlik geformuleerde denkbeelde of idees van doelstellings volgens normatiewe maatstawwe te gee; dit verwys dan by implikasie na die elemente wat funksioneer in die struktuur van die akteur se oriëntasie tot die betrokke sisteem.[4]

Die implikasie hiervan is dat dit nie gaan om tipes van persoonlikhede nie, en dit is duidelik dat hy daarop wil wys dat die akteur by wie die af-

---

1) Parsons. The social system, p.253-4.
2) Ibid., p. 254.
3) Cilliers & Joubert, op. cit., p.309.
4) Black, op. cit., p.21.

wykende gedrag voorkom, wel leef binne en in ooreenstemming met die algemene gedragspatrone en daarom kwalifiseer hy afwykende gedrag as 'n gemotiveerde neiging tot die oortreding van een of meer geïnstitusionaliseerde normatiewe patroon.[1] Omdat die afwykende persoon dus ten opsigte van 'n bepaalde rol of rolle afwyk, moet die insident van afwyking altyd gesien word binne die bepaalde konteks, area of situasie waarbinne dit voorkom. „Deviance toward one interacting partner may be in compliance with another, so that deviance must alwys be referred to the specific system or subsystem to which it applies."[2]

In die raamwerk van die beskouing aangaande afwykende gedrag wil Parsons orde bring, en daarom poog hy om 'n uiteensetting te gee van die rigtings van afwykende gedrag volgens gemotiveerde reaksies wat by die indiwidu voorkom. Omdat hy afwykende gedrag sien as 'n oortreding van die geïnstitusionaliseerde normatiewe patroon van 'n sisteem, neem hy as vertrekpunt die indiwidu se houding teenoor die norme wat in 'n bepaalde situasie geld, en op grond hiervan maak hy dan 'n drie-dimensionele klassifikasie van elemente van afwykende gedrag wat opsommenderwys soos volg uiteen gesit word:[3]

(a). Die indiwidu staan òf vreemd, dit wil sê negatief, teenoor die norme, òf hy volg dit gedwonge na.

(b). Die indiwidu kan gemotiveerd wees tot 'n aktiewe of 'n passiewe gesindheid in die maatskaplike situasie, dit wil sê in sy verhouding met die ander persoon of persone.

(c). Die handeling van die indiwidu kan primêr gerig wees òf op die ander persoon in die situasie, òf op die norme wat vir die betrokke situasie geld.

Die rigting van afwykende gedrag soos dit weerspieël word in gemotiveerde reaksies is deur Parsons[4] weergegee, en is deur Du Toit, Steyn en Rip,[5] asook deur Cilliers en Joubert[6] in korresponderende analitiese klassifikasieskemas

1) Parsons. The social system, p.250.
2) Loomis & Loomis, op. cit., p.391.
3) Parsons. The social system, p.255-60.
4) Ibid., p.259.
5) Du Toit et. al., op. cit., p.26.
6) Cilliers & Joubert, op. cit., p.311.

verwerk. In hierdie navorsing word by die bespreking van Parsons se afwykingstipologie gebruik gemaak van 'n klassifikasieskema wat aan die hand van bogenoemde skemas opgestel is.

## D. Parsons se afwykingstipologie[1)]

Figuur 2

| | AKTIEWE GESINDHEID | PASSIEWE GESINDHEID |
|---|---|---|
| | Gedwonge handeling | Gedwonge onaktiwiteit |
| OORHEERSEND KONFORMATIEWE REAKSIES | 1. Fokus op maatskaplike objekte: Weerspieël in oorheersing.<br>2. Fokus op norme: weerspieël in gedwonge handhawing. | 1. Fokus op maatskaplike objekte: weerspieël in onderworpenheid.<br>2. Fokus op norme: weerspieël in perfeksionisme. |
| | Opstandigheid | Onttrekking |
| OORHEERSEND VERVREEMDENDE REAKSIES | 1. Fokus op maatskaplike objekte: weerspieël in aggressiwiteit.<br>2. Fokus op norme: weerspieël in openlike en uitdagende oortreding van norme. | 1. Fokus op maatskaplike objekte: weerspieël in gedwonge onafhanklikheid.<br>2. Fokus op norme: weerspieël in ontwyking. |

1. Klassifikasieskema opgestel deur die navorser.

In hierdie klassifikasieskema waarin die genoemde drie dimensies onderskei kan word, kan die verskillende elemente van afwykende gedrag geïsoleer word. Omdat hierdie dimensies tegelyk deur alle vorme van afwykende gedrag sny, word in die uiteensetting van die laaste dimensie, waarin die implikasies van al die dimensies saamgetrek word, op voorbeelde gewys ter verduideliking en opheldering van verskillende rigtings van afwykende gedrag as gevolg van bepaalde motiverings.

Ten einde duidelikheid te verseker m.b.t. die interpretasie en verklaring van die bostaande afwykingstipologie, asook met die oog daarop om aan te dui hoedat Parsons se eie tipologie daarin geïnkorporeer is, is dit nodig om hier die tipologie van Parsons self ook weer te gee.

Parsons se eie afwykingstipologie[1)]

FIGUUR 2 (a)

| | ACTIVITY | | PASSIVITY | |
|---|---|---|---|---|
| | Compulsive Performance Orientation | | Compulsive Acquiescence | |
| | Focus on Social Objects | Focus on Norms | Focus on Social Objects | Focus on Norms |
| Conformative Dominance | Dominance | Compulsive Enforcement | Submission | Perfectionistic Observance (Merton's ritualism) |
| | Rebelliousness | | Withdrawal | |
| Alienative Dominance | Aggressiveness toward Social Objects | Incorrigibility | Compulsive Independence | Evasion |

1) Oorgeneem uit Parsons. The social system, p.259.

Die hieropvolgende verduideliking van die verskillende dimensies en die rigting wat afwykende gedrag kan aanneem, geld uiteraard vir albei die tipologieë soos weergegee in figure 2 en 2 (a)

1. Eerste dimensie

In die eerste dimensie bestaan die onderskeiding tussen gedrag wat oorheersend konformatief of oorheersend vervreemdend gemotiveer is. Parsons se beskouing is dat daar by mense dikwels 'n ambivalensie ten opsigte van norme ontstaan, naamlik om òf streng volgens die norm te handel sonder 'n verdere perspektief, òf om waar nodig die norm meer rekbaar toe te pas. Een van hierdie twee neigings kan oorheers in die ambivalensie, sodat gevolglik onderskei kan word tussen gedwonge konformiteit en gedwonge vervreemding.

(a). Konformiteit

In die geval van konformiteit bestaan die afwyking daarin dat daar 'n gedwonge konformiteit voorkom wat dan, afhangend van die gesindheid wat weerspieël word in oorheersing en gedwonge handhawing in die geval van 'n aktiewe gesindheid, en in onderworpenheid en perfeksionisme in die geval van 'n passiewe gesindheid. Parsons vergelyk Merton se konsepsie van innovasie en ritualisme met sy eie opvatting van gedwonge konformerende reaksies.[1]

(b). Vervreemding

Waar gedrag weerspieël word in vervreemdende reaksies kan dit ook weer op grond van die gesindheid op verskillende wyses gemanifesteer word, naamlik aggressiwiteit en uitdagende oortreding van norme in die geval van 'n aktiewe gesindheid, en gedwonge onafhanklikheid en ontwyking in die geval van 'n passiewe gesindheid. Hierdie vervreemdende reaksies kan vergelyk word met Merton se beskouing van rebellie en onttrekking.[2]

Die rigting van vervreemdende en konformatiewe reaksies hou verder ook verband met die fokus van die handeling, met ander woorde dit waarop die handeling in die interaksiesisteem gerig word, asook die gesindheid waarmee hierdie handeling uitgevoer word. Dit word vervolgens duideliker toegelig in die uiteensetting van die volgende dimensies.

---

1) Parsons. The social system, p.258.
2) Ibid., p.258.

## 2. Tweede dimensie

In hierdie dimensie onderskei Parsons tussen die aktiewe en passiewe gesindheid in die situasie wat in albei gevalle afwyking impliseer.

### (a). Aktiewe gesindheid

Gedrag word deur Parsons as aktief konformerend getipeer wanneer daar oorheersing plaasvind en wanneer norme afgedwing word. In eersgenoemde geval word die handeling primêr gerig op die ander persoon (die maatskaplike objek) in die interaksiesisteem, terwyl die handeling in die laasgenoemde geval direk gerig is op die afdwinging van norme.

Wanneer die oriëntasie vervreemdend en die gesindheid aktief is, word dit weerspieël in gedrag soos aggressiwiteit waar die handeling primêr op die maatskaplike objek gerig is, terwyl 'n uitdagende oortreding van norme plaasvind wanneer die handeling primêr op die norme gerig is en vervreemdende motivering gepaard gaan met 'n aktiewe gesindheid.

### (b). Passiewe gesindheid

'n Passief konformerende gesindheid en motivering word gemanifesteer in gedrag soos onderworpenheid wanneer die handeling gerig is op die maatskaplike objek, en perfeksionisme in die geval waar die handeling gerig is op die norme.

Gedrag word deur Parsons as passief vervreemdend getipeer wanneer gedwonge onafhanklikheid voorkom; in hierdie geval is die handeling weer gerig op die maatskaplike objek. Waar die handeling gerig is op die norme en ontwyking daarvan vind plaas, is dit ook 'n manifestering van 'n passiewe gesindheid en 'n vervreemdende motivering.

## 3. Derde dimensie

Hoewel in die voorgaande twee dimensies telkens verwys is na die verskillende motiveringselemente wat 'n rol speel in die bepaling van die rigting van afwykende gedrag soos dit geïnkorporeer is in die afwykingstipologie van Parsons, word die konkrete vorme wat afwykende gedrag as gevolg van subjektiewe motiverings kan aanneem, eers duidelik wanneer die derde dimensie in sy volle konsekwensies ontleed word.

Nieteenstaande die feit nie dat afwykende gedrag vir Parsons die oortreding van die normatiewe patroon van die interaksiesisteem is, is hy die mening toegedaan dat die oortreding van die norme in die konkrete situasie die oorsaak kan wees van een van twee moontlikhede, naamlik dat die afwyking kan veroorsaak word deurdat die akteur sy handelinge doelbewus rig op die oortreding van die norme, of dat die oortreding van die norme die gevolg kan wees van handelinge wat primêr op die maatskaplike objek gerig is. Met ander woorde, in die geval van die tweepersoongroep, sal ego se gedrag of handeling, afgesien van sy eie behoeftedisposisie, gerig wees op een van die twee fundamentele komponente van die interaksiesisteem, te wete alter as die maatskaplike objek of die normatiewe patroon wat hulle interaksie integreer.[1] Dit wil egter nie sê dat die komponent waarop die handeling van ego nie primêr gerig is nie geëlimineer word nie, aangesien handeling in die interaksiesisteem altyd in ooreenstemming met norme en gerig op die rolverwagtings van maatskaplike objekte geskied. „But there may be dominance of compulsive concern in one direction or the other."[2] Uit hierdie differensiasie wat Parsons maak, kan dan 'n duidelike begrip gevorm word van die rigting en vorme wat afwykende gedrag aanaanneem as gevolg van subjektiewe motiverings.

---

1) Parsons. The social system, p.258.
2) Ibid., p.258.

(a). Handelinge gerig op die maatskaplike objek

Hoewel afwykende gedrag 'n oortreding van die norme is, is die oortreding in hierdie geval 'n reaksie op ander mense, dit wil sê maatskaplike objekte in die situasie, in welke geval die norme wat oortree word vir die afwykende die maatskaplike objekte simboliseer.[1]

Wanneer die konformerende element in ego se motivering dominant is in sy verhouding met alter, dit wil sê wanneer sy handeling primêr gerig is op die maatskaplike objek waarmee hy in die situasie die verhouding wil handhaaf, en daar bestaan die moontlikheid dat die ekwilibrium van die interaksiesisteem versteurd kan raak en sodoende by ego gevoelens van angs veroorsaak, is daar een van twee wyses waarop hy hierdie toestand die hoof kan bied, naamlik 'n aktiewe of passiewe wyse.

As daar by ego 'n aktiewe oriëntasie bestaan, kan hy poog om alter in 'n posisie te stel waarin laasgenoemde nie anders kan as om aan die verwagtinge van ego te voldoen nie; in hierdie geval domineer ego dan vir alter, en kan ego se gedrag beskryf word as 'n aktief konformerende handeling met die fokus van die handeling gerig op die maatskaplike objek.[2]

In gevalle waar die vervreemende element in ego se motivering dominant is, geld die teenoorgestelde, naamlik dat ego nie ten doel het die handhawing van sy verhouding met alter nie, maar primêr ten doel het die bevrediging van sy eie behoeftedisposisie.[3] Dit impliseer dat wanneer daar 'n versteuring in die ekwilibrium van die interaksiesisteem voorkom deur byvoorbeeld, 'n oortreding van die normatiewe patroon deur alter, ego hom nie afhanklik voel van alter vir die bevrediging van sy behoeftes nie, met die gevolg dat hy sy aanvanklike kateksis aan alter kan oordra op 'n ander maatskaplike objek of objekte deur wie hy wel bevrediging van sy behoeftedisposisie kan verkry.[4] In hierdie geval bestaan daar ook, afhangende van die aard van die oriëntasie van ego, die moontlikheid van 'n passiewe en aktiewe reaksiewyse.

---

1) Parsons. The social system, p.258-9.
2) Ibid., p.259.
3) Ibid., p.259.
4) Ibid., p.251-2; Cilliers & Joubert, op. cit., p.308.

As daar by ego 'n aktiewe oriëntasie bestaan, sal hy die neiging toon om aggressief teenoor alter te handel. In die woorde van Parsons sal die houding van ego wees „to 'pick a fight' with him (alter) regardless of alienating alter, to seek a 'showdown'."[1] Ego se aktiewe oriëntasie kom duidelik tot uiting in sy openlike aggressiwiteit en opstandigheid teen alter wat die moontlikheid inhou van die verbreking van die aanvanklike verhouding van affektiewe gehegtheid. Hierdie handeling van ego kan dan getipeer word as 'n aktief vervreemdende handeling met die fokus van die handeling gerig op die maatskaplike objek.

'n Passiewe oriëntasie by ego sal weerspieël word in sy vermyding van die strydige verwagtinge wat alter koester, dit wil sê dat ego kompulsief onafhanklik van alter gaan staan, en in die uiterste geval die verhouding met alter totaal sal verbreek.[2] In hierdie geval toon ego 'n passief vervreemdende handeling met die fokus van die handeling gerig op die maatskaplike objek.

Benewens hierdie uiteensetting van die rigting wat afwyking kan aanneem wanneer die handeling op die maatskaplike objek gerig is, gee Parsons, in die lig van die subjektiewe motiverings van die verhouding, 'n samevattende beskrywing van die motivering wat ten grondslag van die handeling van ego lê en wat sy handeling in 'n bepaalde rigting stuur.[3] Dominering en onderdanigheid, dit wil sê reaksies waarin die konformerende element oorheersend is, word gemotiveer deur ego se kompulsiewe afhanklikheidsbehoefte; ten einde bevrediging vir hierdie behoeftedisposisie te verkry, is ego se reaksie op die versteuring van die ekwilibrium van die interaksiesisteem gerig op die behouding van die katteksis met alter deur òf alter te domineer en hom sodoende te dwing tot konformering aan sy rolverwagting, òf deur toe te gee aan die eise van alter ten opsigte van rolverwagtings. Vervreemdende reaksies aan die kant van ego, met ander woorde aggressiwiteit teenoor alter en kompulsiewe onafhanklikheid, word gemotiveer deur 'n onafhanklikheidstrewe of -behoefte; om dus bevrediging vir hierdie behoefte te verkry, en om nie toe te gee aan die afhanklikheidsbehoefte ten opsigte van alter nie distansieer ego hom van alter deur in openlike opstand teen hom te kom, of deur homself dwangmatig onafhanklik van alter te stel.

---

1) Parsons. The social system, p.259.
2) Ibid., p.259-60
3) Ibid., p.260.

Voordat voorbeelde van afwykende gedrag binne die raamwerk van die rigtings wat afwyking kan aanneem beskryf word, word vervolgens ingegaan op die rigting van afwyking wanneer handeling primêr op die norme van die betrokke interaksiesisteem gerig is.

(b). <u>Handelinge gerig op die norme</u>

Wanneer die normatiewe patroon van die interaksiesisteem die primêre fokus van die konflik is, bestaan daar net soos in die geval waar die handelinge gerig is op die maatskaplike objek, 'n konformerende en vervreemdende element met korresponderende aktiewe en passiewe oriëntasies.

In die geval waar die konformerende element oorheersend is en ego se handelinge sentreer hoofsaaklik om die norme van die betrokke interaksiesisteem, sal sy aktiewe oriëntasie gemanifesteer word in 'n kompulsiewe drang om die norme op alter af te dwing. 'n Alternatiewe reaksie by ego is om 'n kompulsiewe strewe of drang na sy eie doelbereiking te ontwikkel.[1] Albei hierdie tendense kan egter ook tegelyk voorkom „as in the familiar case of the compulsive achiever who is merciless in his demands on his subordinates."[2] Samevattend kan hierdie tipe van handeling omskryf word as 'n aktief konformerende handeling met die fokus van die handeling gerig op norme.

'n Passiewe oriëntasie met die klem op die element van konformering, sal in ego se drang tot perfeksionisme weerspieël word. In hierdie geval gaan dit vir ego om die passiewe aanvaarding en onbuigbare handhawing van die norme, in welke geval sy motiverings dan tot uiting kom in sy ontwyking van „demands for active achievement or control,"[3] en wanneer hy sy kompulsiwiteit rig op die behouding en handhawing van rolverwagtings. Die tipe van handeling word getipeer as passief konformerend, met die handeling gerig op norme.

Wanneer die vervreemdende element in die handelinge, soos dit gerig is op die norme, dominant is, vind 'n tipe van distansiëring van die norme plaas. As daar by ego in hierdie geval 'n aktiewe gesindheid of oriëntasie aanwesig is, distansieer hy hom van die norme deur in opstand daarteen te kom en dit te oortree. Parsons beskryf ego dan as „the 'incorrigible', the one who flouts rules

1) Parsons. The social system, p.260.
2) Ibid., p.260.
3) Ibid., p.260.

and laws apparently 'for its own sake,' whose attitude is 'try and do anything about it'".[1] In sodanige gevalle is ego se handeling dan aktief vervreemdend met die fokus van die handeling gerig op die norme.

Sou daar by ego 'n passiewe oriëntasie aanwesig wees, sal hy neig om konformering aan die normatiewe patroon te ontwyk deur situasies waarin rolverwagtings ten opsigte van homself geïmplimenteer kan word, te ontduik.[2] In hierdie geval is ego se handeling dan passief vervreemdend met die fokus van die handeling gerig op die norme.

Uit hierdie uiteensetting van die rigting wat afwyking kan toon, blyk dit duidelik dat, volgens die beskouing van Parsons, die verskillende dimensies soos uiteengesit, in alle vorme van afwykende gedrag verteenwoordig is. Deur hierdie beskouing lewer Parsons 'n veel groter bydrae tot die begrip van afwykende gedrag as wat Merton met sy afwykingstipologie bereik het. Naas die konsepsie van Parsons beskou, blyk dit dat Merton meer die klem laat val het op tipering van die insident van afwyking, eerder as om daaraan 'n verklaring te gee. Ter stawing van hierdie stelling word verwys na die gedrag van die Boheemse tipe wat, in terme van Merton se tipologie, onttrekking as aanpassingsvorm weerspieël, terwyl hierdie gedragsvorm, volgens die uiteensetting van Parsons, deur die verskillende dimensies of motiveringselemente sny om dan 'n passiewe oriëntasie, 'n vervreemdende element in die motivering van die gedragsafwykende met die fokus van die handeling gerig op die norme, te manifesteer.[3] Dit impliseer reeds 'n ooreenstemming van hulle beskouings, en hierdie ooreenstemming word duideliker wanneer die dimensies van oorheersende konformering en vervreemding en die van aktiewe en passiewe oriëntasies vergelyk word met Merton se uiteensetting van gedragsvorme. Wanneer Parsons verwys na 'n toestand van ekwilibrium van die interaksiesisteem, dit wil sê 'n afwesigheid van konflik en vervreemdende motivering, stem dit ooreen met Merton se konsepsie van konformiteit. Innovasie en ritualisme stem weer ooreen met Parsons se beskouing van die kompulsiewe konformerende tipes, terwyl rebellie en onttrekking

---

1) Parsons. The social system, p.260.
2) Ibid., p.260.
3) Loomis & Loomis, op. cit., p.391.

Vergelyk kan word met Parsons se vervreemdende tipes.[1] Op dieselfde wyse sal innovasie en rebellie beskou kan word as aktief georiënteerde handelinge, terwyl ritualisme en onttrekking weer 'n passiewe oriëntasie impliseer.

Afgesien van hierdie ooreenstemming, waarin dit duidelik is dat Parsons tog dieper ingaan op die motivering wat verskillende vorme van gedrag ten grondslag lê, gaan hy ook verder as Merton deur die verskillende vorme van gedrag te sien teen die agtergrond van die interaksiesisteem waarbinne dit voorkom, en hierin is 'n verdere bydrae, naamlik dat afwykende gedrag dan gesien word as 'n proses en nie 'n plotselinge gebeurtenis of reaksie op 'n toestand van disekwilibrium nie. Hiermee bring Parsons dan, benewens die norme wat vir 'n bepaalde interaksiesisteem geld, ook die ander mense in die sisteem in berekening in sy verklaring van afwykende gedrag en betrek hy op hierdie wyse die konsep van rolverwagtings en die situasie waarin die akteur hom bevind meer direk en duideliker as Merton.

Die rol wat die verskillende dimensies speel in die veroorsaking van afwykende gedrag definieer inderwaarheid slegs die rigting van afwykende tendense, maar nietemin is hierdie tendense altyd relatief tot 'n bepaalde stel van rolverwagtings, 'n ander persoon of persone, asook die bepaalde normatiewe patroon van die betrokke interaksiesisteem. Die werklike gedragspatrone wat dus hieruit voortvloei, is nie net die gevolg van die wyse waarop die afwykende motiverings „ingebou" is in die motiveringstruktuur van die persoonlikheid van die akteur nie, maar is ook die gevolg van die situasie waarin die akteur hom bevind.[2] Ter verduideliking van die funksionering van die motiveringselemente by die akteur in die interaksiesisteem en die situasie waarin die akteur hom bevind, d.i. as meganismes wat tussenbeide tree in die veroorsaking van afwykende gedrag, word vervolgens 'n denkbeeldige situasie aangewend om die toestand te illustreer.

Uitgaande van 'n oorverenvoudigde situasie waarin ego geskets word as geïsoleerd in die sin dat die ander maatskaplike objek of objekte vir hom betekenisloos is, omdat hulle konformeer aan die geïnstitusionaliseerde verwag-

---

1) Parsons. The social system, p.258.
2) Ibid., p. 260-61.

tings van die interaksiesisteem, en dat daar vir ego geen afwykende subgroep bestaan waarin hy toegang kan vind en waarbinne sy behoeftedisposisie wel bevredig kan word nie, kan nou voorbeelde genoem word ter verduideliking van die konkrete vorme wat afwykende gedrag kan aanneem binne die rigtings deur die motiveringselemente bepaal. Duidelikheidshalwe word ego in hierdie situasie as die afwykende akteur geskets en word ingegaan op wat Parsons noem „individualized deviance"[1], dit wil sê afwyking van ego as enkeling soos sy gedrag bepaal word deur die verskillende motiveringselemente, te wete die oorheersend konformatiewe en vervreemdende elemente, die passiewe en aktiewe oriëntasies en die fokus van die handeling.

Binne hierdie raamwerk sien Parsons die aktief vervreemdende persoon as iemand wat geneig is tot, byvoorbeeld indiwiduele misdaad.[2] Op grond van sy aktiewe oriëntasie en vervreemdende motivering openbaar ego in hierdie geval 'n openlike en uitdagende oortreding van die norme, hetsy as 'n reaksie teen die maatskaplike objek of objekte, waarmee hy hulle dan daag „to 'do something about it'".[3] Dit impliseer egter nie dat ego ten opsigte van alle rolverwagtings afwykend sal handel nie. Sy aktiewe oriëntasie mag wel verband hou met die geïnstitusionaliseerde kulturele waardes in die sin dat hy streef na die bereiking van 'n bepaalde hooggeëvalueerde doelstelling. In 'n geval waar ego se gedrag passief vervreemdend gemotiveer is, kan dit gekonkretiseer word in, onder andere, boemelary.[4] Hierdie handeling is dan gerig op die maksimale ontwyking van norme soos dit gepatroneer is in rolverwagtings wat die gemeenskap van ego eis, of is gerig op die beskerming van sy eie vryheid in die sin dat hy onder geen verpligting ten opsigte van alter wil staan nie. Met ander woorde, ego onttrek hom aan òf die norme van die interaksiesisteem òf die maatskaplike objek.

'n Konformatiewe behoeftedisposisie by ego gee op 'n soortgelyke wyse aanleiding tot afwykende gedrag, maar dan afwykende gedrag „(that) is more difficult to identify in the usual terms as clearly deviant"[5], dit wil sê ge-

---

1) Parsons. The social system, p.283.
2) Ibid., p. 283.
3) Ibid., p.284.
4) Ibid., p.284.
5) Ibid., p.285.

drag wat nie in die algemene betekenis van die woord as patologies getipeer sou kon word nie. Nietemin, indien ego se gedrag wel só gemotiveer is, is dit afwykend in die sin dat dit nie in ooreenstemming is met die norme wat aan sy bepaalde rol gekoppel is nie. Die aktief georiënteerde tipe wie se handelinge in hierdie verband primêr op die maatskaplike objek gerig is, is „the compulsive achiever who places excessive demands on homself and on others, and who may also show his alienative motives by excessive competitiveness, an incapacity to tolerate normal challenges to his security and adequacy."[1] Wanneer ego se aktief georiënteerde handeling primêr op die norme gerig is, word sy konformatiewe behoeftedisposisie weerspieël in sy afdwinging van norme op die maatskaplike objek. Die passiewe tipe wie se handeling op die norme gerig is, tipeer Parsons as die perfeksionis[2], terwyl die tipe wat normale rolverwagtings ontduik, dit wil sê wie se handeling passief gerig is op die maatskaplike objek, die tipe is wat konformeer aan alle eise wat alter ten opsigte van rolverwagtings stel.

Die onderskeiding wat Parsons maak ten opsigte van maatskaplike objekte en die normatiewe patroon van die interaksiesisteem, as fokuspunte van die handeling van ego, is bloot 'n analitiese onderskeiding[3] aangesien albei hierdie komponente tegelyk in die interaksiesisteem bestaan en ook tegelyk 'n rol speel in enige proses van interaksie, maar dit werp nietemin lig op 'n verdere onderskeiding. Hierdie onderskeiding is dié tussen die konsepte insekuriteit en minderwaardigheid of ontoereikendheid wat algemeen aangewend word in psigologiese verklarings as motiverings van verskillende vorme van gedrag. Minderwaardigheid, in die betekenis van ontoereikendheid, ontwikkel wanneer die indiwidu herhaaldelik misluk om sy inherente swakhede te bowe te kom, of wanneer hy om een of ander rede oormatig die klem plaas op een eie inherente swakheid of ontoereikendheid.[4] Die behoeftedisposisie om toereikend te voel, word volgens Parsons omskryf as „the need to feel able to live up to the normative standards of the expectation system, to conform in that sense".[5] Hierdie behoeftedispo-

---

1) Parsons. The social system, p.286.
2) Ibid., p.286.
3) Ibid., p.261.
4) Vgl. bv. Morgan. Introduction to psychology, p.491.
5) Parsons. The social system, p.261.

sisie kom dan tot uiting in die gedrag van die „compulsive enforcer, the perfectionist, the incorrigible and the evader."[1] Tendense van onderwerping, dominering, aggressiwiteit en kompulsiewe onafhanklikheid is daarteenoor, manifestasies van insekuriteit, dit wil sê „a haunting fear that 'things may not last', that one may lose what he now has."[2] Die behoeftedisposisie van sekuriteit in die betekenis van motivering, is dus 'n drang na die behouding van 'n stabiele kateksis met die maatskaplike objek of objekte.

Samevattend kom dit dus daarop neer dat die behoeftedisposisie van toereikendheid in verband staan met die norme van die betrokke interaksiesisteem, terwyl die behoeftedisposisie van sekuriteit gekoppel word aan die maatskaplike objek of objekte met wie ego in die sisteem in verhouding is.

Met hierdie uiteensetting van afwykende gedrag het Parsons reeds al nader beweeg aan 'n meer gebalanseerde en gekombineerde sosiologiese en psigologiese beskouing en begrip van afwykende gedrag. Hierdie feit word nog duideliker wanneer vervolgens ingegaan word op Parsons se konsepsie van afwykende kollektiwiteite, aangesien hy met die bostaande uiteensetting van „individualized deviance"[3] die klem meerendeels laat val op die rol van indiwiduele motiverings en die ontleding van indiwiduele gedragsafwykings.

Hoewel hy hierin reeds wys op die rol van sosiologies ter saaklike faktore in die veroorsaking van afwykende gedrag, sou dit onvolledig wees om hiermee te volstaan. Daarom is dit noodsaaklik om ook te let op die funksionering van meer eksplisiete maatskaplike faktore betrokke by die verskynsel van afwykende gedrag; hierdeur word enersyds ingegaan op die rol wat ego se sosiale aard en natuur speel in die ontwikkeling van sy afwykende gedrag en die verhoudinge wat hy met andere aangaan, en andersyds word hierin 'n beskouing weergegee wat van belang is vir die verdere ontleding en toepassing van die anomieteorie.

---

1) Parsons. The social system, p.261.
2) Morgan, op. cit., p.96.
3) Parsons. The social system, p. 283.

## E. Parsons se konsepsie van die ontstaan van afwykende kollektiwiteite[1]

Behalwe vir die feit dat ego as enkeling kan afwyk van die norme wat aan sy statusrol gekoppel is as 'n reaksie teen òf die norme òf alter in die interaksiesisteem, en sodoende sy afwyking indiwidueel kan voortsit, bestaan daar ook die moontlikheid dat ego deur en as gevolg van sy afwykende gedrag sekere verhoudinge met ander persone, wie se gedrag ook afwykend is, kan aanknoop. Dit is nie nodig om hier in besonderhede te let op voorbeelde waarin die rol van elke dimensie weer uiteengesit word nie, aangesien dieselfde motiverings, oriëntasies, ensovoorts ook hier geld soos in die geval by indiwiduele afwyking wat reeds uiteengesit is. Wat in die geval van die ontstaan van afwykende kollektiwiteite wel van belang is, en wat nie ter sake is sover dit indiwiduele afwyking betref nie, is die wyse waarop die afwykende kollektiwiteit die lede daarvan beskerm teen strafmaatreëls en die feit dat die afwykende in die kollektiwiteit bevrediging van beide die vervreemdende en konformatiewe elemente van sy ambivalente motiveringstruktuur kan verkry. Hierdie aspekte wat in terme van die sosiologiese beskouing 'n belangrike rol speel in die veroorsaking van sekere vorme van afwykende gedrag, wat later in hierdie navorsing uiteengesit word, word vervolgens nader toegelig.

### 1. Die beskermende funksie van die afwykende kollektiwiteit

Ter verduideliking van hierdie funksie van die afwykende kollektiwiteit word hier as voorbeeld geneem ego, wie se gedrag aktief vervreemdend gemotiveer is, en word uitgegaan van die veronderstelling dat daar vir hom 'n ander afwykende groep bestaan waarin hy, kragtens sy ooreenstemmende afwyking, wel toegang het, byvoorbeeld 'n misdadigerbende. As gevolg van die feit dat hy nie in die oorspronklike interaksiesisteem waarvan hy lid was bevrediging vir sy bepaalde behoeftedisposisie kon verkry nie, kan sy toegang tot die afwykende groep die gevolg wees daarvan dat hy sy aanvanklike kateksis ten opsigte van alter oordra op 'n ander persoon of persone by wie hy wel bevrediging sal verkry - in hierdie geval dan maatskaplike objekte wie se motiverings en gedrag ooreenstem met sy

---

1) Parsons gebruik die begrip „kollektiwiteit" wanneer hy verwys na wat in die terminologie van die sosiologie algemeen verwys word as „groep". Vgl. bv. Parsons. The social system, p.41 en 97-8.

eie. Die afwykende groep of kollektiwiteit waarbinne ego hom nou bevind, bied aan hom veral twee voordele wat hy nie sou ervaar het as sy gedrag indiwidueel, in die betekenis van indiwiduele afwyking, was nie. Eerstens waarborg die organisasie van die kollektiwiteit aan hom beskerming teen die strafmaatreëls wat sy gedrag tot gevolg kan hê, en tweedens bied dit aan hom 'n struktuur waarbinne hy aanvaar en erken word.[1] Die implikasie hiervan is sosiologies van belang vir sover dit dui op afwykende gedrag as groepsgedrag, wat dan ook die studieterrein van die sosiale patologie is. Verder, en ewe belangrik, dui die ontstaan van afwykende kollektiwiteite, soos hier uiteengesit, ook op die sosiologiese beskouing van die mens, naamlik dat die mens 'n sosiale wese is, wat onder meer impliseer dat die mens afgestem is op sy medemens,[2] dit wil sê in 'n sekere sin afhanklik is van sy medemens, ook wat betref die goedkeuring en aanvaarding van sy gedrag.[3] Dit is dan juis binne hierdie afwykende kollektiwiteit waarin die bedreiging van die maatskaplike strafmaatreëls nie so intens ervaar word nie en waarbinne die afwykendes goedkeuring aan mekaar se gedrag gee, dat die afwykende nog geleentheid het om sy sosiale aard en natuur uit te leef. By implikasie word hiermee gestel dat daar by die afwykende, benewens sy vervreemdende motivering, soos dit geld vir die onderhawige voorbeeld, tegelyk ook 'n drang na konformering bestaan,[4] en ook hiervoor bied die afwykende kollektiwiteit geleentheid.

2. <u>Die bevrediging van die ambivalente motiverings van vervreemding en konformering in die afwykende kollektiwiteit</u>

Die sosiale aard van die mens hou in dat hy die potensialiteite en die drang het om met ander mense saam te leef, maar ook om met andere op 'n <u>ordelike</u> wyse in groepe saam te leef,[5] dit wil sê om sy gedrag ooreenkomstig norme, wat deur andere aanvaar word te rig. Met verwysing na dieselfde voorbeeld wat in die voorgaande paragraaf gebruik is, kan nou gestel word dat ego in die afwykende kollektiwiteit waarin hy hom bevind, bevrediging verkry van die vervreemdende komponent van sy ambivalente motiveringstruktuur deurdat hy in die kollektiwiteit

---

1) Parsons. The social system, p.286.
2) Van Dijk, op. cit., p.10.
3) Du Toit et. al., op. cit., p.27-8.
4) Riesman et. al. The lonely crowd. A study of changing American character, p.38.
5) Roode, op. cit., p.88.

hom distansieer of vervreem van die norme wat vir die breër maatskaplike sisteem geld. Terselfdertyd egter, verkry hy ook bevrediging wat betref die ander komponent, naamlik dié van konformering, deur die norme wat in die afwykende kollektiwiteit geld te handhaaf. Samevattend stel Parsons dit dat „the most important point is the opportunity provided by the existence of a deviant collectivity for ego to be overtly alienative vis-à-vis the relevant parts of the institutionalized system and at the same time conformative vis-à-vis the expectations of fellow gang members."[1]

Met hierdie uiteensetting van Parsons se beskouing van die funksionering van motiveringselemente by indiwiduele, sowel as groepsafwykings word volstaan, aangesien dit veral hiermee was wat hy 'n verdere uitbouing gelewer het ten opsigte van vorme van afwykende gedrag wat kan voortspruit uit die disekwilibrium van die interaksiesisteem, dit wil sê die wanbalans wat ook in die inhoud en betekenis van anomie ingebed lê. Vervolgens word ten slotte 'n samevattende kritiese waardering gegee van die opvatting van Parsons binne die raamwerk van die geformuleerde anomieteorie.

## F. Samevatting en kritiese waardering

Die invloed van die Europese sosiologie waardeur die sosiologie van Amerika geleidelik gestuur is in die rigting van 'n sosiale psigologie,[2] is veral merkbaar in Parsons se beskouing dat psigiese faktore die dryfkragte in die maatskaplike lewe is. Die klem wat hy plaas op die funksionering van indiwiduele motiverings, as die meganismes wat aanleiding gee tot afwykende gedrag, is hiervan 'n duidelike voorbeeld. Hoewel hierdie stelling oënskynlik mag impliseer dat Parsons se beskouing 'n miskenning inhou van die rol wat maatskaplike faktore speel in die veroorsaking van afwykende gedrag, is die teendeel waar, en het sy implimentering van psigiese, sowel as maatskaplike faktore in die verklaring van afwykende gedrag 'n besondere bydrae en 'n hoogs aanvaarbare uiteensetting ten opsigte van die ontleding van die verskynsel van afwykende gedrag gelewer.

---

1) Parsons. The social system, p.286.
2) Bierens de Haan, op. cit., p.133.

Die beskouing van Parsons aangaande die rigtings wat afwykende gedrag kan volg, is 'n direkte uitvloeisel van die afwykingstipologie van Merton, soos hy self erken,[1] en verder is dit 'n herkonstatering van die raamwerk wat Merton geskets het, maar dan met die kwalifikasie dat Parsons dit besien vanuit die motiveringsoogpunt. Gesien in die lig dat Merton se uiteensetting wel in 'n mate kultuurgebonde is, en as gevolg van die konsolidering van Merton se algemene konsepsie met Parsons se opvatting van die funksionering van motiveringselemente, kan dit gestel word dat laasgenoemde se beskouing meer omvattend is, dit wil sê dat Parsons se beskouing die meer algemene beskouing is van die verskynsel van afwykende gedrag, waarvan Merton se konsepsie 'n spesifieke geval is. Dit ontkoppel Parsons se uiteensetting egter nie van die anomieteorie nie, aangesien ook hy afwykende gedrag sien as „die indiwidu se pogings om tot 'n 'oplossing' te kom ten opsigte van die stremmings wat voortdurend tussen norme (verwagtings) en doelstellings in die sisteem aanwesig is."[2] Binne die raamwerk van die anomieteorie het Parsons egter meer ter saaklike faktore betrek as wat Merton in sy strukturele benadering gedoen het, wat dan ook gelei het tot 'n meer gebalanseerde beskouing in die geval van Parsons.

Waar Merton se strukturele benadering in die verklaring van afwykende gedrag neig tot 'n eensydige of radikale sosiologiese verklaring, toon die benadering van Parsons 'n groter gebalanseerdheid en kom hy nader aan 'n „combined sociological and psychological understanding of social problems."[3] Hierdie gebalanseerdheid in sy interpretasie tree duidelik na vore in sy ontleding van gedrag in terme van die indiwiduele persoonlikheidsisteem, terwyl hy terselfdertyd ook die rol van die maatskaplike sisteem deeglik in berekening bring. Die gemotiveerde reaksies op 'n toestand van disekwilibrium van die interaksiesisteem, is van 'n sosiaal-psigologiese aard en werp lig op die motivering wat gedrag binne enige sisteem ten grondslag lê. Hiermee toon Parsons aan dat alle gedrag, dus ook afwykende gedrag, alleen begryp kan word wanneer dit geanaliseer word teen die agtergrond van die interaksiesisteem waarbinne dit voorkom.

---

1) Parsons. The social system, p.257.
2) Du Toit et. al., op. cit., p.28.
3) Timms, op. cit., p.3.

Terwyl Merton in gebreke bly om te wys op die rol en betekenis van interaksie in die bepaling van gedrag, is hierdie konsep sentraal in die beskouing van Parsons. Hiervolgens is afwykende gedrag net so 'n deel van die interaksiesisteem as wat nie-afwykende gedrag 'n deel daarvan is, en dit beteken dat afwykende gedrag nie betekenisvol ontleed kan word deur slegs na die patologiese of abnormale in die sisteem te soek nie, aangesien „the same strains which help to produce deviant behavior also help to produce the behavior we most admire and applaud...... In short, that which we deplore and that which we cherish are not only part of the same seamless webb; they are actually woven of the same fibres."[1] Die konklusie waartoe dus gekom moet word, is dat vanweë die klem wat hy plaas op die konsep van interaksie, afwykende gedrag vir Parsons nie 'n vorm van indiwiduele gedrag is nie, maar dat dit juis spruit uit die proses van interaksie tussen verskillende indiwidue in die interaksiesisteem. Afwykende gedrag, as die uiteindelike resultaat van die konflik wat tussen doelstellings en norme in die sisteem aanwesig is, is dus die resultaat van 'n proses en nie van 'n plotselinge en enkelvoudige gebeurtenis nie.

'n Verdere uitvloeisel van Parsons se konsepsie van afwykende gedrag as 'n nie-indiwiduele reaksiewyse, is waar te neem in sy beskouing van die ontstaan van afwykende kollektiwiteite en die rol wat dit speel in die motivering van afwykende gedrag, asook die funksie wat dit vir die afwykende vervul as 'n middel waardeur hy, ten spyte van sy afwyking en die gevolglike opheffing van normale verhoudinge, tog vervulling van sy natuurlike drang tot interaksie en konformering kan verkry. Hierdeur skets hy duidelik die proses waardeur afwykende indiwidue assosieer met ander persone wat ooreenstemmende gedragsafwykings toon, en op grond waarvan dan sub-kulture, dit wil sê kleinere kultuurgroepe met elk 'n eie en unieke kultuurpatroon, binne die groter kultuursisteem gevorm word. Hierdie bydrae van Parsons is veral belangrik vir 'n duidelike begrip van sekere vorme van afwykende gedrag wat in latere hoofstukke van hierdie navorsing binne die raamwerk van die anomieteorie ontleed sal word.

Die belangrikste kritiek teen die benadering van Parsons as geheel, is dat sy voluntaristiese handelingsteorie, waaruit ook sy tipologie van afwykende gedrag gekonstrueer is, te veel in hom opneem In hierdie verband word hy ook

---

1) Cohen aangehaal deur Du Toit et. al., op. cit., p.28.

deur Merton gekritiseer wanneer laasgenoemde van mening is dát die teorie van Parsons te omvangryk en deur te min feitemateriaal gestaaf is. Volgens Merton behoort die sosiologie met teorieë van 'n meer beperkte omvang te werk.[1)]

Benewens die bydrae wat Parsons gelewer het tot die uitbouing van die anomieteorie met die klem veral op die uitbouing van die afwykingstipologie na analogie van Merton se konstruksie, is daar ook ander skrywers wat in dié verband bydraes gelewer het. Aangesien Merton die herformuleerder van die teorie as sodanig is, word in die volgende hoofstuk ingegaan op die bydraes wat hierdie teoretici gelewer het as 'n direkte reaksie op en in aansluiting by die beskouing van Merton.

---

1) Merton. Social theory and social structure, p. 5-6; Hinkle & Hinkle, op. cit., p.67-9.

## HOOFSTUK 6

## DIE BYDRAES VAN ROBERT DUBIN EN RICHARD A. CLOWARD TOT DIE ANOMIETEORIE

### A. Inleiding

Die bydraes van Dubin en Cloward tot die teorie van die sosiale patologie en in besonder tot die anomieteorie, was nie oorspronklik nie, omdat hulle bydraes 'n direkte reaksie was op die stellings van Merton wat hy in verskillende geskrifte aangaande die verskynsel van anomie gemaak het. Hoewel hulle nie 'n nuwe inhoud aan die konsep gegee het nie, moet hierdie twee skrywers se bydrae as belangrik beskou word veral omdat hulle, in teenstelling met Merton, 'n meer gebalanseerde en aanvaarbare beskouing betreffende die determinante, dit wil sê veroorsakende faktore van afwykende gedrag as reaksie op die toestand van anomie handhaaf. Die bydraes van Dubin en Cloward lê nie in 'n herformulering van die anomieteorie as sodanig nie, maar wel in 'n herklassifikasie en uitbouing van die oorspronklike afwykingstipologie van Merton.

Hoewel hierdie skrywers op verskillende terreine binne die vakgebied belangrike bydraes gelewer het, word in hierdie hoofstuk alleen gelet op daardie teoretiese aspekte wat direk in verband staan met die tema van hierdie navorsing. Omdat hulle bydraes ook nie so uitgebreid is soos die van ander skrywers wat reeds behandel is nie, word die bydraes van Dubin en Cloward in 'n enkele hoofstuk saamgevat, ook vanweë hulle gebalanseerde opvatting van die probleem.

### B. Robert Dubin[1)]

In die ontleding van die afwykingstipologie van Merton het Dubin 'n tweeledige doel, nl. eerstens, om die teoretiese tipologie te toets wat betref interne logika en tweedens, om te bepaal in welke mate so 'n tipologie daarin slaag om daardie gedeelte van die realiteit wat dit poog om te verklaar, dui-

---

1) Dubin se bydrae is opgeneem in die artikel : Deviant behavior and social structure: Continuities in social theory. American sociological review, 24:147-64: 1959.

delik in 'n skematiese voorstelling saam te voeg. Deur 'n uitgebreide bespreking van die tipologie van Merton wys Dubin daarop dat dit die basis en vertrekpunt vorm vir die formulering van verdere uitbreiding en ontwikkeling van sosiologies tersaaklike teorieë. Dubin poog daarom dan om sekere wysigings in die tipologie van Merton aan te bring.

Om sy doelstellings te bereik, maak Dubin 'n gedetailleerde ontleding van Merton se afwykingstipologie waarin hy drie betekenisvolle onderskeidings aantoon en waarin hy ook dui op wat die teoretiese rol en inhoud van die afwykingstipologie behels.[1]

1. Uitbreiding van die afwykingstipologie

Die bydrae wat Dubin lewer tot die uitbreiding van Merton se afwykingstipologie kan saamgevat word deur vooraf kortliks te let op die onderskeidings wat deur Dubin beklemtoon word:

(a). Hy wys daarop dat Merton in die toepassing van sy tipologie 'n onderskeiding maak tussen sekere gedragsvorme, en dat aan hierdie onderskeiding nie sy regmatige plek in die tipologie self toegeken word nie. In die uiteensetting van innovasie verwys Merton onder andere daarna dat die persoon wat hierdie reaksiewyse as aanpassingsvorm manifesteer, aktief soek na alternatiewe institusionele middele in die plek van dié wat hy deur sy oortreding verwerp. Hierdie vorm van verwerping moet duidelik onderskei word van wat Dubin noem „simple rejection"[2] soos dit weerspieël word in, byvoorbeeld onttrekking. Uitgaande van hierdie onderskeiding is dit duidelik dat Dubin 'n ander vorm van verwerping in gedagte het as wat Merton in sy afwykingstipologie opgeneem het. Om hierdie onderskeiding duidelik te stel, gebruik Dubin die onderstaande teoretiese klassifikasieskema:

---

1) Dubin, op. cit., p.162-64.
2) Ibid., p.148.

FIGUUR 3

„Substantive Revision of Merton's Model
Based on His Own Discussion of It[1])

| Mode of adaptation | Cultural Goals | Institutionalized Means |
|---|---|---|
| Innovation | + | ± (-) * |
| Ritualism | - | + |
| Retreatism | - | - |
| Rebellion | ± | ± |

+ = acceptance.
- = rejection.
± = rejection and substitution (active rejection).
* Merton's entry in his original table."

1) Hierdie model is geneem uit Dubin, op cit., p.148.

(b) Die tweede wysiging wat Dubin aanbring in die tipologie van Merton is by wyse van 'n onderskeiding enersyds, tussen die waardes wat die seleksie van 'n bepaalde gedragsvorm bepaal en andersyds, die werklike gedrag van die akteur. Hierdeur brei hy die oorspronklike tipologie uit deurdat hy nou innovasie onderverdeel in gedragsinnovasie en waarde-innovasie. Op dieselfde wyse onderskei hy ook twee ooreenstemmende vorme van ritualisme. Hierdie uitbreiding toon Dubin aan in die volgende klassifikasieskema:

FIGUUR 4

„First Extension of the Merton Typology of Deviant Behavior[1]

| Mode of Adaptation | Cultural Goals | Institutionalized Means |
|---|---|---|
| Behavioral Innovation (Merton) | + | ± |
| Value Innovation | ± | + |
| Behavioral Ritualism (Merton) | - | + |
| Value Ritualism | + | - |
| Retreatism | - | - |
| Rebellion | ± | ± |

+ = acceptance.

- = rejection.

± = rejection and substitution (active rejection)".

1) Model geneem uit Dubin, op. cit., p.148.

(c). Die derde stap in die uitbreiding van die tipologie van Merton doen Dubin aan die hand van 'n onderskeiding tussen geïnstitusionaliseerde wyses waarop doelstellings bereik kan word, en die norme wat die grense van die geïnstitusionaliseerde wyses bepaal. „We can define norms as the boundaries between prescribed behaviors and proscribed behaviors in a particular institutional setting. Institutional norms set the limits between which the institutional means are prescribed - the limits of legitimate behaviors in a particular institution. Institutional means, in contrast, are the specific behaviors, prescribed or potential, that lie within the limits established by institutional norms. Institutional means are actual behaviors of people, the things they do in carrying out functions in the institutional setting in which they are acting."[1]

1) Dubin, op. cit., p.149; vgl. Turner. Value conflict in social disorganization. Sociology and social research, 38:301-8: 1954, vir die ooreenkoms met Dubin in hierdie verband.

Dubin se motivering van hierdie onderskeiding is duidelik, naamlik dat die geïnstitusionaliseerde norme die kulturele doelstellings van die breër samelewing word, en dat dit dan uiteindelik oorgedra word na die enkele instelling in die vorm van riglyne vir gedrag.[1] In hierdie verband beroep Dubin hom op die onderskeiding wat Parsons aantoon tussen die kulturele doelstellings van 'n kapitalistiese gemeenskap wat op verskillende wyses deur die professie en die besigheidsinstelling onderskeidelik gesien en gedefinieer word.[2]

Aan die hand van bogenoemde drie onderskeidings stel Dubin dan die volgende uitgebreide analitiese klassifikasieskema op as 'n teoretiese raamwerk van afwykende gedragsvorme.

FIGUUR 5

„A TYPOLOGY OF DEVIANT ADAPTATIONS IN SOCIAL ACTION[1]

| | Mode of attachment to —— | | |
|---|---|---|---|
| Type of Deviant Adaptation | Cultural Goals | Institutional Norms | Institutional Means |
| Behavioral Innovation | | | |
| Institutional Invention | + | ± | ± |
| Normative Invention | + | ± | + |
| Operating Invention | + | + | ± |
| Value Innovation | | | |
| Intellectual Invention | ± | + | + |
| Organization Invention | ± | ± | + |
| Social Movement | ± | + | ± |
| Behavioral Ritualism | | | |
| Levelling of Aspirations | - | + | + |
| Institutional Moralist | - | + | - |
| Organization Automaton | - | - | + |
| Value Ritualism | | | |
| Demagogue | + | - | - |
| Normative Opportunist | + | - | + |
| Means Opportunist | + | + | - |
| Retreatism | - | - | - |
| Rebellion | ± | ± | ± |

\+ = acceptance.
\- = rejection.
± = rejection and substitution (active rejection)."

1) Model geneem uit Dubin, op. cit., p.149.

1) Dubin, op. cit., p.148.
2) Parsons. The motivation of economic activities. Canadian journal of economics and political science, 6:187-203: 1940.

Hierdie analitiese klassifikasieskema, waarin innovasie en ritualisme as reaksiewyses onderverdeel word in bepaalde tipes, moet vervolgens in besonderhede geanaliseer word, aangesien daarin implisiet sekere betekenisvolle bydraes opgesluit is wat lig werp op die rol van indiwiduele motiverings wat sekere van hierdie gedragsvorme ten grondslag lê. Uit so 'n analise sal dit dan moontlik wees om die bydrae van Dubin tot die anomieteorie na waarde te oordeel.

## 2. Analise van Dubin se afwykingstipologie

### (a). Gedragsinnovasie („Behavioral Innovation")

Uitgaande van die idee dat Merton te eng of beperk is wat betref die gevolge van innovasie, naamlik dat hierdie wyse van aanpassing nie noodwendig disfunksioneel vir die gemeenskap hoef te wees nie, bespreek Dubin gedragsinnovasie in die konteks van maatskaplike verandering. Vir hom is gedragsinnovasie konstruktiewe en daarom funksionele uitvindings in die instelling waarbinne dit voorkom.

#### (i). Institusionele uitvindings („Institutional Invention")

Hierdie vorm van gedrag word weerspieël „when new standards of legitimacy come to be accepted, governing newly developed or formerly illegitimate behaviors."[1] 'n Nuwe instelling ontstaan dus wanneer nuwe norme of voorheen nie-geldende norme geldig word en die gedrag wat hieraan konformeer, realiseer. Op hierdie wyse dra die aanvanklike oortreding van norme, dit wil sê van aktiewe verwerping, dan by tot die uitvinding van nuwe praktyke wat dan die nuwe instelling vorm.

Ter illustrasie van institusionele uitvindings verwys Dubin na instellings in die bedryfslewe wat die gevolg was van aktiewe verwerping van geldende ge-

---

1) Dubin, op. cit., p.150.

bruike, bv. kollektiewe onderhandeling tussen bedryfsleiding en werknemers wat gelei het tot 'n nuwe praktyk waardeur werknemers mede-seggenskap verkry het in besluite aangaande interne bedryfsake.

(ii). <u>Normatiewe uitvindings</u> („Normative Invention")

Hierdie vorm van afwykende aanpassing „is characterized by the fact that new norms are introduced into an old institutional setting without changes in the institutional means being actively sought. The new norms are typically the consequence of changed conditions under which the institution operates. Responses to the new conditions necessitate the replacement of old norms by new."[1] Om hierdie vorm van innovasie te verduidelik gebruik Dubin o.a. die volgende baie duidelike voorbeeld: „The prevalence of automobiles in the United States and the very limited functional uses to which teen-agers licensed to drive could put cars led to the development of 'drag races', about which many youngsters became enthusiastic; but this development was viewed with alarm by many persons, who condemned drag racing as illegitimate behavior in operating cars. The initial response of civil authorities was to ban the activity, applying police sanctions against it. Sympathetic consideration by juvenile authorities led to the recognition of the play element in drag racing, and the consequent normative invention of a game to legitimize this dangerous pastime ......... Within the institution governing the operation of motor vehicles, then, a normative invention occured which gave to an already developed activity the moral sanction of legitimacy by surrounding it with an acceptable justification."[2]

1) Dubin, op. cit., p.151.
2) Ibid., p. 151-2.

(iii). Operatiewe uitvindings („Operating Invention")

Operatiewe uitvindings verwys na die realisering van potensiële gedragswyses, m.a.w. dit is uitvindings wat institusionele wyses van gedrag in die sin van potensiële gedragsvorme in 'n opererende werkende of geldende hoedanigheid laat realiseer. Per definisie omvat die geïnstitusionaliseerde wyses waarop doelstellings bereik kan word nie net die werklike gedrag van die indiwidue nie, maar ook alternatiewe of latente, dog potensiële gedragsvorme. Wanneer hierdie potensiële gedragsvorme dan realiseer, word operatiewe uitvindings weerspieël.

Ter illustrasie hiervan verwys Dubin o.a. na die vandalisme wat aangetref word by lede van jeugbendes. In sy verklaring van hierdie afwykende gedragsvorm verskil Dubin in 'n sekere mate van Cloward.[1] Dubin beweer naamlik dat die institusionele norme die verhoudinge van solidariteit en interne kompetisie van bendelede omvat, en dat binne die struktuur van die bende enige potensiële handelingswyse geregverdig is mits dit nie bots met die solidariteit en interne kompetisie nie. Vandalisme soos dit in hierdie bendes aangetref word, is vir Dubin bloot die realisering van potensiële gedragswyses waardeur die gees van kompetisie tot uiting kom en waardeur die solidariteit van die bende verstewig word. In hierdie sin is vandalisme 'n vorm van operatiewe uitvinding.

(b). Waarde-innovasie („Value Innovation")

Met waarde-innovasie verwys Dubin na die „selfconscious rejection of cultural goals and either institutional norms or institutional means and an active search for substitutes."[2] Implisiet word in hierdie omskrywing die groot trefkrag van innovasie gesuggereer - juis omdat dit innovasie op die vlak van waardes is. Daarom is waarde-innovasie by uitstek 'n faktor wat 'n belangrike plek inneem in die opset van maatskaplike verandering. Dubin skryf in hierdie verband: „Indeed, value innovation constitutes the arena of social change in

---

1) Cohen. Delinquent boys, p.25-6.
2) Dubin, op. cit., p.154.

which the 'big things' of a society are modified. The realm of value innovation is one in which new ideas, ideologies, and standards of right and wrong are introduced into the social system."[1] Uit verskillende omskrywings en beskrywings van die impak van waardes[2] op menslike gedrag en die samelewingsorde, kan afgelei word dat enige verandering in hierdie komponent van handeling en element van maatskaplike orde, verreikende gevolge sal hê ten opsigte van groepe van mense, hulle groepsgedrag, handelinge en gebeurtenisse, asook die probleme waarmee die mense gekonfronteer word, dit wil sê disorganisasie en al die implikasies daarvan.

Dubin wys egter daarop dat hierdie vorm van innovasie nie algemeen voorkom nie, en hy onderskei dan drie tipes van waarde-innovasie.

(i). Intellektuele uitvinding („Intellectual Invention")

Intellektuele uitvinding kom voor wanneer die kulturele doelstellings aktief verwerp word en wanneer 'n positiewe substituut-doelstelling in die plek daarvan gestel word. By wyse van verduideliking verwys Dubin na voorbeelde uit die geskiedenis waar nuwe doelstellings vir spesifieke instellings geformuleer is en wat terselfdertyd verband hou met die institusionele norme van die instellings. Omdat intellektuele uitvinding poog om die ideologie van 'n instelling te verander, ondervind die uitvinder aanvanklik teëkanting van die lede van die instelling, juis omdat dit in 'n intellektuele uitvinding gaan om „attacking the institution's most sacred feature."[3] Omdat gedrag binne die instelling nie so 'n „sacred feature" is nie, word gedragsinnovasie lateraan meer geredelik aanvaar as enige vorm van waarde-innovasie.

---

1) Dubin, op. cit., p.154.
2) Vgl. byvoorbeeld Gusfield. (Red.) Protest, reform and revolt, p.549-50; Munn. Psychology, p.149; Sprott. Social pathology. (In Fyvel. The frontiers of sociology, p.75.); Jeffreys. Personal values in the modern world, hfst.3; Mannheim. Diagnosis of our time, p.7,16,49-50,56,116,142; Krech et.al., op. cit., p.102, 349-51; Aubert. Sociology of law, p.267, 305, 306; Tiffin & McCormick. Industrial psychology, p.337; Roucek & Warren, op. cit., p.171, 180 ens.
3) Dubin, op. cit., p.155.

(ii). <u>Organisatoriese uitvinding</u> („Organization Invention")

Hierdie vorm van uitvinding kom voor wanneer kulturele doelstellings en institusionele norme vervang word deur nuwe doelstellings en norme wat dan geldend is vir die instelling. Hierdie nuwe doelstellings en norme lei dan noodwendig tot die tot standkoming van 'n nuwe organisasie. In hierdie verband verwys Dubin bv. na die tot standkoming van 'n selfstandige lugmag as organisasie binne die breër instelling van die militêre struktuur.[1]

(iii). <u>Sosiale bewegings</u> („Social Movements")

Sosiale bewegings as 'n vorm van waarde-innovasie word gekenmerk deur die aktiewe soeke na 'n nuwe kulturele doel en 'n verandering van die bestaande institusionele middele of wyses om die nuwe doelstelling te bereik binne die grense van die geïnstitusionaliseerde norme. Dubin gebruik in dié verband as voorbeeld die agitasie van die Negers vir gelyke regte wat die nuwe doelstelling van die Negers geword het. Die wyses waarop hierdie doelstelling bereik moet word, bv. gelyke stemreg, regverdige wetgewing t.o.v. indiensneming en industriepraktyke, ens., is direk gemik op 'n verandering in die bestaande institusionele wyses of middele binne die begrensing van die geldende norme.

In die bespreking van hierdie verskillende vorme van innovasie probeer Dubin veral die feit beklemtoon dat innovasie as sodanig nie noodwendig disfunksioneel vir die maatskaplike sisteem is nie, en hieruit is dit duidelik dat hy 'n meer neutrale inhoud aan die begrip „afwyking" koppel as wat Merton gedoen het.

(c). <u>Gedragsritualisme</u> („Behavioral Ritualism")

Ritualisme is vir Dubin 'n verwerping van bepaalde fasette van die maatskaplike sisteem sonder om alternatiewe in die plek daarvan te stel, maar terselfdertyd 'n krampagtige vashou aan die sisteem deur 'n oorkonformering aan ander sosiale en kulturele elemente. Ten opsigte van hierdie reaksiewyse onderskei Dubin weer drie vorme, te wete:

---

1) Vgl. Dubin, op. cit., p.155-6.

(i). Nivellering van aspirasies („Levelling of Aspirations")

Hierdie vorm van gedragsritualisme stem ooreen met Merton se konsep van ritualisme, naamlik 'n oorbeklemtoning van kulturele norme. Ten opsigte hiervan wend Dubin geen poging aan om enige verandering aan te bring nie.

(ii). Institusionele moralis („Institutional Moralist")

Die gedrag van die institusionele moralis word gekenmerk deur 'n oorkonformering aan die norme van die instelling wat hy dan op allerlei wyses probeer afdwing. Hoewel Dubin dit nie so stel nie, is die institusionele moralis se gedrag in terme van Parsons se konsepsie aktief konformerend met die fokus van die handeling gerig op die norme van die instelling.[1)]

(iii). Organisasie-outomaat („Organization Automaton")

Hierdie tipe persoon se afwykende gedrag word daarin weerspieël dat hy oorkonformeer aan die institusionele wyses of middele terwyl die kulturele doelstellings en geïnstitusionaliseerde norme a.g.v. genoemde oorkonformering verwerp word. „This is the man in industry who does everything 'by the book', the barracks room lawyer whose text is Army Regulations, the governmental bureaucrat for whom the beginning and end of all action are 'the regulations', and the religious adherent for whom the ceremonies are the true content of piety."[2)]

(d). Waarde-ritualisme („Value Ritualism")

Die waarde-ritualis se gedrag word gekenmerk deur sy aanvaarding en oorbeklemtoning van die waardes in die betekenis van kulturele doelstellings, terwyl hy op opportunistiese wyse òf die geïnstitusionaliseerde norme òf die institusionele middele òf albei verwerp. Oënskynlik kom die waarde-ritualis voor as 'n moralis, maar in werklikheid is sy moralisering niks anders nie as 'n verwerping van institusionele verwagtinge. In hierdie verband onderskei Dubin weer drie tipes.

---

1) Kyk hfst. 5.
2) Dubin, op. cit., p. 158.

(i). <u>Volksredenaar</u> („Demagogue")

Die volksredenaar of demagoog beklemtoon die geloof in sy gemeenskap se kulturele doelstellings, en hy maak hierdie doelstellings die fokuspunt van die belangstelling sonder inagneming daarvan dat hierdie doelstellings in konflik kan staan met die norme van spesifieke instellings. Vir die volksredenaar moet die kulturele doelstellings prioriteit geniet bo enige norme of middele en daarom is vir hom enige handeling deur middel waarvan die doelstellings bereik kan word geregverdig. Hoewel Dubin nie daarna verwys nie, sal die spreekwoordelike Machiavelliaanse houding hier as voorbeeld kan dien, naamlik dié van 'n gewetenlose konkelaar vir wie die doel alle middele heilig.

(ii). <u>Norm-opportunis</u> („Normative Opportunist")

Die norm-opportunis is 'n persoon wat a.g.v. die druk van 'n situasie tydelik die geïnstitusionaliseerde norme sal verwerp om sodoende die doelstelling te bereik. Hierdie verwerping is duidelik opportunisties en nadat die doelstelling bereik is, of die krisissituasie opgelos is, kan hierdie norm-opportunis weer konformeer aan die geldende norme wat aanvanklik deur hom verwerp is.

(iii). <u>Middele-opportunis</u> („Means Opportunist")

Op dieselfde wyse as die norm-opportunis sal die middele-opportunis op die gepaste oomblik die institusionele middele verwerp om die doelstelling te bereik. Dubin wys daarop dat hoewel hierdie verwerping gerasionaliseer word, dit dikwels die gevolg is van 'n inherente onvermoë om deur institusionele norme die doelstellings te bereik.

(e). <u>Onttrekking en rebellie</u>

In sy ontleding en kritiese beskouing van Merton se afwykingstipologie bring Dubin t.o.v. hierdie twee vorme van afwykende aanpassing geen veranderinge aan nie.

3. Kritiese waardering

Hoewel in die meeste werke wat handel oor die anomieteorie kortliks verwys word na die bydrae van Dubin in hierdie verband, en met erkenning dat hierdie bydrae van Dubin nie bo enige kritiek staan nie, is skrywer die mening toegedaan dat Dubin se bydrae nie 'n regmatige plek toegeken word in die bestaande oorsigte aangaande die ontwikkeling van die anomieteorie nie. In 'n artikel[1] waarin Merton antwoord op die kritiek van o.a. Dubin, verwys eg. wel na sekere bydraes wat Dubin in verband met die afwykingstipologie gemaak het, maar sekere belangrike implikasies van Dubin se stellings word oor die hoof gesien.

Met sy uitgebreide afwykingstipologie maak Dubin hom skuldig aan sekere teenstrydighede,bv. sy onderskeiding tussen geïnstitusionaliseerde norme en die werklike gedrag van akteurs. In werklikheid onderskei Dubin nie hier tussen norme en gedrag nie, maar wel tussen gedrag en die houding van die akteur teenoor die norme. Hoewel dit 'n teenstrydigheid is, lê implisiet juis hierin 'n positiewe bydrae en wel in die sin dat Dubin hier raak aan die motivering van die akteur om aan die norm te konformeer al dan nie. Hiermee probeer hy gedrag ook in terme van die rol van die indiwiduele persoonlikheid verklaar.

Oor die algemeen beskou, blyk dat die uitgangspunt van Dubin nl., dat afwyking ook funksioneel, dit wil sê positief kan wees vir die samelewing, hom daartoe lei dat hy in sy tipologie eerder 'n bydrae lewer tot 'n uitbreiding van 'n klassifikasieskema van konformiteit. Hy slaag ook nie daarin om aan te toon watter rol die spesifieke posisie van die akteur in die instelling speel in die veroorsaking van 'n spesifieke gedragsvorm nie. In die aanwending van sy afwykingstipologie verklaar hy soms ook nie tipes van afwykende gedrag nie, maar wys hy op die groepsreaksies teen die afwykende vorme van gedrag.

Waar Merton probeer om sosiaal-kulturele toestande wat lei tot afwyking te isoleer, is Dubin meer bedag daarop om subtipes van sosiaal-afwykende aanpassings te formuleer. Dit lei dan noodwendig daartoe dat hy geen aandag skenk aan die omvang van afwykende gedrag en die gedifferensieerde verspreiding daarvan nie.

---

1) Merton. Social conformity, deviation, and opportunity structures, p.177-89.

## C. Richard A. Cloward[1]

Hoewel Cloward nie so 'n uitgebreide herklassifisering van afwykende gedragsvorme maak soos Dubin nie, en meer konsentreer op die proses van afwyking as gevolg van die toestand van anomie, is sy bydrae nietemin 'n reaksie op en uitbouing van die konsepsie van Merton.

Die bydrae van Cloward is bereik deurdat hy die anomieteorie en die teorie van kultuuroordrag en differensiële assosiasie[2] as teorieë van afwykende gedrag gekonsolideer het tot 'n meer omvattende en insiggewende verklaring van afwykende gedrag.

Hy bereik die doelstelling van konsolidering van verskillende teorieë wat implisiet 'n uitbreiding van die oorspronklike afwykingstipologie behels, deur die bekendstelling van twee begrippe wat hy noem „illegitimate means" en „double failure".[3]

### 1. Ongeoorloofde middele

Om hierdie begrip van Cloward in die regte sosiologiese perspektief te plaas, is dit nodig om kortliks te let op Merton se siening van die gedifferensieerde verspreiding van afwykende gedragsvorme. Hy beweer naamlik dat innovasie en ritualisme in die lae- en middelklas van die sosiale stratifikasiestelsel respektiewelik voorkom. Dit moet toegeskryf word aan differensiële beklemtonings in die proses van sosialisering. In die middelklas word die belangrikheid van konformering aan die reëls of norme sterk geaksentueer met die gevolg dat die indiwidu geleer word om d.m.v. ritualistiese gedragsvorme 'n reaksie op te bou teen die toestand van anomie om spanningstoestande die hoof te bied. In teenstelling hiermee het die indiwidu in die laeklas minder bindende norme geïnternaliseer en

---

1) Cloward se bydrae is hoofsaaklik opgeneem in die artikel Illegitimate means, anomie, and deviant behavior. American sociological review, 24:164-76:1959.
2) Die teorie van kultuuroordrag en differensiële assosiasie as teorie van afwykende gedrag, veral met betrekking tot misdaad, is inisieer deur verskillende skrywers. Vgl. onder andere Shaw. The jack-roller; Shaw. The natural history of a delinquent career; Wolfgang et.al. The sociology of crime and delinquency; Shaw & McKay. Juvenile delinquency and urban areas; Sutherland. The professional thief; Sutherland & Cressey. Principles of criminology; Sutherland. White collar crime, ensovoorts.
3) Die begrippe „illegitimate means" en „double failure" word in hierdie studie vry vertaal met „ongeoorloofde middele" en „dubbele mislukking", respektiewelik.

daarom kan hy norme makliker oortree met minder angs en skuldgevoelens.[1] Uit hierdie verklaring van die gedifferensieerde voorkoms van afwykende gedrag by die genoemde twee strukture, naamlik die lae- en middelklas, is dit duidelik dat waardes ten nouste verband hou met die keuse van afwykende gedrag. Enersyds oefen dit 'n kanaliserende invloed uit, en andersyds plaas dit 'n beperking op die keuse van die vorme van afwykende aanpassing vir persone in verskillende strukture en posisies in die maatskaplike sisteem.

Cloward gaan in sy verklaring egter nog 'n stap verder as hy beweer dat benewens die druk van die sosiale struktuur en die rol wat waardes speel 'n verdere veranderlike in berekening gebring moet word wanneer die gedifferensieerde verspreiding van afwykende gedragsvorme begryp wil word, nl. „differentials in availability of illegitimate means."[2] Met ongeoorloofde middele[3] verwys hy dan na daardie middele wat deur die mores, met ander woorde, die bindende gebruike en tradisies van 'n gemeenskap verbied word.[4]

Uit Merton se konsepsie van innovasie kan afgelei word dat die indiwidu, wanneer hy nie die kulturele doelstelling met die aanwending van die geoorloofde middele kan bereik nie, beskik oor 'n keuse van alle beskikbare ongeoorloofde middele aangesien hierdie middele almal vir hom toeganklik en effektief is. Hierteenoor stel Cloward dit dat afgesien van die rol van waardes en die posisie van die indiwidu in die maatskaplike sisteem, hierdie ongeoorloofde middele waarvan gebruik gemaak kan word, beskik oor die eienskap van gedifferensieerde toeganklikheid. Sutherland het ook op hierdie gedifferensieerde toeganklikheid van ongeoorloofde middele gesinspeel, maar het nie hierdie verandelike eksplisiet geïnkorporeer in sy teorie van professionele misdaad nie.[5]

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.151.
2) Cloward, op. cit., p.167.
3) Ongeoorloofde middele sluit ook onwettige middele („illegal means") in, maar aangesien onwettige middele alleen verwys na die oortreding van gelegitimeerde norme gebruik Cloward die begrip „ongeoorloofde middele" wanneer verwys word na die wyer omvang van afwykende gedrag, m.a.w. dit sluit alle middele in wat deur die gemeenskap as onwenslik beskou word.
4) Vgl. bv. Sumner. Folkways: A study of the sociological importance of usages, manners, customs, mores, and morals, hfst.1.
5) Vgl. bv. Sutherland. The professional thief, p.211-13.

Die kern van hierdie konsepsie van Cloward kom dus daarop neer dat op dieselfde wyse waarop die toeganklikheid van geoorloofde middele bepaal word, word ook die toeganklikheid tot die ongeoorloofde middele bepaal, nl. dat hulle op dieselfde wyse beperk is, en dat hulle toeganklikheid relevant is tot die posisie van die indiwidu in die maatskaplike sisteem. Wanneer hierdie middele met behulp waarvan doelstellings gerealiseer kan word wel toeganklik is, impliseer dit vir Cloward dat „first, there are appropriate learning environments for the acquisition of the values and skills associated with the performance of a particular role; and second, that the individual has opportunities to discharge the role once he has been prepared."[1] Vir die toeganklikheid tot middele stel hy dus die vereiste van die bestaan van twee strukture, nl. „learning structures and opportunity structures".[2]

(a). Aanleerstrukture

Cloward pas hierdie konsep van hom veral toe op misdaad as vorm van afwykende gedrag, en by die bespreking van hierdie strukture gaan hy in hoofsaak uit van die hipotese van die teorie van differensiële assosiasie as oorsaak van misdaad. Hierdie uitgangspunt kom daarop neer dat die inhoud van dit wat in assosiasie met kriminele gedrag aangeleer word, verskil daarvan wat in assosiasie met nie-kriminele gedragspatrone aangeleer word, en dat die aanleer van kriminele gedragspatrone die oorsaak is van die verskynsel van misdaad. Die hipotese word baie duidelik gestel in die woorde van Sutherland en Cressey: „When persons become criminal they do so because of contacts with criminal behavior patterns and also because of isolation from anticriminal patterns."[3]

---

1) Cloward, op. cit., p.168.
2) Ibid., p.168. Hierdie begrippe word vry vertaal met „aanleerstrukture" en „geleentheidstrukture", respektiewelik.
3) Sutherland & Cressey, op. cit., p.77. Hierdie hipotese is gestaaf deur verskeie empiriese ondersoeke. Vgl. byvoorbeeld Eynon & Reckless. Companionship at delinquent onset. Report on the causes of crime. Government Printing Office, Washington, II, 1931, p.195-6; Glueck & Glueck. Delinquents in the making p.89; Glueck & Glueck. Unraveling juvenile delinquency, p.100; Glueck & Glueck. Five hundred criminal careers, p.152; Healy & Bronner. New light on delinquency and its treatment, p.52. Glueck & Glueck. One thousand juvenile delinquents, p.100.

In hierdie verband word die feit genoem dat 'n indiwidu deur differensiële assosiasie voorberei is vir 'n spesifieke rol wat egter geen waarborg is dat hy hierdie rol uiteindelik sal kan vervul nie. As motivering vir hierdie stelling word Cloward[1] weer aangehaal: „For one thing, more youngsters may be recruited into these patterns of differential association than can be possibly absorbed, following their 'training' by the adult criminal structure. There may be a surplus of contenders for these elite positions, leading in turn to the necessity for criteria and mechanisms of selection. Hence a certain proportion of those who aspire may not be permitted to engage in the behavior for which they have been prepared." Die realisering van die rol waarvoor iemand voorberei is deur die proses van differensiële assosiasie, sal dus afhang van die beskikbare geleenthede.

(b). Geleentheidstrukture

Die onderskeiding tussen die aanleer van gedragspatrone en die realisering daarvan is ook reeds deur Sutherland aangeraak toe hy beweer het dat „criminal behavior is partially a function of opportunities to commit specific classes of crimes."[2] Met die term „opportunities" verwys Sutherland hier skynbaar na beide die aanleerstrukture en geleentheidstrukture. Die geleentheidstruktuur moet gesien word as 'n struktuur waarbinne aan die indiwidu deur wie die spesifieke gedragspatroon reeds aangeleer is geleenthede gebied word om die aangeleerde gedragspatroon te realiseer. Met verwysing na normale gedrag in 'n spesifieke geleentheidstruktuur gebruik Cloward die volgende voorbeeld om die geleentheidstruktuur te skets: „Formal training itself is not sufficient for occupational success, for many forces intervene to determine who shall succeed and fail in the competitive world of business and industry - as throughout the entire conventional structure."[3]

Die onderskeiding wat Cloward maak tussen die bogenoemde twee strukture is op sigself reeds insiggewend, maar om dit aan te wend in die verklaring van die

1) Cloward, op. cit., p.168.
2) Cohen et. al. The Sutherland papers, p.31.
3) Cloward, op. cit., p. 169.

gedifferensieerde vorme van afwyking as 'n reaksie op 'n toestand van anomie, moes hy verder wys op die differensiële toeganklikheid tot aanleerstrukture, asook op determinante wat die moontlikheid van die vervulling van die aangeleerde rolle differensieel beperk. Dit was veral met hierdie verdere stap van hom dat Cloward die teorie van differensiële assosiasie, dit wil sê die proses waardeur die individu deur assosiasie met gedragsafwykendes die nie-aanvaarbare norme aanleer, asook die teorie van kultuuroordrag, wat hiermee saamhang en wat dui op die oordraging van die wyses van gedrag (kultuur) van een groep na 'n ander binne die raamwerk van die anomieteorie geplaas het.

2. Die gedifferensieerde beskikbaarheid van ongeoorloofde middele en die vorming van subkulture

Die opvatting van ongeoorloofde middele en die differensiële toeganklikheid daartoe is nie uitdruklik erken in die werke van persone soos Shaw en McKay nie, omdat hulle die oorsake van misdadige gedrag soek in gedisorganiseerde toestande van areas waarbinne hierdie tipe van gedrag hoofsaaklik gekonsentreer is. In hierdie studies kom hulle tot die konklusie dat veral jeugmisdaad gekonsentreer is in sekere areas, en dat nieteenstaande demografiese veranderinge, dit wil sê veranderinge in die bevolkingsamestelling van hierdie areas, die spesifieke gedragswyse nog bly voortbestaan.[1]

In teenstelling met hierdie siening van disorganisasie van bepaalde areas waarin misdaad konsentreer, is Sutherland die mening toegedaan dat sosiale disorganisasie in hierdie verband „tended to obscure the stable patterns of interaction among cariers of criminal values."[2] Daarom verwerp Sutherland dan ook die opvatting van sosiale disorganisasie soos dit deur Shaw en McKay gebruik is en vervang dit met die differensiële groeporganisasie. Vir hom is die toestande van sekere areas wel gedisorganiseerd, maar dan alleen vanuit etiese of ander bepaalde oogpunte beskou. M.a.w. disorganisasie in terme van Sutherland se beskouing wys nie op losse en ongeorganiseerde wisselwerking binne die spesifieke areas nie,

1) Shaw. Delinquency areas, hfst. 16.
2) Cloward, op. cit., p.170. Kursivering nie oorspronklik.

aangesien die verhoudinge binne hierdie areas, hoewel verskillend van verhoudinge binne ander areas wel georganiseerd is, dus, gedifferensieerd georganiseerd, en as sodanig vorm dit 'n aanleerstruktuur of -milieu vir afwykende waardes en tegnieke.

Met hierdie beskouing het Sutherland reeds geraak aan die idee van die differensiële toeganklikheid en beskikbaarheid van ongeoorloofde middele. Hierop het Whyte[1] uitgebrei en 'n belangrike bydrae gelewer deurdat hy wys op die integrasie van mense wat afwykende en konvensionele rolle vervul, m.a.w. dat binne die area nie twee sisteme, nl. 'n konvensionele en 'n afwykende tipe isoleerbaar is nie.

Die konsepsie is verder ook verwerk deur Kobrin[2] wie se besondere bydrae daarin bestaan dat hy duidelik aantoon dat onwettige („illegal") geleentheidstrukture in die laer maatskaplike klasse eers ontstaan wanneer daar 'n mate van integrasie en akkommodasie bestaan tussen rolvervullers van konvensionele en afwykende rolle. Wanneer hierdie twee onderskeibare sisteme in konflik is, kan geleenthede vir 'n stabiele kriminele rolvervulling nie ontstaan nie, aangesien hierdie rolle dan tot 'n hoë mate ontoeganklik sal wees.

Benewens hierdie beperkinge op die toeganklikheid tot ongeoorloofde middele noem Cloward ook nog ander faktore wat 'n rol speel by die differensiële beskikbaarheid en toeganklikheid tot hierdie middele.[3] Hy kom tot die slotsom dat die belangrikste faktor in hierdie verband te vinde is in klassedifferensiasie. Sy redenasie is dat ander faktore relevant is tot klassedifferensiasie en dan veral m.b.t. die laeklas. Uit die voorbeeld wat hy noem, moet afgelei word dat hy die laeklas sien as die area waarin misdaad as verskynsel hoofsaaklik konsentreer. Dit skryf hy toe aan die aanleerstrukture binne hierdie klas waardeur die indiwidu by wyse van differensiële assosiasie afwykende rolle aanleer en die bestaan van geleentheidstrukture deur middel waarvan die rolle vervul kan word. Die ongeoorloofde middele binne hierdie klas is vir lede van ander

---

1) Whyte. Street corner society, p.viii.
2) Kobrin. The conflict of values in delinquency areas. <u>American sociological review</u>, 16:653-62:1951.
3) Cloward, op. cit., p.172-3.

klasse dus ontoeganklik. Cloward wys egter ook op die rol van die sg. „white collar" misdadiger wat in die hoër maatskaplike klasse voorkom; hiermee erken hy dan dat sommige misdadigersrolle weer toeganklik is vir mense uit ander maatskaplike klasse as net die laeklas.

Deur die aanleer van die ongeoorloofde middele in die spesifieke aanleerstruktuur en die vervulling van rolle in die geleentheidstruktuur word dan subkulture gevorm, byvoorbeeld misdaadbendes, en die gedragspatrone van hierdie subkulture word op 'n besondere wyse, nl. differensiële assosiasie, binne die subkultuur aangeleer en van geslag tot geslag oorgedra.

### 3. Die toepassing van die teorieë van kultuuroordrag, differensiële assosiasie en anomie

Met verwysing na die teorie van kultuuroordrag, differensiële assosiasie en die teorie van anomie skryf Cloward: „Our analysis makes it clear that these traditions are oriented to different aspects of the same problem: differentials in access to opportunities. One tradition focusses on legitimate opportunity, the other on illegitimate."[1] Met die toepassing van hierdie teorieë probeer Cloward vervolgens om die opvatting van toeganklikheid tot ongeoorloofde middele te inkorporeer by die anomieteorie, en om sodoende hierdie teorieë te konsolideer tot 'n meer doeltreffende teorie van afwykende gedrag. Dit doen hy by wyse van 'n bespreking van die gedifferensieerde verspreiding van misdadige gedrag en onttrekking as 'n afwykende wyse van aanpassing.

#### (a). Die gedifferensieerde verspreiding van misdaad

Uitgaande van die hipotese van Merton dat in die laer strata meer druk uitgeoefen word in die rigting van afwyking en dat a.g.v. die strukturele onverenigbaarheid in die laer strata die omvang van afwykende gedrag in hierdie strata groot is,[2] gaan Cloward vanuit 'n suiwer teoretiese perspektief in op die verhouding van die korrelasies van Merton se hipotese. Hiermee ontstaan

---

1) Cloward, op. cit., p.173.
2) Merton. Social theory and social structure, p.144-5.

die vraag of hierdie korrelasie tussen afwyking en sosiale strata konstant is, en of dit varieeer afhangende van die verspreiding van die toeganklikheid tot ongeoorloofde middelele. As antwoord op hierdie vraag voorsien hy drie moontlikhede, nl. dat toeganklikheid tot ongeoorloofde middele op gelykmatige wyse versprei is deur die totale klassestruktuur; dat toeganklikheid in omgekeerde sin varieer m.b.t. klasposisie; en dat toeganklikheid direk varieer m.b.t. klasposisie.[1]

Hoewel Cloward die realiteit van differensiële toeganklikheid tot ongeoorloofde middele onderskryf, kom hy tot die slotsom dat die hipotese van Merton a.g.v. die gebrek aan toepaslike empiriese data ten tye van sy skrywe nog bewys moet word, alvorens meer duidelikheid verkry kan word aangaande die rol van differensiële toeganklikheid tot ongeoorloofde middele in die verspreiding van misdaad in die klassestruktuur. Hy wys egter daarop dat hierdie opvatting aangewend kan word vir die verklaring van die differensiële misdaadkoers of die tempo by verskillende etniese groepe, ouderdomsgroepe, religieuse groepe en t.o.v. verskillende geslagte.[2]

(b). Onttrekking as dubbele mislukking

Met verwysing na die toeganklikheid van geoorloofde sowel as ongeoorloofde middele poog Cloward ook om te wys op sekere determinante wat lei tot verskillende afwykende gedragsvorme soos uiteengesit in die afwykingstipologie van Merton. In hierdie verband gebruik hy veral die voorbeeld van onttrekking as reaksie op anomie waardeur hy enersyds 'n bydrae lewer tot die beter insig ten opsigte van afwykende gedrag as proses, en andersyds 'n duideliker uiteensetting gee van onttrekking in die besonder.

Uit Merton se beskrywing van die proses van onttrekking[3] is dit duidelik dat die onttrekker gekenmerk word deur 'n interne dwangmatigheid om byvoorbeeld by die ontoeganklikheid van geoorloofde middele tog nie van ongeoorloofde middele gebruik te maak nie. Hierdie interne dwangmatigheid is in terme van Merton se beskouing die beslissende element wat lei tot onttrekking as aan-

---

1) Cloward, op. cit., p.174.
2) Ibid., p.174-5.
3) Merton. Social theory and social structure, p.153-4.

passingsvorm, want sou hierdie element nie aanwesig wees nie, sou die proses van onttrekking soos Merton dit omskryf, uitloop op innovasie. Hierdie stelling het egter die implikasie dat „the individual uninhibited in the use of illegitimate means becomes an innovater and presupposes that successful innovation is only a matter of motivation."[1]

Die opvatting van toeganklikheid tot middele impliseer egter dat hierdie interne dwangmatigheid nie noodwendig aanwesig hoef te wees nie, m.a.w. dat onttrekking wel moontlik is selfs in die afwesigheid van die geïnternaliseerde verbod op die aanwending van ongeoorloofde middele, waardeur die volgende proses dan ontstaan: „If illegitimate means are unavailable, if efforts at innovation fail, then retreatist adaptations may still be the consequence, and the 'escape' mechanisms chosen by the defeated individual may perhaps be all the more deviant because of his 'double failure'."[2]

Hoewel Merton nie spesifiek aandui in welke maatskaplike klas hierdie vorm van aanpassing hoofsaaklik voorkom nie, kan by implikasie van wat hy geskryf het aangaande die inhoud van die sosialiseringsproses by verskillende klasse[3] afgelei word dat dit 'n vorm van aanpassing is wat hoofsaaklik by die hoër klasse sal voorkom. Die feit dat onttrekking egter dikwels by mense uit die laeklas voorkom,[4] is 'n verdere bewys daarvan dat die interne dwangmatigheid nie 'n bepalende faktor vir hierdie vorm van aanpassing hoef te wees nie. Hierdeur kan Merton se beskouing egter nie sondermeer verwerp word nie en Cloward sintetiseer sy eie siening met dié van Merton soos volg: „The process described by Merton may be somewhat more characteristic of higher positions in the social structure where rule-oriented socialization is typical, while in the lower strata retreatism may tend more often to be the consequence of unsuccessful attempts at innovation."[5] Hiermee beskryf Cloward die oorsaak van onttrekking, soos dit in verskillende maatskaplike klasse voorkom duideliker as Merton. Hierdie aanpassingswyse, volgens Merton se beskrywing daarvan, is bloot 'n onttrekking aan die kulturele doelstellings en norme wat die gevolg is van die ontoeganklikheid tot die norme en die dwangmatigheid wat by indiwidue bestaan om nie van onaanvaarbare norme gebruik te maak ter bereiking van hulle doelstellings nie. Die dwangmatigheid in hierdie optrede spruit voort uit die

---

1) Cloward, op. cit., p.175.
2) Ibid., p.175.
3) Merton. Social theory and social structure, p. 151.
4) Cloward, op. cit., p.176.
5) Ibid., p.176.

aard van die sosialiseringsproses van die hoër klasse, waarin die klem gelê word op konformering aan die geldende en aanvaarde norme, dit wil sê die aard van die sosialiseringsproses is by hierdie klasse norm-georiënteerd. In die laer klasse egter, is onttrekking volgens Cloward se uiteensetting, die gevolg van 'n dubbele mislukking: eerstens, die mislukking om aan die aanvaarde norme te konformeer, aangesien hierdie norme ontoeganklik gevind word, en 'n poging om van nie-aanvaarde norme gebruik te maak ten einde die kulturele doelstelling te bereik; en tweedens, 'n onvermoë om aan die nie-aanvaarbare norme te konformeer, as gevolg van die afwesigheid van aanleer- en geleentheidstrukture. Dit impliseer dan dat in die laer klasse die klem nie so pertinent op die konformering aan die aanvaarbare norme gelê word nie, maar dat die sosialiseringsproses in hierdie klasse tot 'n mate voorsiening maak vir die moontlike aanwending van nie-aanvaarbare norme.

## 4. Kritiese waardering

In teenstelling met Dubin vir wie dit veral gaan om die formulering van subtipes van afwykende gedrag, met ander woorde bepaalde konkrete of empiriese vorme van afwykende gedrag, spits Cloward hom veral daarop toe om die oorsake van afwykende gedrag te bepaal, en dit bring hom dan by die kern van die teorie van anomie en afwykende gedrag, naamlik die isolering van faktore wat kan meehelp tot die „comparison of rates of deviance."[1] Dit bereik hy dan veral deur differensiële toeganklikheid tot ongeoorloofde of onaanvaarbare norme as 'n uitbouing van die hipotese van Merton, naamlik dat sosiale strukture 'n bepaalde druk op sommige mense uitoefen, sodat hulle hulle skuldig maak aan afwykende gedrag. Met hierdie konsepsie en die ontleding daarvan binne die raamwerk van die funksionering van die aanleer- en geleentheidstrukture, is hy ook veel duideliker as Merton wat betref die rol wat die posisie van die indiwidu in die sosiale struktuur speel in die veroorsaking van afwykende gedrag.

'n Verdere belangrike bydrae van Cloward is naamlik die hipotese van dubbele mislukking waardeur hy, afgesien van 'n duideliker verklaring van onttrekking

---

1) Merton. Social conformity, deviation, and opportunity structures, p. 187.

die klem meer laat val op afwyking as 'n proses, dit wil sê die gevolg van 'n situasie van disekwilibrium van die sisteem, en nie as 'n plotselinge reaksie op 'n enkelvoudige gebeurtenis of 'n toestand nie. Ook kan hierdie bydrae nie losgemaak word van sy beskouing van assosiasie as die proses waardeur gedragspatrone aangeleer word nie. Tewens, die basis of vertrekpunt in die lig waarvan die hele benadering van Cloward gesien moet word, is juis dat alle gedrag, dus ook afwykende gedrag, deur die proses van assosiasie, dit wil sê deur interaksie met ander persone, aangeleer word. Binne die raamwerk van die anomieteorie sien hy dan die verskillende reaksiewyses wat spruit uit 'n toestand van anomie, as die gevolg van die indiwidu se assosiasie met ander persone, deur wie 'n bepaalde reaksiewyse openbaar word in bepaalde aanleerstrukture, terwyl sekere geleentheidstrukture aan die indiwidu die moontlikhede of geleenthede bied om sy aangeleerde afwykende gedrag te manifesteer. Deur die teorie van differensiële assosiasie en kultuuroordrag te konsolideer met die anomieteorie, slaag hy daarin om twee belangrike teorieë van die sosiale patologie saam te voeg tot 'n meer omvattende en duideliker teorie van afwykende gedrag.

Soos die ander skrywers wat voor Cloward in hierdie navorsing behandel is, sien ook hy anomie as 'n toestand van die maatskaplike struktuur waarop mense verskillend kan reageer, en as sodanig is die anomieteorie nie omvattend genoeg nie.[1] Met volle erkenning van die besondere inhoud van hierdie teorie en die betekenis van die arbeid wat op hierdie terrein dusver vermag is, bestaan daar tog sekere leemtes in die huidige opset van die anomieteorie wat verdere toeligting en behandeling vereis.

Uitgaande van die stelling van Merton dat „the comparison of rates of deviance is of course at the core of any theory of anomie and deviant behavior",[2] word in die volgende afdeling van hierdie navorsing gepoog om die huidige opset van hierdie teorie te koppel aan die proses van maatskaplike verandering. Hiermee sal dan aangetoon word dat die toestand van anomie deur die proses van verandering graadverskille kan toon, en dat dit belangrike implikasies kan hê op die aard, omvang, ensovoorts van sosiaal-patologiese verskynsels wat die gevolg van anomie is.

---

1) In die volgende hoofstuk word gewys op hierdie leemte in die anomieteorie.
2) Merton. Social conformity, deviance, and opportunity structures, p.187.

# DEEL III

# 'N KRITIESE ONTLEDING EN TOEPASSING VAN DIE ANOMIETEORIE

## HOOFSTUK 7

## DIE UITEENSETTING VAN ANOMIE AS TOESTAND EN PROSES

### A. Inleiding

Uit die beskrywing van die anomieteorie soos dit dusver volgens die beskouings van die geselekteerde skrywers uiteengesit is, blyk dit duidelik dat anomie verwys na ꞌn bepaalde toestand van die maatskaplike orde en dat hierdie toestand kan lei tot verskillende vorme van afwykende gedrag en sosiaal-patologiese verskynsels. As sodanig verteenwoordig die anomieteorie die kerngedagte van die struktuurbenadering in die verklaring van afwykende gedrag, nl. dat daar in die maatskaplike struktuur sekere faktore of toestande aanwesig is wat aanleiding gee tot afwyking.[1] Met verwysing na die omskrywing van die begrip „maatskaplike disorganisasie",[2] kan ꞌn toestand van anomie gesien word as ꞌn vorm van disorganisasie van die sisteem wat dan, as ꞌn dieperliggende probleem, verskillende vorme van afwyking tot gevolg kan hê. Die plasing van die anomieteorie binne die raamwerk van die meer omvattende opvatting van maatskaplike disorganisasie is die faset waarop in hierdie hoofstuk ingegaan word, om sodoende die basiese kritiek teen die anomieteorie bloot te lê en terselfdertyd hierdie teorie in ꞌn breër sosiologiese perspektief te stel.

Ten einde hierdie doelstellings te bereik, is dit nodig dat die huidige opset van die anomieteorie soos dit die globaal-teoretiese benadering weerspieël, krities beskou sal word en dat die teorie vervolgens op grond van so ꞌn ontleding, op sistematiese wyse in ꞌn breër perspektief gestel moet word.

---

1) Timms, op. cit., p.24-31.
2) Kyk hfst. 1.

B. Die globaal-teoretiese benadering

Die globaal-teoretiese benadering as 'n wyse waarop teorieë aangewend word in die bestudering van sosiaal-patologiese verskynsels, kom in hooftrekke daarop neer dat 'n bepaalde teorie, soos o.a. die anomieteorie, gebruik word as 'n enkele teorie vir die verklaring van verskillende wyses of vorme van afwyking.[1] Naas die anomieteorie is daar ook ander teorieë waarin hierdie benaderingswyse weerspieël word.[2] Die implikasie hiervan is dat daar tans verskillende en skynbaar van mekaar losstaande teorieë bestaan wat poog om dieselfde verskynsels te verklaar, terwyl elk van hierdie teorieë ook losgemaak word van die algemene sosiologieteorie, sodat in hierdie teorieë in 'n sekere sin 'n baie eng perspektief openbaar word.[3] Die laasgenoemde implikasie is ook van toepassing op die anomieteorie, soos dit sal blyk uit die volgende samevatting van die beskouings van die geselekteerde teoretici.

Die bydraes wat Parsons, Dubin en Cloward gelewer het tot die uitbouing van die anomieteorie is inderwaarheid beperk tot 'n opheldering van die reaksiewyses op 'n toestand van anomie, d.w.s. reaksiewyses wat oorspronklik deur Merton uiteengesit is. Die inhoud van die begrip „anomie" is nie ná Merton deur enige van die bogenoemde skrywers anders of enigsins duideliker geformuleer nie, en daarom is die inhoud van die begrip in die huidige opset van die teorie nog dieselfde as wat Merton daaraan gegee het, nl. „an acute breakdown in the cultural structure, occurring particularly when there is an acute disjunction between cultural norms and goals and the socially structured capacities of members of the group to act in accord with them."[4] Parsons se opvatting dat afwyking spruit uit die disekwilibrium in die interaksiesisteem[5] is in lyn met Merton se opvatting van wat 'n toestand van anomie inhou, terwyl ook Dubin en Cloward se opvattings[6] hiermee ooreenstem.

Hoewel Merton genoem is as die herformuleerder van die anomieteorie, wat beteken dat hy 'n ander inhoud aan die begrip geheg het as die oorspronklike formuleerder nl. Durkheim, is Merton se formulering bloot 'n meer realistiese en duideliker omlynde beskrywing as die inhoud wat Durkheim aan die begrip geheg het,

---

1) Winslow, op. cit., p.1.
2) Ibid., p.1.
3) Ibid., p.1.
4) Merton. Social theory and social structure, p.162.
5) Kyk hfst. 6.

en moet Merton se herformulering nie geïnterpreteer word asof dit die teorie in 'n breër perspektief stel nie. Inteendeel, hy het die oorspronklike teorie vereng, en wel in die sin dat hy dit uitsluitlik van toepassing gemaak het op vorme van afwykende gedrag en sodoende aanleiding gegee het tot die neiging om hierdie teorie los te maak van die algemene sosiologieteorie. Die volle konsekwensie hiervan is dan verder dat die sosiale patologie, wat betref sy studieterrein, ontkoppel word van die studieterrein van die algemene sosiologie. Met verwysing na die globaal-teoretiese benadering, en dus ook na die anomieteorie skryf Winslow[1] dat dit 'n teorie is wat oënskynlik „unrelated (is) to the framework of classical social theory", en verder dat „the implication appears to be that the study of sociological theory is unrelated to the study of deviancy or that deviancy theory should develop seperately."

Hierdie leemte in die anomieteorie word nog duideliker wanneer die ensiklopedie van die sosiologie as 'n wetenskaplike eenheid onder oog geneem word. Van Dijk[2] onderskei in hierdie ensiklopedie tussen die algemene sosiologie, die spesiale of aspeksosiologieë en die geskiedenis van die sosiale denke en van die sosiologie as die hoofonderdele van die sosiologie. Die taak en studieterrein van die algemene sosiologie word dan omskryf as „het uitlezen van de structuurprincipia (de structuurtypen) uit de concrete werkelijkheid der samenleving en de registratie, wetenschappelijke beschrijving en de theoretische verwerking van de concrete vormen en feiten der menselijke samenleving."[3] Binne die raamwerk van die algemene sosiologie onderskei Van Dijk[4] verder tussen die wysgerige sosiologie en die positiewe sosiologie met sy onderafdelings van sosiografie en positiewe sosiologie in enger sin.

Naas die algemene sosiologie vorm die aspek- of spesiale sosiologieë die tweede hoofonderdeel van die sosiologie, d.w.s. „de sociologie voorzover ze zicht richt op en oriënteert naar de bijzondere levensterreine, de aspecten van de socio-culturele werkelijkheid als die van de godsdienst, de economie, het recht, de 'cultuur', de moraal, de taal, de kunst etc., en deze aspecten onderzoekt binnen en vanuit de totaliteit der samenlevingsvormen."[5] Die taak van hierdie

---

1) Winslow, op. cit., p.8.
2) Van Dijk, op. cit., p.207-13.
3) Ibid., p.207.
4) Ibid., p.207-8.
5) Ibid., p. 208.

aspeksosiologieë is opgesluit in die bestudering van die bepaalde aspek wat in die brandpunt van belangstelling staan en wel dan in die sin dat dit gaan om die samelewingstrukture, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse wat deur die bepaalde aspek gekwalifiseer word, die plek en die funksie van die bepaalde aspek in die onderhawige, d.w.s. deur die aspek gekwalifiseerde verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, die invloed van die samelewingstotaliteit op hierdie aspek en die verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse wat daardeur gekwalifiseer word, asook die invloed van die lewensterrein op die norme en feite van die daardeur gekwalifiseerde verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse van die samelewingstotaliteit.[1)]

Die eenheid van die samelewingstotaliteit het deur die eeue heen 'n voortdurende proses van verandering vertoon, en die wetenskaplike besinning oor die proses van verandering, asook ander relevante verskynsels en probleme in die samelewing, vind uitdrukking in die veld van ondersoek van die sosiologie.[2)]

Hierdie eenheid in die omskrywing van die ensiklopedie van die sosiologie impliseer nie 'n deelbare of skeibare variëteit in die studieterrein van die sosiologie nie, en dit word onderskryf deur o.a. Van Dijk[3)] se beskouing oor die studieterrein van die sosiologie, nl. dat dit in die sosiologie gaan om die bestudering van die sosiale verhoudinge, die betrekkinge tussen die mens en sy medemens, die samelewingsvorme in hulle reële bestaan; dat dit gaan om die indiwiduele strukturele bepaaldheid van samelewingsvorme in hulle onderlinge vervlegdheid in die samelewingstotaliteit. Dit impliseer dus dat elke deel van die ensiklopedie van die sosiologie hierdie gebied van studie het, of anders gestel, dat elke deel van die ensiklopedie van die sosiologie hierdie deel van die geskape werklikheid as studieterrein erken. Ook ander omskrywings[4)] dui uitdruklik op die onverbreekbare eenheid van die studieterrein van die sosiologie.

---

1) Van Dijk, op. cit., p.209.
2) Bierens de Haan, op. cit., p.12; Van Dijk, op. cit., p.213.
3) Ibid., p.203.
4) Vgl. o.m.: Ginsberg. On the diversity of morals. Essays in sociology and social philosophy, p.164; Freedman. Principles of sociology, p.2; Ottaway. Education and society, p.1; McClung. Principles of sociology, p.viii; Stoodley. Society and self, p.2; Davis, op. cit., p.9; Rumney. The science of society, p.10; Furvey. The scope and method of sociology, p.148; Bogardus. Sociology, p.3; Wilson & Kolb, op. cit., p.28; Ellwood. Sociology. Principles and problems, p.7 en Simpson. Man and society, p.66.

Omdat afwykende gedrag 'n probleem en empiriese verskynsel in die samelewing met al sy strukture eweneens te make het met menslike verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, is die sosiale patologie wat sy studie-objek juis in die afwyking van die normatiewe orde het, nie los te maak van die studieterrein van die sosiologie as struktuurfunksionele teorie nie, en daarom is dit ook onrealisties om teorieë aangaande afwyking te isoleer uit hierdie beskouing. Die globaal-teoretiese benadering in die algemeen, en die anomieteorie in die besonder, maak juis die teorie van afwyking los van die teorieë wat te make het met die basiese kenmerke van die samelewing, nl. dat die samelewing 'n bepaalde orde vertoon, met die gevolg dat die toestand van anomie bloot as 'n gegewe hier en nou gestel word, sonder dat aandag gegee word aan die aanloop tot so 'n toestand. 'n Sintese van die teorieë aangaande die sosiale orde en die plasing van die anomieteorie binne die raamwerk daarvan, kan dus alleen lei tot 'n breër en meer sinvolle sosiologiese perspektief.

Hiermee word die huidige inhoud en opset van die anomieteorie nie sondermeer afgemaak nie, aangesien dit steeds 'n bruikbare teorie vir die analise van afwykende gedrag is, soos in die volgende hoofstukke aangedui sal word. Maar ten einde die teorie binne 'n breër raamwerk te plaas, is dit nodig dat, op grond van die kritiek teen hierdie teorie, ingegaan sal word op die verband tussen 'n toestand van anomie en die sosiale orde, asook op die proses van verandering van die maatskaplike orde en die konsekwensies daarvan sover dit die toestand van anomie betref.

## C. Anomie en die sosiale orde

Die begrip „sosiale orde" of „maatskaplike orde," soos uiteengesit in die eerste hoofstuk van hierdie navorsing, en die onderlinge afhanklikheid van die strukturele en feitlike orde, impliseer nie dat die samelewing staties is nie, aangesien die mens as aktiewe element deel is van die struktuur van alle sisteme,[1] en daarom ook van die samelewing as totaliteit, 'n dinamiese wese is. Van hierdie sosiale orde skryf Bierstedt[2] in hierdie verband: „The order, that is

1) Johnson, op. cit., p.49-51.
2) Bierstedt, op. cit., p.510.

society, is after all a changing order". Die konnotasie van die konsepte van sosiale orde en anomie is te vinde in die feit dat anomie verwys na 'n bepaalde toestand van die sosiale orde, d.w.s. die bou-orde of struktuur van die samelewingstotaliteit, en uitgaande van die algemeen aanvaarde dinamiese kenmerk van die samelewing, is die logiese afleiding dat die toestand van anomie in die ontwikkelingsgang van die samelewing ook veranderinge sal vertoon en in 'n toestand van kontinuïteit is.

Anomie is dan 'n afwyking in die bestaande sosiale orde, d.w.s. 'n verskynsel van maatskaplike disorganisasie m.b.t. die onderlinge afhanklikheid van struktuur en funksie van maatskaplike sisteme.[1] In die woorde van Merton en Nisbet[2] verwys die begrip „maatskaplike disorganisasie" na tekortkominge in 'n sisteem van verbandhoudende statusse en rolle, sodat die kolektiewe en indiwiduele doelstellings van die lede van die sisteem nie voldoende gerealiseer kan word nie. Verder skryf dieselfde outeurs van die relatiwiteit van disorganisasie en by implikasie ook van die sosiale orde: „(it) is relative and a matter of degree. It is not tied to an absolute standard located in some Platonic empyrean but to a standard of what, so far as we know, could be accomplished under attainable conditions. When we say that a particular group or organization or community or society is disorganized in some degree, we mean that the structure of statuses and roles is not effectively organized as it, then and there, might be."[3] Ook Johnson[4] wys op hierdie relatiwiteit van die sosiale struktuur, omdat die norme op grond waarvan rolvervulling plaasvind nie noodwendig ten volle geïnternaliseer en geïnstitusionaliseer is nie, en selfs waar dit wel die geval is, is dit nog geen waarborg dat in alle gevalle en onder alle omstandighede aan die norme gekonformeer sal word nie. Daarom dan dat elke omskrywing van sosiale orde 'n vereenvoudiging is van die realiteit, met ander woorde dat sosiale orde in 'n sekere sin ideaal is van hoe die sosiale struktuur behoort te wees. Hier val die klem op die normatiewe orde, d.w.s. hoe dit behoort te wees, maar die sosiologie as normatiewe wetenskap wil nie die oë sluit vir die realiteit of die feitlike nie, en daarom is die normatiewe orde in die struktuur van die samelewing 'n standaard by wyse waarvan 'n verskynsel as afwykend al dan nie gedefinieer word.

---

1) Rumney, op. cit., p.10.
2) Merton & Nisbet, op. cit., p.720.
3) Ibid., p.720.
4) Johnson, op. cit., p.51.

Omdat sosiale orde en disorganisasie relatiewe begrippe is, kan die twee begrippe skematies voorgestel dan die polêre eindpunte van 'n kontinuum voorstel, sodat hierdie relatiewe toestande van die sosiale struktuur by wyse van 'n ideëel-tipiese onderskeiding teenoor mekaar gestel word. Dit beteken dan dat 'n gegewe samelewing op 'n bepaalde tydstip, op grond van die relatiewe geordenheid en/of ongeordenheid van sy struktuur, 'n bepaalde posisie op die kontinuum sal inneem.

Om nou die anomieteorie binne 'n breër sosiologiese perspektief te plaas en sodoende terselfdertyd te wys op die eenheid van die studieterrein van die sosiologie, word hierdie teorie vervolgens nader ontleed binne die raamwerk van die verskynsel van maatskaplike verandering. Hiermee word dan gepoog om die anomieteorie te koppel aan bestaande konsepsies van skrywers aangaande een basiese kenmerk van die samelewing, nl. die dinamiek daarvan. Om hierdie doel te bereik, is dit nodig om op sistematiese wyse eers 'n ontleding te maak van die proses van maatskaplike verandering self, alvorens gekom word tot 'n ontleding van die teorieë daaromtrent en die verband tussen anomie en die proses van verandering.

## D. Maatskaplike verandering

### 1. Definisies en omskrywings van maatskaplike verandering

„Social change is the development of new meanings and values, or the substitution of new ones for old, and thus it involves changes in the characteristic behavior patterns in a society....... Social change will be conceived of as a fairly large-scale change in a number of related meanings and values, affecting the behavior of most people who occupy a certain role or a number of related roles. Social change thus has a direction, even if we cannot say that it has a purpose, and it involves a culture and not merely the behavior of a small number of individuals."[1]

Volgens Gillin en Blackmar[2] verwys maatskaplike verandering na die oorgang van eenvoudige na komplekse samelewingsvorme, die ontstaan van nuwe groepsfunksies en die vorming van nuwe verhoudinge tussen groepe.

1) Rose, op. cit., p.333.
2) Gillin & Blackmar. Outlines of sociology, p.59.

Vir Davis[1] is maatskaplike verandering „such alterations as occur in social organization........that is, the structure and functions of a society." Hy wys verder ook op die noue verband tussen die sosiale en kulturele strukture as hy skryf dat maatskaplike verandering „forms only a part of what is essentially a broader category called 'cultural change'. The latter embraces all changes occuring in any branch of culture, including art, science, technology, philosophy, etc. as well as changes in the forms and rules of social organization."[2] Hierdie beskouing stem ooreen met die van Dawson en Gettys[3] vir wie maatskaplike en kulturele verandering sinoniem is, omdat kultuur sosiaal is wat betref oorsprong, betekenis en gebruik.

Fichter[4] koppel verandering meer direk aan die maatskaplike bestaanswyse en sien dan verandering as „a variation from the previous state or mode of existence."

Wirth[5] sien maatskaplike verandering as die groot oorgange in die menslike samelewing, en hy wys daarop dat hierdie oorgange instellings, houdings, idees en gedrag beïnvloed en dat dit die mens met probleemsituasies konfronteer.

In die bostaande omskrywings van maatskaplike verandering val die klem op die verandering van die sosiale orde en van die kultuur en in hierdie sin is verandering as proses 'n „afwyking" van die bestaande orde: positief en negatief. As sodanig vereis die begrip „verandering" 'n evaluasie, aangesien afwyking in die betekenis van verandering nie noodwendig dui op regressie van die sosiale orde nie. Die verskillende, en dikwels opponerende evaluasies m.b.t. die proses van verandering blyk duidelik uit die interpretasies van sekere eksponente van die ewolusionistiese, dewolusionistiese en ekwilibriumteorieë aangaande die proses van verandering waarop vervolgens ingegaan word.

---

1) Davis, op. cit., p.622.
2) Ibid., p.622.
3) Dawson & Gettys, op. cit., p.580.
4) Fichter. Sociology, p.340.
5) Wirth. The signifficance of sociology. <u>International social science bulletin</u>, 2: 198-99: 1951.

## 2. Ewolusieteorieë

Die begrip „ewolusieteorieë" word hier gebruik in die betekenis van teorieë wat die samelewing beskou as progressief ontwikkelend vanaf 'n bepaalde fase na 'n volgende, en aldus word hierdie fases dan gesien as die polêre eindpunte van die kontinuum van verandering. Van die belangrikste eksponente van hierdie teorieë was afkomstig uit Wes-Europa gedurende die negentiende en vroeg twintigste eeu. Benewens Emile Durkheim as 'n verteenwoordiger van hierdie beskouing aangaande die proses van maatskaplike verandering, en wie se teorie reeds beskryf is, was ander belangrike eksponente van hierdie teorie o.a. Auguste Comte, Karl Marx, Robert MacIver en Daniel Lerner.

Auguste Comte (1798-1857), die grondlegger van die sosiologie, het sy teorie aangaande die progressiewe ontwikkelingsfases van die samelewing gebaseer op sy beskouing van die ewolusie van die menslike intellek in die sin dat elke fase in die historiese verloop van die samelewing gekenmerk word deur 'n bepaalde wyse van verklaring van verskynsels. Die oorspronklike of aanvanklike fase waarin die samelewing hom bevind, d.w.s. die een eindpool op die kontinuum van verandering, word volgens Comte verteenwoordig deur die teologiese fase wat gekenmerk word daardeur dat alle verskynsels in die samelewing toegeskryf of verklaar word as die gevolg van die soewereine en eiematige wil van die bo-natuurlike. Op die ander eindpool van die kontinuum plaas Comte die positiewe fase van ontwikkeling waarin verskynsels verklaar word d.m.v. die aanwending van die natuurwetenskaplike metode en waarin sintuiglike waarneming verhef word tot die enigste wyse van bepaling van die objektiewe waarheid. Tussen hierdie twee eindpole op die kontinuum is die metafisiese fase as die oorgangsfase.[1] Comte koppel alle aspekte van die sosiale orde aan die denksisteem van die samelewing in afsonderlike fases. Die teologiese filosofie van die aanvanklike fase het vir hom die basis gevorm van die sosiale orde deurdat dit die algemene oortuigings van mense gepromulgeer het, 'n dominerende militêre instelling ter beveiliging van die teologie bevorder het en deurdat dit geïsoleerde families by wyse van magsuitoefening verenig het. Hieruit het die ontstaan van die nasionale staat gedurende die metafisiese fase gespruit en uiteindelik dan die positiewe fase

---

1) Parsons et. al. Theories of society, p.1332-42.

wat a.g.v. die oorwig en beklemtoning van die menslike rede die basis vorm van 'n grootskaalse industriële samelewing waarin diens aan die mens as die hoogste waarde beskou word en waarin dit dus gaan om verandering ter wille van die menslike welsyn. Behalwe die beklemtoning van die menslike rede, word die positiewe fase ook gekenmerk deur ondersoekende relatiwisme, welwillenheid as die hoogste en dominerende sentiment en 'n poging tot die universele organisasie van die mensdom.[1] Die ontwikkeling van die samelewing vanaf die oorspronklike teologiese fase deur die metafisiese oorgangsfase tot die uiteindelike positiewe fase is vir Comte 'n progressiewe ontwikkeling wat uitmond in die samelewing wat in diens van die mens staan.

Karl Marx (1818-1883) se beskouing aangaande die ewolusie van die samelewing is hoofsaaklik gebaseer op die materialistiese filosofie van Feuerbach[2] in terme waarvan materie, d.w.s. stof en krag, as die enigste bestaande erken word, en die dialektiek van Hegel.[3] Volgens Hegel[4] vind verandering van die sosiale orde plaas a.g.v. 'n denkontwikkeling deur die fases van tese, antitese en sintese. Die tese veronderstel 'n bepaalde idee waaruit, deur denkontwikkeling, 'n opponerende idee, 'n antitese ontstaan. Uit die konflik tussen hierdie idees volg 'n sintese wat al die elemente van waarheid bevat wat in die tese en antitese opgesluit was, en dus 'n idee is wat nader aan die volle waarheid is. Marx wend hierdie dialektiese ontwikkeling aan, maar dan met die klem op die ontwikkeling van die materie[5] en in teenstelling met Hegel sien Marx dan die ontwikkeling van die intellek as die gevolg van die dialektiese beweging van materie, en wel in die sin dat die klassestruktuur van die samelewing die fundamentele struktuur is waarvan alle idees en aspekte van die samelewing afhanklik is. Sou hierdie fundamentele struktuur dus verander, volg 'n onvermydelike verandering in die struktuur van idees.[6] Gebaseer op die konsolidasie van die filosofie van Feuerbach en Hegel, en uitgaande van die opvatting dat „the history of all hitherto existing society is the history of class struggles",[7] onderskei Marx, as die eindpole op die kontinuum

---

1) Winslow, op. cit., p. 17.
2) Bierens de Haan, op. cit., p. 66-7.
3) Ibid., p.67.
4) Hegel. The philosophy of history.
5) Bierens de Haan, op. cit., p.67.
6) Marx & Engels. The German ideology.
7) Marx aangehaal deur Coser. Masters of sociological thought. Ideas in historical and social context, p.48.

van verandering, aan die eenkant die primitief-kommunale fase, en aan die anderkant die uiteindelike volmaakte fase, nl. die fase waarin die proletariaat in opstand kom teen die heersende bourgeoisie en wat uiteindelik sal uitloop op kommunisme. Net soos vir Comte is verandering van die sosiale orde, d.w.s. afwyking van die bestaande orde, ook vir Marx funksioneel daarin dat verandering gelyk is aan progressie.

Dieselfde gedagte is ook te vinde in Lerner[1)] se konsepsie van maatskaplike verandering. Vir hom verander die samelewing vanaf 'n tradisionele fase wat gekenmerk word deur persoonlike verhoudinge gebaseer op afstamming, 'n lae peil van geletterdheid, die afwsigheid van massakommunikasie en 'n gebrek aan regeringsdeelname aan die maatskaplike lewe na 'n hoër en meer ontwikkelde fase van die deelhebbende samelewing. Die lg. fase as die finale polêre punt op die kontinuum van verandering vertoon die eienskappe van komplekse arbeidsverdeling, geletterdheid, 'n uitgebreide en hoogs ontwikkelde netwerk van massamedia, 'n hoë graad van gemeenskaplike deelname van die lede van die samelewing aan die maatskaplike lewe in al sy fasette en die aanwesigheid van 'n duidelike klassestruktuur.

'n Soortgelyke polêre tipologie is deur MacIver[2)] geformuleer waarin hy die verandering van die samelewing sien as 'n progressiewe ontwikkeling vanaf die kommunale samelewing na die assosiatiewe samelewing. Die kommunale samelewing word gekenmerk deur 'n segmentele aard, d.w.s. 'n afwesigheid van funksioneel interafhanklike groepe, geen maatskaplike differensiasie behalwe geslags- en ouderdomskategorieë nie, 'n totale afwesigheid van gespesialiseerde groepe, die gemeenskaplike verdeling van goedere en 'n onderdrukking van maatskaplike verskille soos bv. klasseverskille. Hierteenoor stel MacIver as die ander uiterste op die kontinuum die assosiatiewe samelewing met die eienskappe van funksionele interafhanklikheid van groepe, veral gespesialiseerde groepe, konflik vir sover dit die verkryging en beskerming van spesiale belange van mense en groepe betref en 'n aanmoediging tot die erkenning van maatskaplike verskille.

---

1) Lerner. The passing of traditional society.
2) MacIver. Society. A textbook of sociology.

Die bogenoemde teorieë van maatskaplike verandering weerspieël 'n optimistiese evaluasie wat 'n skerp kontras vorm met die teorieë waarin die moderne samelewing gesien word as 'n massasamelewing met velerlei kenmerke wat daarop dui dat die samelewing nie in 'n proses van ewolusie verkeer nie, maar dat maatskaplike verandering gelyk is aan regressie. Die gevolg van die regressiewe verandering kulmineer in 'n toestand van maatskaplike disorganisasie[1] —— 'n meer pessimistiese beskouing wat duidelik weerspieël word in die opvattings van eksponente van die dewolusieteorie aangaande die proses van maatskaplike verandering.

## 3. Dewolusieteorieë

In hierdie teorieë van maatskaplike verandering word die aanvanklike en „wenslike" fase van die samelewingsontwikkeling verteenwoordig deur die eerste eindpool op die kontinuum, en vandaar verander die samelewing na 'n „ongewenste" tipe van samelewing. Aldus word die proses van verandering gesien as 'n verandering van die samelewing wat gekenmerk word deur 'n geïntegreerde en samehangende vorm van sosiale organisasie na 'n minder samehangende en gedisorganiseerde vorm van samelewing. In hierdie afdeling word nie in besonderhede ingegaan op al die teorieë aangaande maatskaplike disorganisasie nie, maar word alleen aandag geskenk aan enkele teorieë uit die geskiedenis van die sosiologie ten einde aan te toon hoedat die evaluasie t.o.v. die proses van verandering, soos dit weerspieël word in hierdie teorieë, 'n kontras vorm met die evaluasie soos opgesluit in die ewolusieteorieë. Omdat die algemene inhoudelike van die dewolusieteorieë en die evaluasie t.o.v. die proses van maatskaplike verandering in hooftrekke ooreenstem, word hier ook nie ingegaan op al die dewolusieteorieë nie, maar word volstaan met 'n ontleding van die teorieë van Ferdinand Tönnies en Robert Redfield.

---

1) Vgl. o.m. Thomas & Znaniecki. The Polish peasant in Europe and America; Cooley. Social organization, p.23 en hfst. 3; Cooley. Social processes, p.156-7; Cooley et. al. Introductory sociology vir hierdie beskouing.

Tönnies (1855-1936)[1] se beskouing van die opkoms van die moderne samelewing is merkbaar beïnvloed deur die Comtiaanse positiwisme. Nisbet[2] sien in die sisteem van Tönnies verder ook die invloed van die Marxistiese beklemtoning van die klasseverskil en die ekonomiese struktuur.

In sy analise van die sisteem van tussenmenslike verhoudinge soos dit ontwikkel in opeenvolgende stadia, toon Tönnies 'n duidelike verband aan tussen die verskillende sub-dissiplines wat hy in die sosiologie onderskei, nl. algemene sosiologie wat vir Tönnies ten doel hèt die ontwikkeling van 'n sisteem van ideëel-tipiese opvattinge wat noodsaaklik is vir die beskrywing en begrip van empiriese verskynsels; toegepaste sosiologie behels die aanwending van hierdie konsepsies vir die beskrywing en verklaring van historiese en kontemporêre verskynsels, terwyl die empiriese sosiologie empiries-induktiewe metodes aanwend om die feitemateriaal bloot te lê. Tönnies wend hierdie drie sub-dissiplines aan om tot 'n verklaring van sy dichotomie van Gemeinschaft- en Gesellschaftverhoudinge te kom.

Op die aanvanklike eindpool van die kontinuum van verandering plaas Tönnies dan die Gemeinschaft as 'n tipe samelewing wat in hoofsaak gekenmerk word deur die persoonlike aard van die tussenmenslike verhoudinge daarin, en vandaar verander die samelewing na die Gesellchaft met die kontrasterende kenmerk van kontraktuele verhoudinge. Die aard van die samelewing en sosiale verhoudinge word deur hom gesien as produkte van die menslike wil, en die vrug hiervan is die kollektiewe wil soos dit in sy organistiese benadering weerspieël word. „Social relationship or bond implies interdependence, and it means that the will of one person influence that of the other, either furthering or impeding, or both....... The collective will can remain the same for an indefinite period, but it can also from time to time undergo change by renewed acts......Such a collective person consists of single persons."[3] Fundamenteel aan die siening van Tönnies is sy opvatting aangaande die verskil-

---

1) Tönnies se bekendste werk Gemeinschaft und Gesellschaft (Leipzig, 1887; Berlyn, K. Curtis, 1926 ) is deur C.P. Loomis vertaal en eers gepubliseer onder die titel Fundamental concepts of sociology (American Book Co., New York, 1940 ) en later onder die titel Community and association.
2) Nisbet, op. cit., p.32.
3) Tönnies. Fundamental concepts of sociology, p.9-10.

lende tipes van menslike wil en die kollektiewe wil vergelyk hy dan met 'n persoon. Hy noem die sosiale verhouding die basiese element van die sosiale lewe en vir hom is die aard van die sosiale verhouding die vergestalting van een van twee vorme of tipes menslike wil, t.w. Kürwille (die rasionele wil) en Wesenwille (die essensiële of natuurlike wil). Op grond van die bestaan van hierdie wilstipes onderskei Tönnies dan tussen Gemeinschaft met die korresponderende Wesenwille as die aanvanklike pool op die kontinuum van verandering, en Gesellschaft wat die Kürwille as basis het op die ander eindpool van die kontinuum. Samevattend word Tönnies se beskouing in die woorde van Martindale[1] soos volg gestel: „One total complex of social relationships (society) may differ from another as a result of the type of will predominant in it. In terms of the kind of will involved, two ideal types (also called 'normal concepts') of society are possible. A society or total complex of relationships which embodies the rational will is called Gesellschaft; a complex embodying the natural will is a Gemeinschaft. A collective has the character of a Gemeinschaft insofar as its members think of the grouping as a gift of nature created by a supernatural will. On the other hand, to the degree that consciousness of authority arises from class relationships, the collective tends to asume the characteristics of a Gesellschaft."

Robert Redfield (1897-1958)[2] se beskouing aangaande die proses van maatskaplike verandering stem in hooftrekke ooreen met dié van Tönnies, sowel as die opvattings van die sosioloë van die Chicago School gedurende die tweede en derde dekade van hierdie eeu, en by name veral Park Burgess, Wirth, Sellin, Shaw, McKay, Faris, McKenzie en Blumer. Die kenmerke wat die Chicago School aan die stedelike samelewing toeskryf, dui op maatskaplike disorganisasie en faktore wat disorganisasie in die hand kan werk, bv. normkonflikte, radikale en relatief plotselinge veranderinge, die toename in horisontale en vertikale sosiale mobiliteit, die beklemtoning van die materiële, 'n toename in indiwidualisme en 'n merkbare afname in die omvang en intensiteit van persoonlike verhoudinge.[3] In sy polêre onderskeiding van die fases van verandering plaas Redfield die volksgemeenskap op die aanvangspunt van die kontinuum van verandering, terwyl

1) Martindale, op. cit., p.83.
2) Redfield. The folk society. American journal of sociology, 52:293-308:1947.
3) Park & Burgess. The city.

die stedelike gemeenskap deur die finale eindpool verteenwoordig word. Die volksgemeenksap word gekarakteriseer deur verskynsels wat sentreer om die feit dat die kern van die sosiale orde gebaseer is op verwantskapsverhoudinge, d.w.s. verskynsels soos oorheersend persoonlike verhoudinge, en gewoontelike en rituele gedragspatrone wat op tradisie berus. Hierdie tipe gemeenskappe is uiteraard ook relatief klein, sosiaal en kultureel geïsoleerd, ongeletterd en kultureel homogeen. Daarenteen vertoon die groter stedelike gemeenskap kenmerke soos oorheersend kontraktuele verhoudinge, d.w.s. statusverhoudinge, 'n kosmopolitiese bevolking en 'n heterogene kultuur. Die gesin en die religieuse instelling in hierdie tipe gemeenskap het, in teenstelling met die van die volksgemeenskap, gespesialiseerd geword, en hierin sien Redfield[1] 'n afname in die gewyde en 'n toename in die profane ingesteldheid, 'n afname in gemeenskapsolidariteit en 'n toename in onpersoonlikheid, 'n afname in die patriargale en matriargale gesag in die gesin en 'n toenemende skeptisisme en beklemtoning van die menslike rede.

Hoewel Redfield aan albei hierdie gemeenskappe positiewe en negatiewe kenmerke toeskryf, beklemtoon hy meerendeels die negatiewe kenmerke van die stedelike gemeenskap en aldus sien hy die proses van verandering as 'n dewolusieproses wat afstuur op maatskaplike disorganisasie.

Die ewolusie- en dewolusieteorieë wat dusver uiteengesit is, verteenwoordig duidelik opponerende evaluasies m.b.t. die proses van verandering. Volledigheidshalwe, en ten einde te kom tot 'n konstruktiewe tipologie wat mettertyd omskryf sal word, en waarbinne die toestand van anomie verder ontleed sal word, is dit nodig om oorsigtelik ook in te gaan op daardie teorieë van verandering wat in terme van die evaluasie wat aan die proses van verandering geheg word, tussen die opponerende evaluasies van die ewolusie- en dewolusieteorieë geplaas kan word, nl. die siklus- of ekwilibriumteorieë.

---

1) Redfield, op. cit., p.293.

4. Ekwilibriumteorieë

Hierdie teorieë van verandering is gebaseer op die opvatting dat die proses van verandering in siklusse geskied, m.a.w. dat die opeenvolgende stadia van ewolusie en dewolusie in die gang van die proses van verandering herhaal word. Aldus word die proses van verandering in terme van hierdie opvatting op tweërlei wyse geïnterpreteer. Eerstens, dat die samelewing vanaf 'n bepaalde punt in die siklus, of vanaf 'n bepaalde toestand van ekwilibrium, d.w.s. balans, 'n proses van dewolusie ondergaan, en dat hierdie dewolusie gevolg word deur 'n proses van ewolusie totdat die aanvanklike punt in die siklus weer bereik is waarna 'n herhaling van die proses plaasvind. Dit beteken dat die bestaande orde van 'n samelewing deur 'n proses van disorganisasie verander word en dat die gedisorganiseerde samelewing dan weer deur 'n ewolusieproses of reorganisasie ontwikkel tot sy aanvanklike geordenheid. 'n Tweede interpretasie van die ekwilibriumteorie verskil van die bogenoemde in die opvatting dat die samelewing telkens terug beweeg of verander na 'n hoër posisie as die aanvanklike wat dan beteken dat die samelewing deur die opeenvolgende prosesse van dewolusie en ewolusie beweeg na 'n hoër vorm van geordenheid as die oorspronklike vertrekpunt. Hierdie twee interpretasies stem egter tog ook ooreen en wel in die sin dat die lg. interpretasie die moontlikheid van 'n progressiewe ontwikkeling van die samelewing tot op 'n bepaalde punt voorsien waarna die sosiale orde onvermydelik deur die proses van verandering weer die aard van die oorspronklike vertrekpunt sal aanneem.

Vir die doeleinde van 'n nadere beskrywing en opheldering van die genoemde interpretasies, word vervolgens ingegaan op twee ekwilibriumteorieë, t.w. dié van Pareto en Sorokin wie se teorieë respektiewelik die eerste en tweede interpretasie van verandering verteenwoordig.

Vilfredo Pareto (1848-1923) se beskouing van die sirkelgang van maatskaplike verandering[1] rus op sy basiese aksioma dat mense moreel, intellektueel en fisies ongelyk is, d.w.s. dat in die samelewingstotaliteit en in enige gedeelte, stratum of groep van die samelewing sommige mense oor meer talente as

---

1) Pareto. The mind and society, vol. 111 en 1V.

andere beskik wat daartoe lei dat sekere mense dan elite-posisies beklee. Soos die term „elite" deur Pareto aangewend word, het dit geen morele konnotasie en is dit nie ʼn eretitel nie, maar verwys dit slegs na „a class of people who have the highest indices in their branch of activity."[1]

Pareto onderskei twee kategorieë van elites, nl. ʼn regerende elite wat bestaan uit mense wat direk of indirek ʼn belangrike rol speel in die manipulasie van politieke mag, en ʼn nie-regerende elite wat saamgestel is uit mense wat beskik oor die vermoëns om in regerende posisies rolle te vervul, maar wat op die bepaalde tydstip nie in sodanige posisies gestel is nie. Die regerende elite word gekenmerk deur ʼn geneigdheid om die <u>status quo</u> te handhaaf by wyse van ʼn sentrale regering en deur gebruikmaking van militêre mag. Die sosiale orde kan egter nie vir ʼn onbepaalde tyd deur magsuitoefening sondermeer gehandhaaf word nie, met die gevolg dat die nie-regerende elite a.g.v. hul vermoë van oortuigende manipulasie van mense, mettertyd die geledere van die regerende elite infiltreer en sodoende dan hoër posisies in die statushiërargie verkry. Die demokrasie wat hieruit ontwikkel, is egter onstabiel en stu onvermydelik af op anargie, sodat daar weereens van politieke en militêre mag gebruik gemaak moet word ten einde die chaos op te los, en hiervandaan herhaal die proses van die sirkulasie of rotasie van elites hom opnuut.

Pitirim Sorokin (1889-1968), as eksponent van die tweede interpretasie van die ekwilibriumteorie,[2] skets die ontwikkeling van die samelewing as ʼn verloop vanaf die ideële fase, deur die opeenvolgende fases van die idealistiese en gemengde tipes na die sensoriese fase.[3] Hierdie fases word elk gekenmerk deur ʼn bepaalde opvatting van die bron van waarheid: in die ideële fase word die klem primêr geplaas op die nie-sensoriese, bo-rasionele God as die enigste verklaringsgrond van alle verskynsels, terwyl daar tegelyk ʼn geloof bestaan dat sintuiglike waarneming onbelangrik en illusioneel is, d.w.s.

---

1) Pareto aangehaal deur Coser. Masters of sociological thought. Ideas in historical and social context, p.397.
2) Sorokin. Social and cultural dynamics; Sorokin. Society, culture and personality.
3) Die begrippe wat Sorokin in hierdie verband gebruik is „ideational", idealistic", „mixed" en „sensate".

dat die nie-sintuiglike waarneming die enigste bron van waarheid is en as sodanig die enigste verklaringsgrond is van empiriese verskynsels; die sensoriese fase, daarteenoor, word gekenmerk deur die verabsolutering van sintuiglike waarneming as die enigste metode van kennisinsameling en wetenskaplike verklaring. In die idealistiese fase bestaan 'n integrasie van die onderliggende kenmerke van die ideële en sensoriese fases, terwyl die gemengde fase gekenmerk word deur die erkenning van die bestaan van die kenmerke van die ideële en sensoriese fases, maar sonder dat daar 'n integrasie van die kenmerke voorkom.

Met verwysing na ook ander fasette in die teorie van Sorokin, stel Lowry en Rankin[1)] dat „Sorokin argues that the primary tension in major historical periods is between those cultural elements which appeal fundamentally to man's senses and those which appeal to his spirit." Hierdie kulturele elemente is vir Sorokin die belangrikste strukturele eienskap van samelewings, aangesien die dominante kulturele premis die basis uitmaak van die sosiale orde, sowel as van die belangrikste meganismes vir die manipulering van die omgewing. Die dominante kulturele premis vind dan 'n neerslag in of gee oorsprong aan 'n bepaalde sisteem van verbandhoudende betekenisse, groepe en instellings wanneer die betrokke premis geïmplimenteer word in waardes, sosiale verhoudinge, ens. Verandering geskied dan wanneer die een sisteem die ander vervang a.g.v. 'n verandering m.b.t. die kulturele premis wat dan die dominante posisie inneem. Volgens Sorokin[2)] kan elke kulturele premis egter alleen met een belangrike, dog beperkte faset van die realiteit handel, en daarom dra elke premis in homself die kiem van sy eie vernietiging: namate kulturele ontwikkeling plaasvind, word nuwe eise gestel, sodat die dominante premis dan deur 'n ander vervang moet word ten einde realisties aan te pas by die werklikheid.

Afgesien van die waarheidsmomente in elk van die bg. teorieë van verandering waarop mettertyd weer terug gekom word, is hierdie teorieë vanuit verskillende

---

1) Lowry & Rankin. Sociology. Social science and social concern, p.556.
2) Sorokin. Social and cultural dynamics, vol. IV, hfst. 14; Sorokin. Society, culture and personality, p.696-705.

oogpunte gekritiseer,[1] nl. dat dit as ideëel-tipes nie rekening hou met die empiriese werklikheid nie en dus nie geverifieer kan word nie; dat 'n kontinuum nie 'n realistiese uitbeelding is van die proses van verandering nie; dat dit 'n stereotipering is van tipes sosiale orde, en dat in elk van hierdie teorieë sprake is van 'n subjektiewe beskouing t.o.v. die proses van verandering. Hierdie kritiek impliseer egter nie dat die teorieë vir die doel van hierdie navorsing onbruikbaar is nie, inteendeel, die teorieë of fasette daarvan word mettertyd aangewend vir die konstruering van 'n meer omvattende tipologie. Die anomieteorie kan ook nie sondermeer binne die raamwerk van een enkele van hierdie teorieë geplaas word nie, aangesien dit die toepassing van die teorie steeds sal beperk in die sin dat die teorie kultuur-, groeps- en tydgebonde sal bly. Die doel is juis om met behulp van bestaande teorieë die anomieteorie in 'n breër perspektief te plaas en wel so dat die toepassing daarvan nie so beperk is soos die huidige opset van die anomieteorie hom maak nie. Daarom is dit nodig om te kom tot 'n konstruktiewe tipologie aangaande verandering en die sosiale orde en die plasing van die anomieteorie binne die raamwerk van die konstruktiewe en meer omvattende tipologie.

## E. 'n Konstruktiewe tipologie van maatskaplike verandering en die aard van die sosiale orde

Met die begrip „konstruktiewe tipologie" word verwys na „a purposive, planned selection, abstraction, combination, and (sometimes) accentuation of a set of criteria with empirical referents that serves as a basis for comparison of empirical cases."[2] Hierdie soort tipologie het in die resente tyd om utilitaristiese redes besondere betekenis verkry in die sosiologie, maar dit is ook in 'n mate reeds deur Durkheim aangewend in sy beskrywing van vorme van sosiale organisasie wat spruit uit verskillende tipes van arbeidsverdeling.[3] Hier

---

1) McKinney. Constructive typology and social theory, p.21-6.
2) Ibid., p. 3.
3) Durkheim. The division of labor in society, p.353-95.

word nie in besonderhede ingegaan op dié faset van Durkheim se teorieë *nie*, maar waar dit mettertyd ter sake kom, word weer hieraan aandag gegee. Dit geld ook vir ander konstruktiewe tipologieë soos o.a. die van Parsons[1)] en die AGIL-volgorde van verandering, Becker[2)] se onderskeiding tussen heilige en profane samelewings, Service[3)] deur wie vyf fases van samelewingsontwikkeling onderskei word, t.w. die bende-samelewing, die stam-samelewing, die samelewing met 'n opperhoofskap, die staat-samelewing en die imperiale samelewing; DeGré[4)] se onderskeiding met die beklemtoning van vryheid en toestande van vryheid deur middel waarvan hy 'n vyfvoudige tipologie van samelewingstipes konstrueer met die daarmee gepaardgaande grade van magskonsentrasie en die tipologie van Winslow[5)] wat op die tipologie van DeGré gebaseer is. Hoewel hierdie tipologieë bruikbaar is vir die doel waarvoor dit opgestel is, is dit vir die doel van hierdie navorsing nie voldoende om 'n enkele van hierdie konstruktiewe tipologieë aan te wend ten einde die anomieteorie in 'n breër perspektief te plaas nie.

Daarom word vervolgens 'n oorspronklike konstruktiewe tipologie opgestel bestaande uit 'n beplande seleksie en kombinasie van behandelde teorieë aangaande maatskaplike verandering, en waar van toepassing word alleen verwys na enkele fasette van die bg. konstruktiewe tipologieë. Die oorspronklike konstruktiewe tipologie waarvan hier sprake is, dien egter vooraf nader gekwalifiseer te word. Vir die doel waarvoor hierdie tipologie aangewend sal word, en op grond van die feit dat daar in die sosiologie reeds bruikbare raamwerke bestaan wat met sekere wysigings en byvoegings aan die doel van hierdie navorsing uitvoering sal gee, is dit onnodig om op 'n geforseerde wyse 'n eie tipologie op te stel. Die aanpassing van 'n bestaande tipologie vir die betrokke doeleindes waarvoor dit aangewend word, waarborg enersyds 'n sistematiese konstruering van 'n eie

---

1) Parsons. The structure of social action.
2) Becker. Through values to social interpretation.
3) Service. Profiles in ethnology.
4) DeGré. Freedom and social structure. American sociological review, 11:534-36:1946.
5) Winslow, op. cit., p.38-9.

tipologie, terwyl dit andersyds ook die bestaande tipologie en die aanwending daarvan verbreed. Om hierdie redes word vir die opstel van 'n eie en oorspronklike tipologie, waarbinne die anomieteorie ontleed kan word, gebruik gemaak van 'n bestaande tipologie van Parsons.

Volgens die beskouing van Parsons[1)] het elke maatskaplike sisteem vier funksionele probleme, nl. patroonhandhawing en spanningsbeheer, aanpassing, doelbereiking en integrasie. Hierdie begrippe wend Parsons aan as 'n verwysingsraamwerk vir die bestudering van verskillende sosiologies ter sake verskynsels, en as sodanig kan dit ook aangewend word as 'n ondersoekende meganisme vir die tipering en kategorisering van teorieë van verandering kontrole of beheer en teorieë oor die sosiale orde. In terme van hierdie verwysingsraamwerk ontwikkel die samelewing deur die opeenvolgende fases van patroonhandhawing en spanningsbeheer, aanpassing, doelbereiking en integrasie, waarvandaan die ontwikkelingsgang homself herhaal.

In die fase van patroonhandhawing en spanningsbeheer is die samelewing in 'n hoë mate geïsoleerd en selfonderhoudend. In hierdie fase smelt alle funksies saam in die vervulling daarvan deur die verwantskapsisteem en/of die religieuse sisteem. Omdat hierdie tipe van samelewing die funksionele probleme van aanpassing, doelbereiking en integrasie oorbrug het, is die enigste funksionele probleem dié van patroonhandhawing en spanningsbeheer. Die tipe van samelewing word gekenmerk deur 'n relatief eenvoudige en stabiele vorm van sosiale organisasie, en in die terme van die beskryfde teorieë aangaande maatskaplike verandering en die aard van die sosiale orde stem hierdie fase ooreen met die kommunale fase (Marx), tradisionele fase (Lerner), kommunale fase (MacIver), Gemeinschaft (Tönnies), volksgemeenskap (Redfield), meganiese solidariteit (Durkheim), bende- en stamgemeenskappe (Service) en heilige gemeenskap (Becker). Van hierdie tipe gemeenskappe skryf Winslow:[2)] „There are probably few examples of simple equilibrium in the world today. This is because most societies are ultimately faced

---

1) Parsons et. al. Working papers in the theory of action, p.183-86; Parsons. A revised analytical approach to the theory of social stratification. (In Bendix & Lipset. Class status and power, p.395-97);Parsons & Smelser. Economy and society. A study of the integration of economic and social theory. p.46-51.
2) Winslow, op. cit., p.7.

with problems of an 'external' nature; population expansion, competition for land and other recources with other societies, famine, disease, and the like." Dit het tot gevolg 'n verskuiwing in beklemtoning van die funksionele probleem van patroonhandhawing en spanningsbeheer na die probleem van aanpassing wat die volgende fase in die samelewingsontwikkeling verteenwoordig.

Ten einde aan te pas by die toenemende populasiedruk a.g.v. populasietoename, moet die samelewing 'n sosiale orde ontwikkel om die groter wordende populasie te inkorporeer en dit lei tot maatskaplike differensiasie, arbeidsverdeling en die ontstaan van 'n veranderde ekonomiese stelsel waardeur die bestaande bronne geëksploiteer word in die ontwikkeling van indiwiduele effektiwiteit,d.w.s. spesialisasie. Wanneer prioriteit verleen word aan die ekonomiese faset, sal ander funksies dan noodwendig sekondêre beklemtoning ontvang, sodat tradisionele patrone en ander kenmerke van die voorafgaande fase mettertyd verdwyn. Hierdie kenmerke is tiperend van die samelewing waarin die eertydse nie-regerende elite die plek van die regerende elite inneem (Pareto), en dit stem verder ook ooreen met die Gesellschaft (Tönnies), die profane gemeenskap (Becker) en die kapitalisme (Marx). Die aanpassingsfase wat verder omskryf kan word as 'n fase van disorganisasie word opgevolg deur 'n reaksionêre fase van doelbereiking wat gemik is op die oplossing of verbetering van die sosiale orde van die aanpassingsfase.

In die fase van doelbereiking is dit veral die politieke sisteem wat die leiding neem in die poging tot oplossing van die sentrale probleem waardeur hierdie fase gekenmerk word, nl. die van doelbereiking, en daarom word die fase verder gekenmerk deur 'n uitbreiding van die territoriale grense van die betrokke gemeenskap. Konsepte in die vooraf beskryfde teorieë wat met hierdie fase ooreenstem is die van die oorheersing van die regerende elite (Pareto) en die teologiese fase (Comte).

Die finale fase van ontwikkeling is die fase waarin die voorafgaande funksionele probleme opgelos is en waarin daar voortdurend gepoog word om te voorkom dat enige spesifieke belang dominant word in die samelewing, m.a.w. dat gepoog word om verskillende belange te integreer tot die voordeel van die mens in die samelewing. Hierdie tipe samelewing word deur verskillende skrywers gesien as die utopia soos dit uitgedruk word in die konsepte positiewe samelewing (Comte), kommunisme (Marx), die assosiatiewe samelewing (MacIver), organiese solidariteit (Durkheim) en die deelhebbende samelewing

(Lerner).

Uit hierdie sintese van konsepte binne die paradigma van Parsons is dit duidelik dat, ten spyte van die evaluasie wat geheg word aan die proses van maatskaplike verandering, die uiteenlopende en dikwels opponerende konsepsies van die inhoud van die verskillende fases van verandering en die aard van die sosiale orde in elke fase wel gekonsolideer kan word. So 'n sintese is alleen moontlik wanneer die aandag primêr gefokus is op die aard van die sosiale organisasie in elke fase, en met hierdie voorbehoud is dit vervolgens moontlik om die proses van anomie in elke fase van nader te ontleed.

## F. Die proses van anomie

Uitgaande van die aanvaarding dat maatskaplike organisasie relatief is in die sin dat absolute of volkome orde idealisties is,[1] en gesien dat anomie 'n vorm van disorganisasie is,[2] word die hipotese gestel dat elke fase van maatskaplike verandering gekenmerk word deur 'n mindere of meerdere graad van anomie, d.w.s. elke fase word gekenmerk deur 'n bepaalde graad van ontoeganklikheid van geoorloofde norme wat aan die sosiale orde dan 'n spesifieke aard gee.

Ten einde hierdie hipotese toe te lig, word vervolgens ingegaan op die orde van die samelewing in bepaalde fases van samelewingsontwikkeling met besondere aandag aan sekere elemente wat in 'n noue verband staan met sosiale orde in die algemeen, nl. die vorm van eenheid, d.w.s. kohesie of solidariteit, die aard van arbeidsverdeling en die dominerende tipe van sanksionering, d.w.s. die belangrikste meganismes van sosiale beheer.

---

1) Du Toit et. al., op. cit., p.17.
2) Knox. The sociology of industrial relations, p.332.

## 1. Patroonhandhawing en spanningsbeheer

Die vorm van eenheid in hierdie fase van samelewingsontwikkeling is gebaseer op persoonlike en verwantskapsverhoudinge wat aanleiding gee tot 'n hegte vorm van kohesie waarin die indiwidu ondergeskik gestel word aan die eenheid van die groepe waarvan hy lid is, asook aan die eenheid van die samelewingstotaliteit. Die solidariteit in hierdie fase is van 'n meganiese aard, en die samelewing dra die kenmerke van 'n hegte eenheid, soos dit uiteengesit word in die konsepte volksgemeenskap (Redfield), die kommunale gemeenskappe (Marx en MacIver) en die tradisionele gemeenskap (Lerner).

Die aard van arbeidsverdeling in hierdie fase berus op 'n differensiasie tussen geslagte en die afwesigheid van funksioneel interafhanklike groepe (MacIver).

Die tipiese sanksie in gemeenskappe wat in hierdie ontwikkelingsfase verkeer, is die sanksie wat onderdrukkend funksioneer, d.w.s. sanksies wat voorkomend is t.o.v. afwyking. Hierdie sanksies lê die vryheid van indiwidue aan bande en as sodanig spruit die sanksies voort uit die indiwidu se ondergeskiktheid aan die groep waarvan hy lid is,[1] asook uit die onwrikbaarheid van 'n gemeenskaplike waardesisteem soos beskryf deur Becker.[2] Die toepassing van hierdie sanksies geskied dan ook hoofsaaklik informeel en spontaan a.g.v. die persoonlike verhoudinge wat in hierdie fase oorheersend is.

Samevattend gestel is die gemeenskappe wat in hierdie fase van verandering verkeer, gemeenskappe met 'n relatief stabiele sosiale orde gebaseer op persoonlike verhoudinge, relatief min arbeidsverdeling en die toepassing van sanksies ter voorkoming van afwyking. Op grond van hierdie eienskappe is dit logies dat konformering aan die geoorloofde kulturele norme meer algemeen sal voorkom as in gemeenskappe met kontrasterende kenmerke. Winslow[3] wys egter

---

1) DeGré, op. cit., p.529.
2) McKinney, op. cit., p.110-13.
3) Winslow, op. cit., p.35.

daarop dat hierdie tipe gemeenskap nie gekenmerk word deur ŉ totale afwesigheid van afwyking nie, maar dat die afwykende persoonlikheid in hierdie gemeenskappe polariseer in die rigting van bekrompenheid. In terme van die anomieteorie kan hierdie bekrompenheid sigself manifesteer in òf onttrekking òf ritualisme, en die rede hiervoor lê in die totale opset van die sosiale orde van hierdie tipe gemeenskappe. Vanweë die sterk beklemtoning van konformering aan geoorloofde norme in die proses van sosialisering en die toepassing van voorkomende sanksies, sal indiwidue wat die norme ontoeganklik vind, hul onttrek aan doelstellings en norme, of streng aan die norme konformeer sonder enige verdere perspektief, eerder as om die geoorloofde norme te oortree.

Die feit dat afwyking wel in hierdie fase van samelewingsontwikkeling voorkom, impliseer dus die aanwesigheid van ŉ graad van anomie en omdat dit direk in verband staan met die aard van die sosiale orde word ook die reaksiewyses, in die betekenis van aanpassingswyses by ŉ toestand van anomie, deur die sosiale orde bepaal. Hierdie stelling word ook duidelik weerspieël in die omskrywing van die volgende fase van verandering.

2. Aanpassing

Die gemeenskap in die fase van aanpassing word gekenmerk deur die afwesigheid van ŉ algemene waardesisteem, konflik tussen waardes, geloof en belange en ŉ gevolglike losse of swak kohesie. Hierdie kenmerke spreek duidelik uit die konsepte kapitalisme (Marx), Gesellschaft (Tönnies), die profane gemeenskap (Becker) en die opkoms van die nie-regerende elite (Pareto). Die basis van die tipe kohesie wat in hierdie fase voorkom is hoofsaaklik te vinde in die ekonomiese verhoudinge a.g.v. intensiewe arbeidsdifferensiasie en -spesialisasie, m.a.w. die dominante gemeenskaplikheid tussen mense berus op die ekonomiese interafhanklikheid tussen hulle waardeur indiwiduele belange vervul kan word.

Die afwesigheid van ŉ gemeenskaplike waardesisteem en die toenemende onbelangrikheid van tradisie in hierdie fase lei tot ŉ swak vorm van maatskaplike beheer in die sin dat sanksionering van afwyking inkonsekwent is, indien dit nie totaal afwesig is nie. Verder is sanksies in hierdie fase ook nie voorkomend m.b.t. afwyking en ondersteunend t.o.v. die waardes en norme nie, maar eerder buitengewoon herstellend in die betekenis dat dit funksioneer

nadat afwyking reeds plaasgevind het.[1] Indiwiduele en groepsgedrag in hierdie fase word gekenmerk deur 'n algemene tendens van nie-konformering[2] hoofsaaklik a.g.v. die afname in die balangrikheid van tradisie, die proses van verandering wat kontinue aanpassing by veranderde en veranderende norme en omstandighede vereis, die afwesigheid van 'n hegte groepsidentifikasie deur middel waarvan indiwidue gebonde bly aan bepaalde groepe, kosmopolitiese verhoudinge wat normatiewe ambivalensie tot gevolg het, asook kortstondige en oppervlakkige verhoudinge wat in die proses van wisselwerking geen beroep doen op die persoonlikhede wat daarby betrokke is nie, maar hoofsaaklik ingestel is op die statusverhoudinge en dienooreenkomstige rolverwagtings. Hierdie faktore is simptomaties van die fase waarin afwyking in verskillende vorme voorkom a.g.v. die afwesigheid van 'n algemene waardesisteem wat by implikasie neerkom op 'n disekwilibrium tussen die sosiale en kulturele strukture. Aldus word hierdie fase dan gekenmerk deur 'n hoër of ernstiger graad van disorganisasie in die betekenis van anomie, as wat die geval is in die fase van patroonhandhawing en spanningsbeheer.

3. Doelbereiking

Die fase van 'n intense graad van disorganisasie word in terme van Parsons se opvatting gevolg deur 'n fase van doelbereiking waarin veral die politieke sisteem van komplekse gemeenskappe goedere en dienste mobiliseer vir die bereiking van die doelstelling van die gemeenskapstotaliteit.[3]

Die basis van kohesie in hierdie fase berus op die feit dat die politieke sisteem by wyse van dwingende gelegitimeerde, d.w.s. formele norme in die vorm van wette, ordonnansies, regulasies, ens. die sosiale orde handhaaf. Weens die strewe na doelbereiking is die dominante sanksies voorkomend t.o.v. afwyking, terwyl arbeidsverdeling oor die algemeen kompleks is en ook 'n onbuigsame aard aanneem a.g.v. die dominerende posisie van die politieke sisteem.

---

1) Winslow, op. cit., p.36.
2) Ibid., p.36.
3) Johnson, op. cit., p.54.

Bostaande impliseer 'n relatief geordende samelewing waarin die graad van anomie laer is as in die voorafgaande fase van aanpassing. Hierdie relatiewe geordenheid stem ooreen met die inhoud van die sosiale orde en die basis waarop dit berus soos uiteengesit in die behandelde konsepte van die oorheersing van die regerende elite (Pareto), die teologiese fase (Comte) en die heilige samelewing (Becker).

4. Integrasie

Die finale fase in samelewingsontwikkeling word gekenmerk deurdat ekonomiese probleme opgelos is en dat daar ook 'n oplossing gevind is vir die uitvoering en behoud van funksionele verhoudinge, d.w.s. dat daar 'n gelykmatige beklemtoning is van die belang van alle samelewingsterreine sodat geen enkele samelewingsterrein belangriker as ander geag word nie.

Die gemeenskap wat hom in hierdie fase bevind, sal gekenmerk word deur 'n hegte solidariteit op grond van gemeenskaplike waardes, asook op grond van die interafhanklikheid van groepe. Die arbeidsverdeling in hierdie fase is ook kompleks, maar daar is 'n groter mate van interafhanklikheid a.g.v. die afwesigheid van dominerende samelewingsterreine. Sanksionering vertoon in hierdie fase 'n balans tussen 'n voorkomende en herstellende funksie.[1)]

Wanneer die funksionele probleem van doelbereiking opgelos is, lei die verwikkelinge tydens die fase van integrasie tot 'n intensivering van die aard van die sosiale orde soos dit daaruitsien gedurende die fase van doelbereiking wat dus beteken dat disorganisasie, ook in die sin van anomie, steeds afneem. Die utopia soos voorheen uiteengesit in verskillende konsepte, stem ooreen met hierdie beskouing van die geordenheid van die samelewing in die fase van integrasie.

Hierdie uiteensetting van die paradigma van Parsons en die inkorporering van ander verbandhoudende konsepte, dui daarop dat daar 'n noue verband bestaan tussen die verskynsel van anomie en die proses van maatskaplike verandering

---

1) Winslow, op. cit., p.39.

waardeur die struktuur van die samelewing veranderinge ondergaan. Dit is verder uit hierdie uiteensetting opvallend dat dit veral die fase van aanpassing is wat gekenmerk word deur 'n relatief hoë of ernstige graad van disorganisasie, ook in die betekenis van anomie, wat dan impliseer dat afwykende gedrag as 'n uitvloeisel van anomie in hierdie fase meer algemeen voorkom as in die ander fases. As in ag geneem word dat die ekonomiese terrein in hierdie fase in die brandpunt staan, en gevolglik 'n hoë waarde geheg word aan ekonomiese doelstellings, is hierdie beskouing steeds in lyn met die opvatting van Merton, nl. dat afwyking hoofsaaklik spruit uit die waarde wat geheg word aan die ekonomiese suksesdoelstellings soos hy dit van toepassing maak op die samelewing van sy tyd.[1]
Die betekenis van die aanwending van die bogenoemde paradigma om die toestand van anomie as 'n proses te sien, in die sin dat anomie graduele wisselinge in sekere fases vertoon, is nie alleen geleë in die ontleding van die toestand van anomie in bepaalde fases van ontwikkeling nie, maar dit bied enigsins 'n verduideliking van die oorsaak en verloop van die toestand en proses van anomie, asook die moontlikheid om voorspellings te maak aangaande die verskynsel en afwykings wat daaruit voortvloei in ander ontwikkelingsfases van die samelewing. Die plasing van die anomieteorie binne die raamwerk van hierdie konstruktiewe tipologie bied dan, samevattend gestel, die voordele van die toepassing van die anomieteorie op alle kulturele sisteme sonder dat die toepassing tydsgebonde sal wees. Dit bied verder die moontlikheid van voorspelling wat betref die aard en omvang van afwyking asook die bestudering van afwyking as die gevolg van anomie in verskillende subkulture wat betref aard en omvang. Ook kan 'n vergelykende analise van afwyking in verskillende komplekse gemeenskappe en die toepassing van die anomieteorie op kleiner instellings soos bv. bepaalde gemeenskappe, groepe ens. in teenstelling met die huidige toepassing daarvan op 'n bepaalde samelewingstotaliteit gemaak word.

---

1) Kyk hfst. 4.

G. Samevatting

Benewens die genoemde kritiek teen die beskouings van die verskillende anomieteoretici wat in hierdie navorsing behandel is, is daar een belangrike leemte wat gemeenskaplik by hierdie teoretici voorkom, nl. die feit dat die anomieteorie, wat te make het met die toestand van die sosiale orde en by name die strukturele orde, losgemaak is van die beskouings aangaande die sosiale orde in die algemeen. Dit het tot gevolg dat die toestand van anomie as 'n gegewe hier en nou omskryf word sonder om die oorsaak en aanloop tot die toestand te beskryf en te verklaar. Die gevolg hiervan was dat die anomieteorie losgemaak is van die basiese sosiologieteorie, sodat dit uitsluitlik 'n teorie van die sosiale patologie geword het. Maar hierdie teorie is ook in 'n veel breër verband bruikbaar en hoewel dit in hierdie navorsing gaan om die ontwikkeling en toepassing van die teorie op sosiaal-patologiese verskynsels, word die toepassing van hierdie teorie nie daardeur beperk nie.

As die volle konsekwensie van hierdie eng toepassing van die anomieteorie, as 'n verteenwoordigende teorie van die globaal-teoretiese benadering nader ontleed word, skyn dit asof die anomieteoretici ook die probleemstelling en studiegebied van die sosiale patologie isoleer van die ensiklopedie van die sosiologie.

Ten einde hierdie leemtes te oorbrug, is die anomieteorie in hierdie hoofstuk gekoppel aan teorieë wat basies te make het met die sosiale orde in in breë sin, en is die anomieteorie binne die raamwerk van 'n konstruktiewe tipologie van maatskaplike verandering ontleed om sodoende die anomieteorie dan in 'n breër sosiologiese perspektief te stel en terselfdertyd sosiaal-patologiese verskynsels, as die studieterrein van die sosiale patologie, binne die raamwerk van die sosiologie as dissipline te sien.

Om vervolgens hierdie teorie aan die praktyk te koppel en sodoende verder te wys op enkele praktiese probleme in die toepassing van die teorie, word in die volgende hoofstukke van hierdie navorsing ingegaan op enkele sosiaal-patologiese verskynsels wat aan die hand van die tipologieë van die geselekteerde teoretici ontleed word.

Uitgaande van die standpunt dat afwykende gedrag en sosiaal-patologiese verskynsels veroorsaak word deur 'n toestand van anomie, en met verwysing daarna

dat anomie a.g.v. maatskaplike verandering graduele wisselinge vertoon in die verskillende fases van samelewingsontwikkeling, word die hipotese gestel dat die verskillende vorme van afwyking wat in die volgende hoofstukke behandel word a.g.v. die proses van verandering ook graduele wisselinge sal vertoon wat betref omvang en intensiteit.

Benewens die gemoeidheid met hierdie hipotese, word in die volgende hoofstukke ook ingegaan op die praktiese aanwending van die teorie deur middel daarvan die teorie aan die praktyk te toets. Die afwykingstipologie van die anomieteorie maak voorsiening vir vier vorme van afwykende gedrag, t.w. innovasie, onttrekking, ritualisme en rebellie en hierdie vorme van afwykende gedrag neem in die samelewing konkrete vorme aan, soos o.a. alkoholisme, verslawing aan dwelmmiddels, misdaad, kollektiewe afwykende gedrag, neurotiese gedragsvorme, ens. In die hieropvolgende hoofstukke word ingegaan op die toepassing van die anomieteorie op onttrekking, waarvan verslawing aan dwelmmiddels as voorbeeld sal dien, innovasie, met aandag aan misdaad as 'n vorm daarvan, kollektiewe afwykende gedrag as 'n vorm van rebellie, terwyl met die ontleding van ritualisme verwys sal word na verskillende praktiese voorbeelde van dié bepaalde vorm van afwyking. Hierdie prosedure word gevolg, omdat die verskillende tipologieë van afwykende gedrag na hierdie vier vorme van afwykende gedrag verwys as vorme met tiperende eienskappe, en dat elke vorm 'n bepaalde verband het met die verskynsel van anomie.

# HOOFSTUK 8

# ONTTREKKING AS REAKSIEVORM, MET BESONDERE VERWYSING NA VERSLAWING AAN DWELMMIDDELS

## A. Inleiding

In die verduideliking van sy afwykingstipologie verwys Merton[1] na verslawing aan dwelmmiddels as 'n vorm van onttrekking, en die belangrikste kritiek hierteen is uitgespreek deur Cloward[2] as hy beweer dat Merton verslawing aan dwelmmiddels sien as 'n plotselinge of „een stap" afwyking, wat daarop neerkom dat so 'n tipering van verslawing inderwaarheid net die finale fase van die afwyking beskryf, en aldus nie die verloop van die proses van verslawing verklaar nie. Ook die interne dwangmatigheid waarvan daar in Merton[3] se omskrywing van onttrekking sprake is en die byvoeging van Cloward[4] in hierdie verband, moet by die toepassing van die anomieteorie op die verskynsel van verslawing aan dwelmmiddels deeglik in berekening gebring word.

Omdat daar ten opsigte van onttrekking, soos toegepas op die verskynsel van verslawing aan dwelmmiddels, nog relatief min wetenskaplike navorsing gedoen is, en omdat hierdie toepassing van die afwykingstipologie sekere belangrike probleme inhou, word in hierdie navorsing 'n afsonderlike hoofstuk daaraan gewy. Dit geld nie in dieselfde mate vir die ander vorme van afwyking waarvoor daar in die afwykingstipologieë voorsiening gemaak is nie. Voordat enige toepassing egter gedoen kan word, is dit volledigheidshalwe nodig om eers 'n ontleding van die verskynsel van verslawing aan dwelmmiddels as sodanig te maak. Hiervoor is dit vooraf nodig om te wys op die probleme wat bestaan in verband met die bestudering van hierdie verskynsel, asook om 'n uiteensetting te gee van sekere begrippe wat aangewend sal word en 'n klassifikasie van dwelmmiddels wat algemeen gebruik word.

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.153; kyk hfst. 4.
2) Cloward, op. cit., p.176.
3) Merton. Social theory and social structure, p.153.
4) Cloward, op. cit., p.175.

## B. Probleme by die wetenskaplike bestudering van verslawing aan dwelmmiddels

Loedolff en Louw[1] stel dit duidelik dat alle feite in verband met dwelmmiddels op hierdie stadium nog nie bekend is nie en dat wetenskaplike menings aangaande dwelmmiddelgebruik en -misbruik mag verander namate meer inligting aangaande hierdie verskynsel beskikbaar word; verder wys hulle ook daarop dat betroubare statistieke oor die omvang van die verskynsel ook nie beskikbaar is nie, en dat daar vir die bepaling van die omvang van die verskynsel hier te lande, slegs gebruik gemaak kan word van onbetroubare en onwetenskaplike beramings of skattings. Hierdie stelling dui daarop dat die wetenskaplike wat hom met hierdie verskynsel bemoei, bedag moet wees op sekere probleme ten opsigte van die insameling van feite aangaande hierdie verskynsel, aangesien verslawing aan dwelmmiddels hom skynbaar moeilik tot wetenskaplike studie leen.

Een van die faktore wat die bestudering van verslawing aan dwelmmiddels bemoeilik, is die feit dat die gebruik van dwelmmiddels oor die algemeen in die meeste lande 'n misdaad is, wat daartoe lei dat hierdie gedragspatroon verbloem word. Dit is veral om hierdie rede dat die ondersoeke wat reeds oor verslaafdheid gedoen is, uitgevoer is op mense wat vrywillig in inrigtings opgeneem is vir behandeling, maar ook hierdie persone lewer probleme vir die objektiewe insameling van gegewens. Daar bestaan 'n geneigdheid by verslaafdes om die basis van hulle toestand te rasionaliseer, met die gevolg dat objektiwiteit by die insameling van gegewens, veral gegewens aangaande die oorsake, met ander woorde etiologiese faktore, bemoeilik word.[2]

Nowlis[3] se bespreking van die moontlikheid van die aanwending van die eksperimentele prosedure vir die bestudering van verslawing, waarin dwelmmiddels as 'n eksperimentele veranderlike toegedien kan word, moet op etiese gronde verwerp word. 'n Kunsmatig daargestelde toestand van verslawing sal bowendien nie noodwendig mense insluit wat geneig is tot verslawing nie, en sal dus net op enkele persone van toepassing gemaak kan word. Die gevolg

---

1) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, inleiding..
2) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and sociological aspects, p.79.
3) Nowlis. Methods for the objective study of drug effects on group functioning. (In Uhr & Miller. Drugs and behavior, p.563-81.)

hiervan sal dan wees dat die breë maatskaplike implikasies van verslaafdheid nie bestudeer kan word nie. Afgesien dus van die etiese onverantwoordbaarheid daarvan, sal 'n eksperimentele prosedure vir die sosiologie nie veel lig werp op die sosiologies belangrike etiologiese faktore nie, maar kan dit alleen die aandag vestig op indiwiduele gedragspatrone wat 'n mate van eendersheid al dan nie sal vertoon wanneer sulke mense onder die invloed van dwelmmiddels is. So 'n prosedure sou ook nie kon bydra tot 'n beter begrip en insig van die rol van anomie, as maatskaplike determinant, in die veroorsaking van verslawing nie.

As gevolg van hierdie en ander faktore wat die bestudering van verslawing bemoeilik, is wetenskaplike bydraes tot die kennis van die verslaafde redelik beperk. 'n Belangrike bydrae is wel gelewer deur Ausubel[1] wat sy bevindinge gegrond het op die kliniese geskiedenisse van 'n aantal verslaafdes met 'n ontleding van hulle voorverslawingspersoonlikhede en die ontwikkeling daarvan. Dit is hoofsaaklik aan die hand van hierdie bevindinge van Ausubel wat in hierdie hoofstuk gepoog word om 'n verband aan te toon tussen verslawing as 'n vorm van onttrekking en die toestand van anomie.

## C. Die begrippeprobleem

Op hierdie stadium is dit nodig dat daar duidelikheid verkry moet word oor begrippe wat in hierdie hoofstuk gebruik word, dit wil sê begrippe wat direk in verband staan met die onderhawige verskynsel. Hier word dan 'n onderskeid gemaak tussen begrippe wat in die omgangstaal dikwels as sinonieme gebruik word, en redes word aangevoer waarom van bepaalde begrippe gebruik gemaak sal word.

Die eerste begrippeprobleem waarop ingegaan word, is dié van „verslawing" en „gewoontevorming". Die begrip „verslawing" verwys in hierdie navorsing na 'n skadelike of onwenslike toestand, dit wil sê waar die innerlik gedwonge aanwending van dwelmmiddels fisiese skade en psigies ondoeltreffende reaksies veroorsaak wat lei tot maatskaplike disorganisasie. Die kenmerke van so 'n

---

1) Ausubel, op. cit.

skadelike toestand word beklemtoon in die aanhaling wat Clinard[1] gebruik om die verslaafde te omskryf: „According to the federal statuses, a drug addict is any person who 'habitually uses any habitforming narcotic drug as defined .......so as to endanger the public morals, health, safety, or welfare, or who is or has been so far addicted to the use of such habitforming narcotic drugs as to have lost the power of self-control with reference to his addiction.'" Hierdie kenmerke van die verslaafde spruit uit die toestand van verslawing wat omskryf word as „'n toestand van herhaalde of aanhoudende bedwelming, wat skadelik vir die indiwidu asook die gemeenskap is en teweeggebring word deur die herhaalde inname van 'n dwelmmiddel (natuurlik of sinteties), met die volgende kernmerke: 1. 'n Allesoorheersende begeerte of drang om die inname van die betrokke middel voort te sit en om die middel teen watter prys ook al te bekom, 2. 'n neiging om die dosis te verhoog namate sogenaamde toleransie ontwikkel, en 3. 'n psigiese en soms fisiese afhanklikheid van die middel. By die onttrekking van die middel ontstaan die gevreesde onthoudingsimptome."[2]

Gewoontevorming daarteenoor, is 'n minder ernstige toestand in die sin dat so 'n toestand nie nadelig vir die indiwidu of gemeenskap is nie, en dat daar by die onttrekking van die gewoontevormende middels nie spesifieke onthoudingsimptome voorkom nie.[3] Hoewel daar in die geval van gewoontevorming nie 'n fisiese afhanklikheid ontstaan nie, kan die begrippe „verslawing" en „gewoontevorming" as sinonieme gebruik word wanneer verwys word na algemene gewoontevormende middels, soos tabak, kafeïen, cola-dranke ens.[4]

Volgens Loedolff en Louw[5] het die Wêreldgesondheidsorganisasie in 1964 besluit om die twee begrippe te vervang met die meer omvattende term „dwelmmiddelafhanklikheid", omdat sommige middels by sekere persone verslawing veroorsaak, terwyl dieselfde middels weer by ander net gewoontevorming tot gevolg het. Die term „afhanklikheid" word dan gebruik, omdat dit 'n faset is wat by

---

1) Clinard, op. cit., p.293; vgl. Stoodley, op. cit., p.377.
2) Loedolff & Louw, op. cit., p.2; vgl. ook Clausen. Drug addiction. (In Merton & Nisbet, op. cit., p.182.)
3) Loedolff & Louw, op. cit., p.2.
4) Du Toit et. al., op. cit., p.140.
5) Loedolff & Louw, p. 2-3.

verslawing sowel as by gewoontevorming voorkom in die sin dat sommige middels net 'n fisiese afhanklikheid veroorsaak, ander net 'n psigiese afhanklikheid, terwyl sekere middels fisiese en psigiese afhanklikheid tot gevolg het. In hierdie navorsing word alleen verwys na dwelmmiddelverslawing, waarmee dan bedoel word dat dit 'n toestand is van fisiese en psigiese afhanklikheid wat veroorsaak word deur middels wat op sekere persone 'n definitiewe verslawende effek het.

'n Tweede begrippeprobleem waarop ingegaan word, staan in verband met die omskrywing van die middels wat as gevolg van herhaalde gebruik verslawing tot gevolg het. Dit het in die omgangstaal algemeen gebruiklik geword om na middels met 'n verslawende uitwerking te verwys as verdowingsmiddels, en dan word hierby ingesluit middels wat nie verdowende uitwerkings of eienskappe, soos onder andere pynstilling, het nie. Dit is egter nie net hierdie middels wat 'n verslawende uitwerking het nie, maar ook ander, en daarom word in hierdie hoofstuk gebruik gemaak van die begrip „dwelmmiddels", waaronder wel ook sekere middels met verdowende eienskappe ingesluit word. Die toestand van verslawing staan ook nie soseer in verband met die verdowende uitwerking van sekere middels nie, maar veel eerder met die bedwelmende uitwerking daarvan,[1] veral in die betekenis van die euforiese effek[2] wat die middel tot gevolg het.

Oor die algemeen bestaan daar 'n steeds groter wordende verskeidenheid van middels wat as dwelmmiddels getipeer kan word en wat verslawing tot gevolg kan hê. Omdat hierdie middels verskillende verslawende kenmerke kan veroorsaak, dit wil sê verskillende simptome van verslawing by die gebruik daarvan kan vertoon, en omdat dit vir 'n goeie begrip van hierdie verskynsel nodig is om kennis te dra van die uitwerking van dwelmmiddels, is dit nodig dat hier ook hooflyne van 'n klassifikasie van hierdie middels uiteengesit moet word.

---

1) Loedolff & Louw, op. cit., p.1.
2) Die euforiese effek word by die beskrywing van die uitwerking van dwelmmiddels gedefinieer en omskryf.

## D. Klassifikasie van dwelmmiddels

Clinard[1] maak 'n tweeledige klassifikasie van dwelmmiddels op grond van die algemene uitwerking van die middels as hy onderskei tussen middels wat 'n depressiewe toestand van die indiwidu veroorsaak, en middels wat 'n stimulerende uitwerking het. Die meeste studies wat dusver in verband met dwelmmiddelverslawing gedoen is, beklemtoon hierdie tweeledige indeling, en wys daarop dat dit veral ten opsigte van die depressiewe middels is waar die omvang van verslawing relatief groot is.[2] Die meer resente tendense in die verskynsel van verslawing dui egter daarop dat hierdie klassifikasie nie omvattend genoeg is nie, aangesien dit nie voorsiening maak vir sekere middels wat in die jongste tyd vir veral hulle psigedeliese effekte gebruik word nie.

Loedolff en Louw[3] wys daarop dat daar verskillende maniere is waarvolgens dwelmmiddels geklassifiseer kan word, soos byvoorbeeld, op grond van die herkoms van middels, die mate van bekombaarheid, die chemiese samestelling en volgens die uitwerking van die middels, en hulle maak dan 'n vierdelige klassifikasie van dwelmmiddels op grond van die herkoms en uitwerking van die middels, naamlik depressiewe middels, stimulante, hallusinogene of psigedeliese middels en inhaleermiddels. In aansluiting by hierdie klassifikasie, asook dié van Du Toit, Steyn en Rip[4] en met enkele wysigings, word die volgende klassifikasie opgestel wat in hoofsaak gegrond is op die primêre uitwerking van dwelmmiddels.

---

1) Clinard, op. cit., p.293.
2) Eddy. The history of the development of narcotics. <u>Law and contemporary problems</u>, 22:3-9:1957.
3) Loedolff & Louw, op. cit., p.7-9.
4) Du Toit et. al., op. cit., p.141.

1. Depressiewe middels

Die netto-effek van hierdie kategorie van dwelmmiddels is, soos die beskrywende naam daarvan aandui, depressief. Hierdie kategorie kan onderverdeel word in drie sub-kategorieë, naamlik opiate, die Cannabis sativa-groep en sintetiese middels, waaronder slaap- en susmiddels ingesluit word.

a. Opiate

Die opiate is 'n plantaardige sub-kategorie waarvan opium die bekendste is, en wat berei word uit die papawerplant, wat onder andere ook morfien en kodeïen bevat; hieruit word ook heroïen berei. Ander sintetiese produkte wat onder hierdie sub-kategorie sorteer, is Metadoon en Petidien.

b. Cannabis sativa

Hierdie middels is ook plantaardig, en die bekendstes hiervan is marijuana wat in die V.S.A. en Suid-Amerika voorkom, hasjisj wat veral in die Midde-Ooste gebruik word en dagga wat in Suid-Afrika aangetref word. Loedolff en Louw[1] plaas hierdie middels onder die kategorie hallusinogene middels op grond van die feit dat die middels, benewens die primêre effek van depressie, ook hallusinasieskeppend is, dit wil sê 'n gewaarwording deur die sintuie van iets wat nie bestaan en ook nie deur ander waargeneem kan word nie.

c. Slaap- en susmiddels

Onder hierdie sub-kategorie is die bekendstes Barbiturate soos Nembutal, Seconal, Luminal en Amytal, asook ander slaapmiddels soos Doriden, Noludar, Mogadon en Mandrax. Die primêre effek van hierdie middels is dat dit hipnotiese effekte en slaap tot gevolg het, terwyl die susmiddels soos reserpien en ander sintetiese produkte soos byvoorbeeld Miltown, Aterax, Librium en Valium, 'n kalmerende uitwerking op die gebruiker het.

---

1) Loedolff & Louw, op. cit., p.9.

2. Stimulerende middels

Hierdie middels werk oor die algemeen slapeloosheid in die hand, wakker energie aan en verlig neerslagtigheid, dus 'n netto-effek van stimulering. Die bekendste stimulante is kokaïen, die Amphetamine-reeks, soos Benzedrine, Dexedrine en Anorexine, asook ander nie-amphetamine sintetiese produkte soos Ritaline, Preludine en Tenuate. Die stimulante word selde oor 'n lang tydperk heen alleen gebruik, maar gewoonlik saam met een of ander depressiewe middel, soos heroïen of Barbiturate.

3. Hallusinogene middels of psigodisleptikum

By die inname van hierdie middels ondergaan die mens se geestestoestand radikale veranderinge, soos onder andere hallusinasies en die verdraaiing van die persoon se bewustheid van die werklikheid. Hoewel hierdie middels ook ander newe-effekte het, waarop later ingegaan word, is die primêre effek daarvan dat dit hallusinasieskeppend is, en dit is dan ook die belangrikste rede waarom hierdie middels ingeneem word. Onder hierdie kategorie is daar ook 'n verskeidenheid middels waarvan die volgende die mees algemene is: Meskalien, Psilosibien, Lisergiensuurhidroksietielamied, Lisergiensuuramied, Dimetieltriptamien (DMT), STP en Lisergiensuurdietielamied (LSD-25).

4. Inhaleermiddels

Loedolff en Louw[1)] klassifiseer hierdie middels afsonderlik op grond van die wyse waarop die middels aangewend word, naamlik by wyse van inaseming, asook weens die feit dat die uitwerking van die middels enigsins van die uitwerking van die ander reeds genoemde middels verskil. Middels wat onder hierdie kategorie sorteer is petrol, bensien, sekere sinteties-bereide gomsoorte, naellakverwyderaars, sigaretaanstekervloeistof en verfverdunners wat almal chemiese bestanddele soos toluole, xyleen en asetoon bevat en wat verantwoordelik is vir die euforiese effek by die inaseming daarvan.[2)]

---

1) Loedolff & Louw, op. cit., p.9.
2) Ibid., p.73.

Gesien in die lig dat die kern van hierdie hoofstuk sentreer om die uiteensetting van verslawing as 'n vorm van onttrekking in die betekenis van 'n reaksiewyse op 'n toestand van anomie, en in ag genome die feit dat die verskillende dwelmmiddels ook verskillende uitwerkings op die mens het, is dit nodig om ook te let op die algemene uitwerking van die hoofkategorieë op die mens. So 'n oorsig sal lei tot 'n beter begrip van die toestand van verslawing, en sal implisiet ook 'n verduideliking bied aan die feit dat sommige mense aan hierdie middels verslaaf raak en ander nie. Verder is 'n begrip van die uitwerking van die middels ook nodig vir 'n analise van die beskouings van die anomieteoretici in hierdie verband, naamlik dat verslawing aan dwelmmiddels 'n onttrekkende aanpassingswyse weerspieël.

## E. Die uitwerking van dwelmmiddels

Die uitwerking van die depressiewe middels verskil in sommige opsigte van mekaar, en hierdie verskil is veral belangrik ten opsigte van die uitwerking van die opiate en die cannabis sativa sub-kategorieë. Die depressiewe uitwerking van die opiate sluit in pynstilling, kalmering, hipnotiese effekte soos lomerigheid en slaapsug, en miskien die heel belangrikste effek in die geval van alle vorme van verslawing, euforie. Die belangrikste mediese gebruik van die opiate is vir die doeleindes van pynstilling wat verkry word deurdat die serebrale korteks verdoof word en die drumpel vir pynpersepsie verhoog. Sodoende word pynstilling sonder bewussynsverlies verkry. Hierdie pynstillende effek kan verder ook toegeskryf word aan die hipnotiese effekte wat die drumpel vir pynwaarneming verhoog, asook aan die psigiese ervaring van die euforiese uitwerking van die middel. In die proses van verslawing aan opiate is veral twee effekte van hierdie middels van groot belang, naamlik die euforiese effek en die onthoudingsindroom dit wil sê 'n bepaalde stel simptome wat ontstaan wanneer die middel onttrek word. Euforie kan omskryf word as: „Unfounded and exaggerated feelings of bodily comfort and well-being; also a sense of well-being and buoyancy."[1] Hierdie gevoel van welsyn word ervaar nadat die middel ingeneem is en dit hou sekere gevoelens waar onder 'n afname in fisiese begeertes soos honger en seks in. Toleransie ten opsigte van hierdie effek word egter relatief gou verkry, met die gevolg dat die gebruiker die dosisse

1) Thorpe et. al. The psychology of abnormal behavior, p.645.

progressief moet vermeerder om dieselfde uitwerking te verkry. Die toestand van euforie verskaf 'n wyse waarop die gebruiker wisselinge van sy humeur kan beheer, omdat die bedwelmende uitwerking van die middel die gebruiker se innerlike probleme oorheers en beperk. Die gebruiker se probleme is dus in die euforiese toestand nog aanwesig, maar dit skyn vir die gebruiker of sy reaksies op sy probleme in die euforiese toestand meer toereikend is. Skynbaar het hierdie effek dus 'n besondere aanpassingswaarde vir sommige persone, en implisiet is elemente van onttrekking as aanpassingswyse hierin opgesluit.

Die onthoudingsindroom van die opiate neem 'n min of meer vaste patroon aan, maar kan varieer wat betref intensiteit en duur na gelang van die besondere middel en die graad van verslaafdheid. Hierdie onthoudingsindroom is 'n patroon van fisiese en psigiese simptome wat baie intensief ervaar word, byvoorbeeld spanning, rusteloosheid, perspirasie, vomering, kouekoors, pyn, ens. Die simptome neem in intensiteit toe tot ongeveer ses-en-dertig tot agt-en-veertig uur na die laaste dosis, waarna die intensiteit geleidelik begin afneem om na ongeveer tien dae heeltemal te verdwyn. Van hierdie onthoudingsindroom sê dr. De Ropp: „Withdrawal sickness in one with well-developed physical dependence on opiates is a shattering experience and even a physician accustomed to the sight of suffering finds it an ordeal to watch the agonies of patients in this condition."[1] Die onthoudingsindroom verdwyn gedurende die onthoudingsperiode sodra 'n dosis weer toegedien word, en dit dui baie duidelik op die fisiese afhanklikheid van die middel. Wanneer 'n persoon eers verslaaf is, is die vrees vir die onthoudingsindroom een van die basiese motiewe vir die voortsetting van die gebruik van die middel, maar hierdie vrees kan nie gesien word as die belangrikste etiologiese faktor in die proses van verslawing nie, juis omdat die onthoudingsindroom eers voorkom wanneer die middel nie meer gebruik word nie. Met ander woorde in die voorverslawingsperiode speel hierdie vrees geen rol nie en moet die euforiese uitwerking eerder as die belangrikste etiologiese faktor in die proses van verslawing gesien word.

---

1) Rose & Chilvers. The broken link, p.99.

Die uitwerking van die Cannabis sativa-kategorie is veranderlik en onvoorspelbaar hoewel die netto-effek daarvan depressief is. Hierdie onvoorspelbaarheid word toegeskryf daaraan dat die besondere middels die inhiberende funksies van die brein verswak, sodat die gebruiker geen beheer kan uitoefen oor sy basiese drange en behoeftes nie. Die uitwerking van hierdie middels sal dus afhang van die basiese persoonlikheidseienskappe van die gebruiker. As gevolg van die euforiese effek van hierdie middels word dit hoofsaaklik ook gebruik vir die aanpassingswaarde wat dit vir sommige mense het. Omdat hierdie middels die maklikste bekombaar is en relatief goedkoop is, begin die proses van verslawing gewoonlik deur die gebruik van middels van hierdie sub-kategorie. Thorpe, Katz en Lewis[1] wys daarop dat die middels van die Cannabis sativa-subkategorie nie 'n verslawende effek het in dieselfde sin as ander dwelmmiddels nie, en dat by die onttrekking van die middels ook nie 'n onthoudingsindroom gemanifesteer word nie. Rose en Chilvers[2] bring afwykende gedrag en die gebruik van dagga op 'n besondere wyse in verband met mekaar as hulle beweer dat: „Dagga does not <u>make</u> deviants nearly to the extent that we imagine.

Our view is that <u>deviants take to dagga</u> ----- which is a quite different matter. Once we accept this point of view, the social circumstances involved may worsen individual behavior." Hierdie benadering werp lig op die verskynsel van die gebruik van dwelmmiddels as 'n simptoom van 'n breër patroon van gedragsafwykings wat by sommige persone aangetref word. In hierdie verband skryf Rose en Chilvers[3] die volgende: „We emphasize the point that a youngster who moves on to dagga as a permanent 'way of life' is in effect doing so <u>not</u> because of seduction by the drug but because he is <u>already a disturbed personality</u> ----- which makes <u>some sort of deviancy almost inevitable</u>." Hieruit moet egter nie afgelei word dat dagga 'n onskadelike middel is nie, aangesien die uitwerking van dagga inhiberende funksies afstomp, met die gevolg dat die uiterste vorme van gedrag onder die invloed van dagga gemanifesteer kan word. Hoewel die uitwerking van die middels wat sorteer onder die Cannabis sativa-subkategorie depressief is, kan hierdie middels ook op grond van hulle psigedeliese effek onder die psigodisleptikum geklassifiseer word.[4]

---

1) Thorpe et. al., op. cit., p.364-5.
2) Rose & Chilvers, op. cit., p.73.
3) Ibid., p.73.
4) Loedolff & Louw, op. cit., p.9.

Van die sintetiese of slaapmiddels word veral die Barbiturate baie gebruik. Die belangrikste mediese gebruik van hierdie depressiewe middels is vir die behandeling van insomnia. In gevalle van verslawing aan Barbiturate word hierdie middels selde alleen gebruik, maar gewoonlik saam met Amphetamines, alkohol of heroïen. Oormatige dosisse van Barbiturate kan binne 'n relatief kort tydperk lei tot 'n ernstige graad van fisiese afhanklikheid wat gepaard gaan met 'n aftakeling van verstandelike vermoëns, verwarring en emosionele onstabiliteit. By die onttrekking van Barbiturate vertoon die verslaafde die karakteristieke sindroom van onttrekking wat simptome insluit soos onder andere angstigheid, lighoofdigheid, bewerigheid, vomering, insomnia, verlaging van die bloeddruk, grandmal-tipe toevalle, ens. Rose en Chilvers[1] wys daarop dat die gebruik van Barbiturate dikwels lei tot nie-intensionele selfmoord: „In their drugged state, and unaware of the passage of time or the size of the dose they are taking, users become accidental suicides. But many, suffering from increasing depression not alleviated by the barbiturate, hide away enough tablets to kill themselves."

Die primêre effek van die middels wat geklassifiseer word onder die kategorie psigodisleptikum, is die hallusinasies wat ontstaan by die gebruik van die middel. Die belangrikste nadelige fisiese gevolg van die gebruik van middels soos LSD is die feit dat die chromosome van die liggaamselle versteur word.[2] Die kenmerkende psigiese en sosiale effekte van die middel is die skepping van hallusinasies as gevolg van die versteuring van verskillende sintuie, periodieke kranksinnigheid, ongekontroleerde uiting van aggressie en seksuele drifte, ens. 'n Verdere belangrike kenmerk van die uitwerking van LSD is die feit dat die genoemde psigedeliese effekte weer ervaar kan word op 'n tydstip lank nadat die gebruiker opgehou het om die middel te gebruik.

Die belangrikste mediese gebruike van stimulante sluit in die behandeling van neerslagtigheid, die behandeling van die uitwerking van depressiewe middels, terwyl dit ook as stimuleermiddels aangewend word vir persone wat oor lang tydperke heen geroetineerde arbeid moet verrig. Verder word Amphetamines ook gebruik vir eetlusdempers. Afgesien van die mediese gebruike van hier-

---

1) Rose & Chilvers, op.cit., p.87.
2) Ibid., p.92-3.

die middels, word dit hoofsaaklik gebruik of misbruik vir die euforiese effek wat met die gebruik daarvan gepaard gaan. Dit wek gevoelens van lewenslus, opgewondenheid, verligting van vermoeidheid, slapeloosheid, ens. Hierbenewens veroorsaak kokaïen verder 'n aggressiewe, selfbewuste vrolikheid, spraaksaamheid en selfs strydlustigheid.[1] Herhaling van dosisse lei tot 'n afname in konsentrasievermoë, en mettertyd ontwikkel by die gebruiker 'n toestand van gespannenheid waarin hy oormatig en onrealisties van suspisie en vrees bewus is. In die latere stadia van verslawing toon die gebruiker simptome van geestelike disintegrasie in die vorm van verwarring, 'n totale verswakking van konsentrasievermoeë en geheue, hallusinasies en kranksinnigheid. Wanneer die uitwerking van die middel afneem, ervaar die persoon 'n afname in energie en toon hy tekens van depressie, rusteloosheid en besluiteloosheid.[2]

Die inhaleermiddels is 'n kategorie van middels wat by wyse van dampvorm ingeasem word, en wanneer 'n persoon onder die invloed van hierdie middels is, ervaar hy 'n toestand van euforie waartydens hallusinasies en delusies, dit is waandenkbeelde, voorkom, terwyl so 'n persoon opsigtelik ook gedisoriënteerd en aggressief is.[3] Dit is 'n kategorie van middels wat nie soveel soos die ander kategorieë aangewend word nie, en die gebruik daarvan kom gewoonlik onder beginners voor. Nietemin mag die gevaar van hierdie middels nie onderskat word nie, aangesien dit ernstige fisiologiese toestande en selfs die dood tot gevolg kan hê. Die feit dat hierdie middels vryelik bekombaar is, in teenstelling met ander dwelmmiddels, veroorsaak dat Loedolff en Louw[4] 'n moontlike toename in die aanwending van hierdie middels in Suid-Afrika voorsien, veral omdat nuwe wetgewing in verband met dwelmmiddels, naamlik Die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende stowwe en Rehabilitasiesentrums (Wet No. 41 van 1971), die bekombaarheid van ander dwelmmiddels streng aan bande lê.

Verslawing aan die bogenoemde middels is 'n toestand waarin die persoon van hierdie middels afhanklik geword het wat betref fisiese, psigiese en sosiale funksionering, maar dit dien daarop gewys te word dat nie alle gevalle van verslawing ingesluit kan word wanneer verwys word na hierdie toestand as

---

1) Du Toit et. al., op. cit., p.141.
2) Ibid., p.142.
3) Loedolff & Louw, op. cit., p.74.
4) Ibid., p.74.

'n sosiaal-patologiese probleem nie. Daarom is dit vervolgens nodig om in te gaan op verslawing as 'n toestand van afwyking, en dan spesifiek in die sin van 'n patologiese toestand.

## F. Verslawing as 'n vorm van sosiale patologie

Volgens Lindesmith[1] het daar in die geskiedenis van die Amerikaanse samelewing 'n merkbare verandering ingetree wat betref die houding of gesindheid teenoor die gebruik van en verslawing aan dwelmmiddels, soos dit weerspieël word in die openbare mening. Hoewel die gebruik van hierdie middels in dié spesifieke samelewing nooit goedgekeur is nie, was daar gedurende die negentiende eeu 'n groter mate van verdraagsaamheid ten opsigte van die gebruik van en verslawing aan dwelmmiddels. Op hierdie stadium is verslawing egter gesien as 'n persoonlike probleem wat die simpatie van die gemeenskap vereis het. Omdat die gebruik van dwelmmiddels gaandeweg geassosieer is met algemene misdadigersgebruike, het daar 'n verandering in hierdie gesindheid hom mettertyd in die openbare mening gemanifesteer, maar primêr was hierdie verandering nog toe te skryf aan die negatiewe gesindheid en evaluering ten opsigte van misdaad as sodanig.

Die negatiewe evaluering wat betref dwelmmiddelgebruik, is in die moderne openbare mening nog duidelik merkbaar, maar dan met dié belangrike verskil dat hierdie gesindheid nou primêr 'n reaksie is op die gebruik van dwelmmiddels as sodanig. Gesien in die lig dat per definisie die openbare mening in 'n sekere sin 'n bepalende betekenis het in die definiëring van 'n verskynsel as problematies[2], kan in die openbare mening die tendens waargeneem word dat die elemente van disfunksionaliteit in die gebruik van dwelmmiddels beklemtoon word, en dat hierin alreeds 'n besondere evaluering aan hierdie verskynsel geheg word, naamlik dat dit as sodanig patologies is.

In ooreenstemming hiermee, en met verwysing na onder andere die proses van verslawing skryf Bredemeier en Toby:[3] „Whether the individual commits suicide,

1) Lindesmith. Opiate addiction, p.183.
2) Horton & Leslie. The sociology of social problems, p.4 en Caldwell & Foster, op. cit., p.4.
3) Bredemeier & Toby. Social problems in America: Costs and casualties in an acquisitive society, p.175.

suffers a mental breakdown, or becomes an alcoholic or a drug addict, he is fleeing from the stresses of the real world. He can be termed a social problem because, in one sense or another,.... (we) evaluate such flight as undesirable." Die begrip „onwenslikheid" of elemente wat op sodanige evaluering dui, neem in verskillende definisies van maatskaplike probleme en afwykende gedrag 'n sentrale plek in, en dit impliseer dat die verskynsel dan altyd eers as problematies gedefinieer kan word wanneer dit gesien word teen die agtergrond van die normsisteem van die gemeenskap waarbinne dit voorkom.

Omdat „afwyking" 'n relatiewe begrip is, moet en kan dit alleen verstaan word as dit omskryf word in terme van dit waarvan die afwyking plaasvind. In dié verband sien Sprott[1] afwykende gedrag as gedrag wat afwyk van die normale in die sin dat kulturele gedragsreëls oortree word. Ook Cohen[2] verwys direk na die geldende norme van 'n gemeenskap as hy skryf dat afwykende gedrag is „behavior which violates institutionalized expectations ..... that is, expectations which are shared and recognized as legitimate within a social system."

Toegepas op die verskynsel van die gebruik van en verslawing aan dwelmmiddels, lewer die bogenoemde definisies egter probleme. Sou hierdie verskynsel as afwykend beskryf word, impliseer dit dat in die breë normesisteem van die gemeenskap 'n sekere wyse of mate van dwelmmiddelgebruik wel toelaatbaar is, en dat ten opsigte hiervan in die openbare mening dan nie 'n negatiewe evaluering bestaan nie. Weliswaar is dit ook die geval, maar dan is alleen 'n teoreties onderskeibare gedeelte van die breë normesisteem betrokke en wel dan alleen die gelegitimeerde norme van 'n gemeenskap. Om hierdie rede kan die gebruik van en verslawing aan dwelmmiddels alleen as afwykend gedefinieer word in terme van wetlike norme. Die gebruik van dwelmmiddels kan dus in sommige gevalle, waar dit nie die perke van die wet oorskrei nie, as normaal gesien word, byvoorbeeld in gevalle waar die gebruik deel is van mediese behandeling van liggaamlike of geestessiektes.

---

1) Sprott. Science and social action, p.104.
2) Cohen. The study of social disorganization and deviant behavior. (In Merton et. al. Sociology today - problems and prospects, p. 462.)

Die laasgenoemde gevalle is egter van 'n relatief klein omvang en studies aangaande dwelmmiddels is daarom ook meer gerig op die verskynsel soos dit voorkom in terme van die oortreding van wetlike norme. Hoewel in hierdie studie veral gelet word op verslawing as 'n gevolg van die gebruik van dwelmmiddels, dien daarop gelet te word dat dit nie alleen verslawing as sodanig is wat as afwykend gedefinieer word nie, maar ook die besit en gebruik van dwelmmiddels. Hierdie stelling het belangrike implikasies ten opsigte van die toepassing van die bespreekte teorieë op die proses van verslawing as 'n vorm van onttrekking. 'n Verdere belangrike toepassing van die teorie is relevant tot die mate wat die probleem hier te lande en elders besig is om toe te neem, en om hierdie rede is dit ook nodig om te let op die omvang van die verskynsel.

## G. Die beskikbaarheid van en beheer oor dwelmmiddels

Soos die omvang van enige gedragsvorm bepaal word deur die toeganklikheid tot sekere geleentheidstrukture, word ook die omvang van dwelmmiddelverslawing bepaal deur die beskikbaarheid van die middel. Die beskikbaarheid van hierdie middels staan weer in die nouste verband met die beheer wat daaroor uitgeoefen word, en in hierdie geval dan veral wetlike beheer.

Die probleem van die gebruik van dwelmmiddels in Suid-Afrika dateer reeds uit die tweede helfte van die sewentiende eeu toe verskillende bevolkingsgroepe in aanraking gekom het met die inheemse nie-blanke stamme onder wie dagga-gebruik vry algemeen voorgekom het. Deur die proses van kultuurkontak en -diffusie het hierdie gedragsvorm of gebruik mettertyd ook uitgebrei na ander bevolkingsgroepe en het dit ontwikkel tot 'n ernstige sosio-ekonomiese probleem. Nieteenstaande wetgewing wat 'n algehele verbod geplaas het op die kweek, vervoer en gebruik van dagga, neem die smokkelhandel in hierdie middel met rasse skrede toe[1] en dit impliseer dan ook 'n toename in die gebuik daarvan.

Ook wat betref die gebruik van ander dwelmmiddels is daar aanduidings dat die onwettige handel in en die misbruik van dwelmmiddels „by alle ouderdomsgroepe uitbrei en dat dit 'n ernstige bedreiging inhou."[2]

---

1) Republiek van Suid-Afrika. Verslag van die Komitee van ondersoek na die misbruik van Verdowingsmiddels. Pretoria, Staatsdrukker, 1970, p.8.
2) Ibid., p.9.

Dit blyk dat, nieteenstaande statutêre en administratiewe maatreëls, sowel as internasionale ooreenkomste en praktyke,[1] die misbruik van dwelmmiddels hier te lande besig is om toe te neem. Die werklike omvang van hierdie probleem is uiters moeilik bepaalbaar, veral omdat die gebruik van dwelmmiddels as sodanig 'n misdaad is wat veroorsaak dat dié gedragsvorm sover moontlik verbloem word. Gegewens aangaande arrestasies wat wel gedoen is as gevolg van wetsoortredings in hierdie verband, kan tot 'n sekere mate dien as aanduiding van die omvang wat die probleem reeds aangeneem het.

TABEL I

Statistiek oor misdrywe in verband met dagga[1]

| Jaar | Persone vervolg | Persone veroordeel |
|---|---|---|
| 1945 | 9,101 | 8,744 |
| 1950 | 17,072 | 16,286 |
| 1955 | 23,705 | 22,476 |
| 1960 | 16,798 | 15,256 |
| 1961 | 21,008 | 19,169 |
| 1962 | 23,807 | 21,536 |
| 1963 ($\frac{1}{2}$jr.) | 11,175 | 10,086 |
| 1963-64 | 25,911 | 23,510 |
| 1964-65 | 24,072 | 21,692 |
| 1965-66 | 27,912 | 25,434 |
| 1966-67 | 32,484 | 29,492 |
| 1967-68 | 33,218 | 30,337 |
| 1968-69 | 27,603 | 24,901 |

1. Opsomming van die tabel opgestel deur Die Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels. Vgl. Verslag, bylae E, p.193.

1) Die Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p.77-88.

TABEL 2.

Veroordelings met betrekking tot dagga-oortredings van verskillende rasse in die Republiek van Suid-Afrika 1950-1962. 1)

| | 1950 | 1955 |
|---|---|---|
| Blank | 309(1.9%) | 352(1.6%) |
| Kleurling | 3,697(22.7%) | 4,689(20.9%) |
| Asiaat | 379(2.3%) | 512(2.3%) |
| Bantoe | 11,901(73.1%) | 16,923(75.3%) |
| Totaal | 16,286(100%) | 22,476(100%) |

| | 1960 | 1962 |
|---|---|---|
| Blank | 632(4.1%) | 886(4.1%) |
| Kleurling | 2,876(18.9%) | 3,977(18.5%) |
| Asiaat | 507(3.3%) | 732(3.4%) |
| Bantoe | 11,241(73.7%) | 15,941(74.0%) |
| Totaal | 15,256(100%) | 21,536(100%) |

1. Uittreksel van tabel uit Du Toit et. al., op. cit., p. 159.

Hierdie twee tabelle dui indirek op die gebruik van slegs een dwelmmiddel en hoewel statistiese gegewens aangaande die gebruik van ander dwelmmiddels beperk is, word tot die gevolgtrekking gekom dat „ondanks die gebrek aan voldoende beskikbare feite, die probleem nog soos 'n ysberg grotendeels verskuil lê en as 'n ernstige aangeleentheid gesien moet word ..... Die onheilskaduwee is egter daar dat die ontwikkeling in Suid-Afrika dieselfde diaboliese patroon kan volg as wat in ander lande die geval was as die nodige maatreëls nie vroegtydig getref word nie."[1)]

1) Die Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p.41.

Die onderstaande tabel dien as aanduiding van die omvang van die gebruik van ander dwelmmiddels in 'n ander land — in hierdie geval Engeland.

TABEL 3.

Drug addicts known to the Home Office 1959-1967[1]

| | 1959 | 1961 | 1963 | 1965 | 1967 |
|---|---|---|---|---|---|
| TOTAL NUMBER: | 454 | 470 | 635 | 927 | 1729 |

1. Uittreksel van tabel opgestel deur Dawtry. Social problems of drug abuse. A guide for social workers, p.102.
Die getalle sluit persone in deur wie meer as een van die middels morfien, heroïen, kokaïen en Pethidine gebruik is.

Statistiese gegewens oor dwelmmiddelgebruik in die V.S.A. dui ook op 'n „diaboliese patroon": „California drug arrests in 1966 soared over 1965 statistics. Adults with 92 percent more arrests; juveniles with 87 percent more. Marijuana violations were higher still:
Adults - 71 percent over 1965; juveniles, 140 percent:"[1]

Bogenoemde gegewens dui onder andere op 'n radikale toename in die gebruik van en gevolglike verslawing aan dwelmmiddels, en om hierdie spesifieke vorm van afwykende gedrag binne die raamwerk van die anomieteorie te ontleed, as 'n vorm van onttrekking, deur ook te verwys na die toename in hierdie reaksie op een of ander graad van anomie, is dit nodig om ook aandag te skenk aan die etiologie van verskillende vorme van verslawing.

1) Ambassador College Research Department. Hippies, hipocrisy and happiness, p.17.

## H. Die etiologie en vorme van verslawing

In 'n besondere insiggewende studie aangaande verskillende aspekte van verslawing aan dwelmmiddels, gee Ausubel[1] in 'n ontleding van verskillende tipes van verslawing ook 'n uiteensetting van die maatskaplike faktore wat aanleidende determinante tot hierdie vorm van gedrag kan wees. Deur 'n ontleding te maak van die geskiedenis van voorverslawingspersoonlikhede van 'n aantal kliniese gevalle kom hy tot die gevolgtrekking dat daar hoofsaaklik drie tipes verslawing voorkom, te wete primêre, reaktiewe en simptomatiese verslawing.

### 1. Primêre verslawing

Dit is 'n vorm van verslawing wat by indiwidue met 'n sekere persoonlikheidspredisposisie[2] voorkom en in hierdie verband onderskei Ausubel twee tipes voorverslawingspersoonlikhede na aanleiding van twee onderskeibare tipes persoonlikheidspredisposisies:

#### (a) Angs en reaktiewe depressie as predisposisie

Die persoonlikheidstipe wat gekenmerk word deur chroniese angstoestande en reaktiewe depressie is 'n indiwidu met 'n buitengewone strewe na suksesdoelstellings. Die mate van strewe is by hierdie persone onrealisties in die sin dat die doelstellings waarna gestreef word as gevolg van 'n gebrek aan indiwiduele vermoëns nie bereikbaar is nie. Die angstoestande en depressiewe reaksies wat by die tipe voorkom, spruit voort uit die besef van 'n gebrek aan eiewaarde, en uit die besef dat die uitermate hoë doelstellings nie bereik kan word nie.

Vir hierdie tipe het dwelmmiddels 'n sekere aanpassingswaarde, en wel daarin dat die dwelmmiddels hulle rasionele reaksies op en angs vir die omgewing verminder sodat die spanning waaronder hulle verkeer, verlig word. Omdat hierdie tipe egter duidelik geformuleerde volwasse doelstellings het en wel

---

1) Ausubel, op. cit.
2) Die begrip „predisposisie" is 'n psigologiese begrip wat verwys na 'n tendens of neiging om sekere gedragspatrone te manifesteer, vgl. Drever. op. cit., 215-6.

daarna streef, is dit duidelik dat hulle nie met die gebruik van dwelmmiddels die gedragspatroon van totale onttrekking aan doelstellings en norme manifesteer nie.

(b) Motiveringsonvolwassenheid as predisposisie

Motiveringsonvolwassenheid is 'n kenmerk van die persoonlikheidstipe wie se doelstellings en die wyse waarop dit bereik moet word, nie normaal ontwikkel het nie. As gevolg van hierdie predisposisie is die persoonlikheid ontoereikend in die sin dat die indiwidu hom nie as volwassene in die gemeenskap kan aanpas nie. Hierteenoor stel Ausubel[1)] die rolverwagting wat die gemeenskap aan die volwassene stel: „We can expect him to aspire to a status that he attains through his own efforts rather than to one that he holds merely by virtue of a dependent relationship to his parents. We can expect him to formulate his own goals and reach dicisions independently; to be less dependent on parental approval; to be able to postpone immediate pleasure-seeking goals for the sake of advancing long-range objectives; to continue striving despite initial setbacks. We can expect him to aspire to realistic goals; to be capable of judging for himself his accomplishments and his prospects with a certain critical ability; to have acquired a sense of moral obligation and responsibility." Deur die gebruik van dwelmmiddels skep indiwidue met die predisposisie van motiveringsonvolwassenheid 'n semi-realistiese wêreld waarin hulle die rolverwagting van die volwassene kan ontwyk.

Die etiologie van hierdie tipe persoonlikheid soek Ausubel in die ouer-kind-verhouding in die gesinsverband en hy skryf dan motiveringsonvolwassenheid toe aan die oormatig beskermende ouer, die oormatig toegewende ouer en die oormatig dominerende ouer.[2)]

---

1) Ausubel, op. cit., p. 41.
2) Vgl. ook Levy. Maternal overprotection, p.72-3; Baldwin. The effect of home environment on nursery school behavior. Child development 20:49-62:1949; Symonds. The psychology of parent-child relationships.

2. Reaktiewe verslawing

Reaktiewe verslawing is 'n vorm wat hoofsaaklik by adolessente voorkom, en gesien die omvang wat verslawing by hierdie ouderdomsgroep aanneem, is dit een van die belangrikste vorme.[1]

Enersyds is hierdie vorm van verslawing 'n reaksie op die druk in die oorgangstadium na volwassenheid en as sodanig is dit 'n weerspieëling van adolessente-protes wat kenmerkend is in hierdie fase van ontwikkeling.[2] Verslawing is hier 'n vorm van anti-volwasse oriëntasie wat gekenmerk word deur die oortreding van konvensionele norme, ook wat betref die gebruik van dwelmmiddels.

Andersyds is hierdie vorm van verslawing 'n wyse waarop aanvaarding in die portuurgroep verkry word, en hierin is dit baie duidelik watter belangrike rol die interaksieproses in die verwysingsgroep as geleentheid- en aanleerstruktuur speel. Die adolessent se behoefte aan 'n spesifieke status en groepsverbintenis is so sterk dat hy die aangeleerde norme van die gesinsverband sal prysgee en die norme van die portuurgroep, wat aan hom voorgehou word, sal aanvaar om sodoende bevrediging van hierdie behoefte te verkry. Verder verkry die adolessent in die portuurgroep as verwysingsgroep, regverdiging vir alle handelinge waardeur die konvensionele norme oortree word of kan word. Hierdie geleentheidstruktuur vorm terselfdertyd ook 'n buitengewone weerstand teen ander invloede en as sodanig is dit ook 'n aanleerstruktuur wat geleentheid vir differensiële assosiasie skep.

---

1) Bloomquist. Marijuana, p.40-4; Thorpe et. al., op. cit., p. 363; Finestone. Narcotics and criminality. Law and contemporary problems, 22:70:1957; Dawtry. Social problems of drug abuse. A guide for social workers, 102-3.

2) Van Peijpe. Sociologische aspecten van druggebruik. Enkele aspecten van het druggebruik. Verslag van de provinciale gezondheidsdag 1969. Provinciale Raad voor de Volksgezondheid in Zuid-Holland. 's-Gravenhage, 1969, p.27.

3. <u>Simptomatiese verslawing</u>

Dit is 'n vorm van verslawing wat hoofsaaklik by antisosiale, aggressiewe psigopate voorkom. Verslawing is by hierdie persone een van die simptome wat dui op 'n algemene gesindheid van opstand teen alle vorme van gesag. As sodanig is verslawing by hierdie tipe 'n reaksie op die norme wat verslawing verbied. Dwelmmiddels het vir hierdie tipe geen aanpassingswaarde nie en die gebruik daarvan is bloot 'n simptoom van 'n breër patroon van antisosiale en aggressiewe neigings. Dit is duidelik hieruit dat verslawing aan dwelmmiddels by hierdie tipe meer inhou as 'n onttrekkingsreaksie en dat hier meer sprake is van 'n vorm van aktiewe verwerping van norme wat alleen verstaan kan word deur die reaksie ook vanuit die indiwidueel-persoonlike oogpunt te beskou.

Uit 'n bestudering van die bogenoemde tipes van verslawing is dit duidelik dat die verslaafde 'n persoon is by wie, vanweë een of ander persoonlikheidspredisposisie, sodanige gebreke bestaan dat hy nie op 'n normale wyse in die gemeenskap kan aanpas nie. Hoewel Ausubel wys op die rol wat maatskaplike strukture speel in die ontwikkeling van persoonlikheidstipes wat geneig is tot verslawing, is sy uiteensetting van tipes verslawing hoofsaaklik gekoppel aan 'n psigologiese klassifikasie van voorverslawingspersoonlikhede. As sodanig bied hierdie besondere klassifikasie eksplisiet geen verklaring van ander maatskaplike determinante van die verskynsel nie. Dit doen egter geen afbreuk aan die bydrae van Ausubel nie, aangesien verslawing aan dwelmmiddels ook nie net deur die isolering van maatskaplike determinante begryp en verklaar kan word nie. Die uiteensetting van Ausubel vanuit die oogpunt van die persoonlikheid en die uiteensetting in hierdie studie aangaande die uitwerking van verskillende tipes dwelmmiddels, asook die beskikbaarheid van en beheer oor dwelmmiddels bied die geleentheid om hierdie verskynsel binne die raamwerk van die huidige vorm van die anomieteorie verder te ontleed.

Voordat egter hiertoe oorgegaan word, word eers oorsigtelik ingegaan op enkele maatskaplike faktore wat verband hou met die toestand van anomie as faktore wat verslawing aan dwelmmiddels in die hand werk.

## I. Maatskaplike oorsake van verslawing

Hoewel dit in hierdie hoofstuk primêr gaan om die toepassing van die anomieteorie, en in besonder die toepassing van 'n bepaalde faset van die afwykingstipologie op die verskynsel van dwelmmiddelverslawing, is daar ook ander maatskaplike faktore wat hierin 'n rol speel wat tegelyk ook in 'n bepaalde verband staan met die anomieteorie. Waar Ausubel se uiteensetting van die etiologie van verslawing in hoofsaak toegespits is op die rol van indiwidueel-persoonlike faktore in die veroorsaking van verslawing, is dit volledigheidshalwe nodig ten einde 'n gebalanseerde verklaring aan hierdie verskynsel te gee, dat ook ingegaan sal word op die rol wat maatskaplike faktore speel.

In 'n uiteensetting van verskillende faktore wat 'n rol speel in die veroorsaking van verslawing, bespreek Loedolff en Louw[1] indiwidueel-persoonlike faktore waar onder fisiese en psigiese faktore ingesluit is, asook maaatskaplike omgewingsfaktore. Hulle wys daarop dat hierdie hoofgroepe faktore kombineer in die veroorsaking van verslawing aan dwelmmiddels.[2]

In die uiteensetting van Ausubel se etiologiese klassifikasie van die verskillende vorme van verslawing is reeds kortliks ingegaan op die belangrikste indiwidueel-persoonlike, dit wil sê psigiese faktore, en hierby word weer uitgekom in die toepassing van die afwykingstipologie op die verskynsel van verslawing. Omdat dit nie binne die opset en doelstelling van hierdie navorsing gaan om 'n breedvoerige ontleding te maak van alle maatskaplike faktore as oorsake van verslawing aan dwelmmiddels nie, word vervolgens ingegaan op enkele maatskaplike faktore wat in die veroorsaking hiervan 'n rol speel, en wat tegelyk in 'n sekere verband met anomie staan. Hiermee word gepoog om in aansluiting by Ausubel se beskouing en uiteensetting, 'n gebalanseerde sosiaal-psigiese verklaring aan dwelmmiddelverslawing te gee binne die raamwerk van die anomieteorie.

---

1) Loedolff & Louw, op. cit., p.75-94.
2) Ibid., p.75.

1. Assosiasie met verslaafdes

Daar word by die toepassing van die konsepsies van die anomieteoretici op die verskynsel van verslawing as 'n vorm van onttrekking, en by name veral dié van Cloward, in besonderhede ingegaan op assosiasie as 'n veroorsakende faktor van die verskynsel. Daarom word hier volstaan deur daarop te wys dat die gebruik van dwelmmiddels, soos enige ander vorm van gedrag, aangeleer word deurdat die potensiële verslaafde assosieer met persone wat reeds aan dwelmmiddels verslaaf is.[1)]

2. Stedelike invloede

Met die uitsondering en beklemtoning van die rol wat stedelike invloede speel in die veroorsaking van dwelmmiddelverslawing, wil nie te kenne gegee word dat verslawing uitsluitlik 'n stedelike verskynsel is nie, maar daarmee word bedoel dat dit veral in stedelike gemeenskappe is waar hierdie verskynsel groot afmetings aanneem. Hierdie feit skryf Loedolff en Louw[2)] toe aan die stedelike leefwyse, en hulle beklemtoon die volgende faktore in verband met die stedelike leefwyse wat 'n belangrike rol speel in die veroorsaking van verslawing: in teenstelling met die landelike gemeenskap, word die stad gekenmerk deur oppervlakkige, kontraktuele, statusverhoudinge, omdat die stedeling oor die algemeen nie so emosioneel intens betrokke is in sy verhoudinge met sy medemens nie; die tussenmenslike verhoudinge in die stad sentreer hoofsaaklik om die belange van indiwidue en dit lei tot 'n proses van vereensaming waardeur indiwidue geïsoleerd raak van andere, asook van die groepe waarvan hulle lede is; dwelmmiddelverslawing spruit daarom dikwels voort uit 'n poging van die stedeling om te ontkom aan sy eensaamheid en verveeldheid; in teenstelling met die landelike gemeenskap, oefen die stad ook nie 'n besonder strenge maatskaplike beheer uit nie, juis omdat die stedeling se gedrag beskou word as 'n persoonlike aangeleentheid wat hom vrywaar van veroordeling deur sy medemense. Verder dra ook die

---

1) Lindesmith. A sociological theory of drug addiction. American journal of sociology, 43:599:1938; Dai. opium addiction in Chicago, p.173; Lindesmith. Opiate addiction, p.72 en p. 168; Becker. Becoming a marihuana user. American journal of sociology, 59:235-43:1953; Loedolff & Louw, op. cit., p.84.
2) Loedolff & Louw, op. cit., p.86.

groter mate van mobiliteit in die stedelike gemeenskap by tot die anonimiteit en sekondêre verhoudinge, omdat voortdurend nuwe verhoudinge aangegaan word namate bestaande verhoudinge as gevolg van maatskaplike mobiliteit ontbind; verveeldheid as gevolg van toenemende outomatisasie lok onverskillige reaksies uit, en samehangend hiermee lei 'n algemene gees van permissiwiteit, die invloed van massamedia, meer vermaaklikheidsgeleenthede waaraan passief deelgeneem kan word,'n groter mate van vryheid van die jeug en 'n onvermoë om doelstellings te bereik,daartoe dat verslawing steeds makliker in die hand gewerk word. Hierdie siening van Loedolff en Louw stem ooreen met dié van Gillin[1)] wat die eentonige bestaan van die stedelike bevolking, hulle verveeldheid en geswoeg om 'n bestaan te voer, sien as 'n vrugbare teelaarde vir hierdie verskynsel, omdat mense deur die gebruik van dwelmmiddels tydelik hierdie tipe bestaan en die probleme daaraan verbonde kan ontduik of ontvlug.

Met verwysing na spesifieke areas in stedelike gemeenskappe, naamlik die agterbuurtes, toon Clausen[2)] aan dat dwelmmiddels in hierdie areas makliker bekombaar is as in ander areas van die stad en dat hier ook 'n groter mate van verdraagsaamheid ten opsigte van die gebruik daarvan is. Verder is die gebruik van en verslawing aan dwelmmiddels in hierdie areas ook 'n reaksie op probleme soos armoede, oorbewoning, beperking van beroepsmoontlikhede en 'n gebrek aan geleenthede en fasiliteite vir gesonde vryetydsbesteding en ontspanning. 'n Belangrike kenmerk van die subkultuur wat in die agterbuurtareas gevorm word in hierdie verband is 'n algemene disoriëntasie met betrekking tot konvensionele norme, dit wil sê „it gives (support) to behavior which is generally inconsistent with the norms of conventional society,"[3)] en dikwels word hierdie disoriëntasie tot geoorloofde norme gemanifesteer in 'n openlike vyandiggesindheid wat sigself op verskillende wyses in verskillende vorme van afwykende gedrag vertoon ..... ook in die verskynsel van verslawing aan dwelmmiddels.

---

1) Gillin. Social pathology, p.420-30.
2) Clausen, op.cit., p.195.
3) Ibid., p.195-6.

3. Faktore by die adolessent

In die uiteensetting van die reaktiewe vorm van verslawing, is daarop gewys dat verslawing by adolessente hoofsaaklik die gevolg is van die druk wat ervaar word in die oorgangstadium na volwassenheid, asook die drang na aanvaarding deur die portuurgroep. Op hierdie faktore en die rol wat dit speel in die veroorsaking van dwelmmiddelverslawing, vestig onder andere ook Loedolff en Louw,[1] Finestone[2] en Leighton, Clausen en Wilson[3] die aandag.

Samevattend en in aansluiting by die bogenoemde faktore, kan dit gestel word dat die adolessent in 'n ontwikkelingsfase is waarin hy geleidelik die bande met die gesin verbreek in sy strewe na die bereiking van eie volwasse doelstellings. Die drang om aanvaar te word deur ander mense en groepe,[4] is egter deel van die mens se sosiale aard en aanleg, en die geleidelike losmaking van die gesinsbande, in die sin dat die adolessent hom begin distansieer van ouerlike versorging en gesag, bring mee dat hy ander groepsverbintenisse sal aangaan. Tergelykertyd word die adolessent ook gekenmerk deur 'n algemene opstandigheid teen die konvensionele, dit wil sê geoorloofde norme wat sy gedrag voorskryf en beperk. Die losmaking uit die gesinsbande en die drang na aanvaarding deur andere, vereis van die adolessent opnuut aanpassing, en aanvaarding word verkry wanneer aan die norme van sy nuwe groepsverbintenisse gekonformeer word. Vanweë die algemene opstandigheid van die adolessent, word die norme van sommige adolessente-groepe gekenmerk deur hierdie opstandigheid, en word soms van die adolessent verwag om onder andere met dwelmmiddels te eksperimenteer, alvorens toelating tot en aanvaarding in die adolessente-groep verkry kan word.

Die toestand waarin die adolessent hom bevind, word vererger deur die feit dat die natuurlike verskynsel van adolessente-opstandigheid in die moderne samelewing die kleur verkry het van 'n universele onrus, opstand en rebellie onder die jeug,[5] in die betekenis van 'n wêreldwye ontevredenheid met die samelewing in al sy fasette. Hierdie ontevredenheid hang ten nouste saam met die permissiewe gees waardeur die moderne samelewing gekenmerk word, en waarop vervolgens oorsigtelik ingegaan word.

---

1) Loedolff & Louw, op. cit., p.88-9; p.92-3.
2). Finestone, op. cit., p.73-5.
3) Leighton et. al. Explorations in social psychiatry, p.230-77.
4) Ibid., p.92-3.
5) Ibid., p.92.

4. Permissiwiteit

Hierdie begrip verwys daarna dat alle vorme van gedrag toelaatbaar is, en as sodanig spruit dit uit die opvatting dat die aardse lewe 'n sinneloosheid is wat finaal en absoluut in die dood eindig. Om hierdie rede word die hier en nou bestaan van die mens beklemtoon as die hoogste waarde, en as sulks is dit die grondmotief van die sogenaamde eksistensialistiese lewensbeskouing wat op die immanente standpunt rus. Hierdie beskouing het ontstaan as 'n reaksie teen die rasionalisme wat aan die mens 'n utopia voorgehou het. Die ontnugtering wat veral die Tweede Wêreldoorlog meegebring het, het veroorsaak dat die beklemtoning van die rol wat die menslike rede sal speel in die skepping van 'n utopia radikaal afgeneem het, en dat die idee ontstaan het van die idealisme van 'n utopia. Om hierdie rede word die genietinge van die aardse bestaan ten volle benut in die betekenis van 'n ongebonde, bandelose bestaan waarin alle vorme van gedrag geoorloof is, omdat die mens se vryheid en natuur en die uitleef daarvan nie deur gedragsreëls beperk mag word nie.

Benewens hierdie faktor wat ook in die gesindheid van ouers in die gesinsverband merkbaar is en wat ook oorgedra word op die kinders,[1)] is daar ook ander betekenisvolle faktore in verband met die gesin wat 'n gunstige klimaat skep vir die verskynsel van verslawing aan dwelmmiddels.

5. Faktore met betrekking tot die gesin

Die feit dat net die gesin as 'n samelewingsgroep in hierdie verband genoem word, impliseer hoegenaamd nie dat ander groepe, en faktore wat daaruit voortvloei, geen rol speel in die veroorsaking van verslawing aan dwelmmiddels nie. In die opset van hierdie navorsing is dit egter onnodig om in te gaan op die rol wat elke samelewingsgroep in dié verband speel. Omdat die gesin egter allerweë — eksplisiet of implisiet - beskou word as die basis van die samelewing, d.w.s. die groep waaruit die samelewing in sy totaliteit groei en ontwikkel,[2)] word hier alleen ingegaan op aanleidende faktore m.b.t. verslawing wat direk uit die gesin voortvloei.

1) Loedolff & Louw, op. cit., p.91.
2) Vgl. byvoorbeeld Bennett & Tumin. Social life. An introductory general sociology, p.546; Kane. Marriage and the family, p.8; Gillin & Blackmar, op. cit., p.162; Bogardus, op. cit., p.115; Fairchild, op.cit., p.114 ensovoorts.

In die beskrywing van primêre verslawing wat voorkom by persone met 'n predisposisie van motiveringsonvolwassenheid, is verwys na die ouer-kind-verhouding as die oorsaak van hierdie predisposisie. Motiveringsonvolwassenheid word veroorsaak deur 'n ongebalanseerde verhouding tussen ouer en kind, wat tot gevolg het dat die kind nie doeltreffend kan aanpas in die breër maatskaplike struktuur nie, en in besonder dan in die betekenis dat die kind nie vir homself volwasse doelstellings kan formuleer en op 'n algemeen aanvaarbare wyse hierdie doelstellings bereik nie. Gesien vanuit die verhouding van die ouer teenoor die kind, neem hierdie ongebalanseerde verhouding die vorm aan van die uitermate beskermende ouer, wat die kind teen alle onafhanklike ondervindinge beskerm, of die uitermate toegewende ouer, wat aan die kind geen eise vir volwasse gedrag stel nie, of die uitermate dominerende ouer, wat weer aan die kind buitensporige hoë eise stel.[1] Die algemene reaksie van die kind teen die bogenoemde verhoudinge is om by wyse van die gebruik van dwelmmiddels 'n semi-realistiese wêreld te skep, waarin hy die eise vir volwasse en verantwoordelike gedrag wat die samelewing aan hom stel, kan ontwyk.

Samehangend met die bostaande, noem Loedolff en Louw[2] ook losse gesinsverhoudinge en 'n onstabiele gesinstruktuur as oorsaak van hierdie verskynsel. In die gedisorganiseerde gesin kan die funksie van sosialisering nie voldoende vervul word nie, met die gevolg dat die kind aanpassingsprobleme in die breër maatskaplike struktuur ervaar, en omdat dwelmmiddels oor die algemeen 'n aanpassingswaarde veronderstel, word dit as medium vir hierdie doel aangewend.

Die losse gesinsverhoudinge waarvan hier sprake is, kan in 'n sekere sin ook in verband gebring word met die sogenaamde generasie gaping.[3] Hierdie begrip verwys na die verwydering wat plaasvind tussen ouers en kinders omdat „hulle totaal uit voeling met mekaar is en eintlik in twee aparte wêrelde leef."[4] Die gevolg van hierdie verwydering is 'n afname in ouer-kind kommunikasie, wat onder andere deur Andry[5] gesien word as een van die belangrikste

---

1) Du Toit et. al., op. cit., p.148; Loedolff & Louw, op. cit., p.90.
2) Loedolff & Louw, op. cit., p.89-90.
3) Ibid., p.91-2.
4) Ibid., p.91.
5) Andry. Delinquency and parental pathology.

gesinsfaktore wat lei tot gedragsafwykinge by kinders.

Met die beskrywing van die bostaande faktore word nie aanspraak gemaak op 'n volledige analise van sosiologies ter saaklike faktore wat 'n rol speel in die veroorsaking van die verskynsel van dwelmmiddelverslawing nie.

Hierdie faktore het egter wel 'n verband met die anomieteorie in die betekenis dat elk van hulle te make het met die kerngedagte van die anomieteorie, naamlik dat daar 'n disekwilibrium bestaan tussen die kulturele en sosiale strukture, wat daarop neerkom dat geoorloofde norme vir sekere persone ontoeganklik is, en dat persone as gevolg hiervan gedragsafwykings toon - in hierdie bepaalde geval, 'n onttrekking aan die kulturele doelstellings en die kultureel gedefinieerde norme. Die verband wat daar tussen hierdie faktore en die anomieteorie bestaan, is naamlik dat hierdie faktore in 'n sekere mate lig werp op die redes waarom sommige persone geoorloofde norme ter bereiking van die kulturele doelstellings ontoeganklik vind, en waarom sulke persone dan onttrekking in hulle gedrag weerspieël.

Wanneer die geoorloofde norme vir 'n persoon ontoeganklik is, bied die proses van assosiasie aan hom die geleentheid om ongeoorloofde norme aan te leer. Met betrekking tot die gebruik van dwelmmiddels, is dit ook die proses van assosiasie o.a. met maats (portuurgroep) waardeur die potensiële verslaafde leer om dwelmmiddels te gebruik. Die stedelike invloede dra eweneens by tot die toename in die verskynsel, omdat dwelmmiddelverslawing in stedelike gemeenskappe 'n reaksie is op die ongebalanseerde beklemtoning van doelstellings en norme as komponente van menslike gedrag. Die probleme waarmee die adolessent gekonfronteer word, lei ook tot die oortreding van die algemeen aanvaarde norme deur middel waarvan kulturele doelstellings bereik kan word, terwyl die faktore met betrekking tot die gesinslewe 'n direkte bydrae lewer tot die onvermoë van die kind om volwasse doelstellings vir homself te formuleer en om hierdie doelstellings op 'n aanvaarbare wyse te bereik.

Die rol wat hierdie faktore speel in die veroorsaking van die verskynsel van verslawing aan dwelmmiddels, asook die betekenis van ander faktore wat ten nouste saamhang met die toestand van anomie, is implisiet in die konsepsies van die geselekteerde anomieteoretici aangaande onttrekking as 'n reaksie op 'n toestand van anomie ingesluit.

J. Anomie en verslawing aan dwelmmiddels: die toepassing van afwykingstipologieë

In die oorspronklike afwykingstipologie klassifiseer Merton[1)] verslawing aan dwelmmiddels as 'n vorm van onttrekking, en hoewel hy sy stelling as elliptiese beskou, dit wil sê hoewel sy stelling onvolledig is, doen dit geen afbreuk aan die feit dat met die tipering van verslawing as 'n vorm van onttrekking, die proses van verslawing nie beskryf of verklaar word nie.

Om verslawing aan dwelmmiddels as 'n vorm van onttrekking te tipeer, is om 'n uiteensetting te gee van die gevolg van verslawing, want dit is uit die bestudering van verslawing duidelik dat die indiwidu hom eers aan beide die kulturele doelstellings en kulturele norme onttrek wanneer al sy handelinge rondom die verkryging en gebruik van die middel sentreer. Die werklike insident van onttrekking vind eers plaas in die chroniese fase van verslawing as gevolg van die vrees vir die onthoudingsindroom, en as sodanig wys onttrekking alleen op 'n gedeelte van die proses van verslawing.

Verder maak Merton se beskouing ook nie voorsiening vir die isolering van determinante wat lei tot verskillende vorme van verslawing nie, en dui hy ook nie aan op watter wyse potensiële verslaafdes reageer op die toestand van anomie as 'n maatskaplike determinant van verslawing nie. Om antwoorde vir hierdie leemtes te vind, is dit nodig om ook die beskouinge van ander teoretici in hierdie verband toe te pas. Verder sal in die proses van verslawing ook onderskei moet word tussen die voorverslawingsperiode en die fase van chroniese verslaafdheid.

In terme van die afwykingstipologie van Parsons word die fase van gebruik van dwelmmiddels, dit wil sê voordat 'n persoon verslaaf is, gekenmerk deur 'n aktief vervreemdende reaksie in die sin van 'n uitdagende oortreding van norme. Dit kan die gevolg wees van 'n reaksie teen òf norme òf maatskaplike objekte.[2)]

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.153.
2) WHO Expert Committee on Drug Dependence, 18th report, p.12. Met verwysing na die rol wat faktore met betrekking tot die gesin speel, kan hierdie fase in die proses van verslawing die gevolg wees van die kind se reaksie teen sy ouers (maatskaplike objekte). Vgl. Loedolff & Louw, op. cit., p.90.

Só gesien, word die toestand van verslawing voorafgegaan deur 'n aktiewe reaksie en dit is eers tydens die fase van verslawing self waarin die afwykende se gedragswyse 'n passief vervreemdende reaksie in die sin van ontwyking of vervreemding weerspieël.

Aangesien Dubin se beskouing van onttrekking ooreenstem met dié van Merton, geld hier dieselfde kritiek as teen Merton, maar skrywer is egter die mening toegedaan dat afgesien van hierdie kritiek, Dubin se konsepsie van aktiewe verwerping implisiet 'n sekere bydrae lewer tot die beter begrip van verslawing. Waar Dubin egter die klem laat val op die funksionele implikasies van aktiewe verwerping, moet in die toepassing van die konsep in hierdie verband veral gelet word op die disfunksionele gevolge daarvan. Dit is veral die uitgebreide tipologie van innovasie wat hier van toepassing is, en dan veral gedragsinnovasie. Wanneer Dubin se konsepsie toegepas word, gaan dit nie om die verklaring van indiwiduele aanpassingsvorme nie, maar lei dit eerder tot 'n verklaring van uitvindings en instellings waarin die potensiële verslaafde opgeneem word en waarbinne hy regverdiging vir sy gedrag verkry. Binne die konteks waarin verslawing voorkom, byvoorbeeld sekere sosiale strukture, is die gebruik van en verslawing aan dwelmmiddels „normaal", omdat dit 'n nuwe institusionele uitvinding in dié spesifieke instelling is. Op dieselfde wyse kan dit ook gesien word as normatiewe en operatiewe uitvindings wat binne die spesifieke strukture 'n geoorloofde wyse van handeling geword het. Op hierdie wyse toegepas, word die voorverslawingsperiode getipeer deur 'n motivering van aktiewe verwerping,[1] en staan dit weer teenoor onttrekking as 'n passiewe vorm van reaksie in die sin van Merton se gebruik van die term.

Dit was veral Cloward wat 'n besondere bydrae gelewer het tot die beter begrip van onttrekking, toe hy hierdie vorm van aanpassing binne die prosesbenadering geplaas het en sodoende 'n veel duideliker verklaring van onder andere verslawing aan dwelmmiddels gebied het. Sonder om weer in besonderhede te let op sy benadering, word sy belangrikste konsepte in hierdie verband direk toegepas.

---

1) Hierdie beskouing is duidelik in lyn met dié van Parsons.

Die gebruik van dwelmmiddels is 'n gedragsvorm wat net soos alle ander vorme van gedrag aangeleer word.[1] Hierdie stelling impliseer dat daar in terme van Cloward se beskouing aanleerstrukture moet bestaan waarbinne die ongeoorloofde wyses van handelinge toeganklik is, en waarbinne die indiwidu dan by wyse van differensiële assosiasie hierdie gedragsvorm aanleer. Omdat hierdie gedragswyse ongeoorloof is, en omdat dit as operatiewe uitvinding[2] lei tot 'n intense mate van solidariteit, isoleer hierdie aanleerstruktuur die indiwidu in 'n besondere sin van ander aanleerstrukture. Terselfdertyd bestaan daar ook wel geleentheidstrukture[3] waarbinne die aangeleerde gedragswyse gerealiseer kan word. Die verskynsel van verslawing in sekere jeugkultusse, wat dien as aanleer- en geleentheidstruktuur, kan in hierdie verband as voorbeeld genoem word.

Hierdie strukture vorm verder ook subkulture met tiperende gedragswyses en taalgebuik[4] wat steeds lei tot hegter solidariteit van die groep. Die isolering van die indiwidu van ander vorme van assosiasie as die differensiële tipe, moet ook toegeskryf word aan die streng mate van interne beheer en solidariteit wat gevorm word as gevolg van die druk wat die groep van buite ervaar in die sin van 'n negatiewe evaluering van die groep as sodanig en van die gedragswyses van die groep. Die groep word verder ook gekenmerk deur 'n differensiële groeporganisasie in teenstelling met die populêre opvatting dat hierdie tipe groepe gekenmerk word deur 'n hoë mate van disorganisasie.

Met die toepassing van Cloward se konsepsie dusver is die verwysingsgroepteorie reeds binne die raamwerk van hierdie afwykingstipologie geplaas, en dit lei tot die beter begrip van die vorming van afwykende kollektiwiteite waarbinne subkulturele gedragspatrone deur middel van differensiële assosiasie en kultuuroordrag aangeleer en oorgedra word. Die status en rol van die adoles-

---

1) Taft & England. Criminology, p.238; Lindesmith. Opiate addiction, p.168; Dai, op. cit., p.173.
2) Kyk hfst. 6.
3) Clausen, op. cit., p.195-96; Union of South Africa. Report of the Inter-Departmental Committee. Abuse of dagga. U.G. No. 31/1952, par.61; Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions. The dagga problem. No.5, 1966, p.21.
4) Clinard, op. cit., p.306-10; Bloomquist, op. cit., p.155-64; Loedolff & Louw, op. cit., 103-6.

sent in die oorgangstadium na volwassenheid en die drang tot konformering aan groepsnorme met die oog op lidmaatskap van die groep, skep verder vir hierdie persone geleentheidstrukture waarbinne die aangeleerde gedrag gerealiseer kan word.

Cloward het egter ook 'n besondere bydrae gelewer toe hy hierdie teorie gekonsolideer het met die anomieteorie, waardeur hy probeer het om onttrekking as aanpassingsvorm te verklaar. Sodoende het hy ook gesorg vir 'n verklaring van die proses van verslawing aan dwelmmiddels. Vir Cloward is onttrekking meer afwykend as enige ander vorm van afwykende aanpassing, omdat in die geval van onttrekking sprake is van 'n dubbele afwyking, of dan in die terme van Cloward self, dubbele mislukking.

Omdat selfs die gebruik van dwelmmiddels en nie alleen die verslaafdheid daaraan nie, afwykend is, moet ook 'n verklaring van die voorverslaafdheidsperiode gesoek word. Gesien in die lig dat verslawing 'n toestand van fisiese en psigiese afhanklikheid van die dwelmmiddel is, en in ag genome dat sekere middels soos byvoorbeeld dagga nie in hierdie sin 'n verslawende uitwerking het nie, kan die geheel proses van verslawing nie sondermeer as 'n onttrekkende aanpassingswyse getipeer word nie. In hierdie verband skryf Thorpe, Katz en Lewis:[1] „Marihuana is not addicting in the strictest sense of the term. It creates no increased tolerance, brings about no specific physical craving, and is free from withdrawal symptoms." Verskillende ander skrywers wys ook daarop dat die middels van die Cannabis-kategorie nie verslawend is nie,[2] maar die gevaar van hierdie middel lê veral daarin dat die gebruik daarvan gewoonlik lei of stimuleer tot die gebruik van ernstiger verslawende middels.[3] Hoewel Becker[4] die bestaan van tipiese voorverslawingspersoonlikhede by marijuana gebruikers bevraagteken, wys ander skrywers op die veroorsaking van psigiese defekte, byvoorbeeld marijuana psigose, deur die gebruik van middels van die Cannabis-kategorie.[5]

---

1) Thorpe et. al., op. cit., p.364-5.
2) Lindesmith. The addict and the law, p.223; Williams. Narcotics and hallucinogenics, p.141.
3) Thorpe, et. al., op. cit., p.365.
4) Becker. Becoming a marihuana user. American journal of sociology, 59:235-43:1953.
5) Thorpe. et. al., op. cit., p.365.

Wat betref die ander middels, naamlik stimulante, variasies van depressiewe middels, inhaleermiddels en die hallusinasieskeppende middels, dien ook daarop gewys te word dat die verslawende kenmerke van hierdie middels nie sondermeer gesien kan word as die belangrikste etiologiese faktor nie. Wanneer 'n persoon eers verslaaf is, is die voorkoming van die onthoudingsindroom wel die basiese motief vir die voortgesette gebruik van middels, en in die poging tot die voorkoming van die onthoudingsindroom word die verslaafde se handelinge dwelmmiddelgesentreerd en as gevolg daarvan onttrek die verslaafde hom aan kulturele doelstellings en norme. Die etiologie van die aanloop tot die finale proses of insident van onttrekking, moet egter veel eerder in die persoonlikheidspredisposisies gesoek word, maar aangesien hierdie vorm van gedrag ook gedifferensieerd voorkom, kan nie volstaan word met 'n suiwer psigologiese benadering nie.

In terme van die siening van Cloward is onttrekking as aanpassingsvorm 'n uitvloeisel en finale fase van ander afwykende aanpassingsvorme. In teenstelling met die beskouing van Merton dat verslawing 'n passiewe reaksie, sondermeer-is, word die passiwiteit in verslawing voorafgegaan deur 'n aktiewe reaksie in die betekenis van die verwerping van geldende norme, maar terselfdertyd die aanwending van substituutnorme binne die geleentheidstruktuur. Die konformering aan hierdie nuwe norme, dit wil sê norme wat die gebruik van dwelmmiddels vereis, lei dan uiteindelik tot die toestand van verslawing.

Met die aanvaarding dat verslawing aan dwelmmiddels as 'n vorm van onttrekking voortspruit uit die toestand van anomie, moet in hierdie toepassing ten slotte ook ingegaan word op die toename in hierdie sosiaal-patologiese verskynsel soos dit in verband met anomie as sodanig staan. In 'n steeds komplekser wordende samelewing as gevolg van die proses van maatskaplike verandering, word die mens gekonfronteer met die kenmerke van die samelewing in die aanpassingsfase van ontwikkeling.[1] Die basis van kohesie in hierdie fase van samelewingsontwikkeling berus in hoofsaak op die ekonomiese verhoudinge as die dominante gemeenskaplikheid tussen mense en wat as sodanig gerig is op die vervulling van

---

1) Vgl. hfst.7.

indiwiduele belange. Omdat hierdie fase verder gekenmerk word deur 'n mate van afwesigheid van 'n algemeen geldende en aanvaarde waardesisteem, en 'n afname in die rol van tradisie in die bepaling van gedrag, is 'n relatief swak en ondoeltreffende vorm van maatskaplike beheer tiperend van hierdie ontwikkelingsfase. Dit word nog verder in 'n negatiewe betekenis gestimuleer deur die vorm en aard wat die dominante sanksies in hierdie fase aanneem, naamlik dié wat 'n herstellende funksie vervul, eerder as om ondersteunend ten opsigte van waardes en norme te funksioneer. Sommige van hierdie kenmerke word duidelik saamgevat in die volgende woorde: „Die gedragslyn in die samelewing is nie altyd vir die jeug duidelik uitgestippel nie en die norme word nie duidelik uitgeleef nie. Baie geestelike waardes word vir die jeug voorgehou maar nie deur die ouer mense nagekom nie, terwyl slegs materiële doelstellings nagejaag word."[1] Uit hierdie sitaat spreek dit duidelik dat die ekonomiese waarde, dit wil sê die materiële waarde, oor die algemeen die belangrikste posisie inneem in tussenmenslike verhoudinge, in die betekenis dat verhoudinge in hoofsaak aangegaan word ter vervulling van indiwiduele materiële belange. Die feit dat baie geestelike waardes voorgehou word, maar nie nagekom word nie, en dat gedragslyne nie duidelik uitgestippel word nie, vloei voort uit die afwesigheid van 'n algemeen aanvaarde waardesisteem waarop 'n dienooreenkomstige normekompleks kan berus, terwyl dit ook daarop dui dat dit wat wel voorgehou word nie die nodige emosionele inslag het wat die konformering daaraan sal waarborg nie. Sanksies wat aldus dien as 'n ondersteunende maatreël vir sover dit konformering aan norme betref, kan as gevolg van die afwesigheid van 'n algemeen aanvaarde waardesisteem en 'n gebrek aan die emosionele inslag daaraan verbonde, nie doeltreffend funksioneer vir die voorkoming van afwyking nie. Die aanname van strenge wetgewing in verband met dwelmmiddelgebruik is 'n duidelike voorbeeld van die stelling dat sanksies in hierdie verband, ook hier te lande, 'n herstellende funksie verrig: hierdie sanksionering het eers van toepassing geword nadat die verskynsel van dwelmmiddelverslawing 'n betekenisvolle omvang aangeneem het. Die beklemtoning van dié verbetering, dit wil sê herstelling van hierdie verskynsel en wat daarmee gepaard gaan in die kontemporêre Westerse samelewings, wat in die aanpassingsfase van ontwikkeling verkeer, spreek duidelik uit die groot

---

1) Loedolff & Louw, op. cit.,p.92.

mate van aandag wat dwelmmiddelverslawing vandag in hierdie samelewings geniet.

Die snelle ontwikkeling wat plaasvind op verskillende terreine konfronteer die mens met die probleem van 'n radikale styging van moontlikhede, dit wil sê kulturele doelstellings, terwyl daar 'n nie-eweredige ontwikkeling van aanpassingsmoontlikhede in die betekenis van effektiewe en aanvaarde norme en sosiale fasiliteite voorkom. Dit impliseer 'n steeds groeiende gaping tussen aspirasies en wyses waarop dit binne aanvaarbare grense bereik kan word, met ander woorde 'n proses waardeur die kulturele struktuur afgetakel word deurdat daar 'n akute skeiding of ontwrigting tussen kulturele doelstellings en norme plaasvind. As sodanig beteken dit 'n toename in en intensivering van 'n toestand van anomie as 'n vorm van maatskaplike disorganisasie. Die toename in die omvang van dwelmmiddelverslawing moet in die lig van hierdie intensivering van die toestand van anomie gesien word, en die feit dat verslawing gedifferensieerd voorkom, kan in terme van die anomieteorie alleen verklaar word deurdat hierdie toestand deur verskillende strukture op verskillende wyses en in verskillende intensiteite ervaar word.

Die toestand van anomie, as 'n vorm van maatskaplike disorganisasie, is as sodanig die dieperliggende probleem[1] wat aanleiding gee tot verskillende ander, en duideliker waarneembare vorme van maatskaplike probleme, waar onder ook dwelmmiddelverslawing. Die proses van afwyking wat sy oorsprong vind in die toestand van anomie, kulmineer egter nie net in bepaalde vorme van afwykende gedrag, soos byvoorbeeld verslawing nie, maar omdat die samelewing 'n komplekse samestelling van groepe is, het die verskillende vorme van afwykende gedrag sekere gevolge wat op 'n veel breër terrein as die enkeling se persoonlike lewe voorkom. „These misfortunes, then, are things that happen to particular people, but they are often not unique experiences: they are personal in their impact, but patterned both in their causation and distribution."[2] Die gepatroneerde distribusie van dwelmmiddelverslawing sluit onder meer ook in die invloed van

1) Kyk hfst. 1.
2) Worsley. Problems of modern society. A sociological perspective, p.12.

hierdie verskynsel op die samelewingstotaliteit, asook die gevolge daarvan op groepsverbande waarvan die verslaafdes lede is.

## K. Die gevolge van dwelmmiddelverslawing

Die fisiese en psigiese uitwerking van dwelmmiddels waarop reeds ingegaan is, vind sy hoogtepunt daarin dat die verslaafde se lewe dwelmmiddelgesentreerd word, in so 'n mate dat dit lei tot fisiese skade en psigies ondoeltreffende reaksies. Hierdie uitwerking het dan noodwendig ondoeltreffende vervulling van sosiale funksies, wat deur die indiwidu in sy groepsverbande nagekom moet word tot gevolg, aangesien die drang na die euforiese uitwerking van dwelmmiddels ander maatskaplik waardevolle drange onderdruk en vervang en die dwelmmiddel die primêre aanpassingsmeganisme van die indiwidu word.[1)]

Uit 'n oorsig van die drie vorme van verslawing wat deur Ausubel beskryf word, blyk dit dat die verslaafde nie in staat is om te voldoen aan die eise wat die werklikheid aan hom stel nie, met ander woorde dat hy nie by magte is om 'n volwasse, verantwoordelike normatiewe gedragspatroon in sy omgang met ander mense te handhaaf nie. Bevrediging wat betref die bereiking van doelstellings wat normaalweg verkry word uit maatskaplik waardevolle aktiwiteite wat lei tot prestige, finansiële onafhanklikheid, sekuriteit, die aangaan van huweliks- en gesinsverbintenisse, ens. word ondergeskik gestel aan die drang tot die uitwerking van die dwelmmiddel, wat by implikasie daarop dui dat die verslaafde hom onttrek aan die kulturele doelstellings en gevolglik ook die norme wat daarmee gepaard gaan. Die dwelmmiddelgesentreerdheid van sy bestaan lei ook tot asosiale en introverte gedrag by die verslaafde, wat 'n verdere kenmerk is van onttrekking.[2)] Dit beteken egter nie dat die verslaafde hom aan alle verhoudinge met ander mense onttrek nie; dit is juis 'n kenmerk van verslaafdes dat hulle met mekaar assosieer in die vorming van 'n eie subkultuur,[3)] waarin die norm van dwelmmiddelgebruik en verslawing as die aanvaarde norm gereken word. Die onttrekking aan kulturele doelstellings en norme, die fisies en psigies nadelige uitwerking van dwelmmiddels en die feit dat die verslaafde hom onttrek aan

1) Du Toit et. al., op. cit., p.153.
2) Rip. Contemporary social pathology, p.73.
3) Hierdie subkultuur is die sogenaamde geleentheidstruktuur in die terme van Cloward. Vgl. hfst. 6.

verhoudinge met mense buite sy verwysingsgroep, dit wil sê die subkultuur van verslaafdes, het tot gevolg dat sy huweliks- en gesinsverhoudinge verbrokkel,[1] sy belang in en vermoë tot produktiewe arbeid afneem sodat hy hom tot misdaad moet wend ten einde geld te bekom om dwelmmiddels te koop[2] en 'n algemene afname in die positiewe betekenis wat hy vir sy bepaalde gemeenskap kon hê indien hy nie verslaaf was nie. Hierdie gevolge word saamgevat in die volgende sitaat: „Dwelmmiddelmisbruikers is nie net 'n bedreiging vir hulleself nie, maar 'n bron van kommer vir hulle gesinne en 'n las vir die hele samelewing. Die misbruikers verwoes hulleself fisies en geestelik. Die gesin word intiem by die probleme betrek en dit veroorsaak onnodige ontwrigting, hartseer en gesinsverbrokkeling. Afhanklikes is vir die samelewing 'n verlies as gevolg van hulle onproduktiwiteit, die onnodige ongelukke wat hulle tydens bedwelming veroorsaak en misdade wat gepleeg word om geld in die hande te kry om die dwelmmiddels te bekom. Siektes ontstaan wat vervroegde sterftes veroorsaak terwyl selfmoord 'n algemene verskynsel onder afhanklikes is. Koste vir polisie, gevangenisse, hospitalisasie en rehabilitasie bring bykomende laste vir die staat mee. Alles onnodige koste omdat dit voorkòm kon gewees het."[3]

Die algemene uitwerking van die verskynsel van verslawing aan dwelmmiddels op die samelewingstotaliteit word op die duidelikste wyse weerspieël in die geskiedenis van die Chinese samelewing gedurende die afgelope tweehonderd jaar. Tesame met belemmeringe in die ekonomiese ontwikkeling, het die verwerking van en die profyte uit opium die politieke lewe van China verontreinig en burgeropstand en disorganisasie aangevuur. Die onbeduidende rol wat China veral gedurende die negentiende eeu in die internasionale politiek gespeel het, word deels toegeskryf aan die groot omvang wat opiumverslawing in hierdie tyd onder die Chinese bevolking aangeneem het.[4]

---

1) Ausubel, op. cit., p.38; Loedolff & Louw, op. cit., inleiding; Rip, op sit., p.102; Schur. Drug addiction. (In Worsley, op. cit., p.426.)
2) Du Toit et. al., op. cit., p.153-4; Schur, op. cit., p.422; Finestone, op. cit., p.76-7; Rip., op. cit., p.102; Interim report of the Canadian government's commission of inquiry. The non-medical use of drugs, p.305.
3) Loedolff & Louw, op. cit., inleiding.
4) Ausubel, op. cit., p.57.

## L. Samevatting

Merton se stelling dat verslaafdes aan dwelmmiddels , in terme van sy tipologie, onttrekking as aanpassingsvorm weerspieël, is korrek,maar dan met die kwalifikasie dat die verslaafde hom in die toestand of fase van chroniese verslaafdheid aan die kulturele doelstellings en norme onttrek. Aldus is verslawing nie 'n plotselinge reaksie nie, maar word dit voorafgegaan deur 'n aktiewe optrede, en dan nie net in die sin van 'n optrede teen die kulturele doelstellings en norme nie, maar ook teen persone met wie die verslaafde in wisselwerking is. In hierdie verband is dit veral die tipologieë van Parsons en Cloward, en in 'n mindere mate dié van Dubin, wat lig werp op die proses van verslawing as 'n vorm van onttrekking. Om hierdie proses duidelik toe te lig, was dit nodig om 'n beskrywing te gee van die uitwerking van die verskillende tipes dwelmmiddels waarvan ook 'n klassifikasie gegee is.

Aangesien die meerderheid van die genoemde dwelmmiddels vir mediese doeleindes gebruik word, kan die aanwending van hierdie middels nie sondermeer as 'n vorm van afwykende gedrag gedefinieer word nie, en daarom was dit nodig om uitsluitsel te gee met betrekking tot die kwalifikasie van verslawing as 'n patologie. Die wyse waarop dit gedoen is, naamlik die definiëring van verslawing as 'n afwyking van die gelegitimeerde norme, hang ten nouste saam met die beskikbaarheid van en beheer oor dwelmmiddels wat as sodanig ook 'n bepalende faktor is wat betref die omvang van hierdie sosiaal-patologiese verskynsel.

Ten einde die bestaande en die toenemende tendens van hierdie verskynsel binne die raamwerk van die graduele wisselinge van die proses van anomie te ontleed en te verklaar, is 'n beskrywing gegee van die vorme wat verslawing kan aanneem, en in aansluiting daarby is ingegaan op enkele maatskaplike oorsake van verslawing wat direk in verband gebring is met die toestand van anomie. Uit die sintese van psigiese faktore, soos dit voorkom in die voorverslawingspersoonlikhede van kliniese gevalle, en maatskaplike omgewingsfaktore wat lei tot verslawing, is gepoog om 'n ontleding te maak van hierdie verskynsel, soos dit voorkom in die aanpassingsfase van samelewingsontwikkeling en die graad van anomie wat hom in hierdie ontwikkelingsfase manifesteer by wyse van die kompleksiteit van arbeidsverdeling, die aard van die maatskaplike solidariteit en die dominante vorm van sanksionering. Deur middel hiervan is tot die gevolgtrekking gekom dat die stygende tendens en neiging in die verskynsel van dwelmmiddelverslawing toegeskryf kan word aan die toenemende intensiteit waardeur die toe-

stand van anomie ervaar word.

Hoewel dit nie in 'n direkte verband staan met die tema van hierdie navorsing nie, en omdat die verskynsel van dwelmmiddelverslawing as 'n sosiaal-patologiese verskynsel in die kontemporêre samelewing van kardinale belang is, is ten slotte kortliks ingegaan op enkele maatskaplike gevolge daarvan.

## HOOFSTUK 9

## RITUALISME, REBELLIE EN INNOVASIE AS REAKSIEVORME, MET VERWYSING NA SOSIAAL-PATOLOGIESE VERSKYNSELS

### A. Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is gelet op onttrekking as reaksievorm op die toestand van anomie, en omdat die stelling van Merton dat verslawing aan dwelmmiddels 'n vorm van onttrekking weerspieël baie duidelik ellipties is, en as sodanig nadere toeligting vereis, is 'n afsonderlike hoofstuk aan hierdie verskynsel gewy.

Merton se stellings in verband met die ander afwykende reaksievorme, naamlik ritualisme, rebellie en onttrekking is veel duideliker en meer gangbaar en word daarom ook meer geredelik aanvaar. Tog bestaan daar in sy en ander anomieteoretici se aanwending van dié reaksiewyses enkele aspekte wat nader toegelig kan word, en daarom word hierdie hoofstuk enersyds gewy aan die konsolidering van die anomieteorie met ander bestaande teorieë aangaande ter saaklike verskynsels om sodoende te poog om, waar onduidelikhede bestaan, 'n duideliker verklaring te gee. Hiermee word egter nie volstaan nie, aangesien andersyds, in ooreenstemming met die deurlopende tema van hierdie studie, die reaksiewyses van ritualisme, rebellie en innovasie gekoppel word aan die opvatting van anomie as proses om sodoende die veranderinge in die reaksiewyses enigsins te verklaar.

Met erkenning dat boekdele van groot omvang aan elk van hierdie vorme van afwyking gewy sou kon word, word hierdie drie vorme van afwyking tesame in 'n enkele hoofstuk behandel. Hiermee word dan erken dat alles in verband met en kritiek teen die toepassing van hierdie reaksiewyses nie in hierdie hoofstuk opgeneem is nie, maar alleen dit wat relevant is tot die spesifieke tema van hierdie studie.

B. Ritualisme

Uit die verskillende bestaande tipologieë kan afgelei word dat ritualisme nie gesien word as 'n vorm van afwykende gedrag in die sin van patologiese gedrag nie. Dit word toegeskryf daaraan dat die ritualis nie afwyk van die aanvaarde geoorloofde institusionele norme nie, maar juis daaraan konformeer. Die element van afwyking wat wel aanwesig is by hierdie vorm van aanpassing is die oorkonformering aan die institusionele norme wat die gevolg is daarvan dat die indiwidu nie op 'n normale wyse die doelstellings van die kulturele struktuur kon bereik nie. Vir hierdie mislukking kompenseer hy dan deur eng volgens die institusionele norme op te tree sonder enige verdere perspektief. Vir Merton is dit 'n aanpassingsvorm wat hoofsaaklik voorkom by die middelklas as gevolg van die beklemtoning van konformering aan die reëls of norme gedurende die sosialiseringsproses by hierdie klas. Omdat die ritualis die institusionele norme van die gemeenskap aanvaar en daaraan konformeer, is dit vir hom moontlik om sonder enige negatiewe sanksionering deel te bly van die burokratiese opset waarbinne hy leef. Hierdie oorkonformering aan die norme lei egter daartoe dat die ritualis nie aanvaar word in intieme portuurverhoudinge nie en dit gee aanleiding tot die oormatige aanwending van neurotiese verdedigingsmeganismes.[1)]

Winslow[2)] koppel ritualistiese motiverings aan die handelinge van die sosiale en die strawwe drinker, in onderskeiding van die onttrekkende aanpassingsvorm van die chroniese alkoholis, waardeur hy dan wys daarop dat in die geval van alkoholisme die stadium van onttrekking voorafgegaan kan word deur ritualisme.

Net soos die ander afwykende reaksies, is ook ritualisme 'n reaksie op die toestand van anomie, en om duidelikheid te verkry met betrekking tot die omvang van hierdie vorm van reaksie, moet dit beskou word binne die konteks van maat-

---

1) Winslow, op. cit., p.145-6.
2) Ibid., p.332-3. Winslow stem hierin ooreen met die hipotese van dubbele mislukking van Cloward.

skaplike verandering. Verskillende skrywers[1] wys daarop dat die ontwikkelingsgang van die samelewing vanaf 'n pre-industriële tipe na 'n hoogs geïndustrialiseerde tipe gekenmerk word deur 'n toenemende proses van maatskaplike disorganisasie. Die konstruktiewe tipologie wat vir die doeleindes van hierdie navorsing opgestel is, is in lyn met hierdie beskouing vir sover dit die ontwikkelingsgang tot en met die aanpassingsfase betref.

Die intensivering van maatskaplike disorganisasie in hierdie fase en by name anomie as 'n vorm van disorganisasie, beteken ook dan by implikasie 'n toename in die omvang van ritualisme as 'n reaksiewyse op die toestand van anomie. Hierdie stelling word onderskryf deur die bevindinge van Winslow[2] wat daarop wys dat, teen die verwagtinge in van die implikasies van sekere konstruktiewe tipologieë, afwykende gedrag, waar onder ook ritualisme, toeneem in die kontemporêre samelewing. In terme van die anomieteorie beteken dit dan dat die toestand van anomie vir sekere mense in bepaalde strukture die norme steeds meer ontoeganklik maak in die sin dat kulturele doelstellings nie op 'n aanvaarbare wyse bereik kan word nie. Terselfdertyd is daar egter by hierdie mense 'n interne dwangmatigheid om nie van ongeoorloofde norme gebruik te maak nie, om ook nie by wyse van rebellie die bestaande orde omver te werp nie en om ook nie deur die proses van onttrekking hulle van die kulturele doelstellings en norme te distansieer nie. Die enigste alternatiewe vorm van reaksie is dan deur 'n enge en oormatige konformering aan norme, wat inderwaarheid neerkom op 'n verlaging van die doelstellings tot die vlak van die norme,[3] aangesien hierdie mense dan bevrediging verkry uit die oorkonformering aan norme. Wanneer in hierdie vorm van gedrag 'n toename te bespeur is, is die logiese gevolgtrekking waartoe gekom moet word dit, naamlik dat daar 'n graduele toename in die toestand van anomie plaasvind.

Benewens die leemte in die oorspronklike teorie waarvolgens daar nie 'n verklaring gebied word aan die toename en/of afname in ritualistiese gedragsvorme

---

1) Vgl. byvoorbeeld Thomas & Znaniecki, op. cit.; Cooley. Social organization; Bloch. Disorganization: Personal and social; Brown. Social pathology: Personal and social disorganization; Elliott & Merrill, op. cit.; Faris. Social disorganization; Mowrer. Disorganization: Personal and social; Faris. Contemporary and prospective social disorganization. <u>Sociology and social research</u>, 32: 679-84:1948.
2) Winslow, op. cit., p.197-8.
3) Merton. Social theory and social structure, p.150.

nie, moet daar ten slotte op gewys word dat hierdie vorm van gedrag nie sondermeer toegeskryf kan word aan die reaksie van die indiwidu teen die ontoeganklikheid van die kulturele norme alleen nie. Ten opsigte hiervan is dit veral die beskouing van Parsons aangaande die rol van indiwiduele motivering, wat duidelikheid bied met betrekking tot die feit dat sommige mense oorkonformeer aan die kulturele norme as gevolg daarvan dat hulle gedrag primêr gefokus is op die ander mense met wie hulle in bepaalde situasies in wisselwerking is. Die toepassing van hierdie faset van die tipologie van Parsons geld ook vir die sosiale en strawwe drinker waarna Winslow[1)] verwys, aangesien die indiwidu in die betrokke situasie waarin alkoholiese drank gebuik word, streng aan die norme aangaande drankgebruik sal konformeer, uitsluitlik as gevolg daarvan dat hy met bepaalde mense, dit wil sê maatskaplike objekte, in die betrokke situasie in wisselwerking is.

C. Rebellie

In die onderskeiding tussen nie-konformerende en afwykende gedrag wys Merton[2)] daarop dat rebellie 'n verandering van die bestaande orde ten doel het, en as sodanig 'n vorm van gedrag is wat op die groepsvlak voorkom. Hierdie vorm van afwykende handeling vertoon ook 'n baie duidelike proses —— 'n feit wat implisiet in die omskrywing daarvan opgesluit is,[3)] en om hierdie proses goed te begryp, word gelet op veral die teorie van Smelser[4)] waarmee daar 'n merkbare ooreenstemming is.

Met sy teorie probeer Smelser 'n raamwerk ontwikkel vir die analise van kollektiewe gedrag as 'n reaksie op 'n stremmingstoestand in die maatskaplike orde.[5)] Kollektiewe optrede soos beskryf deur Smelser, stem ooreen met Gusfield[6)] se siening van sosiale aksie en met Blumer[7)] se omskrywing van spesifieke maatskap-

---

1) Winslow, op. cit., p.332-3.
2) Merton & Nisbet, op. cit., p.727; Du Toit et. al., op. cit., p.29.
3) Merton. Social theory and social structure, p.156.
4) Smelser. Theory of collective behavior.
5) Na hierdie stremmingstoestand word onder meer met die begrip „anomie" verwys; vgl. Ibid., p.47.
6) Gusfield, op. cit., p.1-8.
7) Blumer. Collective behavior. (In Park. An outline of the principle of sociology, p.256-9.)

like bewegings, daarin dat die doel van die optrede gerig is op 'n verandering van die orde deur die toestand of faktor wat verantwoordelik is vir die *stremming* te elimineer. Hierdie doelstelling van die kollektiwiteit word gebore uit die motivering van die indiwidu wat lid is daarvan.[1)]

Uitgaande van die opvatting dat 'n stremmings- of spanningstoestand die aanleidende faktor is vir die uiteindelike insident van kollektiewe optrede, spesifiseer Smelser 'n aantal determinante wat in hul kronologiese opeenvolging lei tot 'n progressiewe eliminering van moontlike gevolge, totdat die werklike insident van kollektiewe optrede die enigste logiese moontlikheid is. In dié verband skryf hy: „...... the earlier stages must combine according to a certain pattern before the next stage can contribute its particular value to the finished product....... as (determinants) combine, the determination of the type of episode in question becomes increasingly specific and alternative behaviors are ruled out as possibilities."[2)]

Hy isoleer ses determinante van kollektiewe gedrag wat in 'n spesifieke volgorde voorkom, naamlik strukturele bevorderlikheid, strukturele stremming of spanning, veralgemeende opvatting, aanleidende voorval, mobilisasie vir optrede en maatskaplike beheer.

1. Strukturele bevorderlikheid

Met struktuur verwys Smelser na die institusionele patrone van 'n kollektiwiteit en dit is binne hierdie patrone van sekere instellings, byvoorbeeld die politieke, religieuse, ekonomiese, ens. dat sekere toestande wat 'n gunstige klimaat skep vir kollektiewe gedrag hulle voordoen.[3)]

---

1) Nisbet, op. cit., p.178.
2) Smelser. Theory of collective behavior, p.14.
3) In verband met dié faktore kan vergelyk word: Bendix. The lower classes and the 'democratic revolution'. (In Gusfield, op. cit., p.185-213;) Rainwater. Open letter on white justice and the riots. (In Gusfield, op. cit., p.214-25.); Altbach. Students and politics. (In Gusfield, op. cit., p.225-43.)

## 2. Strukturele stremming

Wanneer die struktuur sodanig is dat 'n sekere atmosfeer vir kollektiewe optrede wel geskep kan word, ontstaan daar 'n strukturele stremming waardeur daar 'n versteuring in of tussen die komponente van handeling voorkom, met die gevolg dat hierdie komponente nie voldoende kan funksioneer nie. Dié komponente is waardes, norme, kollektiwiteite en rolle[1] en fasiliteite. Die laasgenoemde komponent is een wat deur Smelser genoem word in aansluiting by dié wat deur Parsons in sy handelingsteorie gebruik word. Die inhoud van hierdie vier komponente sal in terme van Smelser se beskouing die antwoorde bied wat nodig is vir die analisering van gedrag.[2]

Waardes as komponent van handeling kan beskou word as wenslikheidskonsepsies in die kultuur, maatskaplike sisteem en persoonlikheid;[3] norme verwys na gedragsreëls wat bepaalde handelinge voorskryf of verbied, en dit kom in normatiewe patrone voor waarna soms verwys word as maatskaplike instellings;[4] kollektiwiteite en rolle omvat die handelinge van akteurs deur middel waarvan hulle motivering tot maatskaplike deelname gemobiliseer word,[5] terwyl fasiliteite kennis, vaardighede en fisiese middele insluit.[6]

Stremming kan ten opsigte van elk van hierdie komponente ontstaan en die vorm van veralgemeende opvatting wat volg op hierdie determinant word bepaal deur die komponent waarbinne die stremming voorkom.

In die geval van waardes kan stremming voorkom op die vlak van waarde-oriëntasies teenoor òf 'n bepaalde kollektiwiteit òf die samelewingstotaliteit. Stremming kan egter ook op die persoonlike vlak voorkom, byvoorbeeld die botsing tussen bestaande en nuwe beginsels waarmee die indiwidu tydens die proses van akkulturasie gekompromitteer word. Stremming ontstaan in norme as gevolg van normatiewe ambivalensie binne dieselfde of tussen verskillende rolle en kollek-

---

1) Parsons. An outline of the social system. (In Parsons et. al. Theories of society, p.30-79.)
2) Smelser. Theory of collective behavior, p.28.
3) Joubert. Die waardekonsep in die sosiologiese teorie, hfst. 9.
4) Johnson, op. cit., p. 21-2.
5) Cilliers & Joubert, op. cit., p.317.
6) Ibid., p.317.

tiwiteite. In die geval van kollektiwiteite en rolle staan stremming in verband met verantwoordelike optrede in rolle en die beloning daaraan verbonde. 'n Wanverhouding hiertussen kan byvoorbeeld 'n bron van stremming in hierdie komponent van handeling wees. Stremming ten opsigte van fasiliteite ontstaan as gevolg van onsekerheid in die aanwending van fasiliteite vir spesifieke doeleindes.

Omdat waardes as komponent van handeling per definisie op die mees algemene vlak voorkom, volg dit dat veranderinge, stremming, steurings, ens. op die vlak van fasiliteite, rolle en norme nie noodwendige implikasies op die betrokke waardes sal hê nie. Sou daar egter stremming, verandering of steuring voorkom op die vlak van waardes, sal dit noodwendig 'n invloed uitoefen op die opeenvolgende vlakke van norme, rolle en fasiliteite.

Anders geformuleer, kan dit gestel word dat die laasgenoemde drie komponente ondergeskik is aan waardes as die mees algemene wenslikheidskonsepsies waarvan die geldigheid gesoek moet word in die feit dat dit God-gegewe is. Hierteenoor sal die geldigheid van norme met 'n beroep op die betrokke waardes beantwoord word; met verwysing na die betrokke norme sal beantwoord kan word waarom daar aan sekere rolvereistes voldoen moet word, terwyl met die bevraagtekening van die fasiliteite weer na die hoër vlak van die rolle verwys sal word.

3. <u>Veralgemeende opvatting</u>

„Before collective action can be taken to reconstitute the situation brought on by structural strain, this situation must be made meaningful to the potential actors. This meaning is supplied by a generalized belief, which identifies the source of strain, attributes certain characteristics to this source, and specifies certain responses to the strain as possible or appropriate."[1] Met die kwalifisering van hierdie determinant is dit duidelik dat die ontstaan en verspreiding van die veralgemeende opvatting meer insluit as bloot die formulering van 'n opvatting, want hierdie fase omsluit, in terme van die bostaande omskrywing, die identifisering en die karakterisering van die bron van spanning, asook die spesifisering van die oplossingswyse van die stremmingstoestand. Dit is

1) Smelser. Theory of collective behavior, p.16.

duidelik dat veral by hierdie stap die verskeidenheid van oplossingswyses radikaal verminder word. Verder gaan dit by hierdie determinant ook om die onderliggende doelstellings, motiewe en idees van die bepaalde kollektiwiteit.[1)]

Ten opsigte van veralgemeende opvattings onderskei Smelser vyf hooftipes.

(a). Histerie

Dit is 'n vorm van veralgemeende opvatting wat voorkom wanneer daar stremming ten opsigte van fasiliteite bestaan in die sin van onsekerheid, en dit word gemanifesteer in paniekuitbarstings.

(b). Wensdromery

Wensdromery is ook 'n veralgemeende opvatting wat voorkom by stremming ten opsigte van fasiliteite, maar in teenstelling met die paniekuitbarsting neem dit die meer vreedsame vorm aan van fantasering en onrealistiese geloof in „some force with generalized potency to overcome the possibly frustrating, harmful or destructive possibilities."[2)]

(c). Vyandiggesindheid

Anders as by die bogenoemde twee veralgemeende opvattings, kan daar 'n identifikasie ontstaan van 'n persoon of persone wat verantwoordelik gehou word vir die stremmingstoestand, en die idee ontstaan dan dat hierdie toestand opgehef kan word deur die verantwoordelike persone te vernietig of kwaad aan te doen. Hieruit is dit duidelik dat vyandiggesindheid 'n veralgemeende opvatting is wat voorkom wanneer daar stremming ten opsigte van kollektiwiteite en rolle bestaan. Hierdie veralgemeende opvatting kan lei tot aktiewe aggressie gemik op die persone wat verantwoordelik gehou word vir die stremmingstoestand.

---

1) Rudè. The crowd in history, p.11.
2) Smelser. Theory of collective behavior, p.94.

(d). Norm-georiënteerde opvattings

Dit is 'n veralgemeende opvatting wat ontstaan as gevolg van stremming op die vlak van norme as komponent van handeling en, hoewel nie noodwendig só nie, kan hierdie opvatting lei tot maatskaplike hervorming van groot omvang. Dit is 'n opvatting wat gemik is op die mobilisasie van mense ten einde die bestaande norme te wysig. Aan die anderkant kan die norm-georiënteerde opvatting egter ook gemik wees op die handhawing van bestaande norme wat bedreig word, en as sodanig het dit dan geen werklike hervorming tot gevolg nie. In teenstelling met die voorafgaande veralgemeende opvattings het die norm-georiënteerde tipe 'n duidelik waarneembare gevolg in die vorm van 'n organisasie of norm.[1)]

(e). Waarde-georiënteerde opvattings

Met verwysing na die inhoud van basiese waardekonsepte soos dit deur 'n ander skrywer omskryf is, sê Smelser van hierdie tipe opvatting die volgende: „A value-oriented belief envisions a modification of those conceptions concerning 'nature, man's place in it, man's relation to man, and the desirable and non-desirable as they may relate to man-environment and inter-human relations'. This kind of belief involves a basic reconstitution of self (change of heart) and society."[2)] Wanneer hierdie opvatting veralgemeen word, word dit uiteindelik gemanifesteer in 'n doelbewuste en georganiseerde poging van lede van die kollektiwiteit om 'n meer effektiewe en bevredigende kultuur te skep.[3)] Omdat dit 'n veralgemeende opvatting is wat op die mees algemene vlak van waardekonsepsies voorkom, kan die realisering daarvan op 'n breë vlak waargeneem word.[4)]

---

1) Smelser. Theory of collective behavior, p.110-11.
2) Ibid., p.120.
3) Ibid., p.120; Wallace. Revitalization movements. (In Lipset & Smelser. Sociology. The process of a decade, p. 207 en p. 219.)

4) Altbach, op. cit., p.238.

4. Aanleidende voorval

Hoewel dit progressief lei in die rigting van die werklike insident van kollektiewe optrede, word met die bostaande drie determinante slegs verwys na die intense ervaring van die stremmingstoestand, maar op hierdie stadium is nog nie oorgegaan tot daadwerklike kollektiewe optrede nie. Die werklike insident word verder voorafgegaan en gestimuleer deur een of ander aanleidende voorval. Uit die geskiedenis kan verskillende voorbeelde genoem word van voorvalle wat gelei het tot kollektiewe optrede.[1] Hierdie aanleidende voorvalle kan verskillende vorme aanneem, maar dit sal alleen lei tot die werklike insident van optrede wanneer die voorafgaande determinante in genoegsame intensiteit reeds bestaan en ervaar is.

5. Mobilisasie vir optrede

Die werklike insident van kollektiewe optrede kom voor sodra die akteurs gemobiliseer is vir optrede, en dit is in hierdie proses van mobilisering dat leiers ŉ belangrike rol speel.[2]

6. Maatskaplike beheer

Met hierdie determinant word verwys na alle meganismes wat konformiteit bevorder deur afwyking te voorkom of om die proses van afwyking teë te werk.[3] Hierdie beheermaatreëls kan, afhangend van wanneer hulle in werking gestel word gedurende die proses van kollektiewe optrede, die werking van die determinante voorkom of in ŉ ander rigting stuur. Beheermaatreëls kan òf strukturele bevorderlikheid en stremming verminder en sodoende die insident van kollektiewe

---

1) Vgl. byvoorbeeld Rudé, op. cit., p.19; Rose. 18th century price riots, the French revolution and the Jacobin maximum. International review of social history, 3:433-34:1959
2) Rudé, op. cit., p.247-52; LaPiere. A theory of social control, p. 542-43.
3) Johnson, op. cit., p.55; Cohen. Deviance and control, hfst. 5; LaPiere, op. cit., hfst. 9. Fichter, op. cit., p.363.

optrede voorkom, òf dit kan in werking gestel word wanneer dié insident van optrede reeds plaasgevind het waardeur die orde dan weer herstel word.

Merton se beskouing van rebellie as 'n vorm van nie-konformerende gedrag stem ooreen met die siening van Smelser daarin dat kollektiewe gedrag afwykend is omdat dit die bestaande patrone van komponente van handeling op nie-geïnstitusionaliseerde wyse wil verander. Kollektiewe optrede kan tot gevolg hê dat die resultate daarvan geakkommodeer word in die bestaande sisteem of in 'n nuwe sisteem. Uit die groepsverskynsel van kollektiewe gedrag en die motivering van doelstellings daarvan is dit duidelik dat die nie-konformeerder „is far removed from the other type of social deviant, the aberrant, who has nothing new to propose and nothing old to restore, but seeks only to satisfy his private interests or to express his private cravings."[1]

Die struktuurbenadering in die verklaring van rebellie as 'n nie-konformerende reaksie op anomie, soos deur Merton uiteengesit in terme van die werking van die kulturele en sosiale strukture, word veel duideliker wanneer hierdie strukture geanaliseer word tot komponente van handeling, aangesien die vorm wat spesifieke insidente van rebellie aanneem eksplisiet daardeur verklaar word. Met die aanwending van die konsep van Smelser word veel meer duidelikheid gegee aangaande die nie-konformeerder se motivering om die bestaande middele en doelstellings van die kulturele struktuur te verwerp en alternatiewe in die plek daarvan te stel, maar daarbenewens bied dit veral duidelikheid aangaande die proses van rebellie.

Die aktiewe gesindheid en die oorheersend vervreemdende reaksie soos uiteengesit in die tipologie van Parsons[2] is ook duidelik merkbaar in die teorie van Smelser en werp veral lig op die motivering van die indiwidu as lid van die kollektiwiteit in die proses van kollektiewe handeling. Hoewel nie gemik op 'n verklaring van rebellie as groepsgedrag nie, word daar in samehang met die Parsoniese konsepsie en die teorie van Smelser meer sin gevind in Dubin se siening van gedragsvorme wat gerig is op waardes en norme soos hy dit uiteensit met sy idee van aktiewe verwerping.[3]

---

1) Merton & Nisbet, op. cit., p.727.
2) Kyk hfst. 5.
3) Kyk hfst. 6.

Omdat kollektiewe handeling soos uiteengesit 'n eksterne doelstelling impliseer, verwys die teorie van Smelser, asook Merton se omskrywing van rebellie na massas met gemeenskaplike belange[1] of aksiemassas,[2] wat interessante verskille vertoon met betrekking tot die kulture waarbinne dit voorkom.[3] Dit het belangrike implikasies, aangesien nie alle gevalle van kollektiewe optrede en alle massas uiterlike en geformuleerde doelstellings nastreef nie.

In 'n korrelatiewe ontleding van afwykende gedrag in verskillende vorme en die graad van maatskaplike disorganisasie en organisasie, toon Winslow[4] aan dat die sogenaamde primitiewe pre-industriële samelewing gekenmerk is deur die klein omvang van rebellie, terwyl die samelewing in die proses van verandering tot 'n hoogs geïndustrialiseerde tipe 'n relatief groot omvang van rebellie vertoon. Hierdie toename in rebellie word direk gekoppel aan die graad van organisasie en derhalwe kan die proses van anomie in berekening gebring word met die verklaring van die verandering in omvang. Met verwysing na die militante voorspraak met betrekking tot menseregte wat veral onder die jonger en hoë inkomstegroep van Negers voorkom[5] verwys Toby[6] na die stygende aspirasies van Negers ('n verskynsel wat relevant is tot anomie) wat 'n atmosfeer vir kollektiewe gedrag skep. Dit is maar 'n enkele voorbeeld van 'n toestand wat lei tot 'n vorm van kollektiewe optrede wat tiperend is van die moderne samelewing.

Skrywer wil volstaan met die stelling dat, indien aanvaar word dat rebellie 'n uitvloeisel is van 'n toestand van anomie wat as sodanig nie 'n toestand is wat eie is aan die moderne samelewing nie,[7] dan moet die omvang wat hierdie reaksiewyse in die kontemporêre samelewing in die aanpassingsfase van ontwikkeling aangeneem het in teenstelling met die omvang daarvan in die pre-industriële samelewing toegeskryf word aan die graduele verandering wat ten opsigte van die toestand van anomie ingetree het.

---

1) MacIver & Page, op. cit., p.423.
2) Anderson & Parker, op. cit., p.275-78.
3) Ogburn & Nimkoff. Sociology, p.278-80.
4) Winslow, op. cit., p.197.
5) Marx. Protest and prejudice: A study of belief in black community, p.49-79.
6) Toby, op. cit., p. 548.
7) LaPiere, op. cit., p.326-27.

## D. Innovasie

Terwyl Merton innovasie sien as 'n oortreding van die geïnstitusionaliseerde norme in die strewe na die bereiking van kulturele doelstellings, en met 'n verdere kwalifisering hiervan ook 'n verklaring wil gee van die omvang wat hierdie gedragsvorm aanneem, [1] wys Winslow[2] in aansluiting daarby ook op die rol wat assosiasie in hierdie gedragsvorm speel in die bepaling van die omvang daarvan. Hoewel Merton erken dat innovasie nie slegs in misdadige gedrag weerspieël word nie,[3] gebruik hy veral die voorbeeld van misdaad om hierdie aanpassingsvorm te verduidelik, en dit is veral op die verskynsel van misdaad as vorm van innovasie, en die omvang van misdadige gedrag as reaksie op die toestand van anomie, waarop in hierdie beskrywing kortliks ingegaan sal word.[4]

Met sy verklaring van misdaad staan Merton se aanwending van die struktuurbenadering merkbaar los van die prosesbenadering. Dit is baie duidelik dat hy in misdaad 'n vorm van innovasie sien as 'n verskynsel wat sondermeer veroorsaak word deur die ontoeganklikheid van institusionele norme deur middel waarvan kulturele doelstellings bereik kan word. Ander skrywers[5] wys, afgesien van die motivering van misdadigers, ook op die rol wat onder meer die ekologiese struktuur, die subkultuur, die mate van toeganklikheid tot ongeoorloofde norme, aanleer-en geleentheidstrukture, die proses van assosiasie, ens. speel in die veroorsaking van misdaad en die bepaling van die omvang daarvan. Dit doen egter geen afbreuk aan Merton se suiwer strukturele benadering in die verklaring van die meganisme van besondere tipes misdaad nie. Ook die gedifferensieerde

o

---

1) Merton. Social theory and social structure, p.146.
2) Winslow, op. cit., p.147.
3) Merton. Social theory and social structure, p.181.
4) Hier word nie weer in besonderhede gelet op die teorieë wat reeds in hoofstuk 6 by die bespreking van Cloward aangehaal is nie.
5) Vgl. hfst. 6; Cloward & Ohlin. Delinquency and opportunities: A theory of delinquent gangs, p.211; Taft. Testing the selective influence of areas of delinquency. American journal of sociology, 38:699-712: 1933; Sutherland & Cressey, op. cit; Shaw & McKay, op. cit.; Cohen & Short. Research in delinquent sub-cultures. Journal of social issues, 14:20-37: 1958; Miller. Lower-class culture as a generating milieu of gang delinquency. Journal of social issues, 14:5-19: 1958; Sykes & Matza. Techniques of neutralisation. American sociological review, 22:664-70: 1957.

verspreiding van misdaad[1] is nie los te maak van die struktuurtoestand van anomie, aangesien die toeganklikheid van geoorloofde norme ook gedifferensieerd voorkom. Ook ten opsigte hiervan is die opvatting van Merton duidelik, maar die leemte in die verklaring van Merton is veral daarin dat die struktuurbenadering hier in 'n sekere sin kunsmatig geskei word van ander benaderings, en dat die verklaring wat Merton bied aan die gedifferensieerde verspreiding van misdaad slegs 'n enkele faset beklemtoon. As sodanig is hierdie teorie nie omvattend genoeg nie.

Omdat die persoon in wie se gedrag innovasie as aanpassingsvorm weerspieël word, oor die vermoë beskik om ten opsigte van sekere statusrolle te konformeer, sal innovasie by sommige persone verbloem word, maar namate die persoon meer assosieer met kriminele gedragspatrone sal die omvang van hierdie vorm van innovasie groter afmetings by hierdie persone aanneem. Afgesien hiervan egter moet die omvang van misdaad as vorm van innovasie ook gekoppel word aan die graad van anomie en die intensiteit waarmee dit ervaar word. Die skaal vir die meting van anomia wat deur Srole[2] ontwerp is, kan, hoewel daar reeds besware ingebring is teen die aanwending daarvan, tog dien as aanduiding van die graduele verandering van die toestand van anomie en die ervaring daarvan. Die feit dat misdaad as sodanig nie 'n statiese verskynsel is nie, maar dat die aard en omvang daarvan voortdurend verander[3] veral in die sin dat daar in die algemeen 'n stygende misdaadkoers voorkom deur die Westerse beskawing heen[4], dui daarop dat die disorganisasie waarvan hierdie gedragsvorm 'n simptoom is, gradueel verander.

---

1) Empey & Erickson. Hidden delinquency and social status. (In Knudten. Crime, criminology, and contemporary society, hfst. 15.); Sykes. Crime and society, hfst.4..
2) Srole, op. cit., p.709-16. Die skaal van Srole is veral gemik op die meting van die psigologiese konsep van anomie waarna deur Srole verwys word met die begrip „anomia". Die gebruik van hierdie besondere konsep is dikwels verwar met die sosiologiese konsep, soos byvoorbeeld deur Mizruchi. Vgl. Mizruchi, op. cit.
3) Willemse & Rademeyer. Kriminologie, p.30-1.
4) Jones. Crime in a changing society, p.11.

E. Samevatting

In hierdie hoofstuk is gelet op die toepassing van reaksiewyses soos dit in verband staan met die tema van hierdie studie en is getrag om die teorie van anomie en die afwykende reaksies van ritualisme, rebellie en innovasie te koppel aan ander bestaande teorieë en benaderingswyses waardeur gepoog is om 'n duideliker en meer omvattende verklaring van hierdie vorme van gdrag te gee.

By die verklaring van die inhoud of aard van elk van die reaksiewyses, word tot die gevolgtrekking gekom dat die toenemende neigings van hierdie reaksiewyses, soos dit vergestalt word in verskillende vorme van afwykende gedrag, verband hou met die graad van organisasie of disorganisasie van die gemeenskap waarbinne dit voorkom en die intensiteit waarmee dit ervaar word. Anomie as vorm van disorganisasie waarmee spesifiek verwys word na die toestand van disekwilibrium tussen sekere strukture, is dus ook geen statiese toestand nie, maar een wat gradueel wissel en wat op 'n gedifferensieerde wyse ervaar word. Op hierdie wyse is gepoog om lig te werp op die verskynsel dat afwykende gedragswyses wat omvang betref wisselend van aard is.

Verder is ook daarop gewys dat om 'n duidelike verklaring van gedrag in die algemeen, en van afwykende gedrag in die besonder te gee, dit nodig is om gedrag te beskou as 'n proses en nie as 'n plotselinge gebeurtenis nie. Die proses van afwyking word as sodanig ook nie deur maatskaplike faktore alleen veroorsaak nie, maar in elk van die beskryfde afwykings in hierdie hoofstuk speel indiwiduele motivering 'n belangrike rol, en hoewel die klem in hierdie navorsing val op die toestand van anomie as maatskaplike oorsaak van sosiaal-patologiese verskynsels, sou dit onvolledig en onrealisties wees om hierdie enkele faktor te isoleer as dié faktor wat afwyking tot gevolg het. Om hierdie rede is ook oorsigtelik ingegaan op die rol van indiwiduele motivering in die veroorsaking van afwykende gedrag, maar dan is die betrokke vorme van afwyking, asook die motivering wat daartoe lei, binne die raamwerk van die anomieteorie en die konsepsie van die graduele wisselinge daarvan, geplaas.

Omdat die onderhawige vorme van afwykende gedrag as reaksies op die toestand van anomie, soos dit deur Merton uiteengesit is, duidelik en gangbaar is, is daar nie afsonderlike hoofstukke aan elk gewy nie, maar is alleen getrag om die afwykings as proses te beskryf. Terselfdertyd is die wisselinge in die omvang van die vorme van afwykende gedrag gekoppel aan die deurlopende kritiek teen die

anomieteorie, naamlik dat anomie as 'n vorm van maatskaplike disorganisasie nie 'n statiese toestand is nie, en dat enige verandering in die toestand van anomie sekere konsekwensies sal toon wat betref die afwykings wat daaruit voortvloei.

# HOOFSTUK 10

# SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

## A. Inleiding

Die eerste hoofstuk van hierdie navorsing behels 'n inleiding waarin die aard en omvang van die probleemstelling, die afbakening van die studieterrein, die metode van ondersoek wat gevolg is en 'n omskrywing van sekere begrippe ingesluit is. Dit was in hierdie hoofstuk ook nodig om te wys op enkele probleme wat in die loop van die navorsing ondervind is.

Ten einde 'n logiese en sistematiese geheel te verseker, is die inhoud van hierdie navorsing in drie dele verdeel: eerstens, die oorspronklike formulering van die anomieteorie w.o. Emile Durkheim se formulering van die teorie (hfst.2) en sy uiteensetting van selfmoord en die rol wat anomie ten opsigte daarvan speel (hfst.3) beskryf is; tweedens, die herformulering van die anomieteorie waarin aandag geskenk is aan die bydraes van Robert Merton (hfst.4), Talcott Parsons (hfst. 5) en dié van Robert Dubin en Richard Cloward (hfst. 6); derdens is 'n kritiese ontleding van die teorie en 'n toepassing van die afwykingstipologieë gemaak, waarin 'n kritiese beskrywing van die toestand en proses van anomie gegee is (hfst. 7), 'n toepassing van onttrekking as reaksievorm met aandag aan verslawing aan dwelmmiddels gedoen is (hfst. 8) en 'n toepassing van ritualisme, rebellie en innovasie as reaksievorme (hfst. 9) beskryf is.

Vervolgens word in hierdie hoofstuk aandag geskenk aan die evaluering van die benaderingswyse wat opgesluit is in die anomieteorie, die gevolge van die ontwikkeling en beklemtoning van hierdie teorie vir sover dit die sosiale patologie as sub-dissipline betref, asook die struktuurfunksionele betekenis van die teorie wat in die sosiologiese perspektief geplaas is. Ten slotte word by wyse van die stel van enkele riglyne ook gewys op die ideaal van 'n gebalanseerde teoretiese en empiriese bestudering van sosiaal-patologiese verskynsels en die posisie van die anomieteorie in hierdie verband met besondere verwysing na die sosiologie van Suid-Afrika.

B. Totaliteitskennis

Gesien in die lig dat die primêre doel van wetenskapsbeoefening die soeke na kennis aangaande die geskape werklikheid is, om in en deur hierdie kennis diensbaar aan God en Sy Koninkryk te wees, moet elke wetenskap binne sy terrein trag na die volle kennis aangaande sy terrein sover dit die menslike vermoë gegun word. Om tot sodanige kennis te kan kom, moet die wetenskap ontkom aan die kunsmatig geskeide kennissisteme van die verbandhoudende onderdele van sy studie-objek, en moet daar gestreef word na die integrasie van bestaande kennis. So 'n integrasie van kennissisteme wat as ideaal gestel word, sal benewens die totaliteitskennis, wat aanstons omskryf sal word, verder ook lei tot 'n opheldering en beter begrip van die besondere probleemstelling waarmee die betrokke sub-disipline gemoeid is.

Die studie-objek van die sosiologie leen hom tot die onderskeiding van verskillende fasette daarin, maar omdat hierdie studie-objek 'n ondeelbare entiteit is, is hier nie sprake van 'n absolute skeiding tussen die verskillende fasette nie, en daarom is dit sinneloos en onrealisties om die verskillende sub-disiplines in die ensiklopedie van die sosiologie op 'n kunsmatige wyse van mekaar te skei. Hiermee word spesifiek verwys na die stand van die sosiale patologie in die hedendaagse sosiologie, en veral dan by name die rol wat die anomieteorie, as een van die belangrikste teorieë van die sosiale patologie, in hierdie verband gespeel het. Die studie van menslike verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse in hulle groepsverband wat vir die sosiologie in die brandpunt van belangstelling staan, sluit alle normale en abnormale vorme daarvan in wat dan beteken dat die sosiologie, as normatiewe wetenskap, daardie verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse bestudeer wat in ooreenstemming is met die geldende en aanvaarde norme, maar dat hy ook vanuit die normatiewe beoordeling hom bemoei met verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse wat afwyk van hierdie norme. Aldus is afwykende gedrag, soos die sosiologie dit beskou, net so 'n deel van die samelewing as wat normale gedrag 'n deel daarvan is.[1)]

Een van die belangrikste leemtes in die huidige opset en inhoud van die anomieteorie is dat hierdie teorie sosiaal-patologiese verskynsels geskei het van die res van die studie-objek van die sosiologie. Dit is veroorsaak deur die

---

1) Chinoy. Society. An introduction to sociology, p.51; Lemert. Human deviance, social problems, and social control, p.21-46.

feit dat die anomieteorie in sy ontwikkeling mettertyd uitsluitlik as 'n teorie van die sosiale patologie aanvaar is. Verder is hierdie teorie, veral in 'n besondere mate deur Merton, as 'n weerspieëling van die globaal-teoretiese benadering, aangewend vir die verklaring van 'n verskeidenheid van afwykende gedragsvorme en sosiaal-patologiese verskynsels, terwyl ook ander bestaande teorieë vir die verklaring van dieselfde verskynsels aangewend sou kon word.[1] Dit impliseer dan 'n verklaring van afwykende gedrag en sosiaal-patologiese verskynsels vanuit een bepaalde oogpunt, en hoewel nie afbreuk gedoen wil word aan Merton se bydrae tot die kennis en begrip van die studie-objek van die sosiale patologie nie, is sy beskouing in hierdie verband ooglopend eng, en is dit tiperend van die sogenaamde „theories of the middle range", waarvan hy 'n voorstander is.

Teenoor hierdie beskouing, wil die skrywer hom eerder skaar aan die kant van die reeds bekende Parsoniaanse pleidooi vir die integrering van die bestaande konseptuele skemas vir die analise van menslike gedrag. Die bestaande skemas het veel bygedra tot die verklaring van verskillende fasette van menslike groepslewe, en die strewe na 'n geïntegreerde kennissisteem bevraagteken hoegenaamd nie die inhoudswaarde van die bestaande skemas nie, maar wel die sinvolheid van die naas mekaar ontwikkeling daarvan en die doelbewuste poging tot die isolering van elk.

'n Laaste leemte in die anomieteorie, en wat direk in verband staan met die eenheid van die studieterrein van die sosiologie, is naamlik dat die geselekteerde anomieteoretici die toestand van anomie, as 'n bepaalde toestand van die sosiale orde, bloot as 'n gegewe aandui en sodoende dan nie 'n uiteensetting gee van die proses van anomie, dit wil sê die wisselinge in die graad en intensiteit daarvan nie. Die aksioma van die relatiwiteit en veranderlikheid van die sosiale orde is dus nie in berekening gebring nie, en as dan verder die kerngedagte van die anomieteorie, naamlik dat die toestand van anomie verantwoordelik is vir afwykende gedrag en sosiaal-patologiese verskynsels, in gedagte gehou word, is dit duidelik dat die aard, omvang en intensiteit van afwyking en die veranderinge wat ten opsigte daarvan voorkom, nie verklaar kan word sonder om

1) Winslow, op. cit., p.1.

in die toestand van anomie ook 'n proses van graduele wisselinge te sien nie.

Die bogenoemde leemtes in die anomieteorie het verreikende implikasies sover dit die toepassing daarvan op sosiaal-patologiese verskynsels aangaan, en het daartoe bygedra dat die kennisbydrae wat hierdie teorie gelewer het allermins kan aanspraak maak op 'n totaliteitskennis aangaande afwykende gedrag en sosiaal-patologiese verskynsels.

In hierdie navorsing is gepoog om die bogenoemde leemtes te oorbrug deur die formulering van 'n konstruktiewe tipologie van fases van samelewingsontwikkeling waardeur die basiese sosiologieteorie, dit wil sê daardie teorieë wat te make het met die sosiale orde as sodanig, in verband gebring is met die toestand van anomie. Hierdeur is enersyds gepoog om 'n beskrywing te gee van die graduele wisselinge in die toestand van anomie wat sy hoogtepunt in die aanpassingsfase van ontwikkeling bereik, terwyl hierdeur andersyds probeer is om 'n verklaring aan te bied vir die omvang wat afwykende gedragsvorme in hierdie ontwikkelingsfase aanneem. Implisiet is terselfdertyd ook daarop gedui dat die anomieteorie, benewens 'n teorie van afwykende gedrag en sosiaal-patologiese verskynsel te wees, ook 'n verklaring bied aan ander sosiologies ter saaklike verskynsels, soos byvoorbeeld die aard van maatskaplike solidariteit, die graad van arbeidsverdeling en die vorme van sanksionering ter behoud of ter verbetering van die sosiale orde.

Hiermee moet dan daarop gewys word dat die sosiologie ontwikkel het tot 'n vlak waar 'n sintese van bestaande kennissisteme noodsaaklik geword het, want sonder hierdie sintese kan die wetenskapsbeoefenaar hom nie beroep op 'n totaliteitskennis van dit wat sy studie-objek beliggaam nie.

Met die beklemtoning van nog 'n ander faset van die kontemporêre sosiale patologie, moet in hierdie afdeling ten slotte ook gewys word op 'n verdere bedreiging wat die anomieteorie implisiet vir hierdie studierigting inhou. Omdat die anomieteorie 'n verklaring bied aan sosiaal-patologiese verskynsels en vorme van afwykende gedrag, is dit logies dat die verskynsel van aanpassing in al sy variëteite die fokuspunt van die denke van die betrokke teoretici sal vorm. In die eng beskouing van hierdie faset en die beklemtoning daarvan, soos weerspieël word in die anomieteorie, kan die gevaar opgesluit lê dat hierdie rigting in die sosiologie sy studieveld uit die oog verloor, en sodoende die terrein van verwante dissiplines, soos onder andere die sosiale psigologie,

in hom opneem. Hiermee wil nie ontken word dat daar 'n logiese verband tussen dié dissiplines bestaan nie, maar die bemoeiing met slegs die een faset, naamlik aanpassing, kan lei tot die ontneming van die werklike inhoud van die sosiale patologie. Hierin is ook 'n motivering vir die stelling dat 'n te eensydige en kunsmatig van andergeskeide benaderings en teorieë lei tot 'n te eng beskouing van menslike gedrag in die algemeen, en patologiese verskynsels in die besonder. Dit moet egter erken word dat die studie van sosiaal-patologiese verskynsels nie totaal gedistansieer sal kan word van 'n tipe van aanpassingsleer nie, maar die gevaar bestaan dat die oorbeklemtoning van hierdie enkele faset van gedrag daartoe kan lei dat die studieterrein van die sosiale patologie totaal kan opgaan in 'n deterministiese aanpassingsleer. Vir 'n student van diè besondere vakrigting, is dit duidelik dat die sosiale patologie meer insluit as bloot die faset van aanpassing, hoewel patologiese gedrag alleen in terme daarvan gedefinieer kan word. Om egter te volstaan met 'n aanpassingsleer by die verklaring van patologiese gedragsvorme, is om ander sosiologies ter saaklike fasette van die struktuur van hierdie verskynsels te misken.

Dit sou onvolledig wees om te volstaan met die bogenoemde kritiek teen die anomieteorie sonder dat hierdie kritiek nie ook prinsipieel gefundeer word nie. In hierdie verband word vervolgens ingegaan op die betekenis van die anomieteorie vir die opvatting van die sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing, en in besonder dan vir die organiese opvatting in hierdie verband soos dit reeds in die inleidende hoofstuk van hierdie navorsing uiteen gesit is.

## C. Anomie en enkele fasette van die struktuurfunksionele teorie

Dit is opmerklik dat die aanvanklike inhoud wat aan die anomieteorie geheg is en selfs nadat dit deur Merton herformuleer is, die spore dra van 'n onmiskenbare sosiologistiese verklaring van gedrag. Op hierdie stadium in die ontwikkelingsgang van die anomieteorie is die samelewingsorde teoreties verdeel in die dichotomie, kulturele en sosiale strukture as fenomene wat los en onafhanklik van die enkeling staan, maar wat tog 'n bepalende invloed op sy gedrag uitoefen. Die verdere verwerking van die teorie, veral by wyse van uitbouing en veranderinge van die oorspronklike afwykingstipologie, het die kenmerkende gebalanseerdheid van die organiese opvatting van die verhouding tussen die samelewingstotaliteit en dele daarvan begin vertoon, sodat die huidige opset van die teorie 'n sinvoller betekenis verkry het in die toepassing daarvan op sosiaal-patolo-

giese verskynsels.

Wat egter by die geselekteerde teoretici gemeenskaplik voorkom, is die feit dat hulle afwyking definieer in terme van die geldende norme van 'n spesifieke situasie of gemeenskap waarin die afwyking voorkom, sonder om enigsins ten opsigte daarvan 'n waarde-oordeel uit te spreek. Dit moet in hoofsaak toegeskryf word aan die feit dat hierdie teoretici voorstanders is van 'n sogenaamde neutrale sosiologie, wat beteken dat „sociologists do not ask whether particular social actions are good or bad; they seek merely to explain them."[1] Hiermee word die normatiewe aard van die sosiologie dan onteenseglik afgemaak.

Dit kom dus daarop neer dat die anomieteoretici die klem eensydig laat val op die afwyking soos dit gemanifesteer word in die empiriese werklikheid, met ander woorde hulle objektiwiteit bring net die feitlike orde in berekening. Dit gaan dus hier net om die studie van konkrete, empiriese vervulling van funksies, wat dan in terme van die anomieteorie afwykende funksievervulling is. En tog is daar in hierdie beskouing 'n anomalie aanwesig, want hoewel die oog gehou word op die feitlike orde, word afwykende gedrag gedefinieer as gedrag wat afwyk van die norme, met ander woorde in 'n bepaalde sin moet die normatiewe orde ook in berekening gebring word. Die wyse waarop dit gedoen word, is nie om in die normatiewe orde 'n rangorde in waardes te sien nie, maar die blote beskouing van norme as gedragsreëls vir groepe en wat as sulks eers ontstaan wanneer die groepe gevorm is.

Hierteenoor word die standpunt ingeneem dat norme berus op Bybelse prinsipes en dat daar in die normatiewe orde 'n rangorde in waardes bestaan, nl. die van getal, ruimte, die fisiese, biotiese, energetiese, psigiese, analitiese, historiese, linguïstiese, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en pisteutiese en dat die feitlike orde, wat met die normatiewe orde saamhang en in wisselwerking is, gekenmerk word deur 'n soortgelyke rangorde in funksies, sodat die vervulling van hierdie funksies 'n ooreenstemmende waarde in die normatiewe orde verkry.

---

1) Johnson, op. cit., p.2.

Omdat norme dan berus op en ontstaan uit waardes as Bybelse prinsipes word die opvatting gehuldig - sonder om die Bybel as handboek van die wetenskap te degradeer - dat dit die reg en taak is van die sosioloog om 'n waarde-oordeel uit te spreek oor dit wat hy in die konkrete werklikheid bestudeer. In besonder geld dit ook vir die navorser in die sosiale patologie om ten opsigte hiervan 'n ooreenstemmende standpunt in te neem.

D. Enkele riglyne met betrekking tot die aanwending van die anomieteorie

Hoewel in sommige lande reeds verskeie ondersoeke, wat op die een of ander wyse in verband staan met die anomieteorie, geloods is,[1] bestaan daar nog sekere leemtes in die verifiëring van die uitwerking van anomie soos dit in die verskillende tipologieë beskryf is. Die meerderheid van hierdie ondersoeke is ook gebaseer op die aanvaarding van die toestand van anomie as 'n gegewe wat as sodanig dan, in die lig van die kritiek wat in hierdie navorsing teen 'n sodanige beskouing van anomie gegee is, op 'n verdere leemte dui, nl. die onvermoë om 'n verklaring te bied van die feit dat sekere sosiaal-patologiese verskynsels in verskillende fases van samelewingsontwikkeling veranderinge vertoon m.b.t. omvang, aard en intensiteit. Hoewel daar dus tog ondersoeke geloods is wat dui op 'n oënskynlik gelykmatige aksentuering van die teoretiese en empiriese, blyk dit tog dat daar 'n neiging bestaan in die meerderheid van navorsing oor sosiaal-patologiese verskynsels om veral die klem te plaas op die empiriese benadering, m.d.g. dat veel minder aandag geskenk word aan die ontwikkeling van die teorie van afwyking wat kan dien as verwysingsraamwerk by die interpretasie en verklaring van empiriese gegewens.

---

1) Vgl. byvoorbeeld Goode. Illegitimacy, anomie, and cultural penetration. American sociological review, 26:910-25:1961; Powell. Evolution of the American city and the emergence of anomie: A culture case study of Buffalo, New York. British journal of sociology, 13:156-68:1962; Bettelheim. Individual and mass behavior in extreme situations. Journal of abnormal and social psychology, 38:417-52:1943; Empey. Social class and occupational aspiration: A comparison of absolute and relative measurement. American sociological review, 21:703-9:1956; Wilson. Residential segregation of social classes and aspirations of high school boys. American sociological review, 24:836-45:1959; Short et. al. Perceived opportunities, gang membership and delinquency. American sociological review, 30:56-67:1965; Meier & Bell. Anomie and differential access to the achievement of life goals. American sociological review, 24:189-202:1959; Simpson. A note on status, mobility, and anomie. British journal of sociology, 67:661-65:1962. Sommige van hierdie navorsing is inderwaarheid meer gerig op die psigologiese konsep van anomia, maar omdat dit tog ter sake is, word daarna verwys.

Ten spyte daarvan dat die sosiologie in Suid-Afrika gekenmerk word aan 'n „nuwe gemoeidheid met Teoretiese Sosiologie (wat) duidelik gedemonstreer (word) deur 'n toename in publikasies met hierdie strekking sedert die aanvang van die sestigerjare,"[1] blyk dit tog dat daar tans nog 'n oorheersend empiriese benadering sigself manifesteer in die sosiale patologie as sub-dissipline van die sosiologie hier te lande.

Die oorskae hiervan moet enersyds gesoek word in die deurwerkende invloed van die faktore wat gelei het tot die ontstaan van die sosiologie in Suid-Afrika, nl. die armblankevraagstuk en wat daarmee saamgehang het.[2] Die belangrikheid van hierdie vraagstuk gedurende die eerste drie dekades van hierdie eeu het 'n empiriese ondersoek tot gevolg gehad wat in 1932 in die vorm van die Carnegieverslag gepubliseer is. Die impak van hierdie empiriese oriëntering waarmee die sosiologie in Suid-Afrika begin is, het in 'n groot mate deurgewerk tot in die resente sosiologie, en dit is juis vanweë die feit dat sosiaal-patologiese verskynsels hulle by uitstek leen tot empiriese studies dat die sosiale patologie in Suid-Afrika tans nog gekenmerk word aan 'n oorheersend empiriese benadering.

Andersyds moet die oorsaak ook gesoek word in die doelstellings van publikasies wat handel oor sosiaal-patologiese verskynsels, nl. 'n beskrywing van die oorsake, omvang en gevolge van bepaalde verskynsels sondermeer, en dan wel só dat van geen teoretiese raamwerk gebruik gemaak word nie sodat gevolgtrekkings uitsluitlik op 'n statistiese oriëntasie berus.[3] In sommige van hierdie werke word wel ter inleiding 'n teoretiese raamwerk geformuleer, maar die omvang van

---

1) Kellerman & Grovè. Sosiologie in Suid-Afrika. <u>Humanitas. Tydskrif vir navorsing in die geesteswetenskappe</u>, 2:121:1971.

2) Du Toit. 'n Terugblik oor die sosiologie in Suid-Afrika - enkele tendense in die studie en toepassing. <u>Tydskrif vir geesteswetenskappe</u>, 4:424-37:1965; Peterson. Sociology and society: the case of South Africa. <u>Sociological inquiry</u>, 1:31-8: 1966; Van den Berghe. Some trends in unpublished social science research in South Africa. <u>International social science journal</u>, 4:723-32:1962.

2) Hierdie tendens word ook in die sosiologie van ander lande aangetref. Vgl. in die verband Mills. The professional ideology of social pathologists. <u>American journal of sociology</u>, 49:165-80:1943; Lemert. Social pathology, p.7.

die empiriese feitemateriaal van bepaalde sosiaal-patologiese verskynsels wat dan beskryf word laat geen tyd of ruimte vir die eksploitering van die geformuleerde verwysingsraamwerk in die betekenis van 'n sinvolle teoretiese analise nie. Hierdie stelling is 'n breë veralgemening en is as sulks nie van toepassing op alle werke wat reeds in hierdie verband gepubliseer is nie.

Die aanwending van bestaande teoretiese raamwerke vir die analise en verklaring van empiriese verskynsels[1] vereis uiteraard 'n grondige kennis van sodanige raamwerke, en dit geld in besonder vir die anomieteorie as synde een van die belangrikste teorieë van afwykende gedrag. A.g.v. die oorheersende empiriese ingesteldheid soos dit weerspieël word in die sosiale patologie in Suid-Afrika, is ten opsigte van die gebruikmaking van die anomieteorie en die afwykingstipologieë daarvan vir die verklaring van afwykingsverskynsels op hierdie stadium nog relatief min vermag. Dit bied 'n vrugbare terrein van studie wat enersyds groot waarde inhou vir die verklaring van kontemprêre sosiaal-patologiese verskynsels en wat andersyds kan lei tot sinvolle en gebalanseerde empiries-teoretiese ondersoeke na sodanige verskynsels.

## E. Ten slotte

Soos alle teorieë is ook die anomieteorie die vrug van waarneming en veralgemening wat gebaseer is op strenge induksie en kreatiewe denke. Vir die bepaling van die geldigheid van die teorie moet dit ook soos ander teorieë onderwerp word aan verskillende vorme en stadia van verifiëring. Die huidige ontwikkelingstand van die anomieteorie is, soos aangedui in die voorafgaande paragrawe, by verskeie geleenthede onderwerp aan inleidende verifiëring by wyse van empiriese ondersoeke op grond waarvan sekere fasette van die teorie òf verwerp òf aanvaar is as geldig. In die ontwikkeling van die teorie, soos dit in hierdie navorsing uiteengesit is, is die teorie ook dikwels onderwerp aan beslissende deurskouing

1) Dit is 'n tendens in die moderne sosiologie wat skynbaar deur die sosiologie van Amerika gestimuleer is; vgl. Hinkle & Hinkle, op. cit, p.69.

wat gelei het tot die kritiese ontleding van hierdie teorie, maar ook tot die besef dat met hierdie navorsing nog nie die laaste woord oor hierdie probleem gespreek is nie.

Met die volle erkenning van die vele leemtes daarin en met die besef dat die teorie nooit vervolmaak kan of sal wees nie weens die gebreke van die formuleerders self, is in hierdie studie gepoog om te wys op sekere leemtes in die bestaande teorie deur dit in 'n enigsins wyer en sosiologies relevante perspektief m.b.t. sosiaal-patologiese verskynsels te formuleer.

# BIBLIOGRAFIE

ACHTERBERGH, L.J. Achtergronden van prestigekwesties. Ervaring en beleving van statusverhoudingen in het industriële bedrijf. (Tweede gewijzigde uitgave.) Haarlem, Uitgeverij De Toorts, s.j.

ALTBACH, P.G. Students and politics. (In Gusfield, J.R. Protest, reform and revolt. New York, John Wiley & Sons, Inc., 1970.)

AMBASSADOR COLLEGE RESEARCH DEPARTMENT. Hippies, hipocrisy and happiness. Pasadena, California, Ambassador College Press, 1968.

ANDERSON, W.A. & PARKER, F.B. Society. Its origin and operation. New Jersey, D. van Nostrand Co. Inc., 1964.

ANDRY, R.G. Delinquency and parental pathology. London, Methuen & Co., Ltd., 1960.

ARON, R. German sociology. London, W. Heineman Ltd., 1957.

AUBERT, V. (red.) Sociology of law. Selected readings. Harmondsworth, Middlesex, Penquin Books Ltd., 1969.

AUSUBEL, D.P. Drug addiction. Physiological, psychological and sociological aspects. New York, Random House, 1958.

BALDWIN, A.L. The effect of home environment on nursery school behavior. Child development, 20:49-62: 1949.

BECKER, H.S. Through values to social interpretation. Durham, Duke University Press, 1950.

BECKER, H.S. Becoming a marihuana user. American journal of sociology, 59, 1953.

BECKER, H.S. & BOSKOFF, A. Modern sociological theory - in continuity and change. New York, The Dryden Press, 1957.

BENDIX, R. The lower classes in the democratic revolution. (In Gusfield, J.R. Protest, reform and revolt. New York, John Wiley & Sons, Inc., 1970.)

BENEDICT, R. Patterns of culture. New York, Penquin Books Inc., 1946.

BENNETT, J.W. & TUMIN, M.M. Social life. An introductory general sociology. New York, A.A. Knopf, 1948.

BENOIT-SMULLYAN, E. The sociologism of Emile Durkheim and his school. (In Barnes, H.E. (red.) An introduction to the history of sociology. Chicago, The University of Chicago Press, 1948.)

BETTELHEIM, B. Individual and mass behavior in extreme situations. Journal of abnormal and social psychology, 38, 1943.

BIERENS DE HAAN, J. Sociologie. Ontwikkeling en methode. Den Haag, N.V. Servire, 1959.

BIERSTEDT, R. The social order. (3rd ed.) New York, McGraw-Hill Book Co., 1970.

BLACK, M. The social theories of Talcott Parsons. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall Inc., 1961.

BLOCH, H.A. Disorganization. Personal and social. New York, A.A. Knopf, 1952.

BLOCH, H.A. & GEIS, G. Man, crime and society. The forms of criminal behavior. New York, Random House, 1962.

BLOOMQUIST, E. Marijuana. London, Glencoe Press, 1968.

BLUMER, H. Collective behavior. (In Park, R. An outline of the principle of sociology. New york, Barnes & Noble, Inc., 1939.)

BOGARDUS, E.S. Sociology. New York, The MacMillan Co., 1941.

BREDEMEIER, H.C. & STEPHENSON, R.M. The analysis of social systems. New York, Holt, Rinehart & Winston, Inc., 1962.

BREDEMEIER, H.C. & TOBY, J. Social problems in America. Costs and casualties in an acquisitive society. London, John Wiley & Sons, Inc., 1960.

BROOKES, R.H. The anatomy of anomie. Political science, 3, 1951; 4, 1952.

BROWN, L.G. Social pathology. Personal and social disorganization. New York, F.S. Crofts & Co., 1942.

BUCKLEY, W. Structural-functional analysis in modern sociology. (In Becker, H. & Boskoff, A. Modern sociological theory - in continuity and change. New York, The Dryden Press, 1957.)

CALDWELL, M.G. & FOSTER, L. Analysis of social problems. Harrisburg, Penn., The Stackpole Co., 1954.

CHINOY, E. Sociological perspective. (2nd ed.) New York, Random House, 1968.

CHINOY, E. Society. An introduction to sociology. (2nd ed.) New York, Random House, 1967.

CILLIERS, S.P. & JOUBERT, D.D. Sosiologie. 'n Sistematiese inleiding. Stellenbosch, Kosmo-Uitgewery (Edms.) Bpk., 1966.

CLAUSEN, J.A. Drug addiction. (In Merton, R.K. & Nisbet, R.A. (red.) Contemporary social problems. New York, Harcourt, Brace & World, 1961.)

CLINARD, M.B. Sociology of deviant behavior. (rev. ed.) New York, Holt, Rinehart & Winston, Inc., 1964.

CLINARD, M.B., LEMERT, E.M. & SHORT, J.F. (red.) Anomie and deviant behavior. A discussion and critique. New York, The Free Press of Glencoe, 1964.

CLOWARD, R.A. Illegitimate means, anomie and deviant behavior. American sociological review, 2, 1959.

CLOWARD, R.A. & OHLIN, L.E. Delinquency and opportunity. A theory of delinquent gangs. New York, The Free Press of Glencoe, 1960.

COHEN, A.K. The anomia of success and the anomia of failure. A study of similarities in opposites. British Journal of sociology, 23, 1972.

COHEN, A.K. The study of social disorganization and deviant behavior. (In Merton, R.K., Broom, L. & Cottrell, L.S. (red.) Sociology today - problems and prospects. New York, Basic Books Inc., 1959.)

COHEN, A.K. Delinquent boys. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1955.

COHEN, A.K. Deviance and control. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall, Inc., 1966.

COHEN, A.K., LINDESMITH, A. & SCHUESSLER, K. The Sutherland papers. Bloomington, Indiana University Press, 1956.

COHEN, A.K. & SHORT, H. Research in delinquent sub-cultures. _Journal of social issues_, 14, 1958.

COOLEY, C.H. Social processes. New York, Schribner & Sons, 1918.

COOLEY, C.H. Social organization. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1956.

COOLEY, C.H., ANGELL, R.C. & CARR, L.J. Introductory sociology. New York, Schribner & Sons, 1933.

COSER, L.A. Masters of sociological thought. Ideas in historical and social context. New York, Harcourt, Brace, Jovanovich, Inc., 1971.

COSER, L.A. Some functions of deviant behavior and normative flexibility. _American journal of sociology_, 68, 1962.

CUBER, J.F. Sociology. A synopsis of principles. New York, Appleton-Century-Crofts, 1955.

DAI, B. Opium addiction in Chicago. Shangai, The Commercial Press, 1937.

DAVIS, K. Human society. New York, The MacMillan Co., 1949.

DAWSON, G.A. & GETTYS, W.E. An introduction to sociology. New York, The Ronald Press Co., 1948.

DAWTRY, F. (red.) Social problems of drug abuse. A guide for social workers. London, Butterworths, 1968.

DEGRÉ, G. Freedom and social structure. American sociological review, 11, 1946.

DEMANT, V.A. Christian polity. London, Faber, 1936.

DENGERINK, J.D. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw. Kampen, J.H. Kok N.V., 1961.

DREVER, J. A dictionary of psychology. Harmonsworh, Middlesex, Penquin Books, 1958.

DUBIN, R. Deviant behavior and social structure. Continuities in social theory. American sociological review, 2, 1959.

DU PREEZ, D.C.S. Prolegomena. Ongepubliseerde brosjure, Potchefstroom, s.j.

DURKHEIM, E. The rules of sociological method. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1950.

DURKHEIM, E. Suicide. New York, The Free Press of Glencoe, 1951.

DURKHEIM, E. The division of labour in society. New York, The Free Press of Glencoe, 1947.

DU TOIT, J.B. 'n Terugblik oor die sosiologie in Suid-Afrika. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 4, 1965.

DU TOIT, J.B., STEYN, Anna F. & RIP, C.M. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme. Kaapstad, Nasou Bpk., 1965.

EDDY, N.B. The history of the development of narcotics. Law and contemporary problems, 22, 1957.

ELLIOT, Mabel A. & MERRILL, Francis E. Social disorganization. (4th ed.) New York, Harper & Bros., 1961.

ELLWOOD, C.A. A history of social philosophy. New York, Prentice-Hall Inc., 1939.

ELLWOOD, C.A. Sociology. Principles and problems. New York, American Book Co., 1943.

EMPEY, L.T. Social class and occupational aspiration. A comparison of absolute and relative measurement. American sociological review, 21, 1956.

EMPEY, L.T. & ERICKSON, M.L. Hidden delinquency and social status. (In Knudten, R.D. (red.) Crime, criminology and contemporary society. Homewood, Illinois, The Dorsey Press, 1970.)

EYNON, T.G. & RECKLESS, W.C. Companionship at delinquency outset. British journal of criminology, 2, 1961.

FAIRCHILD, H.P. Dictionary of sociology and related sciences. Paterson, New Jersey, Littlefield, Adams & Co., 1962.

FARIS, R.E.L. Contemporary and prospective social disorganization. Sociology and social research, 32, 1948.

FARIS, R.E.L. Social disorganization. New York, The Ronald Press Co., 1955.

FICHTER, J.H. Sociology. Chicago, The Universith of Chicago Press, 1957.

FINESTONE, H.F. Narcotics and criminality. Law and contemporary problems, 22, 1957.

FREEDMAN, R. Principles of sociology. New York, Henry Holt & Co., 1952.

FURVEY, P.H. The scope and method of sociology. New York, Harper & Bros., 1953.

GILLIN, J.L. Social pathology. London, Appleton-Century, 1939.

GILLIN, J.L. & BLACKMAR, F.W. Outlines of sociology. (3rd ed.) New York, The MacMillan Co., 1930.

GINSBERG, M. On the deversity of morals. Essays in sociology and social philosophy. London, William Heineman Ltd., 1956.

GITTLER, J.B. Review of sociology. Analysis of a decade. New York, John Wiley & Sons, 1957.

GLUECK, S. & GLUECK, Eleanor T. Delinquents in the making. New York, Harper & Row, 1952.

GLUECK, S. & GLUECK, Eleanor T. Unraveling juvenile delinquency. Cambridge, Harvard University Press, 1950.

GLUECK, S. & GLUECK, Eleanor T. One thousand juvenile delinquents. Cambridge, Harvard University Press, 1934.

GLUECK, S. & GLUECK, Eleanor T. Five hundred criminal careers. New York, A.A. Knopf, 1930.

GOODE, W.J. Illegitimacy, anomie, and cultural penetration. American sociological review, 26, 1961.

GOULDNER, P.W. & GOULDNER, H.P. Modern sociology. An introduction to the study of human interaction. New York, Harcourt, Brace & World, Inc., 1963.

GROSHEIDE, F.W. Korte Christelijke encyclopaedie. Kampen, J.H. Kok N.V., 1934.

GUSFIELD, J.R. (red.) Protest, reform and revolt. New York, John Wiley & Sons, Inc., 1970.

HEALY, W. & BRONNER, Augusta F. New light on delinquency and its treatment. New Haven, Connecticut, Yale University Press, 1936.

HEGEL, G.W.F. The philosophy of history. New York, MacMillan, 1929.

HERTZLER, J.O. American social institutions. A sociological analysis. Boston, Allyn & Bacon Inc., 1961.

HINKLE, R.C. & HINKLE, Gisela J. The development of modern sociology. Its nature and growth in the United States. New York, Random House, 1967.

HOFSTRA, S. Het functiebegrip in de sociologie. (In Het social leven in al zijn facetten. Deel 1. Assen, Van Gorcum, s.j.)

HOFSTA, S. Het functiebegrip in de sociologie. (In Handelingen van de Nederlandsche Sociologische Vereniging. Amsterdam, Uitgeverij H.J. Paris, 1946.)

HORTON, P.B. & LESLIE, G.R. The sociology of social problems. New York, Appleton-Century-Crofts, Inc., 1955.

INKELES, A. What is sociology? An introduction to the discipline and profession. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall, Inc., 1964.

INTERIM REPORT OF THE CANADIAN GOVERNMENT'S COMMISSION OF INQUIRY. The non-medical use of drugs. Harmondsworth, Middlesex, Penquin Books, Inc., 1971.

JEFFREYS, M.V.C. Personal values in the modern world. Harmonsworth, Middlesex, Penquin Books, Inc., 1962.

JOHNSON, H.M. Sociology. A systematic introduction. London, Routledge & Kegan Paul, Ltd., 1962.

JONES, H. Crime in a changing society. Harmonsworth, Middlesex, Penquin Books, Inc., 1969.

JOUBERT, D.D. Die waardekonsep in die sosiologiese teorie. Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers, 1964.

JOUBERT, D.D. & STEYN, Anna F. Groepsdinamika. 'n Inleiding tot die studie van klein groepe. Stellenbosch, Universiteits-Uitgewers en -Boekhandelaars, (Edms.) Bpk., 1971.

KANE, J.J. Marriage and the family. New York, The Dryden Press, 1952.

KELLERMAN, A.P.R. & GROVÉ, D. Sosiologie in Suid-Afrika. Humanitas. Tydskrif vir navorsing in die geesteswetenskappe 2, 1971.

KILLIAN, L. & GRIGG, C.M. Urbanism, race and anomia. American journal of sociology, 67, 1962.

KNOX, J.B. The sociology of industrial relations. New York, Random House, 1955.

KOBRIN, S. The conflict of values in delinquency areas. American sociological review, 16, 1951.

KRECH, D., CRUTCHFIELD, R.S. & BALLACHEY, E.L. Individual in society. A text-book of social psychology. New York, McGraw-Hill Book Co., 1962.

LAPIERE,R.T. A theory of social control. New York, McGraw-Hill Book Co., 1954.

LEIGHTON, A.H., CLAUSEN, J.A. & WILSON, R.N. Explorations in social psychiatry. New York, Basic Books, Inc., 1957.

LEMERT, E.M. Human deviance, social problems, and social control. (2nd ed.) Englewood Cliffs, New Jersy, Prentice-Hall, Inc., 1972.

LEMERT, E.M. Social pathology. New York, McGraw-Hill Book Co., 1951.

LERNER, D. The passing of traditional society. New York, The Free Press, 1958.

LEVY, D.M. Maternal overprotection. New York, Columbia University Press, 1957.

LINDESMITH, A.R. A sociological theory of drug addiction. American journal of sociology, 43, 1938.

LINDESMITH, A.R. Opiate addiction. Bloomington, University of Indiana Press, 1947.

LINDESMITH, A.R. The addict and the law. Bloomington, Indiana University Press, 1965.

LOEDOLFF, J.F. & LOUW, M.A. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom? Johannesburg, McGraw-Hill, 1972.

LOOMIS, C.P. & LOOMIS, Zona K. Modern social theories. Selected American writers. Princeton, D. van Nostrand Inc., 1961.

LOWRY, R.P. & RANKIN, R.P. Sociology. Social science and social concern. (2nd ed.) New York, Charles Schribner's Sons, 1972.

LYSEN, A. Individu en gemeenschap. Den Haag, N.V. Servire, 1946.

MACIVER, R.M. Society. A textbook of sociology. New York, Farrar & Rinehart, Inc., 1937.

MACIVER, R.M. The ramparts we guard. New York, The MacMillan Co., 1950.

MACIVER, R.M. & PAGE, C.H. Society. London, The MacMillan Co., 1962.

MADGE, J. Origins of scientific sociology. London, Tavistock Publications Ltd., 1963.

MANNHEIM, K. Sociology and education. Addresses given at the Winter School of Sociology and Civics. Organized by the Institute of Sociology, ed. by Dymes, D.M.E. Oxford, Le Play House, 1943.

MANNHEIM, K. Man and society in an age of reconstruction. London, Routledge & Kegan Paul, 1949.

MANNHEIM, K. Diagnosis of our time. Wartime essays of a sociologist . London, Routledge & Kegan Paul, 1962.

MARTINDALE, D. The nature and types of sociological theory. London, Routledge & Kegan Paul, 1967.

MARX, G.T. Protest and prejudice. A study of belief in black community. (rev. ed.) New York, Harper & Row, 1969.

MARX, K. & ENGELS, F. The German ideology. New York, International Publishers, 1947.

McCLUNG, L.A. Principles of sociology. New York, Barnes & Noble Co., 1955.

McKINNEY, J.C. Constructive typology and social theory. New York, Appleton-Century-Crofts, 1966.

MEIER, Dorothy & BELL, Wendell. Anomie and differential access to the achievement of life goals. American sociological review, 2, 1959.

MERTON, R.K. Social conformity, deviation, and opportunity structures. A comment on the contributions of Dubin and Cloward. American sociological review, 2, 1959.

MERTON, R.K. Social structure and anomie. American sociological review, 3, 1938.

MERTON, R.K. Social theory and social structure. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1957.

MERTON, R.K. & BARBER, E. Sociological ambivalence. (In Tiryakian, A. (red.) Sociological theory, values and cultural change. New York, The Free Press of Glencoe, 1963.)

MERTON, R.K., BROOM, L. & COTTRELL, L.S. Sociology today - problems and prospects. New York, Basic Books Inc., 1959.

MERTON, R.K. & NISBET, R.A. Contemporary social problems. New York, Harcourt, Brace & World, 1961.

MILLER, W.B. Lower-class culture as a generating milieu of gang delinquency. Journal of social issues, 14, 1958.

MILLS, C.W. The professional ideoloy of social pathologists. American journal of sociology, 49, 1943.

MIZRUCHI, E.H. Success and opportunity. Class values and anomie in American life. New York, The Free Press, 1964.

MOORE, W.E. Economy and society. New York, Doubleday & Co., Inc., 1955.

MOORE, W.E. Social change. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall, Inc., 1963.

MORGAN, C.T. Introduction to psychology. (2nd ed.) New York, McGraw-Hill Book Co., 1961.

MOWRER, E.R. Disorganization. Personal and social. Philadelphia, J.B. Lippincott, 1942.

MUNN, N.L. Psychology. The fundamentels of human adjustment. (3rd ed.) London, George G. Harrap & Co. Ltd., 1958.

NISBET, R.A. The social bond. An introduction to the study of society. New York, A.A. Knopf, 1970.

NOWLIS, V. Methods for the objective study of drug effects on group functioning. (In Uhr, L. & Miller, J.G. Drugs and behavior. New York, John Wiley & Sons, 1960.)

OGBURN, W.F. & NIMKOFF, M.F. Sociology. Boston, Houghton Mifflin Co., 1964.

OTTAWAY, A.K.C. Education and society. An introduction to the sociology of education. London, Routledge & Kegan Paul, 1960.

PARETO, V. The mind and society. Vol. 111 en 1V. New York, Harcourt, Brace & Jovanovich, 1935.

PARK, R.E. & BURGESS, E.W. The city. Chicago, The University of Chicago Press, 1925.

PARSONS, T. A revised analytical approach to the theory of social stratification. (In Bendix, R. & Lipset, S.M. Class, status and power. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1953.)

PARSONS, T. The motivation of economic activities. Canadian journal of economics and political science, 6, 1940.

PARSONS, T. An outline of the social system. (In Parsons, T., Shils, E.A., Neagle, K.D. & Pitts, J.R. Theories of society. Vol.1. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1961.)

PARSONS, T. The social system. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1952.

PARSONS, T. The structure of social action. A study in social theory with special reference to a group of recent European writers. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1949.

PARSONS, T. & SHILLS, E.A. Toward a general theory of action. Cambridge, Harvard University Press, 1954.

PARSONS, T., SHILLS, E.A., NEAGLE, K.D. & PITTS, J.R. Theories of society. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1961.

PARSONS, T. & SMELSER, N.J. Economy and society. A study of the integration of economic and social theory. Illinois, The Free Press of Glencoe 1956.

PARSONS, T., BALES, R.F. & SHILS, E.A. Working papers in the theory of action. Chicago, The Free Press, 1953.

PETERSON, R.A. Sociology and society: the case of South Africa. Sociological inquiry, 1, 1966.

POWELL, E.H. Evolution of the American city and the emergence of anomie. A culture case study of Buffalo, New York. British journal of sociology, 13, 1962.

RAINWATER, L. Open letter on white justice and the riots. (In Gusfield, J.R. Protest, reform and revolt. New York, John Wiley & Sons, Inc., 1970.)

REDFIELD, R. The folk society. American journal of sociology, LII, 1947.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA. Department of social welfare and pensions. The dagga problem. No. 5, Pretoria, 1966.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Verslag van die kommittee van ondersoek na die misbruik van verdowingsmiddels. Pretoria, Staatsdrukker, 1970.

REUTER, E.B. Handbook of sociology. New York, The Dryden Press, 1941.

RIESMAN, D., GLAZER, N. & DENNEY, R. The lonely crowd. A study of changing American character. New York, Doubleday & Co., Inc., 1955.

RIP, C.M. Contemporary social pathology. Pretoria, Academica, 1970.

ROODE, C.D. Inleiding tot die sosiologie. Kaapstad, A.A. Balkema, 1968.

ROSE, A.M. Sociology. The study of human relations. New York, A.A. Knopf, 1957.

ROSE, B. & CHILVERS, B. The broken link. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, Bpk., 1969.

ROSE, R.B. 18th-century price riots, the French revolution and the Jacobin maximum. International review of social history, III, 1959.

ROSS, H.L. (red.) Perspectives on the social order. (2nd ed.) London, McGraw-Hill Book Co., 1968.

ROUCEK, J.S. & WARREN, R.L. Sociology. An introduction. Ames, Iowa, Littlefield, Adams & Co., 1957.

RUDÉ, G. The crowd in history. A study of popular disturbances in France and England 1730-1848. New York, John Wiley & Sons, 1966.

RUMNEY, J. The science of society. An introduction to sociology. London, Kemp Hall Press, Ltd., 1938.

SCHUR, E.M. Drug addiction. (In Worsley, P. Problems of modern society. A sociological perspective. Harmondsworth, Middlesex, Penquin Books, Inc. 1972.)

SERVICE, E. Profiles in ethnology. New York, Harper & Row, 1963.

SHAW, C.R. Delinquency areas. Chicago, The University of Chicago Press, 1940.

SHAW, C.R. The natural history of a delinquent career. Chicago, The University of Chicago Press, 1931.

SHAW, C.R. The jack-roller. Chicago, The University of Chicago Press, 1930.

SHAW, C.R. & McKAY, H.D. Juvenile delinquency and urban areas. Chicago, The University of Chicago Press, 1942.

SHORT, J.F., RIVERA, R. & TENNYSON, R.A. Perceived opportunities, gang membership and delinquency. American sociological review, 30, 1965.

SIMPSON, G. Man in society. New York, Doubleday & Co., 1955.

SIMPSON, R.L. A note on status, mobility, and anomie. British journal of sociology, 11, 1960.

SMELSER, N.J. Theory of collective behavior. Illinois, The Free Press of Glencoe, 1963.

SMELSER, N.J. The sociology of economic life. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall, Inc., 1963.

SOROKIN, P. Society, culture and personality. New York, Harper, 1947.

SOROKIN, P. Social and cultural dynamics. Boston, Porter Sargent, 1957.

SPIER, J.M. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee. Kampen, J.H. Kok N.V., 1950.

SPROTT, W.J.H. Sociology. London, Hutchinsons University Library, 1956.

SPROTT, W.J.H. Social pathology. (In Fyvel, T.R. (red.) The frontiers of sociology. London, Routledge & Kegan Paul, 1968.

SPROTT, W.J.H. Science and social action. London, Watts & Co., Ltd., 1954.

SROLE, L. Social integration and certain corrollaries. An exploratory study. American sociological review, 21, 1956.

STOODLEY, B.H. Society and self. New York, The Free Press of Glencoe, 1962.

SUMNER, W.G. Folkways. A study of the sociological importance of usages, manners, customs, mores, and morale. Boston, Ginn, 1906.

SUTHERLAND, E.H. White collar crime. New York, The Dryden Press, 1949.

SUTHERLAND, E.H. (red.) The professional thief. Chicago, The University of Chicago Press, 1937.

SUTHERLAND, E.H. & CRESSEY, D.R. Principles of criminology. (5th ed.) Philadelphia, Lippincott, 1955.

SYKES, G.M. Crime and society. New York, Random House, 1956.

SYKES, G.M. & MATZA, D. Techniques of neutralisation. American sociological review, 22, 1957.

SYMONDS, P.M. The psychology of parent-child relationships. New York, Appleton-Century, 1939.

TAFT, D.R. Testing the selective influence of areas of delinquency. American journal of sociology, 38, 1933.

THOMAS, W.I. & ZNANIECKI, F. The Polish peasant in Europe and America. (2nd ed.) New York, A.A. Knopf, 1927.

THORPE, L.P., KATZ, B. & LEWIS, R.T. The psychology of abnormal behavior. A dynamic approach. (2nd ed.) New York, The Ronald Press Co., 1961.

TIFFIN, J. & McCORMICK, E.J. Industrial psychology. (rev. ed.) London, George Allen & Unwin Ltd., 1962.

TIMASHEFF, N.S. Sociological theory. Its nature and growth. (3rd ed.) New York, Random House, 1967.

TIMASHEFF, N.S., FACEY, P.W. & SCHLERETH, J.C. General sociology. Milwaukee, Bruce Publishing Co., 1959.

TIMMS, N. A sociological approach to social problems. New York, Routledge & Kegan Paul, 1967.

TOBY, J. Contemporary society. An introduction to sociology. (2nd ed.) New York, John Wiley & Sons, 1971.

TÖNNIES, F. Community and association. East Lansing, Michigan, Michigan State University Press, 1957.

TÖNNIES, F. Fundamental concepts in sociology. New York, American Book Co., 1940.

TURNER, R. Value conflict in social disorganization. Sociology and social re-research, 38, 1954.

UNION OF SOUTH AFRICA. Report of the inter-departemental committee of the abuse of dagga. U.G. No.31/1952, Pretoria, Government Printer, 1952.

VAN DEN BERGHE, P.L. Some trends in unpublished research in South Africa. International social science journal, 4, 1962.

VAN DER WALT, J.P. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie met spesiale verwysing na die laerskool. Ongepubliseerde D. Phil. -proefskrif, Potchefstroom, 1959.

VAN DER WALT, J.P. Sosiologie prinsipieel gefundeer. Koers. Maandblad vir Calvinistiese denke, XXX, 1 en 2, Potchefstroom, 1962.

VAN DIJK, R. Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene sociologie. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer & Keunings Uitgeversmij., s.j.

VAN PEIJPE, D.C.J. Sociologische aspecten van het druggebruik. Enkele aspecten van het druggebruik. Verslag van de provinciale gezondheidsdag 1969. Provinciale raad voor de volksgezondheid in Zuid-Holland, 1969.

WALLACE, A.F.C. Revitalization movements. (In Lipset, S.M. & Smelser, N.J. Sociology. The process of a decade. A collection of articles. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall, Inc., 1961.)

WASHBURNE, S.F. Interpreting social change in America. New York, Doubleday & Co., 1954.

WHO EXPERT COMMITTEE ON DRUG DEPENDENCE. No. 460, 18th report, Geneva, 1970.

WHYTE, W.F. Street corner society. Chicago, The University of Chicago Press, 1955.

WILLEMSE, W.A. & RADEMEYER, C.I. Kriminologie. Pretoria, Afrikaanse Pers Bpk., 1933.

WILLIAMS, J.B. (red.) Narcotics and hallucinogenics. California, Glencoe Press 1969.

WILSON, L. Residential segregation of social classes and aspirations of high school boys. <u>American sociological review</u>, 24, 1959.

WILSON, L. & KOLB, W.L. Sociological analysis. An introductory text and case book. New York, Harcourt, Brace & Co., 1949.

WINSLOW, R.W. Society in transition. A social approach to deviancy. New York, The Free Press, 1970.

WIRTH, L. The signifficance of sociology. <u>International social science bulletin</u>, 2, 1951.

WOLFGANG, M.E.; SAVITZ, L. & JOHNSTON, N. The sociology of crime and delinquency. New York, John Wiley & Sons, 1962.

WORSLEY, P. (red.) Problems of modern society. A sociological perspective. Harmondsworth, Middlesex, Penquin Books, Inc., 1972.